



**‘n Strategie om spiritualiteit by
Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly
te versterk: ‘n Pastorale studie**

AP Du Preez

 **orcid.org/0009-0001-9101-2693**

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad *Philosophiae
Doctor in Teologie met Pastorale Studies* aan die Noordwes-
Universiteit

Promotor:	Prof M Nel
Medepromotor:	Prof AL Du Plessis
Gradeplegtigheid:	Julie 2026

TAALVERSORGING SERTIFIKAAT



SERTIFIKAAT TER BEVESTIGING VAN PROEFLEES EN TAALVERSORGING

Hierdie sertifikaat bevestig die proeflees en taalversorging van:

**'n Strategie om spiritualiteit by Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly te
versterk: 'n Pastorale studie**

A. Du Preez

Studentenommer: 13007440

orcid.org/0009-0001-9101-2693

**Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophia Pastoraal aan die
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit**

Studieleiers: Prof. M Nel, Prof. A du Plessis

Die taalversorging sluit in:

- spelling
- grammatika
- akademiese skryfstyl
- algemene vloei

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'CM Snoer', is positioned above the printed name.

CM Snoer

12 Januarie 2026

*Enige navrae rakende die taalversorging kan direk gerig word aan Elmarie Snoer
elsnoer13@gmail.com*

ABSTRACT

This pastoral study aimed to develop a strategy to strengthen the spirituality of Pentecostal pastors who suffer from depression. The focus was on pastors from the three Afrikaans classical Pentecostal churches, namely the Apostolic Faith Mission of South Africa (AFM), the Full Gospel Church of God in Southern Africa (FGC), and the Pentecostal Protestant Church (PPC). Two common denominators were examined, namely spirituality as the primary focal point and depression. Furthermore, the study sought, through the modulation of a holistic, strategic-theoretical support programme, to develop a pastoral model that enables pastoral intervention by strengthening the spirituality of classical Pentecostal pastors who experience depression.

Richard Osmer's pastoral model was used as the basic point of departure for this pastoral study. Osmer (2008) identified four tasks, namely the descriptive-empirical task, the interpretive task, the normative task, and the pragmatic task. It was decided not to use the term "task(s)" in the application of his model, but rather the term "moment(s)". The term "moment" indicates a progressive action leading towards a dynamic conclusion.

Chapter 2 focused on the descriptive-empirical moment and addressed the question, "What is happening here?" This moment aimed to conduct a literature study, as well as to incorporate contributions from empirical data obtained. With regard to the literature review, attention was given to hermeneutical reflections, as the study adopts a Pentecostal point of departure. An in-depth analysis of the occurrence and management of depression within contemporary classical Pentecostal churches was undertaken, together with a discussion of selected studies from the South African context, with due consideration of studies from the Reformed tradition.

Chapter 3 focused on the interpretive moment. The guiding question here was, "Why did this happen?" The study sought to determine what the auxiliary disciplines—psychology, sociology, anthropology, and communication studies—can contribute to the preliminary modulation of a pastoral model for guiding classical Pentecostal pastors who suffer from depression, within the dynamic process of strengthening their spirituality.

Chapter 4 focused on the normative moment. The central question in this chapter was, "What ought to happen?" A grammatical-historical exegesis, together with a pneumatic insight, was employed to achieve the normative objectives from a basic theoretical perspective. It was acknowledged that depression is not a clinical term found in the Bible, although its symptoms are consistently present in biblical texts. With regard to the Old Testament, it was indicated that despair is repeatedly addressed within the context of hope. The study centred on Wisdom Literature by exegetically engaging passages from Job 3 and Job 42, Jeremiah 3, as well as Psalm 22. Character analyses of Job, Jeremiah, and David were also examined in light of the aims of this study. With regard to the New Testament, it was indicated that the Luke–Acts narrative is essential for the practical modulation of a strategy for classical Pentecostal pastors, as their theological framework must be understood as a supernatural engagement in every facet of life. The exegesis placed emphasis on Jesus' self-esteem and self-efficacy in Luke 4:1–12 and Luke 22:39–42.

Chapter 5 addressed the question, “How should one act?” as part of the pragmatic moment. Drawing interactively on the preceding chapters, a pastoral guidance programme was compiled that recognises specific presuppositions which a pastoral counsellor may take into account when assisting pastors from classical Pentecostal churches who suffer from depression. The proposed model consists of four processes that take Osmer’s pastoral model into account and is grounded in both Scripture and scientific theory.

By making use of the descriptive-empirical, interpretive, normative, and pragmatic moments, the research sought to demonstrate that the spirituality of pastors from classical Pentecostal churches who suffer from depression can indeed be strengthened. Finally, it was shown that by acknowledging the distinctive and unique lived experiences of these pastors, a pastoral model can be developed that may be meaningfully applied within pastoral care.

Key Terms

- Depression
- Spirituality
- Classical Pentecostalism
- Pastoral counselling
- Practical Theology

ABSTRAK

In hierdie pastorale studie is beoog om 'n strategie te ontwikkel om spiritualiteit by Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly te versterk. Die drie Afrikaanse klassieke Pentekostalistiese kerke, die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS), die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika (VEK) en die Pinkster Protestante Kerk (PPK) se pastore is hiervoor geoormerk. Twee gemene delers was onder die loep geneem, spiritualiteit as die hoofmoment en depressie. Voorts is daar gepoog om deur die modulering van 'n holistiese, strategies-teoretiese hulpverleningsprogram 'n pastorale model te ontwikkel om pastorale intervensie moontlik te maak deur pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke se spiritualiteit te versterk wat aan depressie ly.

Richard Osmer se pastorale model is as basiese vertrekpunt vir hierdie pastorale studie gebruik. Osmer (2008) het vier take geïdentifiseer, naamlik die deskriptiewe empiriese taak, die interpreterende taak, die normatiewe taak en die pragmatiese taak. Daar was besluit om nie die woord 'taak/take' te gebruik in die toepassing van sy model nie, maar eerder die word 'moment/momente'. Die woord 'moment' dui op 'n progressiewe aksie tot daar by 'n dinamiese gevolgtrekking gekom word.

In hoofstuk 2 is daar gefokus op die deskriptiewe empiriese moment en behels die vraag 'Wat gebeur hier?' Met hierdie moment was die oogmerk 'n literatuurstudie, asook 'n bydrae vanuit empiriese gegewens wat bekom is. Wat die literatuurstudie aanbetref is aandag gegee aan hermeneutiese refleksies omrede die studie 'n Pentekostalistiese vertrekpunt aanneem. 'n In-diepte analise oor die voorkoms en hantering van depressie in die huidige klassieke Pentekostalistiese kerke is nagevors, tesame met 'n bespreking van enkele studies vanuit die Suid-Afrikaanse konteks.

In hoofstuk 3 is daar gefokus op die interpreterende moment. Die rigtinggewende vraag hier was 'Waarom het dit gebeur?'. Daar is gepoog om vas te stel wat die grenswetenskappe, naamlik psigologie, sosiologie, antropologie en kommunikasiekunde kan bied in die voorlopige modulering van 'n pastorale model vir die begeleiding van klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly in die dinamiese proses om hulle spiritualiteit te versterk.

In hoofstuk 4 is daar gefokus op die normatiewe moment. Die vraag van belang was 'Wat is veronderstel om te gebeur?' 'n Grammaties-historiese eksegeese is tesame met 'n pneumatiese insig gevolg om die normatiewe doelwitte vanuit basisteoretiese perspektiewe te bereik. Daar is in berekening gebring dat depressie nie 'n kliniese term is wat in die Bybel voorkom nie, alhoewel die simptome wel in die Bybel herkenbaar is. Wat die Ou Testament aanbetref is daar aangedui dat wanhoop telkens in konteks van hoop aangespreek is. Daar was gesentreer op die Wysheidsliteratuur deur eksegeties gedeeltes van Job 3 en 42, Jeremia 3 en Psalm 22 te ontgin. Karaktersketse van Job, Jeremia en Dawid is ook met die oogmerke van hierdie studie onder die vergrootglas geplaas. Wat die Nuwe Testament aanbetref is daar aangedui dat die Lukas-Handelinge narratief uiters noodsaaklik is om 'n strategie vir klassieke Pentekostalistiese pastore in praktyk te moduleer omrede hulle teologiese raamwerk verstaan moet word as 'n bonatuurlike inwerking in elke faset van hulle lewe. Die eksegeese het klem gelê op Jesus se selfagting en selfdoeltreffendheid in Lukas 4:1-12 en Lukas 22:39-42.

In hoofstuk 5 is daar gefokus op die vraag 'Hoe behoort daar opgetree te word?' as deel van die pragmatiese moment. Vanuit al die vorige hoofstukke is daar op 'n geïntegreerde basis 'n pastorale begeleidingsprogram saamgestel wat erkenning gee aan bepaalde voorveronderstellings wat 'n pastorale berader in ag kan neem wanneer pastore vanuit die klassieke Pentekostalistiese kerke wat aan depressie ly, in die pastoraat bygestaan word. Die voorgestelde model bestaan uit vier prosesse wat Osmer se pastorale model in ag neem met 'n Skriftuurlike en wetenskaplike begronding.

Deur gebruik te maak van die deskriptiewe empiriese, interpreterende, normatiewe en pragmatiese momente het die navorsing probeer aantoon dat pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke se spiritualiteit wat aan depressie ly, versterk kan word. Daar is laastens ook aangetoon dat deur erkenning te gee aan die besondere unieke leëwêreld van hierdie pastore, 'n pastorale model ontwikkel kan word wat in berekening gebring kan word in die pastoraat.

Sleuteltermes

- Depressie
- Spiritualiteit
- Klassieke Pentekostalisme
- Pastorale berading
- Praktiese Teologie

BEDANKINGS

Depressie was vir Winston Churchill die *swart hond* wat saam met hom geloop het; vir Martin Luther die demoon vir wie hy gelag het; en vir Moeder Teresa die donker kant waarmee sy te doen gekry het toe sy met die Here se werk begin het. Vir my is depressie my vriend—die een wat die kontoere van my lewe opnuut help belyn het. Baie dankie vir jou waardevolle insette tot hierdie navorsing. Dankie dat ek by jou geleer het om mens te wees—'n mens wat nie sonder God kan bestaan nie.

Hoeveel keer het ek die Here gevra: *Waar is U in my stryd?* Vandag kan ek antwoord: U was nog altyd daar—onsigbaar, maar tog sigbaar. U verander telkens my wanhoop in hoop. Dankie vir U deernis, liefde en geduld met my.

Aan die seun en dogter wat in 1989 by 'n busstop by Tukkie gesit en gesels het: Hy het sy drome vir die Here met entoesiasme aan haar geskets, en sy het net gesit en luister. Vyf-en-dertig jaar later, en liefie—my vrou, Pieta—laat jy my steeds toe om te droom. Jy het alles vir my opgegee. Ons het vier wonderlike kinders en ses kleinkinders; hulle is ons hele lewe. En steeds laat jy my toe om binne my kompleksiteit te groei. Ons storie is nie net 'n mooi storie nie—dit is óns storie. Lief jou!!

Aan my dogters, Marli en Petra: julle het ongelooflik baie gehelp met die sketse en tegniese afronding. My seun, Nantes, wat altyd 'n drukkie kom gee het wanneer die ure lank geraak het—julle is my inspirasie.

Aan my oorlede pa, Duppie, 'n oud-PUK, en my ma, Ria: ek het alles wat ek van die Here weet, by julle geleer. Ek sien julle in alles wat ek doen, en ek weet hoe trots Pa op my sou gewees het.

Prof. Marius Nel en prof. Amanda du Plessis: julle het my met soveel kundigheid bygestaan, maar ook my menswees verstaan. Ek sou nooit 'n ander span wou hê nie. Dit was nie net julle professionele kundigheid nie—julle het my 'n beter mens gemaak. Baie dankie.

Dr. Elmar Snoer, weereens was jou taalversorging deeglik en adviserend. Ons stap al 'n lang pad saam—dankie, en nogmaals dankie.

Anneke, dankie vir jou vriendelikheid—altyd 'n glimlag. Jou hulp met die bronversorging het hierdie studie moontlik gemaak. Aan almal in die Teologiese Biblioteek: julle het die antwoorde gehad toe ek gesoek het. Ek waardeer elkeen van julle opreg.

Aan Noordwes Universiteit en die Fakulteit Teologie vir die finansiële steun waarsonder ek nie hierdie navorsing sou kon doen nie.

Laastens, aan my psigiater, my sielkundige en elke mediese dokter wat my deur die jare bygestaan het: dankie dat julle saam met my in julle spreekkamers gebid het. Aan my medikasie, waar sonder ek nie hierdie werk sou kon voltooi

nie—Here, ek eer U vir elkeen wat U oor my pad gebring het met 'n woord van bemoediging en soveel drukkies. U vergestaltung in ander is steeds die rede waarom ek nog hier is.

Aan elke bedienaar van God se Woord wat met depressie worstel: daar is 'n diepe dankbaarheid vir julle. Hierdie studie is vir julle.

INHOUDSOPGAWE

TAALVERSORGING SERTIFIKAAT	I
ABSTRACT	II
ABSTRAK	IV
BEDANKINGS	VI
LYS VAN BYLAE	XIX
LYS VAN TABELLE	XX
LYS VAN FIGURE	XXI
LYS VAN AFKORTINGS	XXIV
HOOFSTUK 1	1
INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.1 TITEL EN SLEUTELWOORDE	1
1.2. KONSEPVERKLARING	1
1.2.1 Depressie	1
1.2.2 Spiritualiteit	1
1.2.3 Klassieke Pentekostalisme	2
1.2.4 Pastorale Berading	2
1.2.5 Praktiese Teologie	2
1.3 AGTERGROND	3 VIII

1.4 NAVORSINGSPROBLEEMSTELLING	7
1.5 DOELWIT EN DOELSTELLINGS	8
1.6 SENTRALE TEORETIESE STELLING	9
1.7 METODOLOGIE	9
1.7.1 Die beskrywende-empiriese moment	9
1.7.1.1 Kwalitatiewe empiriese navorsing	9
1.7.1.2 'n Outo-etnografiese insluiting	12
1.7.2 Die interpreterende moment	13
1.7.3 Die normatiewe moment	14
1.7.4 Die pragmatiese moment	14
1.8 ETIESE OORWEGINGS	15
1.8.1 Die keuse van deelnemers	15
1.8.2 Aantal deelnemers	16
1.8.3 Die insameling van data	16
1.8.4 Uitsluitels	16
1.8.5 Deelnemende instemming	16
1.8.6 Tydgleuf vir die onderhoude	16
1.8.7 Onderhoudvoering risiko's en voorkoming	16
1.8.8 Bevoegdheid van die navorser	17
1.8.9 Plek van onderhoudvoering	17
1.8.10 Ingeligte toestemming	17

1.8.11 Verspreiding van die navorsingsresultate aan respondente	17
1.8.12 Anonimiteit en vertroulikheid	17
1.8.13 Betroubaarheid en geldigheid	18
1.8.14 Die rol van die navorser	18
1.9 HOOFSTUKINDELING	18
HOOFSTUK 1: INLEIDING	18
HOOFSTUK 2: DIE DESKRIPTIEWE EMPIRIESE MOMENT	18
HOOFSTUK 3: DIE INTERPRETERENDE MOMENT	18
HOOFSTUK 4: DIE NORMATIEWE MOMENT	18
HOOFSTUK 5: DIE PRAGMATIESE MOMENT	18
HOOFSTUK 6: SAMEVATTING	19
HOOFSTUK 2	20
DIE DESKRIPTIEWE EMPIRIESE MOMENT	20
BESKRYWENDE EMPIRIESE PERSPEKTIEWE VANUIT 'N EMPIRIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT DIE VERSTERKING VAN PASTORE SE SPIRITUALITEIT IN KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE KERKE WAT MET DEPRESSIE WORSTEL	
2.1 INLEIDING	20
2.2 LITERATUURSTUDIE	21
2.2.1 Hermeneutiese refleksies	21
2.2.1.1 Teologie	24

2.2.1.2 Pentekostalistiese hermeneutiek	24
2.2.1.3 Afrikakultuur en sosiale, kollektiewe tema	26
2.2.2 Voorkoms en hantering van depressie in klassieke Pentekostalistiese kerk	28
2.2.2.1 Die spirituele aspek van menswees	29
2.2.2.2 Die siel van die mens	30
2.2.2.3 Die liggaam van die mens	30
2.2.3 Studies vanuit die Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot depressie	34
2.2.3.1 Swanepoel <i>et al.</i> (2012)	34
2.2.3.2 Joubert (2016)	35
2.2.3.3 Van Eijk en Du Plessis (2003)	35
2.2.3.4 Kirsty L. Hardwick (2013)	36
2.2.3.5 Jean Mercer (2013)	38
2.2.3.6 Princess Angel Boadi & Fiona Starr (2023)	40
2.2.3.7 Deborah Joy Allen (2018)	41
2.2.4. 'n Omgekeerde sinergie vir 'n holistiese benadering tot depressie	44
2.2.5 Gevolgtrekking van beskrywende literatuurstudie	45
2.3. DIE PERSPEKTIEWE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK OM 'N STRATEGIE TE ONTWIKKEL SODAT DIE SPIRITUALITEIT BY KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE WAT AAN DEPRESSIE LY IN DIE HUIDIGE PRAKTYK VERSTERK KAN WORD	46
2.3.1. Inleiding	46
2.3.2. Metodologiese perspektiewe	46
2.3.2.1. Kategorisering	50
2.3.2.2. Etiese oorwegings	51

2.3.2.3 Respondente	52
2.3.2.3.1 Tema 1: Die respondente se begrip van depressie	52
2.3.2.3.2 Tema 2: Die respondente se begrip van spiritualiteit en depressie	53
2.3.2.3.3 Tema 3: Die respondente se begrip oor wat 'n ondersteuningsprogram se bydrae kan wees vir pastore wat met depressie worstel	54
HOOFSTUK 3	56
DIE INTERPRETERENDE MOMENT	56
PERSPEKTIEWE VANUIT DIE GRENSWETENSKAPPE MET BETREKKING TOT DIE VERSTERKING VAN PASTORE SE SPIRITUALITEIT IN KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE KERKE WAT MET DEPRESSIE WORSTEL	
3.1 INLEIDING	56
3.2 DOELWIT	56
3.3. RAAKVLAKE VANUIT DIE PSIGOLOGIE, SOSIOLOGIE, ANTROPOLOGIE EN DIE KOMMUNIKASIEKUNDE MET DIE OOGMERKE VAN HIERDIE PASTORALE STUDIE	57
3.3.1.1 'n Biologiese teorie van depressie	58
3.3.1.1.1 Hippokrates, die vader van temperamente	59
3.3.1.1.2 'n Psigiatryse fokus op depressie	64
3.3.1.2 Gedragsteorië (behaviourisme) en depressie	67
3.3.1.3 Positiewe psigologie	69
3.3.1.3.1 Prioriteite as oplossing vir spanningvelde in die lewe van die klassieke Pentekostalitiese pastore wat met depressie worstel	72
3.3.1.4 'n Samevattende diagram oor die effek van die biologiese, gedragswetenskappe, psigo-analitiese en die positiewe psigologie rakende depressie	73

3.3.2 Sosiologie	73
3.3.2.1 Wat is sosiologie en wat beteken sosialisering?	74
3.3.2.2 Godsdiens as 'n sosiale wetenskap: Godsdiens in Pinksterkerke – drie modelle	75
3.3.2.2.1 Emile Durkheim	75
3.3.2.2.2 Max Weber	75
3.3.2.2.3 Peter Berger	77
3.3.2.3 Allokasie en Interaksie	80
3.3.3 Antropologie	85
3.3.3.4 Kommunikasiekunde	88
3.3.3.4.1 Omskrywing en definiëring van kommunikasie	88
3.3.3.4.2 Enkele kommunikasiemodelle	90
3.3.3.4.2.1 Litfin se model vir basiese kommunikasie	90
3.3.3.4.2 Marais en Nieuwmeijer se model vir beïnvloedingskommunikasie	91
3.3.3.4.3 Beebe se model vir kommunikasie as interaksie	92
3.3.3.4.4 Konneksievorming is 'n vaardigheid	94
3.3.3.4.4.1 Die vier bestandele vir doeltreffende konneksievorming	95
3.3.3.4.4.2 Die inspirasie vergelykingsformule – 'n ontmoeting word bewerk	97
3.3.3.4.5 Die verstaan van spiritualiteit in die pastoraat	97
3.4 KONKLUSIE VAN DIE INTERPRETERENDE MOMENT	99
HOOFSTUK 4	102
DIE NORMATIEWE MOMENT	102
SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE OM 'N STRATEGIE TE ONTWIKKEL WAT	

KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE SE SPIRITUALITEIT WAT AAN DEPRESSIE LEI TE VERSTERK

4.1 INLEIDING	102
4.2 GRAMMATIES-HISTORIESE EKSEGESE MET 'N PENTEKOSTALISTIES- HERMENEUTIESE INSIG	102
4.3 PERSPEKTIEWE UIT DIE OU TESTAMENT	107
4.3.1 Die moontlike bydrae van die wysheidsliteratuur tot die oogmerke van hierdie studie	108
4.3.2 Eksegese	112
4.3.2.1 Job	113
4.3.2.1.1 Sosio-historiese agtergrond	113
4.3.2.1.2 Karakterskets van Job	114
4.3.2.1.3 Die keuse van perikope	114
4.3.2.1.4 Eksegetiese ontginning van die perikope	115
4.3.2.1.4.1 Job 3 - Job in gesprek	115
4.3.2.1.4.2 Job 42:7-17 - God in gesprek	119
4.3.2.2 Klaagliedere	120
4.3.2.2.1 Sosio-historiese agtergrond	121
4.3.2.2.2 Karakterskets van Jeremia	122
4.3.2.2.3 Die keuse van perikope	123
4.3.2.2.4.1 Klaagliedere 3:19-33	125
4.3.2.2.4.2 Klaagliedere 3:55-66	126
4.3.2.3 Psalm 22	127

4.3.2.3.1 Sosio-historiese agtergrond	128
4.3.2.3.2 Karakterskets van Dawid ¹²⁸	
4.3.2.3.3 Die keuse van perikope	129
4.3.2.3.4 Eksegetiese ontginning van die perikope	130
4.3.2.3.4.1 Psalm 22:7	130
4.3.2.3.4.2 Psalm 22:22-31	131
4.4 PERSPEKTIEWE UIT DIE NUWE TESTAMENT	131
4.4.1 Marius Nel (2017)	131
4.4.2 Eksegese	134
4.4.2.1 Die betroubaarheid van die Evangelie van Lukas	134
4.4.2.2 Jesus se selfdoeltreffendheid en selfagting in die Evangelie van Lukas	134
4.4.2.3 Jesus se gebed in Lukas 22:39-46	135
4.5 GEVOLGTREKKING VAN DIE NORMATIEWE MOMENT	136
HOOFSTUK 5	138
DIE PRAGMATIESE MOMENT	138
DIE FORMULERING VAN 'N STRATEGIE OM KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE SE SPIRITUALITEIT WAT AAN DEPRESSIE LY TE VERSTERK	
5.1 INLEIDING EN DOELWIT	138
5.2 METODOLOGIE	138
5.3 BEPAALDE VOORVERONDERSTELLINGS WAARAAN DIE PASTORALE BERADER AANDAG MOET GEE VOOR BERADING AAN DIE BERADENE	139

(KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE WAT MET DEPRESSIE WORSTEL) BEGIN

5.3.1 Gee erkenning aan 'n unieke skrifbeskouing met betrekking tot klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit	139
5.3.2 Gee erkenning dat depressie 'n kliniese mediese toestand is met betrekking tot klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit	140
5.3.3 Gee erkenning dat klassieke Pentekostalistiese pastore deel is van 'n unieke geloofsgemeenskap	142
5.3.4 Gee erkenning aan kommunikatiewe handeling met betrekking tot klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit	144
5.3.5 Gee erkenning dat 'n omgekeerde strategie klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit kan versterk	145
5.3.6 Gee erkenning dat vir klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly die antwoord in die Bybel is	146

5.4 'N PASTORALE BEGELEIDINGSTRATEGIE OM KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE (BERADENE) WAT AAN DEPRESSIE LY SE SPIRITUALITEIT TE VERSTERK

5.4.1 Proses 1: Wat gebeur tans en wat is die behoefte?	147
5.4.2 Proses 2: Waarom gebeur wat met die beradene gebeur?	147
5.4.3 Proses 3: Wat behoort te gebeur?	152
5.4.3 Proses 4: Hoe behoort daar opgetree te word?	153

5.5. GEVOLGTREKING

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

6.1 INLEIDING	155
6.2 OORSIG EN SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2	156
6.2.1 'n Literatuurstudie	156
6.2.1.1 Hermeneutiese refleksies	156
6.2.1.2 Voorkoms en hantering van depressie in Pentekostalistiese kerke	157
6.2.1.3 Studies vanuit die Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot depressie	157
6.2.1.4 'n Omgekeerde sinergie vir 'n holistiese benadering tot depressie	158
6.2.2 Die perspektiewe van 'n empiriese ondersoek	158
6.2.3 'n Samevatting van hoofstuk 2 - "Wat gebeur hier?"	159
6.3 OORSIG EN SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3	159
6.3.1 Raakvlakke binne die psigologie, sosiologie, antropologie en kommunikasiekunde om 'n bydrae te lewer met die uitkomste van hierdie pastorale studie	160
6.3.2 'n Samevatting van Hoofstuk 3 - "Waarom het dit gebeur?"	162
6.4 OORSIG EN SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4	163
6.4.1. Grammaties-historiese eksegeese met 'n Pentekostalisties hermeneutiese insig	163
6.4.2 Perspektiewe uit die Ou Testament	163
6.4.3 Perspektiewe uit die Nuwe Testament	164
6.4.4 'n Samevatting van Hoofstuk 4 - "Wat is veronderstel om te gebeur?"	164
6.5 OORSIG EN SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5	164
6.5.1 'n Samevatting van Hoofstuk 5 - "Hoe behoort daar opgetree te word?"	165
6.6 SAMEVATTENDE OPMERKINGS	166

6.7 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING	166
BIBLIOGRAFIE	167
BYLAE	184
BYLAAG A	184
BYLAAG B	187
BYLAAG C	188
BYLAAG D	189
BYLAAG E	190
BYLAAG F	191

LYS VAN BYLAE

Bylaag A	Deelnemersinligtingstuk en toestemmingsvorm.
Bylaag B	Die NWU etiek goedkeurings brief.
Bylaag C	Die deelnemersvraelysvorm
Bylaag D	Littauer en Sweet se persoonlikheidstoets.
Bylaag E	Littauer en Sweet se antwoordstel op die persoonlikheidstoets.
Bylaag F	Mol se vier kwadrante model van persoonlikheid.

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Onderhoudsvoeringsrisiko's en voorkoming (Outeur se voorstelling).	16
Tabel 2: Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodiek (Neuman,2000:14)	47
Tabel 3: Hippokrates se vier humorale-teorie (Outeur se voorstelling)	58
Tabel 4: Weiten se uiteensitting van mees algemene neurotransmitters (Weiten, 2017:71)	62
Tabel 5: Interaksiekomponente (Beebe, 2005:12)	92

LYS VAN FIGURE

Figuur 1:	Interaktiewe model van die navorsingsontwerp (Maree, 2019:81).	10
Figuur 2:	Kwalitatiewe navorsingsmodel (Osmer, 2008:11).	15
Figuur 3:	Die dinamika van die progressie van momente (Outeur se voorstelling).	21
Figuur 4:	Interseksie riglyn vir 'n Pentekostalistiese praxis (Nel, 2019: xii).	23
Figuur 5:	Die mens as drie-dimensionele wese (Outeur se voorstelling).	29
Figuur 6:	Litfin se basiese kommunikasiemodel (Litfin, 1981:18).	31
Figuur 7:	Interne interaksie van drie-dimensionele menswees tydens depressie gebaseer op Litfin se basiese kommunikasiemodel (Outeur se voorstelling).	31
Figuur 8:	Plan van aksie vir depressie (De Villiers, 1983:51).	33
Figuur 9:	'n Omgekeerde Pentekostalistiese teologie van depressie, van Praktyk na Teologie (Outeur se voorstelling).	42
Figuur 10:	Die effek van pentekostalistiese liturgiese aanbidding op die belewing van depressie (Outeur se voorstelling).	43
Figuur 11:	'n Omgekeerde sinergie vir 'n holistiese benadering tot depressie (Outeur se voorstelling).	44
Figuur 12:	Skematiese voorstelling van metode van inhoudsanalise (Du Preez: 2006:65).	50
Figuur 13:	Skematiese voorstelling van die empiriese proses (Outeur se voorstelling).	51
Figuur 14:	Skematiese voorstelling van hoofstuk 3 se uitkomst (Outeur se voorstelling).	57

Figuur 15:	'n Psigologiese vertrekpunt (Outeur se voorstelling).	58
Figuur 16:	'n Neuron (Google images:2025).	61
Figuur 17:	'n Skematiese voorstelling van 'n neuron (Louw, 1986:47).	62
Figuur 18:	Voorstelling van die senuweestelsel (Weiten, 2017:74).	63
Figuur 19:	Waar in die brein kom depressie voor? (Outeur se voorstelling).	65
Figuur 20:	'n Deursnit diagram van die brein (Weiten, 2017:105).	66
Figuur 21:	Gedragsteorieë met betrekking tot depressie (Weiten, 2017:507).	68
Figuur 22:	Keyes se kontinuum model vir geestesgesondheid (Wissing <i>et al.</i> , 2020:167).	69
Figuur 23:	Die reis van die lewe/Life's journey (Outeur se voorstelling).	70
Figuur 24:	'n Spanningsveld in depressiewe denke (Outeur se voorstelling).	72
Figuur 25:	Bio-psigososiale model (Cavanagh & Strauss, 2021:95).	73
Figuur 26:	Sosiologie en godsdiens (Du Preez, 2014:127).	76
Figuur 27:	Peter Berger se Geestelike supermark (Du Preez, 2014:129).	78
Figuur 28:	'n Erediens in die pastoraat vind plaas (Outeur se voorstelling).	79
Figuur 29:	Koördinasiemodel van take in 'n groep (Steyn & Uys, 1988:134).	81
Figuur 30:	Kohesie in 'n groep (Steyn & Uys, 1988:153).	83
Figuur 31:	Wanneer het 'n groep bestaansreg? (Du Preez, 2014:135).	84
Figuur 32:	Eenheid en verdeeldheid as temas in die boek van Galasiërs (Du Preez, 2014:136).	85
Figuur 33:	Antropologie bou 'n brug na wedersydse verstaan deur aanpassing en ontwikkeling Outeur se voorstelling).	86
Figuur 34:	Wisselwerking tussen ontmoeting en kommunikasie (Adams & Gadanis, 2003:50).	89

Figuur 35:	Basiese kommunikasiemodel (Litfin, 1981:18).	90
Figuur 26:	Model vir beïnvloedingskommunikasie (Marais & Nieumeijer, 1989:8).	91
Figuur 37:	Interaktiewe kommunikasiemodel (Beebe, 2005:12).	92
Figuur 38:	Wisselwerking van wedersydse beïnvloeding en interaksie (Outeur se voorstelling).	93
Figuur 39:	Konneksievorming as 'n kommunikasiemodel (Maxwell, 2010:12).	95
Figuur 40:	Maxwell se intellektuele konneksievorming (Du Preez, 2014:145).	96
Figuur 41:	Spiritualiteit in die pastoraat (Louw, 2005:141).	98
Figuur 42:	'n Sinergie in eksegetiese ontginning (Outeur se voorstelling).	106
Figuur 43:	'n Basisteoretiese perspektief (Outeur se voorstelling).	107
Figuur 44:	Die God - Koning- Skepping nexus (Bartholomew & O'Dowd, 2011:34).	109
Figuur 45:	Ou Testamentiese wysheid is gesetel in die vrees vir die Here (Outeur se voorstelling).	110
Figuur 46:	Holistiese voorstelling van Klaagliedere (Longman & Dillard, 2006:349).	124

LYS VAN AFKORTINGS

AGS:	Apostoliese Geloofsending van Suid Afrika.
VEK:	Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika.
PPK:	Pinkster Protestante Kerk.
NPO:	Non-Profit Organisation.
CPSC:	Council for Pastoral and Spiritual Councillors.
DSM-5:	Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders, Fifth Edition.
ICD-10 :	International Statistical Classification of Diseases and Related Health Problems, Tenth Revision.
DSM-3-R:	The Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders, Third Edition, Revised.
NGK:	Nederduitse Gereformeerde Kerk.
RIA:	Radioimmunoanalise.
GABA:	Gamma aminobutyric acid.

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 TITEL EN SLEUTELWOORDE

'n Strategie om spiritualiteit by Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly te versterk: 'n Pastorale studie

Afrikaans: depressie, spiritualiteit, klassieke Pentekostalisme, pastorale berading, praktiese teologie

Engels: depression, spirituality, classical Pentecostalism, pastoral counselling, practical theology

1.2. KONSEPVERKLARING

1.2.1 Depressie

Daar is baie mense wat in hulle lewe deur episodes van neerslagtigheid in verband met 'n sekere gebeurtenis wat in hulle lewe kon afspeel, gaan. Depressiewe persoonlikheidsversteurings dui egter op 'n groep kliniese versteurings wat gekarakteriseer word deur die aanwesigheid van hartseer, 'n gevoel van leegheid, en irritasies wat somaties en kognitiewe veranderinge by die persoon meebring (Burke & Makhafula, 2019:210). Hierdie eienskappe veroorsaak dat die persoon sukkel om hulle daaglikse aktiwiteite uit te voer. Aspekte waarmee hulle kan sukkel is byvoorbeeld om te slaap, te eet, en betekenisvolle verhoudings met familie en vriende te hê. Dit kan voorkom as 'n addisionele simptome van verskeie psigopatologiese toestande óf as 'n selfstandige probleem. Daar is verskeie vlakke van depressie en die behandeling van depressie sluit die gebruik van medikasie en terapie in.

1.2.2 Spiritualiteit

Spiritualiteit word gekoppel aan asketiese, sowel as kreatiewe welstand. Spiritualiteit gee daarom betekenis aan die mens se persoonlike, emosionele, en sedelike ontwikkeling. Dis om hierdie rede dat daar onder navorsers 'n bewustheid is dat spiritualiteit, alhoewel 'n kontensieuse onderwerp, wel 'n meer prominente rol in die godsdienstige domein moet hê (De Souza *et al.*, 2016:vii&viii). Ondersteunend tot die uitkomst van die studie, vind Mihaljević *et al.* (2015:2099) dat die verhouding tussen spiritualiteit en depressie kompleks is. Spiritualiteit het 'n impak in die lewe van 'n depressiewe persoon se algemene gesondheid. Die skrywers dui verder aan dat daar reeds heelwat studies oor die verhouding tussen spiritualiteit en depressie gedoen is (Mihaljević *et al.*, 2015). Spiritualiteit, temperament, en persoonlikheid is kenmerkend van alle mense (Mihaljević *et al.*, 2015:2100). In 2011 tot 2012, is 'n studie geloods met 85 buite-pasiënte (tussen die ouderdom van 30-65 jaar) in die psigiatryse departement van die algemene hospitaal in Virovitica, Kroatia. Die studie het bevind dat spiritualiteit 'n bepalende rol speel in die verlaging van depressiewe gevoelens en simptome. Die uitkomst van die studie het aangedui dat spiritualiteit, depressie en persoonlikheid onderling verwant is, en aanleiding kan gee tot remissie in depressiewe gevoelens (Mihaljević *et al.*, 2015:2107-2108).

Die betekenis van spiritualiteit binne Pentekostalisme, word deur Nel (2015:20) gedefinieer as die handelinge en sentimente wat gevorm word deur die waardes en norms van hierdie godsdienstige gemeenskap. Villegas (2018:5) meld dat Christelike spiritualiteit 'n bydrae kan lewer om persone te help om hulle persoonlike groei en algehele heilheid te formuleer om sodoende hulleself beter te kan verstaan (Villegas, 2018:5).

Spiritualiteit vir die doeleindes van die studie impliseer 'n persoonlike verhouding met God deur die werking van die Heilige Gees met inagneming van God se Woord waarbinne 'n gelowige hulle lewensreis ervaar en waar lyding, soos depressie, beskou kan word as deel van die mens se lewensreis om hulle volle potensiaal te ontwikkel.

1.2.3 Klassieke Pentekostalisme

Volgens Nel (2015:80-82) is daar sommige kenmerke van die klassieke Pentekolitiese beweging, naamlik die doop met die Heilige Gees en as teken daarvan, die spreek in tale. Hierdie beweging was aanvanklik anti-intellektueel (Nel, 2015:81) en die fondasie is gelê deur die emosionele ondervinding of ontmoeting met God waarna die mens poog om heilig te lewe. Gebedsverhoring en die verwagting dat gelowiges welvaart en goeie gesondheid geniet is belangrik. Dit lei tot 'n probleem dat, wanneer 'n gebed nie verhoor word nie, mense skuldig voel as hulle swaarkry. Hierdie swaarkry kan finansiële, fisies of emosioneel wees. Dit sluit die stryd met angs, neerslagtigheid, en depressie in. Hierdie siening oor swaarkry, insluitende gevoelens van depressie, is 'n geykte geloofsoortuiging wat binne die klassieke pentekostalisme gehandhaaf word. Die drie Afrikaanse Klassieke Pentekolitiese kerke wat hieronder sorteer is, die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS), die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika (VEK), en die Pinkster Protestante Kerk (PPK).

1.2.4 Pastorale Berading

Die pastorale bedieningsveld kan verdeel word in onderlinge sorg, pastorale sorg, pastorale berading en pastorale terapie (De Jongh van Arkel, 2000:165). Die verskillende velde neem toe in intensiteit van ingryping en terapie wat in die opleiding van onderskeie pastorale versorgers, beraders en terapeute gereflekteer word. Pastorale versorgers werk in gemeenteverband om lidmate geestelik te versorg, terwyl pastorale beraders ook in 'n spreekkamersituasie 'n professionele diens van berading aan hulpsoekers bied. Tydens pastorale berading help die pastorale berader of pastor die beradene om geestelike en emosionele probleme te hanteer en om innerlike genesing te vind.

1.2.5 Praktiese Teologie

Swinton en Mowat (2006:6) dui aan dat praktiese teologie 'n kritiese teologiese refleksie is van die kerk se interaksie met die gebeure in die wêreld wat mense bemagtig om deel te wees van God se verlossingsdade vir, in, en aan die wêreld (Swinton & Mowat, 2006:6). Praktiese teologie is 'n kollektiewe benaming vir dissiplines wat fokus op een gemeenskaplike denotatief, naamlik dat bogenoemde dissiplines se verwantskap met alle vorme van ministeriële bedieninge in verband gebring kan word (Heitink, 1999:1).

1.3 AGTERGROND

In hierdie navorsing word 'n pastorale studie gedoen om 'n strategie daar te stel om Pentekostalistiese pastore se belewenis van spiritualiteit te midde van depressie, te versterk. Twee gemene delers word onder die loep geneem: spiritualiteit as die hoofaksent, en depressie. Eerstens word daar op spiritualiteit binne die praktiese teologie gelet. Volgens Lombaard (2019:2) het die konsep van spiritualiteit binne die Christendom ontstaan. Spiritualiteit in Latyn is 'n selfstandige naamwoord *spiritualitas* wat verband hou met die byvoeglike naamwoord *spiritualis* (spiritueel). Hierdie Latynse woorde is weer afgelei van die Griekse selfstandige naamwoord *pneuma* (gees) en die byvoeglike naamwoord *pneumatikos* soos Paulus dit aanhaal in sy Nuwe-Testamentiese briewe. 'n Spirituele persoon was en is dus iemand wat geleef het onder die invloed van God se Gees (1 Kor 2:14-15). Bosch het reeds in 2008 aangedui dat spiritualiteit in sy mees elementêre vorm die lewe van die gelowige beskryf (Bosch, 2008:94). Lotter en Oosterbrink (2002:543) merk op dat daar die afgelope paar dekades 'n groeiende belangstelling is in die mens se innerlike en persoonlike ervaringswêreld teenoor hulle materialistiese beleving van die wêreld.

In meer resente literatuur, sluit Henson (2022) hierby aan en onderskryf die groeiende belangstelling in spiritualiteit in godsdienstige organisasies in die Christendom. Vir Henson (2022:1) is dit belangrik dat spiritualiteit om hierdie rede in spesifieke godsdienstige milieu ondersoek word. Henson maak drie waarnemings:

- Eerstens, die intrapersonlike kwessie. Hier word die pastoor waargeneem binne hulle “kerkkonteks” as 'n spirituele individu met bybelse waardes. Die dogma waarbinne die kerk figureer het besondere waarde. Hulle spiritualiteit is gevestig in hulle goddelike roeping en sodoende kry die pastoor se lewe sinvolle betekenis waardeur hulle ook op persoonlike vlak as mens groei.
- Tweedens, die interpersoonlike kwessie stel die vrae: (1) hoe leef die pastoor spiritualiteit uit in hulle spesifieke geloofsgemeenskap of gemeente; (2) word hulle geloofsgemeenskap of gemeente bemagtig deur die wyse waarop die pastoor spiritualiteit uitleef?
- Derdens is die organisatoriese opset met die vraag: in watter mate laat die denominasionele kerk waaruit hulle bedien, hulle toe om hulle spiritualiteit uit te leef?

Henson (2022:1) dui aan dat indien 'n pastoor hierdie drie kwessies in harmonie beleef hulle spirituele verwagtinge vervul word en 'n gesonde omgewing geskep word waarin die pastoor die vrymoedigheid het om ander te bedien.

Nader aan die huis meld Louw (2021) in sy artikel getiteld, *A Christian spirituality of imperfection: Towards a pastoral theology of descent within the praxis of orthopathy* dat die beleving van spiritualiteit nie net op die verbetering van menswees moet fokus nie, maar dat 'n teenoorstaande fokus ook essensieel kan wees, naamlik 'n fokus op menslike lyding, swakheid, gebrokenheid, broosheid en onvolmaaktheid. Louw (2021:70) beklemtoon ook dat spiritualiteit 'n pertinente rol speel in pastorale begeleiding.

Hierdie studie bied ook 'n outo-etnografiese narratief. Die navorser was 'n pastoor binne 'n klassieke Pentekostalistiese kerk en sluit aan by die gedagtes van Henson (2022) en Louw (2021). Hierdie pastorale studie poog om 'n bydrae te

maak om pastore te help wat worstel met depressie, deur die aanspreek van punte vanuit die navorser se persoonlike belewenis:

- Kerkleiers se beskouing en mededeling dat depressie nie 'n mediese toestand is nie, en dat as 'n "geesvervulde" beheer oor die mens se emosies geneem moet word.
- Die kerk se standpunt is dat depressie 'n aanslag van die duiwel is.
- Die beskouing en mededeling dat 'n sonde of 'n binding in die pastoor se lewe toegelaat is, en die prys daarvoor betaal word.
- Die pastoor geen voorbeeld vir sy gemeente stel nie, omrede hy nie emosioneel beheer oor die depressie kan neem en in oorwinning kan leef nie.

Klassieke Pentekostalisme beklemtoon spiritualiteit wat verband hou met hulle belewenis van die geestesdoop en ander Charismatiese ervarings wat hulle spiritualiteit voortdurend moet stimuleer. Meeste krisisse wat gemeentede ervaar, word spiritueel verwoord om dit in terme van hulle belewenis van die Heilige Gees te verklaar. Binne klassieke Pentekostalisme word Christelike spiritualiteit uitgedruk deur onder andere passievolle prediking, voortdurende gebed, deelname aan die erediens deur getuienis en die "beweging van die Heilige Gees" (Ackah *et al.*, 2018:7).

Bykomend tot die praktiese teologie word daar sterk geleun op aangrensende wetenskappe soos die psigologie en antropologie. Vanuit 'n psigologiese vertrekpunt, meld Louw en Louw (2019:426) dat spiritualiteit die mens se reaksie is op hulle soeke om die betekenis van hulle lewe te verstaan. Die psigologie is nie ingestel om na spiritualiteit as 'n georganiseerde entiteit te kyk nie, maar eerder na die individuele belewing daarvan binne die godsdienstige instelling waarvan hulle deel is. Die skrywers meld dat godsdiens georganiseerd is, terwyl spiritualiteit 'n meer private interaksie met God, of wie ookal die persoon as god beskou, is (Louw & Louw, 2019:426).

Binne die praktiese teologie en psigologie is daar 'n verstaan dat spiritualiteit 'n prominente rol in die lewe van die Suid-afrikaanse bevolking het. Hierdie stellings benadruk die idee dat spiritualiteit al hoe meer erken word as 'n deel van menswees wat aandag moet geniet. Volgens resente navorsing, ondervind beide die praktiese teologie en geesteswetenskappe (soos die psigologie) dat die spiritualiteit van 'n mens nie losstaande van hulle kultuur, omgewing en lewensomstandighede is nie. Vir die praktiese teologie is die pastoor se spirituele belewenis van die Here onlosmaaklik deel van die geloofsgemeenskap waarbinne hulle, hulle bediening uitelef. Die psigologie sien die belewing van spiritualiteit binne die godsdienstige instelling waarin 'n mens hulle geloof uitelef. Dit is dus duidelik dat hierdie studie 'n betekenisvolle gaping in die geesteswetenskappe en pastorale beradingsveld vul deur drie spesifieke rolspelers te ondersoek: (1) klassieke Pentekostalistiese kerke; (2) pastore van klassieke Pentekostalistiese kerke wat depressie beleef; en (3) die inwoning van die Heilige Gees te midde van depressie in die lewe van pastore. In pentekostalistiese denke is dit onmoontlik om 'n spirituele belewenis los te sien van die inwoning van die Heilige Gees wat aktief in die lewe van gelowiges is.

Aangesien hierdie navorsing 'n pastorale studie is, is die fokus op pastorale berading. Breed (2016:2; 2019:2; 2021:1) ontwikkel 'n pastorale model na aanleiding van die verhouding tussen teologie en psigologie en dui aan dat pastorale

sorg uit twee dimensies bestaan, naamlik die horisontale dimensie (interpersoonlike interaksie) en die vertikale dimensie (interaksie tussen God en mens). Psigologie, aldus Breed (2021:2), plaas die klem op die individu teenoor teologie wat binne pastorale sorg aandag skenk aan die wil van God vir die mens. Breed (2021:2) se pastorale model bestaan uit vier hoofpunte, naamlik: (1) die individuele interaksie tussen die berader en die beradene; (2) *Coram Deo*; (3) die versameling van data; en (4) die pastorale gesprek. Met die tweede hoofpunt verskuif die fokus na *Coram Deo* waar die berader die beradene bewus maak van die teenwoordigheid van God, nie net tydens die beradingsgesprek nie, maar voortdurend in die lewe van die gelowige. Die Bybel en gebed is belangrike bronne tydens hierdie fase van pastorale begeleiding wanneer die beradene gelei word om hulle probleem in die teenwoordigheid van God te verwerk. Die derde hoofpunt is om die beradene te lei na 'n gehoorsame lewe in verhouding met God, en die laaste hoofpunt is die afsluiting van die pastorale begeleiding en moontlike opvolgssessies vir 'n tydperk na die pastorale begeleiding.

Pastore binne klassieke Pentekostalistiese kerke beleef nie net hulle spiritualiteit individueel nie, maar ook binne hulle georganiseerde geloofsgemeenskap. Tydens hierdie kerkleiers se bediening aan pastore en lidmate wat worstel met depressie, handhaaf hulle die gesindheid dat demoniese besetenheid, sonde, en geestelike verval eerder aangespreek moet word deur hartgrondige bekering en deur behandeling in die geestelike familie – hiermee word die mediese behandeling vir depressie dus verwerp.

Nieteenstaande navorsing wat reeds gedoen is om depressie se kliniese beeld te definieer, is daar steeds talle klassieke Pentekostalistiese denominasies wat depressie eerder as 'n demoniese aanval ervaar. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) is depressie een van die gemoedstoestandsversteurings wat die meeste in die wêreld voorkom (Burke & Makhafula, 2020:210-211). Van die eienskappe om 'n kliniese beeld van depressie te bepaal, is onder andere, negatiewe gemoedstoestande soos 'n voortdurende gevoel van ongelukkigheid, lae selfwaarde, oordrewe selfkritiek, voortdurend en blywende bekommernisse, pessimisme, en skuldgevoelens (Weiten, 2017:503-504). Indien daar gelet word op bogenoemde simptome is dit verstaanbaar dat baie van hierdie simptome as "n aanval van die duivel beskou kan word". Binne pentekostalisme word bekering gesien as 'n rooi letter dag in 'n persoon se lewe, en daarom is die verwagting dat 'n *nuwe* mens gebore is, die *oue* is verby en *alles* het nuut geword. Negatiewe belydenisse mag dus nie meer deel van die persoon se woordeskat wees nie, en dit wat jy uiter, spreek eeneintlik oor jou lewe.

Vanuit 'n outo-etnografiese beskouing: In 1995 het die navorser tot die voltydse bediening binne die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika toegetree. Ek het my eerste pastore streeksbyeenkoms intens negatief ervaar, omdat ek sterk gekritiseer was oor my studies by die Universiteit van Pretoria en omdat sielkunde een van my hoofvakke was. Ek is geëtiketteer met die bynaam "dominee" en woorde soos sielkunde en depressie was 'n taboe. Hierdie ervaring was die begin van 'n intense gevoel van isolasie binne die (pastorale) geloofsgemeenskap.

Depressie word algemeen beskou as die 'verkoue' van geestelike siektes. Collins (2007:120) meen dat depressie al vir meer as drieduisend jaar erken word as 'n algemene probleem. Deur die geskiedenis het baie bekende wêreldfigure

¹ Die Latynse uitdrukking, *Coram Deo* beteken letterlik om voor die aangesig van God te wees of te leef.

hieraan gely, byvoorbeeld Vincent van Gogh, Winston Churchill en dinamiese kerkleiers soos Charles Haddon Spurgeon. Depressiewe simptome is intens en lei tot erge emosionele worstelinge soos wanhoop, vrees, verlamming van die wil, selfdoodgedagtes en -dade (Collins, 2007:120).

Pastorale berading erken dat depressie verskillende reaksies op alle dimensies van die mens tot gevolg het en dat hierdie reaksies van individu tot individu verskil. Coetzer (2008:68) meld dat genetiese, sowel as agtergrond en omgewingsfaktore 'n belangrike rol in die belewing van depressie speel. Depressie is 'n omvattende term en kan in verskeie vorme voorkom. So byvoorbeeld verwys reaktiewe depressie na die intense belewing van werklike of denkbeeldige trauma wat gepaard gaan met die belewing van erge angs, alhoewel dit gewoonlik van korte duur is. Reaktiewe depressie is die gevolg van aaneenleidende stres wat as 'n sneller dien. Hierteenoor is ernstige of majeure depressie meer intens en kompleks en daarom ook meer nagevors (Collins, 2007:122). Collins (2007:122) dui aan dat intense berading effektief kan wees vir ernstige depressie, maar omrede daar veranderings in die chemiese breinfunksies opgemerk word, dit uiters noodsaaklik is dat in sulke gevalle antidepressante geneem moet word tesame met berading.

Louw (2008:65) beskryf depressie as 'n oorheersende gevoel van hulpeloosheid. Louw se spirituele begeleidingstrategie is gebaseer op die rol van ondersteuningsgroepe waar gelowiges mekaar kan ondersteun in die veilige ruimte van *koinonia*. Volgens Louw (2008:63) moet die *koinonia* (gemeenskap) van die kerk 'n ondersteunende rol inneem teenoor gelowiges wat depressie ervaar. Met inagneming van Louw se studie, is een van die doelwitte van hierdie studie om 'n pastorale studie te doen wat klassieke Pentekostalistiese kerke kan gebruik om pastore wat met depressie gediagnoseer is, pastoraal effektief binne die gemeenskap van gelowiges te bedien.

Hierdie studie gee ook aandag aan die komplekse verband tussen die verstaan van spiritualiteit en depressie. 'n Aantal studies wat reeds gedoen is, het die volgende aangedui:

- Murphy en Fitchett (2009:1000-1008) fokus op geloof in 'n "omgee-God" in 'n studie met 136 deelnemers wat aan kliniese depressie lei, hulle gehelp het om met depressie saam te leef.
- Scrutton (2015:275-289) het 'n waardevolle studie gedoen en meld dat daar talle Christelike sienings oor depressie bestaan. Een standpunt is dat depressie die resultaat van sonde is, wat persoonlike sondes insluit. Hierdie siening stem ooreen met die klassieke Pentekostalisme se siening van sonde en dat alle sonde en dus depressie 'n teken van demoniese besetenheid en die werk van die duiwel is. Die rede hiervoor is dat 'n mens se geloof getoets word, dat 'n mens opgeroep word om heilig te leef en dat God deur die "demoniese aanval" jou geestelik wil laat groei.
- Scrutton (2015:275) beklemtoon dat, "Spiritual Illness (SI) Theology is still common, particularly in some Evangelical and Charismatic communities." Sy verwys ook na 'n deelnemer se opmerking in hierdie verband,
When dealing with people in the church...some see mental illness as a weakness – a sign
you don't have enough faith. They said: It's a problem of the heart. You need to straighten

things out with God. They make depression out to be a sin because you don't have the joy in your life a Christian is supposed to have.

Hiermee verwoord Scrutton dan ook die sentiment van die navorser ten opsigte van sy eie belewing van depressie in 'n soortgelyke geloofsgemeenskap. Scrutton (2015:279) se gevolgtrekking is dus dat in die klassieke Pentekostalistiese denominasie, geestelike siektes 'n aanduiding kan wees dat depressie deur sonde of demone veroorsaak word en dat geestelike gesondheid die toestand is waar 'n mens naby aan God leef en nie deur sonde en demone aangeval kan word nie.

- Swanepoel *et al.* (2012:1-9) dui ook in hulle artikel getiteld, "Die rol van *coping* in die verband tussen geestelike welstand en depressie by predikante" aan dat predikante se beroep as hulpverleners 'n unieke stel uitdagings, verantwoordelikhede en stressors behels. Die predikant se rol word as vyfledig beskou, naamlik as pastorale versorger, geroepene, berader, administrateur en organiseerder. Predikante ervaar mislukking as hulle nie aan hulle beroepseise kan voldoen nie. Met die skrywe van dié artikel in 2012, was daar reeds 'n groeiende bron van kommer oor die voorkoms van depressie onder predikante van die NG kerke van Suid-Afrika. In 2007 het Cooke (2007:10) aangedui dat die mediese skema van die NG kerk in die eerste helfte van 2002 reeds R1 168 000 aan die verskaffing van antidepressante aan predikante bestee het. Alhoewel hierdie statistieke verouderd is, skep dit 'n donker prentjie vir die groeiende bekommernis vir die geestelike welsyn van predikante.

Die navorser voorsien dat in klassieke Pentekostalistiese kerke die prentjie moontlik baie donkerder kan wees. Resente navorsing soos hierbo aangehaal wat konsentreer op spiritualiteit en depressie se komplekse verhouding is redelik beskikbaar, maar wanneer dit kom by die voorkoms hiervan onder Afrikaanse Pentekostalistiese kerke kon geen navorsing of artikels opgespoor word nie. Weens onkunde en ontkenning is betroubare statistieke oor die voorkoms van depressie onder pastore in hierdie kerke moeilik bekombaar. Verskeie kerke se pastore behoort nie aan gesamentlike mediese skemas wat moontlik statistieke beskikbaar sou kon stel nie. Die verwagting is dat 'n pastorale studie vir pastore van klassieke Pentekostalistiese kerke ondersteunend kan wees deur die ontwikkeling van 'n strategie wat die pastore se spiritualiteit te midde van depressie kan versterk en deur die strategie aan Pentekostalistiese kerke riglyne kan bied vir die uitdagings wat depressie aan hulle pastore se spiritualiteit en geloof stel.

1.4 NAVORSINGSPROBLEEMSTELLING

Uit bogenoemde bespreking kom dit tot die voorgrond dat 'n pastorale studie 'n belangrike bydrae kan lewer om 'n strategie daar te stel om die spirituele belewenis van Pentekostalistiese pastore te midde van depressie te versterk. Spiritualiteit is tans 'n fenomeen wat regoor die akademiese spektrum nougeset ondersoek word. Resente navorsing binne die teologiese milieu bevestig die aanname dat depressie heelwat aandag geniet en deurweek is met voortdurende nuwe ontdekkings wat ons kennis verryk om hierdie gemoedstoestandversteuring beter te verstaan. Wat die spirituele belewing van spiritualiteit te midde van depressie binne die Pentekostalistiese teologie aanbetref, is daar egter 'n vakuum. Hierdie leemte is nie net binne die Pentekostalistiese literatuur nie, maar ook binne die groter

teologiese spektrum. Hierdie studie poog om 'n bydrae te lewer om hierdie kwessie aan te spreek en Pentekostalistiese pastore se spirituele beleving te midde van depressie te versterk.

Die navorsingsvraag van die studie is: Watter strategie vanuit 'n pastorale studie kan die Pentekostalistiese kerke gebruik om pastore wat aan depressie ly se spiritualiteit te versterk?

Om hierdie vraag te beantwoord, is dit nodig om die volgende navorsingsvrae te beantwoord:

- Wat is die heersende strategie in klassieke Pentekostalistiese kerke om pastore se belewenis van spiritualiteit te midde van depressie te versterk?
- Wat is die voorkoms van depressie onder Pentekostalistiese pastore en hoe beleef hulle spiritualiteit te midde van depressie?
- Wat kan die bydrae van verwante wetenskappe, soos byvoorbeeld positiewe psigologie wees om Pentekostalistiese pastore se belewenis van hulle spiritualiteit te midde van depressie te versterk?
- Watter bybelse beskrywings kan Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te midde van depressie versterk in die daarstel van moontlike normatiewe riglyne?
- Watter strategie met pastorale riglyne en voorstelle kan ontwikkel word wat pastore van klassieke Pentekostalistiese kerke se belewenis van spiritualiteit te midde van depressie versterk?

1.5 DOELWIT EN DOELSTELLINGS

Die doelwit van hierdie studie is om 'n strategie vir pastorale hulp te ontwikkel wat Pentekostalistiese pastore se belewenis van spiritualiteit te midde van depressie te versterk en konstruktief aan te spreek.

Om die doelwit te bereik, is die volgende doelstellings gestel:

- Om die heersende strategie in klassieke Pentekostalistiese kerke oor hulle pastore se belewenis van spiritualiteit te midde van depressie strategies te beskryf met die doel om die pastore se spiritualiteit te versterk.
- Om die voorkoms tussen die beleving van klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te midde van depressie strategies te ondersoek met die doel om die pastore se spiritualiteit te versterk.
- Om die bydrae van verwante wetenskappe, soos positiewe psigologie rondom die belewenis van Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te midde van depressie strategies te ondersoek met die doel om die pastore se spiritualiteit te versterk.
- Om bybelse beskrywings van die verband tussen Pentekostalistiese pastore se belewenis van spiritualiteit te midde van depressie normatief te ondersoek in die teologiese en psigologiese literatuur en vanuit 'n pastoraal-teologiese perspektief strategies te evalueer met die doel om die pastore se spiritualiteit te versterk.
- Om 'n strategie te ontwikkel om pastore van klassieke Pentekostalistiese kerke by te staan in die belewenis van hulle spiritualiteit te midde van depressie met die doel om die pastore se spiritualiteit te versterk.

1.6 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die sentrale teoretiese argument is dat 'n pastorale strategie Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit kan versterk te midde van depressie wat hulle ervaar. Verder, dat die pastorale studie 'n bydrae kan lewer om klassieke Pentekostalistiese kerke strategies toe te rus om hulle pastore wat aan depressie ly, by te staan en te ondersteun.

1.7 METODOLOGIE

Volgens Marx (2014:10) is daar verskillende raamwerke of modelle van ondersoek in pastorale berading. Van hierdie modelle is dié van Heitink (1997:178), Lotter (2007:4), Zerfass (vgl. Heyns & Pieterse, 1998:37) en Osmer (2008). Vir Marx (2014:37) is die ooreenstemmende punte in die modelle, as volg:

- Die komponent van die Skrif.
- Christelike tradisie.
- Literatuurstudie.
- Empiriese navorsing.


Hierdie studie sluit aan by Osmer (2008) se model vir praktiese teologiese navorsing en word vir hierdie navorsing gebruik (vgl. Crow, 2019:17-1; van Emmenis, 2019:18-23; Raath, 2016:13-17; Marx, 2014:10-12). Voorts word daar vir die doeleindes van hierdie studie aangesluit by Marx (2014:10) se opmerking om nie die woord 'taak/take' te gebruik in die toepassing van die model van Osmer nie, maar eerder die woord 'momente' te gebruik. In Afrikaans beteken die woord 'taak' 'n voltooide stuk werk; terwyl die woord 'moment' dui op 'n progressiewe aksie. Vir die doeleindes van hierdie studie word die gedagte dat elke aksie wat Osmer aandui progressief skakel met die volgende aksie totdat daar tot 'n dinamiese gevolgtrekking gekom word. Die vier komponente is die beskrywende-empiriese moment, die interpreterende moment, die normatiewe moment; en die pragmatiese moment (Osmer, 2008:4).

1.7.1 Die beskrywende-empiriese moment

Die vraag wat Osmer in hierdie moment stel is: Wat gaan aan of wat is besig om te gebeur? (Osmer, 2008:11). Met die beskrywende-empiriese moment word gepoog om die bestaande probleemsituasie te beskryf. Hierdie moment sal geskied deur middel van 'n literatuurstudie, kwalitatiewe empiriese studie, wat ook 'n kort outo-etnografiese gedeelte sal insluit en hermeneutiese refleksies.

1.7.1.1 Kwalitatiewe empiriese navorsing

Maree (2019:81) in sy boek *First Steps in Research* bespreek in diepte kwalitatiewe navorsing. Volgens Maree behoort 'n kwalitatiewe navorsingsmodel aan die volgende te voldoen: navorsingsvraag; oogmerke, konsepraamwerk, metode, en geldigheid (sien Figuur 1).



Figuur 1: Interaktiewe model van die navorsingsontwerp (Maree, 2019:81)

Ter staving meld Maree (2019:81–82) die volgende:

- A** – Die navorsingsvraag behoort al die ander aspekte saam te bind.
- B** – Die navorsingsvraag moet die doel van die studie aandui.
- C** – Die teorie en vorige navorsing moet deel uitmaak van die navorsingsvraag.
- D** – ‘n Bepaalde metode moet gekies word om die data in te samel om die navorsingsvraag te beantwoord.
- E** – Die etiese konsiderasies moet reeds met die beplanningsfase in ag geneem word.

Volgens Maree (2019:59) vorm hierdie vyf aspekte die kern in kwalitatiewe navorsing. Indien betekenis nie aan die uitkomste van die navorsingsvraag gegee kan word nie, het die kwalitatiewe navorsing geen doel gedien nie. Polkinghorne (1989) het verder aangedui dat die unieke eienskap van kwalitatiewe navorsing nie numeriese data behoort te wees nie, maar die linguistiek (woorde).

Maree (2019:59) in sy poging om kwalitatiewe navorsing te definieer, kom tot die gevolgtrekking dat mense die “plek” waar hulle leef en hoe hulle daardie “plek” beleef en ervaar, hetsy deur simbole, rituele of sosiale rolle, ‘n impak het om betekenis aan hulle lewe te gee. Kwalitatiewe navorsing, aldus Maree wil graag meetbare instrumente gebruik om hierdie betekenis van wat mense beleef te bepaal. Onderhoude (Maree, 2019:108-109) is hier van kardinale belang.

Osmer (2008:14) dui ook aan dat onderhoude 'n baie belangrike instrument is om data in kwalitatiewe navorsing in te win.

Maree (2019:108) verwys na ongestruktureerde onderhoude wat die vorm neem van 'n gesprek met 'n natuurlike vloei. Die intensie is daarop gerig om die deelnemers (respondente) se sieninge, idees, geloof en gesindhede rakende sekere gebeure of fenomene te ondersoek. Die fokus hier is om die deelnemers se eie persepsies deur die gesprek neer te pen (Maree, 2019:108). Semi-gestruktureerde onderhoude verskil daarin dat 'n sekere vertrekpunt vooraf bepaal word waarin die navorser die deelnemer begelei met reeds geformuleerde vrae. Uit hierdie vrae mag verdere vrae ontwikkel. Die onderhoude is dus meer gefokus om sekere doelwitte te bereik (Maree, 2019:108).

Die studie fokus daarop om Pentekostalistiese pastore se spirituele belewenis te midde van depressie, te ondersoek. Daar word gepoog om met pastore wat met depressie gediagnoseer is, semi-gestruktureerde onderhoude te voer. Hierdie pastore moet in die voltydse bediening in een van die drie Afrikaans klassieke Pentekostalistiese kerke werksaam wees. Die drie Afrikaans klassieke Pentekostalistiese kerke is, die Apostoliese Geloofsending van Suid Afrika (AGS), die Pinkster Protestante Kerk (PPK), en die Volle Evangelie Kerk van Suid Afrika (VEK). Sommige van die volgende kernvrae sal tydens die onderhoude gestel word:

- Wanneer is jy met depressie gediagnoseer?
- Gebruik jy enige medikasie vir jou depressie?
- Hoe raak jou diagnose met depressie jou spiritualiteit?
- Het jy jou kerk/gemeente in kennis gestel dat jy met depressie gediagnoseer is?
- Word jy deur jou kerk/gemeente ondersteun, bedoelende het hulle begrip vir waarmee jy worstel?
- Is daar 'n ondersteuningsprogram in jou kerk vir depressielyers?
- Voel jy dat jou depressie diagnose 'n aanslag van die duiwel is?
- Voel jy skuldig dat jy aan depressie ly?
- Het jy al gedink om van werk te verander?
- Bid jy gereeld?
- Glo jy, jy kan genees word van jou depressie?
- Bring jou depressie jou nader aan die Here?
- Voel jy God is met jou?
- Dink jy dat Paulus se "doring in die vlees" kan depressie wees?
- Dink jy God laat jou depressie toe in jou lewe?
- Het jy al gedink daaraan om jou lewe te beëindig?

Dit is belangrik om te noem dat hierdie navorsing volgens die riglyne van die Noordwes Universiteit se Teologiese Fakulteit se Etiese Komitee uitgevoer is. Die bydrae en resultate van die kwalitatiewe ondersoek met betrekking tot die spanning wat pastore beleef tussen hulle spiritualiteit en ervaring van depressie word in hoofstuk 2 bespreek.

1.7.1.2 'n Outo-etnografiese insluiting

Brunsdon en Lotter (2011:3) meld dat outo-etnografie sedert die 1990s prominensie as 'n kwalitatiewe navorsingsmetode geniet. Die term word saamgestel uit die begrippe *outo* (self), *ethnos* (kultuur) en *grafie* (skryf). In hierdie werkswyse staan die selfnarratief van die individu voorop.

Insiggewend wys Brunsdon en Lotter (2011:2) in hulle artikel oor outo-etnografie vir predikante met bedieningsmoegheid, daarop dat Osmer (2008) se hermeneutiese sirkel in gedagte gehou word selfs wanneer daar outo-etnografies gewerk word. Brunsdon en Lotter (2011:2-3) deel 'n paar punte van outo-etnografie wat raakpunte met hierdie studie aandui:

- Outo-etnografie hou terapeutiese waarde vir die outo-etnograaf in. Outo-etnografie is epistemologies interpreterend (interpretief) gegrond (Swinton & Mowat, 2006:34). Die navorser is betrokke by die navorsingsproses, nie as 'n objektiewe waarnemer nie, maar as 'n aktiewe deelnemer en medeskepper van die interpreterende ervaring (Brunsdon & Lotter, 2011:4).
- Outo-etnografie in Skrifkonteks betref die volgende: Indien aanvaar word dat 'n outo-etnografie in wese 'n selfnarratief is, is dit moontlik om daardie selfnarratief teen die agtergrond van die Skrif as God se meta-narratief te lees, om so tot verstaan van die eie narratief te kom. Binne die raamwerk van die praktiese teologie is dit inderdaad moontlik om 'n fusie tussen die Godsverhaal en mensverhaal te bewerk (Brunsdon & Lotter, 2011:6).

Die volgende vyf slaggate is in ag geneem waarop outo-etnografiese navorsing as 'n kwalitatiewe navorsingsmetode moet let (Chang, 2008:54) :

- Het die skrywer en/of navorser nie oormatig op die self gefokus in isolasie van ander nie?
- Het die narratiewe (skryf) proses nie te veel aandag verkry, ten koste van die analise en interpretasie van die kulturele faktore nie?
- Het die skrywer en/of navorser net op sy/haar eie geheue as bron van kennis staatgemaak?
- Het die skrywer en/of navorser deurlopend eties korrek opgetree ten opsigte van die verwysing na ander persone in die skryfproses?
- Is die term outo-etnografie deurgaans korrek aangewend?

Hierdie vyf vrae dien as riglyn om aan die etiese implikasie van hierdie navorsing te voldoen. Binne die riglyne wat deur die Noordwes-Universiteit gestel word, het die navorser voortdurende selfondersoek toegepas om 'n neutrale riglyn te volg. Die navorser het gepoog om binne hierdie omvang en begeleiding 'n bydrae te lewer tot die persoonlike belewenis van sy eie depressie as leraar en berader binne die raamwerk van 'n klassieke Pentekostalistiese geloofsgemeenskap. Voorts dat hierdie selfnarratief ook met deernis leraars, pastore en beraders kan bystaan en aanmoedig wat in soortgelyke konteks bedien.

1.7.2 Die interpreterende moment

Osmer (2008:13) dui aan dat die basiese struktuur van prakties-teologiese interpretasie gevind kan word in grens-studievelde van die praktiese teologie. Die vraag wat Osmer hier vra is: Hoekom is dit aan die gang? (Osmer, 2008:113). Raath (2010:15) formuleer die vraag eerder as: Waarom het dit gebeur? Hierdie moment word deur middel van 'n literatuurstudie gedoen waarna daar na aangrensende wetenskappe gekyk word. Vir hierdie studie geniet die kliniese beeld van depressie aandag soos wat dit deur die biologiese en gedragswetenskappe (Wolman & Stricker, 2014:4) en die positiewe psigologie (Wissing *et al.*, 2020:4) beskryf word. Die kliniese, wetenskaplike beeld van depressie moet verstaan word om 'n bydrae tot die navorsing te lewer.

Die sosiologie is ook van belang. Sosiologie is die wetenskaplike studie van die menslike lewe (Giddens, 2009:6) wat die sosialisering van die mens beskryf (De Klerk & Dreyer, 2007:216). In hierdie opsig is die volgende vraag van belang, naamlik in watter mate beïnvloed depressie die sosialisering van pastore binne hulle familie-dinamieka, werksdinamieka en omgewing waarin hulle hulleself bevind?

'n Verdere grenswetenskap wat kan help om die brug te bou na die pastoor in die voltydse bediening wat worstel met depressie is antropologie, die studie van die kultuur van groepe. Louw (1993:93) beklemtoon die rol van antropologie soos volg: "'n Pastorale teologie sonder 'n duidelike omlynde teologiese antropologie loop gevaar om "doketies" te raak, dit wil sê lewensvreemd te raak en nie met die konkrete mens in sy historiese konteks rekening te hou nie." De Jongh van Arkel (2000:152) sluit by Louw (1993) aan, deur te sê dat 'n pastorale antropologie interaksie met grenswetenskappe soos die psigologie moet hê. Osmer (2008:8) glo dat teorieë van ander studievelde, soos die antropologie 'n belangrike bydrae tot prakties teologiese interpretasie lewer. Die bydrae vanuit die antropologie staan sentraal tot die uitkomst van die navorsing omrede beide die historiese en kulturele konteks van die Pentekostalistiese pastoor implikasies gaan hê op hulle beleving van spiritualiteit te midde van depressie. Klassieke Pentekostalistiese kerke is bekend vir hulle ekumeniese karakter deur hulle unieke kerkgeskiedenis en daar is ruimte vir die breër opdrag van die evangelie soos uiteengesit in Matteus 28:19.

Laastens moet kommunikasie as bydraende faktor bespreek word. Vir Pieterse (1993:3) is praktiese teologie 'n kommunikatiewe handeling. Kommunikatiewe handeling is om te doen met die gelowiges se interaksie met mekaar (Pieterse, 1993:6). In die pastoraat vind daar altyd 'n gesprek plaas: Skrifgesprek, gebedsgesprek, 'n dialoog tussen die Een wat hoop gee en die een wat hoop soek. Depressie is opsoek na hoop en vir Louw (1993:244) is daar 'n eiesoortige karakter aan die pastorale gesprek. Hierdie eiesoortigheid in die pastoraat handel oor die dialogiese proses van kontak en ontmoeting. Bepaalde pastorale kommunikasiemodelle is ondersoek om die pastoor met depressie ondersteunend te help.

Die doel van die interpreterende moment is om te kan verstaan (Raath, 2016:15). Die bydrae van die bestudering van grenswetenskappe word in hoofstuk 3 bespreek.

1.7.3 Die normatiewe moment

Osmer (2008:129) dui aan dat teologiese refleksie op die insidente wat nagevors word baie belangrik is vir die uitkomst van die bespreking. Die normatiewe moment beantwoord die vraag: Wat behoort te gebeur? (Osmer, 2008:4) Die fokus word hier teruggedraai na die Skrif. Osmer maak ook melding dat aspekte soos die etiese raamwerk waarbinne 'n geloofsgemeenskap figureer, van waarde is om oplossings vir teologiese kwessies te vind (Osmer, 2008:10). By implikasie kan die vraag gevra word: Wat kan geleer word vanuit die tradisie of geskiedenis van Pentekostalistiese kerke se dogmatisering ten opsigte van die beleving van depressie te midde van spiritualiteit? Word die standpunt oor hierdie vraag vanuit die Skrif of vanuit tradisie gerig, en hoe kan hierdie twee gekombineer word om die norm te bepaal. Om hierdie rede is 'n hermeneutiese studie gedoen om 'n duideliker idee te kry. Die navorser kyk hermeneuties na relevante Skrifgedeeltes waar 'n paar besondere bedienaars in die Skrif se reaksie op trauma bestudeer gaan word. Die wysheidsliteratuur word in die Ou Testament eksegeties ontgin deur na Job, Jeremia, en Dawid se stryd met lyding te kyk en vanuit die Nuwe Testament is daar na Jesus se selfagting en selfdoeltreffendheid in tye van versoeking en lyding aandag gegee. Die mikpunt was om aan te dui dat in tye van vertwyfeling God wanhoop in hoop verander. Beide die Ou Testament en Nuwe Testament bevestig dat wanneer mense deur stryd gaan, die satan teenwoordig is asook hoe gebed die weg baan vir Goddelike intervensie omdat God aktief betrokke is wanneer die mens stryd in die lewe ervaar.


Hierdie eksegetiese ondersoek word in hoofstuk 4 aangebied. Die grammaties-historiese metode met 'n pneumatiese insig en eksegetiese verkenning word begelei deur De Klerk, Janse van Rensburg en Nel soos uiteengesit in hulle bundel *Preekgeboorte* (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005) en Nel (2017) se artikel wat handel oor die Lukas-Handelinge narratief.

1.7.4 Die pragmatiese moment

Tydens hierdie moment neem die studie al die bevindinge van die eerste drie momente in ag en stel pastorale riglyne saam om 'n strategie te ontwikkel wat ondersteuning gee aan pastore met depressie in die klassieke Pentekostalistiese kerke. Die vraag wat Osmer (2008:4) hier wil beantwoord is: Hoe moet daar gereageer word? Die doel is om 'n verandering of vernuwing tot gevolg te hê (Raath, 2016:17).

'n Hermeneutiese interaksie tussen die normatiewe momente, die interpreterende momente en die resultate van die kwalitatiewe ondersoek is geformuleer sodat daadwerklike hulpverlening en bewuswording kan geskied om 'n strategie te ontwerp om pastore wat met die spanning tussen hulle spiritualiteit en depressie worstel in tradisionele Pentekostalistiese kerke by te staan. Die uitkomst word in hoofstuk 5 van die studie weergegee.

'n Vloeidiagram kan hierdie wisselwerking van Osmer (2008:11) se model grafies illustreer:



Figuur 2: Kwalitatiewe navorsingsmodel (Osmer, 2008:11)

1.8 ETIESE OORWEGINGS

Die 1978-Belmontverslag dien die doel om alle betrokkenes by empiriese navorsing te beskerm. Die verslag het drie etiese beginsels neergelê wat as riglyne dien vir die navorsingsproses. Die beginsels is:

- Goedgeunstigheid, wat beteken dat die deelnemers se morele reg en menswaardigheid beskerm moet word teen enige vorm van benadeling van hulle regte en algehele welsyn.
- Respek vir alle deelnemers.
- Geregtigheid teenoor deelnemers (Elias & Theron, 2012:150).

Met bogenoemde in ag geneem en die beleid van die Noordwes-Universiteit behels die onderhoudvoering binne kwalitatiewe navorsing uit elemente wat vervolgens bespreek word.

1.8.1 Die keuse van deelnemers

Vir hierdie navorsing word deelnemers beperk tot geselekteerde Afrikaanssprekende pastore (voortaan respondente genoem) wat in voltydse bediening staan in klassieke Afrikaanse Pentekostalistiese kerke in Suidelike Afrika, naamlik die AGS, VEK of PPK. Die respondente moet met depressie gediagnoseer wees of met simptome van depressie worstel.

1.8.2 Aantal deelnemers

Ses tot agt respondente is vir die navorsing genader. Semi-gestruktureerde onderhoude is persoonlik of elektronies met elk van die respondente gevoer.

1.8.3 Die insameling van data

Semi-gestruktureerde onderhoude is in persoon of elektronies met die respondente gevoer, totdat dataversadiging bereik is.

1.8.4 Uitsluitels

Alle pastore wie nie aan bogenoemde profiel beantwoord het nie, is uitgesluit van die studie.

1.8.5 Deelnemende instemming

Die navorser het kontak gemaak met verteenwoordigers van al drie Afrikaanssprekende klassieke Pentekostalistiese kerke wat as verteenwoordigers en voogde van die onderskeie kerke opgetree het. Die navorser het verseker dat die relevante dokumentasie aan hulle verskaf is waarin die doelwitte van die studie uiteengesit is. Die navorser het die drie verteenwoordigers persoonlik ontmoet om die begeleiding vir die proses te bespreek.

1.8.6 Tydgleuf vir die onderhoude

Die onderhoude het ongeveer 60-minute geduur en het plaasvind binne die tydskedule van die respondente. Opvolg onderhoude wat versoek is, was deur die navorser toegestaan.

1.8.7 Onderhoudvoering risiko's en voorkoming

Tabel 1: Onderhoudsvoeringsrisiko's en voorkoming (Outeur se voorstelling).

Respondente staan altyd subjektief teenoor gebeure wat hulle persoonlik raak en daarom is daar altyd bepaalde voorveronderstellings wanneer hulle ooreenkomende belewenisse uitgevra word.	Die navorser het die onderhoude met 'n sensitiewe, tog objektiewe houding hanteer.
Alhoewel die vraelys basies gestruktureerde vrae bevat, kry die respondent steeds die geleentheid om kommentaar op die vrae te gee.	Die navorser het die kommentaar so begelei dat dit die betroubaarheid van die ondersoek verhoog.

'n Oormaat verbale inligting kan ontvang word en die navorser mag dalk nie belangrike inligting onthou nie.	Navorser het die toestemming van respondente verkry om die onderhoude op te neem sodat dit later volledig getranskribeer kan word.
---	--

1.8.8 Bevoegdheid van die navorser

Die navorser beskik oor beide die akademiese asook beroepsvaardighede om die navorsing te doen. Akademies beskik die navorser oor 'n Magistergraad in Homiletiek (Cum Laude) asook 'n PhD in Liturgiek, beide verwerf aan die Noordwes-Universiteit. Voorts is die navorser 'n vlak 7-geakkrediteerde gevorderde berader (*religious specialist*) by die Council for Pastoral and Spiritual Counsellors (CPSC). Vir die afgelope vyf jaar is die navorser aangestel by die Potchefstroom Akademie, 'n hoër onderwys instelling, asook die pastorale berader vir Fochville Hoërskool waar hy die leerders en onderwysers bystaan wat met emosionele stres sukkel. Hiermee voldoen die navorser ook aan die waardes, etiese reëls, en vertroulikheidsaspekte wat binne die raamwerk van CPSC van hulle beraders verwag word.

1.8.9 Plek van onderhoudvoering

Die onderhoude is elektronies gevoer en waar dit haalbaar was, is onderhoude persoonlik gevoer.

1.8.10 Ingeligte toestemming

Alle deelnemers het vrywillig ingeligte toestemming gegee om aan die studie deel te neem. Geskrewe ingeligte toestemmingvorme is deur deelnemers onderteken alvorens onderhoude gevoer is. Die ingeligte toestemmingsbrief het die volgende inligting ingesluit:

- Die oogmerke en aard van die studie.
- Die doelwit en doelstellings van die studie.
- Die vertroulikheidselement.
- Dat deelname vrywillig is en respondente enige tyd mag besluit om van die studie te onttrek.
- Indien deelnemers onttrek, is daar geen negatiewe gevolge vir hulle as gevolg daarvan nie.

1.8.11 Verspreiding van die navorsingsresultate aan respondente

Alle respondente sal na die afloop van die studie 'n volledige afskrif van die voltooide tesis ontvang wat per e-pos aan hulle gestuur sal word.

1.8.12 Anonimiteit en vertroulikheid

Anonimiteit en vertroulikheid van die onderhoude is verseker deur aan die respondente 'n numeriese waarde te gee, byvoorbeeld Respondent 1. Alle data wat ingesamel is, is gestoor op die navorser se rekenaar wat met 'n wagwoord beskerm word. Opnames van die onderhoude is vernietig nadat die onderhoude getranskribeer is.

1.8.13 Betroubaarheid en geldigheid

Betroubaarheid en geldigheid is verkry deur seker te maak dat die navorser saam met kundige persone werk. Beskrywende vrae is gestel sodat opvolgvrae uit die bestaande vrae kon voortvloei (Smit, 1985:160-163). Antwoorde is woordeliks opgeteken terwyl gewaak is om nie respondente of antwoorde te manipuleer met die oog op die uitkomst van die studie nie.

1.8.14 Die rol van die navorser

Die navorser se verantwoordelikheid was om seker te maak dat daar aan al die etiese oorwegings aandag gegee is.

1.9 HOOFSTUKINDELING

HOOFSTUK 1: INLEIDING

- Agtergrond
- Navorsingsprobleem en navorsingsvraag
- Doelwit en doelstellings
- Sentrale teoretiese stelling
- Metodologie

HOOFSTUK 2: DIE DESKRIPTIEWE EMPIRIESE MOMENT

Die evaluering van die bydrae vanuit 'n beskrywende empiriese ondersoek met betrekking tot die ontwikkeling van 'n strategie om klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te midde van depressie te versterk.

HOOFSTUK 3: DIE INTERPRETERENDE MOMENT

Perspektiewe vanuit grenswetenskappe met betrekking tot die ontwikkeling van 'n strategie om klassieke Pentekostalistiese pastore se belewenis van spiritualiteit te midde van depressie te versterk.

HOOFSTUK 4: DIE NORMATIEWE MOMENT

Eksegese vanuit die Ou Testament (Wysheidsliteratuur) en Nuwe Testamentiese (Lukas) perikope: Job 3; Job 42:7-17; Klaagliedere 3:19-33; Klaagliedere 3:55-66; Psalm 22:7; Psalm 22:22-31; Lukas 4:1-12; Lukas 22:39-46.

HOOFSTUK 5: DIE PRAGMATIESE MOMENT

Praktiese en teoretiese riglyne om 'n strategie te ontwikkel om klassieke Pentekostalistiese pastore se belewenis van spiritualiteit te midde van depressie te versterk.

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING

Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

HOOFSTUK 2

DIE DESKRIPTIEWE EMPIRIESE MOMENT

BESKRYWENDE EMPIRIESE PERSPEKTIEWE VANUIT 'N EMPIRIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT DIE VERSTERKING VAN PASTORE SE SPIRITUALITEIT IN KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE KERKE WAT MET DEPRESSIE WORSTEL

Hierdie hoofstuk bied 'n literatuurstudie en 'n evaluering van 'n empiriese ondersoek met betrekking tot die tema vir die ontwikkeling van 'n strategie ter ondersteuning aan klassieke Pentakostalistiese pastore wat aan depressie ly.

2.1 INLEIDING

Met die oog op praktykteoretiese riglyne (Heyns & Pieterse, 1990:76), gee hierdie hoofstuk aandag aan Osmer (2008:11) se beskrywende empiriese navorsing. Louw (1993:67) het aangedui dat empiries onder andere insluit: eksistensiële houding, refleksie, gesindheid, norme, waardes, situasies, en handeling. Heitink (1999:221) noem dat die woord empiries (*empiricism*) ervaring of ondervinding beteken (vgl. Raath, 2016:20). Vir die uitkomst van hierdie studie word die gedagte dat elke aksie wat Osmer aandui, progressief skakel met die volgende aksie totdat daar tot 'n dinamiese gevolgtrekking gekom word.

Binne die raamwerk van Osmer se metode, begin hierdie hoofstuk met die vraag wat Osmer vra: Wat gebeur hier? Met hierdie vraag word die eerste momentum gegee om die uitkomst van hierdie navorsing aktueel aan te spreek met die oog op 'n konstruktiewe konklusie. Die dinamika van hierdie progressiewe momentum kan soos volg met 'n diagram (Figuur 3) uitgebeeld word:



Figuur 3: Die dinamika van die progressie van momente (Outeur se voorstelling).

2.2 LITERATUURSTUDIE

'n Verkenning van toepaslike vakliteratuur is noodsaaklik om 'n toepaslike teorie vir die kwalitatiewe empiriese navorsing met 'n narratiewe benadering daar te stel (Raath, 2016:21). Hierdie vakliteratuurstudie is tweeledig: eerstens word hermeneutiese refleksies oorsigtelik weergegee vir die studie se klassieke Pentekostalistiese vertrekpunt omdat 'n gegronde pentekostalistiese hermeneutiese raamwerk noodsaaklik is vir die bereiking van hierdie studie se doel; en tweedens, is 'n in-diepte analise gedoen om vas te stel wat die voorkoms en hantering van depressie is binne klassieke Pentekostalistiese kerke ten tye van die studie. Om laasgenoemde te verstaan, gee die navorser 'n kort oorsig van die wyse waarop die Gereformeerde tradisie hermeneutiek hanteer wat die leemte oor hierdie onderwerp in vakliteratuur vanuit die pentekostalistiese perspektief aandui.

2.2.1 Hermeneutiese refleksies

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) omskryf hermeneutiek as (bybelse) uitlegkunde. [G. *hermeneutieke* (techné) vertolkings(kunde)] (Odendaal & Gouws, 2009:393). Binne die Gereformeerde tradisie word hermeneutiek verstaan as uitlegkunde (König, 2006; van der Watt *et al.*, 2003; van Helden, 2010). Vir König (2006) is die onderskeid tussen hermeneutiek en eksegeese in Bybeluitleg, en noem dat hermeneutiek oor die teorieë vir Bybeluitleg handel, terwyl praktiese uitleg onder eksegeese resoneer. Hermeneutiek handel oor hoe woorde en taal werk, oor woorde en betekenis, en oor verskillende taalteorieë (König, 2006:89). Volgens König lei hierdie aspek tot 'n interessante probleem van dat daar aan elke woord in die Bybel twee of selfs drie verskillende betekenisse gegee kan word. Gevolglik, aldus König, het hermeneutiek 'n drie-ledige uitleg:

- Die skrywer wat 'n woord kies.
- Die vertaler besluit watter betekenis hy/sy dink korrek is.
- Die leser gee ook weer 'n betekenis aan die woord wanneer hy/sy dit lees.

Van der Watt *et al.* (2003:1065,1066) deel König se sentiment deur na hermeneutiek te verwys as die dissipline wat nadink oor teorieë van lees, uitleg, en verstaan. Tradisioneel was teologiese hermeneutiek gevolglik in 'n tegniese, beperkte sin gesien as die teorie van eksegeese, wat vaardighede soos teksvasstelling, vertaling, lees en kennis soos die historiese konteks van die skrywer, die literêre genre en konteks binne die boek self insluit. Mettertyd om meer betekenis aan die begrip hermeneutiek te gee, het omskrywings van hermeneutiek in sowel filosofiese en teologiese kringe uitgebrei. Hermeneutiek gaan ten diepste om die voortdurende uitleg van die lewe of die werklikheid self met die hulp van die tekste wat gelees word, beter te begryp. Alles is basies hermeneuties gegrond in 'n voortdurende poging om die lewe te bly leef en te vertolk, sodat tekste uiteraard daarin 'n sleutelrol kan speel (Van der Watt *et al.*, 2003:1065,1066).

Van Helden (2010) het navorsing gedoen oor “'n Hermeneutiese-empiriese strategie rakende die verskynsel van kerkkrimpings in tradisionele Afrikaanse ‘susterskerke’ in Suid-Afrika – ‘n Prakties-teologiese studie”. In haar studie, gee sy 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van hermeneutiek, wat ook waardevol is vir die oogmerke van hierdie studie, omrede die verstaan en ontwikkeling van hermeneutiese denke van belang is om 'n Pentekostalistiese hermeneutiek saam te stel. Van haar belangrikste opmerkings is:

- Schleiermacher benader die begrip *verstaan* as 'n rekonstruktiewe proses wat sowel psigologies en grammatikaal realiseer (van Helden, 2010:18; vgl. Palmer, 1969:87,96 & 98). Schleiermacher se konsep van verstaan het op 'n “*out of relationship to life*” berus.
- Heidegger sluit hierby aan en sy bydrae tot die hermeneutiese teorie is meer veelsydig deurdat hy hermeneutiek herdefinieer. Hermeneutiek word as 'n fenomenologie geïdentifiseer waarbinne die primêre funksie van woorde, naamlik om reg te verstaan, ondersoek word om die regte betekenis te kry (van Helden, 2010:19).
- Gadamer wat impak gehad het in die ontwikkeling van die hermeneutiese denkproses, het weer in 'n ander rigting as Heidegger beweeg. In Gadamer se denke het hermeneutiek 'n filosofiese baadjie gekry (vgl. Van der Watt *et al.*, 2003:1066). Gadamer glo dat 'n effektiewe hermeneutiek die gedagte van menslike verstaan moet aanspreek. Verstaan is 'n persoonlike handeling. Gadamer se gedagte is: “Deur te hoor word toegang verkry tot die logos, wat vervolmaak word deur die dialektiek” (Van Helden, 2010:19). Elke interpreteerder staan dan telkens in 'n nuwe situasie en met elke taalhandeling kom iets nuuts na vore. Die doel van Gadamer se hermeneutiek is derhalwe om tot algehele begrip van die waarheid rakende verstaan te kom (van Helden, 2010:19).
- Bultmann ontwikkel die begrip verder en stel dat, “Hermeneutics is the very deciphering of life in a mirror of the text” (Ihde, 2004:381). Bultmann glo dat in die hermeneutiese proses kom die interpretasie van die teks met die interpretasie van die lewe ooreen (vgl. Van Helden, 2010:20).


- Heitink *et al.* (2000:60,61) ervaar dat die Bybelgedeelte ontleed moet word, binne die mens se historiese, sosiale en kulturele konteks (vgl. Pieterse, 2010:8). Van Helden kom tot die gevolgtrekking dat vir die hedendaagse hermeneutiek, is dit vir die Praktiese Teologie en kerkpraktyk van uiterste belang om die *status quo* aangaande die verstaan van Jesus se boodskap in eerlikheid te ondersoek sodat die boodskap nie verkeerd oorgedra word nie (van Helden, 2010:21). Hermeneutiek bepaal hoe 'n persoon die Bybel lees. Die Bybel word dus benader met bepaalde voorveronderstellings wat dan weer deur die Bybel self geverifieer word deur bepaalde eksegetiese ontginninge.

Die navorser is akkoord met van Helden (2010) dat 'n historiese ontginning wat die verstaan van die Bybel deur 'n hermeneutiese proses uiters sinvol maak, is om die teks met die leefwêreld van die leser te verbind. Hierdie gedeelte het in kort gelet op 'n algemene definisie van hermeneutiek, 'n kort omskrywing van hermeneutiese denke in die Gereformeerde tradisie (deur König, Van der Watt *et al.*, en Van Helden), asook 'n oorsigtelike historiese omlýning wat deur vooraanstaande navorsers bydraend was tot die verstaan van hermeneutiek (Scliermacher, Heidegger, Gadamer, Bultmann & Heitink).

Die vertrekpunt van hierdie studie is egter vanuit die Pentekostalistiese tradisie. Die navorser se eie Skrifverstaan is vanuit 'n klassieke pentekostalistiese teologiese raamwerk. Menzies en Menzies (2000:50) dui aan dat die toekoms van pentekostalisme onseker is, omrede pentekostalisme nie 'n stewige teologiese basis het nie (Menzies & Menzies, 2000:50). Nel (2019:239) beklemtoon gevolglik dat die ontwikkeling van 'n Pentekostalistiese hermeneutiek 'n stewige basis vir 'n Pentekostalistiese teologie kan bied; en glo dat wat nodig is, is om 'n Pentekostalistiese hermeneutiek daar te stel wat in sy ontwerp die Pentekostalistiese praxis, teologie en ethos in die huidige konteks verwoord (Nel, 2019:239). Reeds in die inleiding van Nel se navorsing getiteld "*An African Pentecostal Hermeneutics*" (2019) dui hy aan:

The book suggests that in the hermeneutical labours, Pentecostals should consider emphasising the centrality of the Spirit, their eschatological lens, and the faith community as normative (Nel, 2019:xi).

Daar is 'n bepaalde interseksie wat moet plaasvind om hierdie omskrywing te bewerkstellig (Nel, 2019:xii) en skematies kan hierdie interseksie as volg weergegee word:



Figuur 4: Interseksie riglyn vir 'n Pentekostalistiese praxis (Nel, 2019:xii)

- A – Interseksie tussen
- A1 – Teologie
- A2 – Pentekostalistiese hermeneutiek
- A3 – Afrikakultuur en sosiale, kollektiewe temas

2.2.1.1 Teologie

Wat A1 betref, staan Jesus sentraal in die Pentekostalistiese teologie (Martin, 2013:4). Nel (2019:51) voeg hierby dat die belangrikheid van die Evangelie van Lukas en Handeling 1 'n pertinente rol speel in Pentekostalistiese teologie.

Martin aksenteer die vyf-voudige 'volle evangelie' van Christus as die boustene vir 'n Pentekostalistiese teologie (Martin, 2013:5). Jesus is Geneesheer, Heilig, Redder, Doper met die Heilige Gees en Koning (in sover dit die wederkoms verwagting aanbetref) (Martin, 2013:5). Martin stel die veronderstelling dat die "... five-fold gospel is the 'theological grid' that provided a firm interpretive lens for the fluid Pentecostal community on their reading of Scripture."

'n Pentekostalistiese teologie het vir die aannames van hierdie studie 'n Christosentrisme as hoeksteen, wat gefundeer is op Christus se vyfvoudige bediening soos uiteengesit in die Evangelies met 'n besondere klem op die Lukas Evangelie en die boek Handeling 1. Rakende die boek Handeling 1 word daar gefokus op die belofte wat Christus aan sy dissipels in Lukas 24:49 gegee het, naamlik dat daar deur die belofte van die Heilige Gees betekenis aan die Skrif en lewe gegee word.

2.2.1.2 Pentekostalistiese hermeneutiek

Met A2 word daar gepoog om 'n Pentekostalistiese hermeneutiek te omlyn. Palmer (1969:13, vgl. Nel, 2019:1) definieer hermeneutiek as "... to express/to say, to prong/ to explain, and to translate". Martin (2013:1) dui aan dat indien daar gevra word na die oorsprong van Pentekostalistiese hermeneutiek, dit gebaseer sal wees op die gebeure in Handeling 2 wat 'n radikale transformasie in die epistemologie, wêreldbeeld en verstaan van die vroeë gelowiges gehad het. Hierdie transformasie het gelei tot die ontstaan van Pentekostalisme. Tot op daardie stadium was selfs die dissipels beïnvloed deur die voorveronderstellings van die eerste-eeuse Judaïsme (Martin, 2013:1). Martin (2013) stel dit dan onomwonde, "*The hermeneutics of the apostles changed on the day of Pentecost*".

Martin (2013:2) dui aan dat die apostels se bydrae tot bybelse interpretasie deur ten minste vier kontekstuele faktore beïnvloed is:

- Die lewe, lering en opstanding van Christus.
- Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster en die gepaardgaande charismata (vgl. Nel, 2013:33).
- Die verkondiging van die Evangelie aan die wêreld.
- Die eskatologiese natuur van Jesus se koninkryk en daarmee saam die verwagting op die wederkoms van Christus.

Die Bybel is op gesigswaarde geïnterpreteer en daar is geglo dat die inwerking van die Heilige Gees die Woord op die hier-en-nou van toepassing maak. 'n Praktiese voorbeeld word gevind in Handeling 2:17, waar Petrus aandui dat wat in Handeling 2 gebeur het, 'n vervulling is van wat Joël geprofeteer het (Joël 2:28): "Na hierdie dinge sal Ek my Gees uitstort op alle mense. Dan sal julle seuns en dogters profeteer. Julle ou mense sal drome droom en julle jongmense sal visioene sien." Volgens die Baker Bybelhandboek (2011:707), is die kommentaar op hierdie gedeelte in Handeling, dat Petrus aandui dat die aanvang van die eskatologiese era reeds toe begin het.

Auto-etnografiese inset

Die navorser is opgevoed binne Klassieke Pentekostalisme. Grootgeword van geboorte tot en met matriek binne die AGS kerkstruktuur. Ek onthou intense, emosionele prediking in kerke, tentveldtogte en kampe waar hierdie spesifieke Skrifgedeelte op gesigswaarde verkondig is. Die prediking het verkondig dat ons in die laaste dae leef, dat Christus enige oomblik deur die wegraping Sy verskyning kan maak en dat selfs slegs een sondige gewoonte, persone sou laat agterbly wat dan die groot verdrukking moet deurmaak. Klassieke Pentekostalistiese prediking was vurig en emosioneel, en bekering was hoog op die agenda en kragtige genesings en wonderwerke het plaasgevind, soos selfs die wonderbaarlike genesing van my eie moeder. Soos Martin aandui, is die Bybel letterlik gelees en "oopgemaak" deur die werking van die Heilige Gees om die boodskap te verstaan. Die afstand tussen die oorspronklike teks en die konteks van die moderne leser is deur die inspirasie van die Heilige Gees gekondoneer en was die boodskap 'n intense persoonlike ontmoeting tussen die Woord en die ontvanger daarvan.

Burger (2008:1) dui aan dat daar 'n geestelike hoogtepunt tussen God en sy kerk was in die vroeë kerk, maar dat, gedurende die Middeleeue, daar weer 'n geestelike laagtepunt beleef was. Gevolglik het bepaalde stadiums van vernuwing van tyd tot tyd plaasgevind, ook wat die Pentekostalistiese beweging aanbetref. Soos Martin (2013:3) aandui, is daar van tyd-tot-tyd bepaalde addendums tot die Pentekostalisties hermeneutiek bygevoeg (Martin, 2013:4). Burger (2008:1) meld dat die kerk weer sy volle apostoliese karakter sou terugkry en maak dan die opmerking, "*To a large extent, the circle in the history of the church was completed with the birth of the modern-day Pentecostal movement.*"

Nel (2019) maak 'n besondere bydrae deur die moderne Pentekostalisme in drie groepe te tipeer:

- Klassieke Pentekostalisme waarvan die oorsprong na die begin van die 20ste eeu teruggevoer word. Anderson (2004:34-35) dui aan dat Parham deur sommige geleerdes as die vader van Pentekostalisme gesien word. Sy besondere bydrae lê daarin dat die spreek in tale as bewys van die doping met die Heilige Gees gesien is, met die gebeure wat om 23:00 op 01 Januarie 1901 plaasgevind het toe 'n student, Anges Oxman, in tale gepraat het wat aanvanklik soos Chinees geklink het (Anderson, 2004:34). Net daarna het die gebeure in Azusastraat plaas gevind, onder leiding van William Seymour, 'n Afrika-Amerikaanse predikant. Hieroor skryf Hummel (1993:242) as volg: "*Azusa Street was an event, an outbreak, a corporate experience similar to Pentecost in Jerusalem*". Kenmerkend van Seymour se byeenkomste was dat daar gesing is in tale, mense

het op die grond geval onder die krag van die Heilige Gees, en alle mense was verwelkom (Anderson, 2004:37).

- Die Charismatiese hernuwingsbeweging wat teen die 1960 en 1970 ontstaan het. In hierdie beweging is hernude klem op die vrug van die Gees gelê.
- Die Neo-Pentekostalistiese tradisie wat in konsep 'n verskeidenheid kerke is wat charismatiese eienskappe vertoon het, wat in die 1980 en 1990s hulle ontstaan gehad het (Nel, 2019:32).

Nel (2019:35) vind dit waardevol dat daar na die teenstrydighede tussen die Bybellees praktyke van die vroeë Pentekostaliste en die kontemporêre Pentekostalisme gelet word, sodat die ontwikkeling van 'n hermeneutiek verder kan plaasvind. Volgens Nel (2019:27-38), is daar bepaalde karaktertrekke ten opsigte van beide (vroeë Pentekostaliste en kontemporêre Pentekostalisme) se verstaan van Pentekostalistiese Spiritualiteit wat in berekening gebring moet word. Van hierdie eienskappe is die volgende van belang:

- Beide se handeling word gebaseer op die Evangelie van Jesus Christus.
- Die invloed van die Heilige Gees.
- Geestelike oorlogvoering.
- Beide sien Pentekostalisme as die beweging van die Heilige Gees, restourasie, herlewing en deelname van alle lede word aangemoedig.
- Beide is nie-georganiseerde bewegings en is voortdurend op soek na God se wil in besluitneming.

Ten slotte word stilgestaan by Oliverio (2016:3) se opmerking dat daar ook binne die klassieke pentekostalisme (wat 'n fokuspunt vir hierdie studie is) 'n bepaalde hermeneutiese ontwikkeling plaasgevind het. Oliverio meld dat 'n klassieke Pentekostalistiese hermeneutiek 'n bepaalde wyse toepas om die Skrif te interpreteer en word daar gesoek na dieper ontdekkings van die Heilige Gees in die verstaan van die Skrif. Volgens Oliverio (2016:3) het bogenoemde aksies daartoe gelei dat klassieke Pentekostalisme 'n oorspronklike eie hermeneutiek ontwikkel het wat geharmoniseer word in hulle besondere denke, waarin hulle Skrifverstaan betekenis gee aan hulle menslike ervarings.

2.2.1.3 Afrikakultuur en sosiale, kollektiewe temas

Wat A3 aanbetref, lê Nel (2019) meer klem op die Afrikakultuur, sosiale en kollektiewe temas. Oliverio (2016:4) en Nel (2019) is akkoord dat 'n konstruktiewe, teologiese hermeneutiek nie verstaan kan word as Pentekostalistiese hermeneutiek buite sy ekumeniese karakter nie. Selfs binne klassieke Pentekostalisme word daar nog altyd wyer gekyk en daarom staan 'n Pneumatologiese Pentekostalistiese hermeneutiek voorop in pentekostalistiese denke (Oliverio, 2016:4). Loynes (2016:228) meld dat wat Pentekostalistiese hermeneutiek en kultuur aanbetref, "Given the egalitarian nature of early Pentecostalism and the subversive optics of black/white equality and, especially, black leadership, race was an ineluctable component of early Pentecostalism."

Loynes (2016) skryf vanuit 'n Amerikaanse konteks en eggo die woorde van Martin Luther King Jr., wat laasgenoemde vanuit die tronk in Birmingham waar hy in aanhouding was, geskryf het dat die kontemporêre kerk die *status quo* handhaaf en 'n onseker stem het as dit kom by die regte van die meer gemiddelde gemeenskappe (Oliverio, 2016:

238). Die navorser wil aandui dat daar sedertdien baie water onder die brug geloop het wat tot gevolg het dat die vroeë kerk en die kontemporêre kerk binne Pentekostalisme hande na mekaar te laat uitreik. Nel (2019:39) dui aan dat in Afrika Pentekostalisme die persoonlike ervaring met God op die voorgrond staan, die gedagte dat Jesus met die Heilige Gees doop, die gepaardgaande spreek in ander tale vind plaas, siekes word genees, mense word bevry van demoniese besetting en tekens en wonders vind plaas. Afrika Pentekostalisme bevestig ook die restourasie van die charismata en hierdeur word gelowiges toegerus vir bepaalde bedieninge soos pastore, evangeliste en heelwat meer. Die Heilige Gees rus hulle hiermee toe met krag en geloof (Nel, 2019:40). Afrika pentekostalisme lê besondere klem op die gesag van die Skrif. Bybellees word met die gemeenskap gedeel as 'n hermeneutiese proses van onderwysing, in lyn met die Afrika kultuur (Nel, 2019:152-154).

Auto-etnografiese inset

Gedurende 2011 het ek die voorreg gehad om vir 'n periode van twee weke in 'n woonbuurt net buite Thohoyandou by 'n Pentekostalistiese pastoorpaar en hulle dogters te vertoef. Die rede hiervoor was om as gasspreker by hulle herlewingsdienste met 'n tentveldtog op te tree en ook om in essensie sendingwerk onder die gemeenskap te doen. As 'n klassieke Pentekostalis wat reeds voorheen in Afrika ook betrokke in sendingwerk was, was die gedagte om met 'n Pentekostalistiese gemeente met 'n Afrika-motief te bedien, baie opwindend. My veldtog het gesentreer rondom die tema, "The Presence of God revealed to his people". Die Skrifteks was Johannes 9:4-5, "As long as it is day ... " en die volgende is gepredik, " ... the text refers to your lifespan, the time God allows you to be, His servant, the light of the world, this is the time you have to reveal His power and presence to a worldly world and worldly people."

Omrede ek 'n Pentekostalistiese liturg-teoloog in wording was, was dit interessant hoe hulle pentekostalistiese perspektief in praksis van myne verskil en tog, ooreengekom het. Ek deel graag 'n paar observasies:

- Die eredienste was in die aande en het om 19:00 begin, dienste was nooit voor 01:00 in die oggende afgehandel nie, eredienste was baie langer as in my eie gemeenskap.
- Sang was 'n lang proses en emosioneel, veral vroue het in kore tydens die erediens in fases gesing.
- Ek het met die hulp van 'n tolk gepreek, en die preke is intens ervaar – persone sou kort-kort opstaan en spontaan die Here loof.
- Na die prediking het die uitnodiging gevolg, dit het die meeste van die erediens se tyd in beslag geneem, daar was tye wat ek tot vier ure vir almal wat voor kom staan gebid het.
- Intense manifestasies het plaasgevind, demoniese bevrydings, genesings en omval in die Gees was baie meer intens as wat ek dit ooit by my eie kultuur beleef het.

- Dit was asof hierdie mense nie genoeg van die Here kon kry nie, elke woord wat ek gepreek en gebid het, is letterlik opgeneem en ek het trane van blydschap gesien wat nie hier in woorde beskryf kan word nie.
- Daar was 'n sterk gemeenskapsamehorigheid, alhoewel ek in my eie kamer in die huis gebly het, het ons elke middag 'n emmer water gekry waarmee jy moes was en ook ander behoeftes mee moes nakom. Ek het vier pakke klere saamgevat en elke aand gesien dat van die plaaslike pastore my pakke klere, skoene, kouse en hemde sou aanhê, maar teen die tyd wat ek egter weer by die huis gekom het, is alles weer netjies terug gepak in my kamer.
- Ek het ook daaglik saam met die pastore huise besoek, voorvader *muti* is verwyder, hospitale besoek en ouer mense by hulle huise is besoek. Ek was die enigste een met 'n voertuig, ek was ook genooi na die Venda koninklike familie en was gasvry ontvang.
- Armoede was so intens en ek is met 'n groot leemte daar weg, die vroue van die dorpie het met my laaste diens vir my 'n "Mandela-hemp" as geskenk gegee wat hulle spesiaal in Venda kleure gemaak het, ek moes dit in die kerk aantrek tot almal se groot vreugde.


Die vraag ontstaan of 'n Pentekostalistiese hermeneutiek enigsins sinvol kan wees as die Afrika konteks nie in gedagte gehou word nie. Met my wedervaringe in Thahoyandou het 'n interaksie tussen Afrikaanse en Afrika hermeneutiek my oortuig dat 'n Pentekostalistiese perspektief met sy sterk pneumatologiese bewussyn enige versperring kan oorkom en hierin lê die krag van 'n hermeneutiek wat sentreer rondom die lewe en preke van Christus wat na die hemelvaart soos 'n goue draad deur die werking van die Heilige Gees, enige skrifteks verstaanbaar maak, ongeag waar ookal die lesers/hoorders hulleself bevind.

Vervolgens word gefokus op die manier hoe klassieke Pentakostalistiese kerke depressie verstaan en hanteer.

2.2.2 Voorkoms en hantering van depressie in klassieke Pentekostalistiese kerke

Die vertrekpunt vir hierdie in-diepte analise is geskoei op die idee dat die mens as 'n holistiese wese gesien moet word. Die term, holistiese wese, is geskep deur die voormalige Suid-Afrikaanse Eerste Minister, J.C. Smuts wat 'n holistiese biologiese teorie, veral oor die evolusie, gepromoveer het (Plug *et al.*, 1986:144). Die holistiese standpunt word vandag in die hedendaagse psigologie algemeen aanvaar en is sterk gepropageer deur F. Krueger met sy *Ganzheit*-psigologie (vgl. Plug *et al.*, 1986:144). Binne die psigopatologie word 'n holistiese model soos volg verwoord: "*The holistic approach to mental disorders considers pharmacological treatments, and social and spiritual treatments, on a similar level*" (Burke & Makhafula, 2019:72).

Gevolgt hanteer Burke en Makhafula (2019:210) ook depressie holisties op grond van die DSM-5 en die ICD-10 (Burke & Makhafula, 2019:210). In die Pentekostalistiese tradisie word die mens nog altyd as drie-dimensioneel (gees, siel, en liggaam) geïnterpreteer en kan skematies soos volg voorgestel word:



Figuur 5: Die mens as drie-dimensionele wese (Outeur se voorstelling).

2.2.2.1 Die spirituele aspek van menswees

A. Gees - Die spirituele aspek van menswees.

Binne Klassieke Pentekostalisme hermeneutiek setel depressie in die gees van die mens. Nel (2012:18) het aangedui dat die Pentekostalistiese beweging anti-intellektueel is. Die stryd met depressie word dan dikwels as 'n geestelike stryd gesien en die kuur is in Bybellees, gebed en konstante belydenis en selfs in demonuitdrijving.

Auto-etnografiese inset

Ek het Joël 2:32 (1953 vertaling) aanhoudend gebid en oorlog verklaar teen die werke van die Bose oor my lewe en bediening, "Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word." Ek het egter nie 'n blywende deurbraak gekry nie, daar sou slegs euforiese opflikkeringe van hoop wees wat na 'n wyle verdwyn het, net om weer deur vrees en donkerte vasgeklem te word. Ek het in wanhoop na 'n senior pastoor gery vir 'n privaat gesprek en daar is aan my meegedeel dat ek moet berus omdat – net soos vir Paulus in 2 Kor. 12:7 – het die duiwel my met 'n vuis geslaan en dat ek deur God uitverkies is om hierdie die aanslag van die duiwel mee saam te leef omdat die Here se genade altyd genoeg is.

2.2.2.2 Die siel van die mens

B. Siel - Die wil, intellek en emosionele ervaring van die mens

Binne die psigologie en pastorale berading is die siel die setel van depressie, vanuit die standpunt dat depressie 'n kliniese beeld het en 'n mediese toestand is, wat deur medikasie en kognitiewe terapie konstruktief behandel kan word.

Auto-etnografiese inset

Ek het in tyd besluit om, sonder die medewete van my kerk of hoofkantoor (VEK) hierdie opsie te oorweeg. Beide 'n kliniese sielkundige, asook 'n psigiater het my bygestaan op die pad van verstaan en begrip. 'n Algemene angstersteuring, tesame met agorafobie en depressie is gediagnoseer. Ek is vandag steeds afhanklik van my medikasie.

Hoofstuk 3 ondersoek die bydrae van 'n nuwer veld in psigologie, naamlik hoe kan positiewe psigologie bydra om 'n strategie te ontwikkel om pastore binne die klassieke pentekostalisme te motiveer om hulle depressiewe gevoelens medies aan te spreek en sodoende hulle spiritualiteit te versterk.

2.2.2.3 Die liggaam van die mens

C. Die Liggaam - Die Psigosomatiese effek van die mens


Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (Odendaal & Gouws, 2009:899) word psigosomaties beskryf as: "Wat die liggaam en die siel as 'n geheel betref." Wanneer die siel "siek" is, beïnvloed dit die liggaam ook. Die onsigbare pyn van die siel word die sigbare pyn van die liggaam.

Auto-etnografiese inset

Ek gebruik die DSM-III-R skaal (Louw *et al.*, 1989:130,167-169) omrede dit dié DSM skaal was waarmee my depressie deur die psigiater gediagnoseer was. Ek het op 'n stadium met my hande voor my gesig gesit en verwoed gehuil. Ek kan goed onthou dat die psigiater gevra het wat fout is, waarop ek gereageer het deur te sê: "Ek weet nou wat ek het, kan jy my asseblief help?" Wat ek beseft het, is of dit dan 'n aanslag van die duiwel (gees) of depressie (siel) is, dit reflekteer met hierdie simptome in my liggaam. Die liggaam demonstreer 'n besliste SOS boodskap as jou gees of siel geknak is.


Litfin (1981:18) benadruk die volgende aangaande menslike kommunikasie, dat dit op sy eenvoudigste gestel, drie stappe behels, naamlik 'n bron enkodeer sy betekenis in 'n sein, hierdie sein word versend na 'n ontvanger en die ontvanger dekodeer dit en ken betekenis daaraan toe.

Stappe in die kommunikasieproses



Figuur 6: Litfin se basiese kommunikasiemodel (Litfin, 1981:18)

In hoofstuk 3 word kommunikasie in meer diepte bespreek, en kan die gesprek oor depressie binne Pentekostalistiese kringe hier soos volg voorgestel word – gebaseer op Litfin se model:




Figuur 7: Interne interaksie van drie-dimensionele menswees tydens depressie gebaseer op Litfin se basiese kommunikasiemodel (Outeur se voorstelling).

Die Pentekostalistiese siening en outo-etnografiese aspekte dui daarop dat depressie gesien word as ’n geestelike aanval vanaf die duiwel en daarom is geestelike oorlogvoering deur die krag van die Heilige Gees nodig. Die geestelike oorlogvoering sal in ’n latere hoofstuk beskryf word. Met ’n verdere soeke na genesing, het ek mediese advies ingewin vir die simptomatiese psigosomatiese siektes wat in my liggaam voorgekom het. In hierdie soeke het ek ontdek dat die Gereformeerde tradisie die Pentekostalistiese tradisie voor was in die hantering van gemoedstoestandsiektes, deurdat bekende teoloë erkenning gee dat depressie eerstens ’n fisiese mediese toestand is, maar dat die gees, tweedens ’n belangrike deel van die hantering daarvan uitmaak. Geestelike dissiplines soos byvoorbeeld gebed, bybellees en ’n onwankelbare geloof in God dra die depressiewe persoon in sy/haar stryd teen depressie.

Ek wil daarom vir ’n wyle fokus op die gereformeerde hantering van depressie. Sonder enige twyfel is die effek van depressie ook ervaar binne die lewe en bediening van gereformeerde predikante. ’n Paar flitse word neergepen op die

lewe van die N.G. Kerk predikant, I.L. de Villiers, in sy Andrew Murray bekroonde boek, *Depressie – die siekte van ons tyd* wat in 1983 gepubliseer is. In die voorwoord van die boek dui de Villiers aan, “Ek het probeer om vanuit die geloof in Christus die saak te benader.” Hiermee verbind De Villiers depressie met sy eie spiritualiteit wat vir hom in die gereformeerde tradisie gestel is. De Villiers was 19 jaar ’n predikant van die Nederduitse Gereformeerde kerk en ook ’n joernalis, digter, skrywer en teoloog. Sy eie worsteling met depressie word in hierdie boek aangespreek met betrekking tot hoe hy by die verstaan daarvan probeer uitkom het. Van die belangrikste gedagtes is onder andere:

- De Villiers (1983:2,3) skryf oor Luther en sy *Anfechtungen*, asook Billy Graham se stryd met depressie. Daarmee gee De Villiers die erkenning dat Christene deur al die eeue depressie ervaar het.
- De Villiers (1983:5) noem dat Christene mekaar of hulleself van swak geloof en ongehoorsaamheid aan God beskuldig het, wanneer hulle met depressie worstel. Duiwelbesetenheid word selfs genoem.
- De Villiers (1983:25) definieer depressie soos volg: “Depressie is die verlies van lewensvreugde met gepaardgaande verlaging van ’n persoon se emosionele, verstandelike en liggaamlike kragte wat matige, ernstige en nood afmetings kan aanneem.”
- Vir De Villiers (1983:30) is die vraag na sin ten diepste ’n geloofsvraag, ’n roep na God omdat die depressielyer nie meer altyd sy eie lewe teen die agtergrond van die plan van die ewige God kan sien nie.
- Wanneer De Villiers (1983:4) skryf oor sy bybelse verstaan van depressie meld hy die doring van Paulus se vlees en noem dat daar mense is wat reken dat Paulus endogene depressie kon gehad het, hoewel dit blote bespiegeling is met geen bybelse fondasie nie. De Villiers (1983:99) skryf ook oor Elia se geestelike, emosionele en liggaamlike stryd en haal Kolossense 1:10-11 aan as bemoediging vir depressielyers (1983:32).
... sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlijkheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydschap (1953 vertaling).
- De Villiers (1983:49) skryf verder oor sy eie tye van skielike donkerte of onsekerheid waartydens hy hoogs emosionele en geestelike ervarings kon beleef.
- Medikasie, aldus De Villiers (1983:51) is ’n gawe van die Here en sien ’n goeie behandeling van depressie soos volg:



Figuur 8: Plan van aksie vir depressie (De Villiers, 1983:51)

Met hierdie diagrammatiese voorstelling van De Villiers vir die behandeling van depressie bevestig hy die aanname dat depressie beide uit 'n geestesoogpunt (punt 2 en 3), asook siels- en liggaamlike oogpunt (punt 4 en 5) verstaan moet word. In hierdie dialogiese samewerking tussen spiritualiteit en mediese toestand van depressie staan God sentraal. De Villiers (1983:57) verwys ook na die snellers wat depressie by hom na vore gebring het, naamlik die begrafnis van sy geliefde oud universiteitsprofessor en dat hy vir maande na die begrafnis emosioneel kreupel voort gestrompel het. In hierdie tye het hy ervaar hoe hy baie swak begin preek het en dat dit gevoel het asof sy gebede teen mure vasgeslaan het (De Villiers, 1983:58).

Auto-etnografiese inset

Ek het in my eerste gemeente 'n oproep van familie ontvang dat hulle nie hulle pa in die hande kon kry nie en gevra of ek dalk by hulle vader 'n huisbesoek kan doen. Met my aankoms, is ek verwelkom met 'n reuk wat ek nie geken het nie en het die oom op sy stoel gekry waar hy reeds drie dae oorlede was. Ek het die oom se oë toegemaak, sy hand vasgehou en op die grond gaan sit. Ek was verbysterd, die sneller was getrek en ek sou hierna nooit weer dieselfde wees nie. Hierdie prentjie was vir jare in my geheue vasgebrand. Kort daarna het ek sporadiese pyne in my liggaam begin ervaar en het kort-kort die dokter hieroor besoek.

Terugskouend, en met die kennis verkry vanuit de Villiers se boek, was hierdie traumatiese insident my eerste aanraking met intense donkerte. In die 14 jaar daarna wat ek voltyds in die bediening (VEK) was, was sterwensbegeleidings en begrafnisse, asook hospitaal besoeke baie swaar op my gemoed en het dit my weke geneem om daarvan te herstel. Voor my diagnose en behandeling is ek met tye lam gelê deur my depressie. Gevoelens van wanhoop het voortdurend oor my gespoel. By tye het ek my preke in 'n kwessie van 'n paar minute afgerammel waarna ek weer in die pastorie verdwyn het.

De Villiers (1983:58) noem dat die volgende hom gehelp het om sy depressie te hanteer, naamlik die hulp van 'n begrypende vriend, medikasie, die bystand van geliefdes en aanhoudende gebed.

Auto-etnografiese inset

Ek kan aansluit by die advies van De Villiers vind. Op 'n stadium, het ek, 'n AGS pastoor en 'n NG predikant mekaar weekliks ontmoet en oor depressie en ander gemeentelike uitdagings gesels. Hierdie ondersteuning was waardevol. Baie, baie jare later het ek verneem dat die AGS pastoor sy eie lewe geneem het. Hierdie AGS vriend het gereeld na 'n afgeleë plek gegaan en 40 dae gevas vir die oorwinning oor sy swaar depressie. Die broederskap is nog altyd blywend in my hart.

De Villiers (1983:58) beskryf ook dat hy later 'n ritme in sy depressiewe episodes kon waarneem, naamlik die gebruik van verkeerde medikasie wat aanleiding gee tot uitputting nadat hy in 'n siklus verval het van te veel gelyk probeer doen en te min slaap. Dit sou die depressie gevoelens vererger. Daar is nog soveel insiggewende aspekte wat De Villiers (1983:60) aanraak, soos onder andere dat Christene skuldig voel as hulle met depressie sukkel. De Villiers (1983:64) noem dat sy belewenis was dat sy gemeente hom nie verag het nie en dat die bediening van vriendskap en sy ondersteuningsgroep hom deurgedra het.

De Villiers se impak is steeds op soveel terreine tasbaar en kolossaal in die geheuebank van die Suid-Afrikaanse samelewing, kultuur en geskiedenis. Hierdie insluiting bewys dat daar tog 'n korrelasie tussen twee predikante uit verskillende kerktradisies is wanneer hulle gemeenskaplike delers in spiritualiteit en in depressie het.

2.2.3 Studies vanuit die Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot depressie

Navorsing met betrekking tot depressie onder gemeentelike leiers is skaars binne die Suid-Afrikaanse konteks. Vervolgens word aandag geskenk aan 'n paar studies wat waarde tot hierdie studie kan byvoeg.

2.2.3.1 Swanepoel *et al.* (2012)

Swanepoel, Esterhuyse, Beukes en Nortje (2012:3) merk op dat depressie nie net die persoon se lewe negatief beïnvloed nie, maar ook sy/haar interpersoonlike verhoudings, werksverrigting en bevrediging deur vryetyd aktiwiteite. Soos in hoofstuk 1 gemeld, fokus Swanepoel *et al.* se artikel op "coping" of oorlewing. Swanepoel *et al.* (2012:8,9) dui aan dat verdere navorsing ten opsigte van die verband tussen geestelike welstand en depressie onderneem moet word, tesame met die bestudering van bykomende veranderlikes soos persoonlikheidstipes, emosionele intelligensie, en ook finansiële stabiliteit.

2.2.3.2 Joubert (2016)

Joubert, 'n pastoor binne die AGS tradisie het in 2016 nagraadse studie gedoen oor, *The church leaders' cognition of perseverance: A pastoral study elucidating resilience in ministry*. Sy dui aan dat beperkte inligting bestaan oor die status van depressie onder kerkleiers in Suid-Afrika (Joubert, 2016:66) en verwys na 'n studie deur Böhmer en Spangenberg wat in 2001 empiriese navorsing onder 157 gereformeerde kerkleiers en 95 kerksraadlede gedoen het. Die voorkoms van depressie onder hierdie twee groepe was onderskeidelik 21% en 21.1% (Böhmer & Spangenberg, 2001:9; vgl. Joubert, 2016:66). Die tendens was hoër as die voorkoms van depressie onder die algehele Suid-Afrikaanse populasie wat 14,3% was (Böhmer & Spangenberg, 2001:10).

Joubert (2016:68) verwys ook na 'n artikel van Swanepoel *et al.* (2012) wat empiriese navorsing gedoen het met 'n groep van 53 gereformeerde predikante, waarvan 40 predikante die minimum vlakke van depressie aangedui het, ses medium vlakke van depressie, en een persoon ernstige vlakke. Alhoewel haar studie fokus op die kapasiteit om 'terug te bons of te herstel', meld Joubert (2016:ii) dat sy, net soos haar ouers en haar man, intense druk van die bediening ervaar as geordende leiers binne die AGS tradisie. Joubert maak 'n aantal voorstelle wat kan help om die druk van hulle kerkleiers te verlig:

- Beter toerusting aan kerkleiers sodat die uitdagings van die 21^{ste} eeu beter hanteer kan word.
- Die afstand tussen teorie en praktyk moet meer doeltreffend aangespreek word. Groter fokus op administrasie, leierskap en bestuur moet ingestel word.
- Die kerkleiers moet meer oor hulle persoonlikheid leer (Joubert, 2016:300-301).

Joubert (2016:301) meld verder dat daar steeds in die pentekostalistiese wêreldbeskouing 'n skeptisisme is teenoor formele onderrig (vgl. Nel, 2015:81) en stel voor dat 'n meer holistiese benadering gevolg moet word om die veerkragtigheid van hulle leiers te versterk, persoonlike en emosionele groei te bemagtig, emosionele intelligensie en die fokus op mentorskap te bevorder.

2.2.3.3 Van Eijk en Du Plessis (2003)

'n Verder insiggewende artikel is, "Die ontwikkeling en evaluering van 'n psigologiese verrykingsprogram vir pentekostalistiese pastore" deur R.K. van Eijk en W.F. du Plessis (2003:197–230). 'n Pentekostalistiese dogmatiese gesigspunt met vertrekpunt dat die ervaring van die krag van die Heilige Gees persoonlikheidsprobleme deur bemiddeling van 'n geesge vulde lewe ondervang, is die raamwerk van die studie. Daarteenoor is probleme in verband met angs, interpersoonlike verhoudinge en kreatiewe probleemoplossing in die omstandighede van 'n kerklike herstruktureringkonteks in die gelede van Pentekostalistiese pastore van die Volle Evangelie Kerk van God (VEK) geïdentifiseer. 'n Voor- en na- toetsing ontwerp met twee groepe is gebruik. Die gevolgtrekking van die studie was dat VEK-pastore, ten spyte van metodologiese leemtes en met inagneming van spesifieke dogmatiese teoretiese vertrepunte (pentekostalistiese geloofsoortuigings), deur middel van psigologiese ingrype sinvol verryk is, sonder benadeling van geloofsoortuiging (Van Eijk & du Plessis, 2003:197).

Auto-etnografiese inset

Ek was deel van die respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het. Twee insidente sal my altyd by bly. Dr. Van Eijk het in een oefening ons pastore gevra om op matjies op die grond te lê en ons meegedeel dat hy 'n ligte ontspanningsoefening met ons sou doen (psigologiese ingrype). Van die pastore was ontwig hieroor en wou weet of hipnose deel van die oefening is. Dr. Van Eijk het geen hipnose toegepas tydens die oefening nie. Die "tel van 1 tot 10" metode vir ontspanning was toegepas. Ons moes visualiseer dat ons voor 'n swart bord staan met bordkryt in ons hand. Aan die linkerkant moes ons alles neerskryf wat negatief is in die bediening en aan die regterkant alles wat positief is. Daarna het ons 'n bordveër geneem en al die negatiewe inwerkings aan die linkerkant uitgevee. Ons het 'n treë teruggestaan en die positiewe insae aan die regterkant vir onself herhaal. Daarna het dr. Van Eijk van "10 tot 1" teruggetel en ek onthou hoe ontspanne ek na die oefening gevoel het. Daarna het die pastore vir mekaar gebed deur hande op mekaar te lê en mekaar in die Heilige Gees te bedien (spreek van tale, bring van profesieë, gebed vir die siekes en die wat moedeloos gevoel het volgens pentekostalistiese geloofsoortuigings).

2.2.3.4 Kirsty L. Hardwick (2013)

Pentekostalistiese gelowiges deel 'n spesifieke wêreldbeskouing met 'n unieke lens waardeur hulle geestelike gesondheid beskou (Hardwick, 2013:11). Die inwerking van die Heilige Gees is 'n aktiewe deelnemer in hulle lewens. Om hierdie rede glo hulle in goddelike genesing en dat genesing moontlik is as dit God se wil is. Lidmate van hierdie geloofsoortuiging glo dat hulle geestelike leiers hulle kan help indien hulle met geestelikegesondheid sukkel. Volgens Hardwick (2013:44) is daar drie belangrike studies gedoen rakende geestesversteurings en hoe hierdie versteurings behandel moet word, naamlik die studies van Koller (1994), Trice (2003) en Harley (2006). Hierdie drie studies lê besondere klem op depressie.

Koller (1994) dui aan wat Pentekostaliste aanbetref fisiese, spirituele, asook emosionele faktore deel van die oorsake van geestesversteurings. Koller stel die volgende behandeling voor waarmee Pentekostaliste moontlik tevrede kan wees, naamlik om te gesels oor wat die oorsaak van hierdie geestesversteurings kan wees, medikasie, hipnoterapie en behandeling binne 'n Christelike konteks. Koller het 'n studie onder 54 volwassenes gedoen wat almal deel van vyf gemeentes in Tulsa en Oklahoma was (Hardwick, 2013:44; vgl. Koller, 1994). Uit haar waardevolle studie het Koller tien oortuigings van Pentekostaliste gelowiges onderskei, naamlik:

- Daar is 'n fisiese dimensie tot geestesgesondheid.
- Daar is 'n spirituele dimensie tot geestesgesondheid.
- Behandeling moet fisiese en spirituele metodologieë onderskryf.
- Die denke, siel en die gees is geïntegreer.
- Behandeling kan skadelik wees as die spirituele realm van die mens nie in ag geneem word nie.

- Daar is 'n moontlike verskil wanneer 'n geestelike versteuring veroorsaak is deur 'n fisiese siekte en wanneer dit veroorsaak is deur demoniese invloed.
- Geestesgesondheid in 'n spirituele konteks word beïnvloed deur aspekte soos vergifnis, vernuwing van denke en deur ag te slaan op die woord van God. Demone en ander bose geeste speel in die spirituele konteks ook 'n rol in geestesgesondheid.
- Die woord van die Here kan verkeerd verstaan word as gevolg van geestesversteurings.
- 'n Christen moet nie hulp soek by 'n nie-christen professionele terapeut nie.
- Christene moet nooit gehipnotiseer word nie, selfs nie eers deur 'n opgeleide Christelike terapeut nie (Hardwick, 2013:45; vlg. Koller, 1994:73).

Koller het 'n groot bydrae gelewer rondom die verstaan van depressie deur Pentekostalistiese tradisie. Een punt wat nuut na vore gekom het in haar studie, is die effek van demoniese invloed – wat in die volgende afdeling in meer besonderheid bespreek word.

Hardick (2013:45) dui verder aan dat Trice (2003) spesifiek gekyk het na die voorkoms van majeure depressie in die ouderdomsgroep van 18–27 jaar. In hierdie studie is die gevolgtrekking gemaak dat Pentekostalistiese jongmense aangedui het dat faktore buite hulle beheer, aanleiding gegee het tot hulle majeure depressie diagnose. Die verrassende element van Trice se studie is, dat hierdie Pentekostalistiese studente 'n groter waarde aan biologiese faktore, eerder as spirituele faktore geplaas het as rede vir hulle depressie diagnose. Daar het 'n paradigmaskuif plaasgevind dat depressie hoofsaaklik medies gegrond is. Trice (2003) identifiseer 23 behandelingsopsies vir majeure depressie wat onder andere insluit geloof, psigologie, sosiale ondersteuning en rus om net 'n paar te noem (Hardick, 2013:47; vlg. Trice, 2003:17,18).

Laastens, is die studie wat Harley (2006) gedoen het. Vir hierdie studie het Harley vrae van die MacArthur Mental Health Module (MMHM) gebruik om die geloofsoortuigings van Pentekostalistiese christene te vergelyk met die opinie van die algemene publiek wat majeure depressie en skisofrenie aanbetref (Hardwick, 2013: 48). Die volgende resultate is opgeteken:

- 68.2% Pentekostalistiese gelowiges het 'n stresvolle omgewing voorgehou as rede vir die diagnose met majeure depressie.
- 27.4% het demoniese magte blameer vir hulle majeure depressie.
- 20.8% het 'n chemiese wanbalans as rede aangedui.
- 19% dui aan dat 'n gebrek aan geloof die rede is.
- 18.9% is omrede sondes van die verlede wat nie vergewe is nie (Hardick, 2013:49 vgl. Harley, 2006).

Hardick (2013:111) lê voorts klem op die rol van die Heilige Gees in die lewe van die geestelike leiers wat die persoon wat met 'n geestesversteuring sukkel, help. Die Heilige Gees is aktief betrokke om spirituele, emosionele, geestelike

en fisiese genesing te bewerk. Die Heilige Gees is in totale beheer, nie net in die genesingsproses nie, maar ook om die persoon wat geaffekteer word, te troos (Hardick, 2013:111).

In samevattende opmerkings adviseer Hardick (2013:120) dat die volgende onthou moet word indien daar met Pentekostalistiese christene berading gedoen word:

- Die vertrekpunt moet 'n geloofsgebaseerde, spirituele wêreldbeskouing wees (Hardick, 2013:120).
- Die woord van die Here en die inwerking van die Heilige Gees in hulle alledaagse lewe is nie onderhandelbaar in die poging om hulle te help nie (Harwick, 2013:120).
- Pentekostalistiese christene het 'n holistiese verstaan van die mens. Des nieiteenstaande met hulle geloofsbelydenis in gedagte is daar 'n meer sekulêre ingesteldheid by hulle as dit kom by geestesversteurings (Hardwick, 2013:124).

Harwick se studie dui daarop dat, wat die verband tussen depressie en Pentekostalisme aanbetref, daar reeds in 2013 in-diepte studies hieroor gedoen is buite die Suid-Afrikaanse konteks en dat daar besliste ooreenkomste gevind kan word wat met die uitkomst van hierdie studie ooreenstem en wil hierdie studie op die noodsaaklikheid wys dat geestesversteurings soos depressie indringend meer aandag moet geniet.

2.2.3.5 Jean Mercer (2013)

Die studie van Mercer (2013) fokus op onkonvensionele maniere vir die behandeling van geestesversteurings, naamlik eksorsisme of bevrydingsrituele wat deur Pentekostaliste en ander Charismatiese christene beoefen word (Mercer, 2013:595). In hierdie konteks verwys bevrydingspraktyke (tegnieke) dat daar van die veronderstelling uitgegaan word dat geestelike en liggaamlike siektes die resultaat is van 'n demoniese besetting van die geesversteurde persoon en dat behandeling daarop geskoei is om die duiwels wat daarvoor verantwoordelik is, uit te dryf (Mercer, 2013:595).

Daar is sommige Pentekostalistiese gelowiges wat die mediese en psigologiese intervensies totaal verwerp wanneer dit by geestesversteurings kom en gevolglik glo dat geestesversteurings, soos depressie se simptome vererger kan word indien bogenoemde intervensies gebruik word (Mercer, 2013:595; vgl. Harley, 2006).

Mercer (2013:595-596) meld dat die Rooms Katolieke Kerk, Anglikaanse Kerk en Charismatiese Kerke hulle verbind aan die konsep van bevryding. Mercer (2013:596) meld dat alhoewel, Pentekostalistiese gemeentes te kort skiet in hiërargiese organisasie, is daar tog bepaalde kenmerke wat waargeneem kan word in hulle eredienste wat demoonbevryding aanbetref (Mercer, 2013:596). Mercer (2013:596) doen 'n beroep op sielkundiges en beraders om kennis te neem van die Pentekostalistiese se bevrydingsgeoriënteerde geloofsoortuigings omrede daar ongeveer 80 000 000 Pentekostalistiese gelowiges in die Verenigde State van Amerika is. Reeds in 1994 het Koenig, George, Meador, Blazer en Dyck (vgl. Mercer, 2013:596) aangedui dat depressie, angs en ander geestelike versteurings meer onder Pentekostalistiese gelowiges voorkom en een van die redes hiervoor is omdat hulle geloof in praktyke soos

bevryding gesetel is. Verder is dit ook so dat Pentekostalistiese gelowiges die uitdryf van demone as 'n bediening sien wat deur enige persoon uitgevoer kan word wat daartoe geroep is deur die gesag van die Woord (Mercer, 2013:596).

Mercer skryf breedvoerig daaroor dat in die geskiedenis van Pentekostalisme 'n pneumatologiese soteriologie nagestreef is (vgl. Ngong, 2010), menend dat die werk van die Heilige Gees sentraal staan tot verlossing en algemene lewensgebeurtenisse (Mercer, 2013:596). Die spreek in tale, asook demonbebevryding sorteer hieronder (Mercer, 2013:596). Mercer tref 'n onderskeid tussen die Room Katolieke kerk wat eksorsisme in die 17^{de} eeu as kerkrite geformuleer het, teenoor die Pentekostalistiese bewegings wat die uitdrywing van demone sien as 'n gawe van die Heilige Gees wat deur die apostels ontvang is (Mercer, 2013:597). Teen 1830, het die Pentekostaliste se gebruik van die woord *glossalia* begin as 'n uitvloeisel van die Britse Millennium Presbiteriaanse groep wat ook as die Katoliek Apostoliese kerk bekend gestaan het (vgl. Ellis, 2000; Mercer, 2013:597). In dieselfde tydperk, het die "Holiness Movement" begin wat hulle bestaan uit die Wesley Metodisme gehad het. Die teenwoordigheid van die Here was intens ervaar en gepaardgaande tekens en wonders het plaasgevind (vgl. Pool, 2009; Mercer, 2013:597). Sekere terme het in die loop van hierdie bewegings ontstaan en is tydens bevrydingsdieste gebruik, byvoorbeeld "om die bloed van Jesus te pleit" (Mercer, 2013:597). Die term word teruggevoer na 1907 en is gebruik tydens 'n Londense gebedsbyeenkoms wat deur Catherine Price gehou was (Mercer, 2013:597). Teen 1948, het Maxwell Whyte, 'n charismatiese bediening in Toronto gehad waar bevryding gebruik was om artritis en homoseksualiteit te verdryf (uit te dryf). Whyte se 1959 boek, *The Power of the Blood* het juis klem gelê dat die term "om die bloed van Jesus te pleit" gebruik kan word om duiwels uit te dryf (Mercer, 2013:597; vgl. Ellis, 2000).

Mercer (2013:598) het vervolgens begin fokus op redes waarom Pentekostalistiese gelowiges geestesversteuring binne die raamwerk van demonbesetting beskou:

- Outisme, bipolêre gemoedstoestand versteurings, depressie het hulle ontstaan te danke aan die "inwoning" van demone wat die liggaam van die slagoffer betree het.
- Hierdie demone funksioneer dus in die mens se liggaam nes die Heilige Gees.
- Versteurde gedrag by die slagoffer dui op die besetting deur 'n demoniese gees net soos die spreek in tale die teenwoordigheid van die Heilige Gees by 'n persoon aandui.
- Verskillende demoniese besettings dui op verskillende geestelike versteurings.
- Hammond en Hammond (2010) dui verskillende groeperings van demone aan wat slagoffers kan beset: 'n gees van bitterheid, 'n gees van rebellie, 'n gees van beheer, 'n gees van paranoia om net 'n paar voorbeelde te noem (Mercer, 2013:598).

'n Ander term wat Mercer (2013:599) bespreek is "wanneer 'n deur oopgemaak word" vir demoniese besetting soos byvoorbeeld deur verwerping. Mercer (2013:601) meld dat, soos in enige ander onkonvensionele praktyke om geestesversteurings te hanteer, bevrydingspraktyke by Pentekostalistiese gelowiges 'n basiese metode het wat gevolg word.

- Ooreenkomstig 1 Korintiërs 12 is die gawe van onderskeiding belangrik om die demoon te onderskei wat die slagoffer beset.
- Sodra die demoon geïdentifiseer is kan bevryding plaasvind deur die demoon uit te dryf (Mercer, 2013:602).
- Manifestasies vind plaas (onder andere opgooi, skreeu, selfbeserings).
- Die plek waar die bevryding plaasvind moet veilig wees en daar word in sekere gevalle ook vrywaringsbriewe geteken.
- Die “bloed van Jesus word gepleit” om die bevryders te beskerm teen die demone.
- Daar word voortdurend gebed tydens bevrydingsessies (Mercer, 2013:602–603).
- Geestelik oorlog word gevoer en die bevrydingsproses kan vinnig wees of etlike ure duur.
- Daar word ook aangeneem dat nie alle bevrydings die gewenste uitwerkings mag hê nie. Redes hiervoor kan onbelyde sonde wees (so byvoorbeeld kon ’n jong dame nie bely het dat sy ’n aborsie gehad het nie) (Mercer, 2013:604).

In konklusie meld Mercer (2013:606-608) dat hierdie vorm van behandeling geen etiese klaring het nie, omrede die beoefenaars hulleself verbind aan bybelse waarhede. Hierdie moeilike konneksie tussen konvensionele behandeling (medies en psigologies) en onkonvensionele behandeling (bevryding) kan moontlik gebruik word deurdat die sielkundige of pastorale berader met empatie die agtergrond van die Pentekostalistiese kliënt in gedagte hou, wanneer hulle voorgestel word aan meer wetenskaplike maniere om hulle geestesgesondheid aan te spreek (Mercer, 2013:609). Daar is egter steeds baie onsekerhede en baie onduidelikhede hieroor.

2.2.3.6 Princess Angel Boadi & Fiona Starr (2023)

Vervolgens sal kortliks gelet word op die studie van Boadi en Starr, “Mental Health and the pastor’s wife: how does the pastor’s wife manage life stressors and apply coping strategies to support her emotional well-being?” Die doel van hierdie onlangse studie is daarop gemik om te verken hoe pastore se vrouens binne die Pentekostalistiese denominasie in die Verenigde Koninkryk hulle ondervinding in die bediening vertolk sodat hulle emosionele welsyn ondersteun kan word (Boadi & Starr, 2023:134).

Navorsing toon dat die pastoor se vrou ’n baie belangrike ondersteuningsrol speel in haar man se bediening. Nie net is sy verantwoordelikheid om die kerk gemeenskap te ontvang met warmte en gasvryheid nie, maar is sy ook ’n steunpilaar vir haar man en familie. Daar is soveel verwagtinge wat op haar geplaas word en wat emosioneel uitputtend vir haar kan wees (vgl. Sanders, 2014; Boadi & Starr, 2023:132). Boadi en Starr (2023:132) verstaan dat daar ’n gaping in hierdie tipe navorsing is en poog met hierdie artikel om duidelike aandag hierop te plaas. Daar word ook van die veronderstelling uitgegaan dat daar opleiding aan pastore se vrouens verskaf moet word, sodat hulle hulle ondersteuningsrol aan hulle mans beter kan verstaan. Die pastore se vrouens se rol is dié van ondersteuning teenoor haar familie, kerk, en breër gemeenskap (Boadi & Starr, 2023:146).

2.2.3.7 Deborah Joy Allen (2018)

Allen skryf hierdie tesis, "Sertraline, suffering and the spirit: How do Pentecostal / Charismatic Christians respond faithfully to depression" vanuit haar eie emosionele pyn. Op haar laagste punt het 'n groep teoloë om haar gestaan en vir haar gesê, "You do not need to try to have faith, we'll have it for you" (Allen, 2018:10). Hierdie is 'n nagraadse studie van 'n depressielyer wat opgevoed is binne 'n pentekostalistiese of charismatiese agtergrond. Allen (2018:14) verwoord soos volg, "In that moment my thesis was encapsulated. They were my faithful response to depression. They have carried this project, and me."


Allen begin die tesis deur aan te dui dat haar lewe verweef is van kinderdae in die charismatiese bestaan en hoe sy as 'n charismatiese christen geworstel het met depressie. Haar lewe as christen was gekenmerk deur:

- Sy moet meer geloof hê.
- Die medikasie stop.
- Genesing moet verklaar word (Allen, 2018:4).

Gedurende 2006 het sy haar eerste "donkerte" ervaar wat sy moontlik die beste as 'n depressiewe episode kan beskryf. Hierdie episode het moontlike snellers gehad soos voltydse studie, twee veeleisende beroepe, te min slaap en baie moeilike verhoudinge, waarna Allen ook verhuis het (2018:5). Allen (2018:5) onthou hoe sy gehuil het en gewonder het wat God se opinie oor haar emosies was. Allen (2018:5) het begrip en liefde ontvang van 'n nie-charismatiese christelike gemeenskap wat haar gehelp het om gesond te word. Deur hierdie gemeente se vriendskap is sy bemaagtig om haar depressie te hanteer. Daarna het Allen egter weer teruggegryp na haar charismatiese gebedsgroep, en sy kom tot die gevolgtrekking dat sy onlosmaaklik deel is van haar pentekostalistiese en Charismatiese erfenis (Allen, 2018:6).

Allen redeneer dat die Pentekostalisme en Charismatiese beweging beliggaam word deur hulle teologie. Hierdie teologie werk anders om, eers die praktyk en dan volg die teorie. Om hierdie rede is dit van kardinale belang om na die ondersteuners se stories te luister (soos hulle stories oor depressie). Hierdie teologie is steeds ontwikkelend omrede teorie nie so belangrik soos ervaring geag word nie. Volgens Allen (2018:69) is die Pentakostalistiese geloof anti-intelektueel (Allen, 2018:69). Depressie moet dus ook van hierdie besondere teologiese raamwerk verstaan word,

terwyl die sosiologiese konteks ook van waarde is. Dit kan skematies verwoord word soos gesien in Figuur 9.



Figuur 9: 'n Omgekeerde Pentekostalistiese teologie van depressie, van Praktyk na Teologie (Outeur se voorstelling)

Allen (2018:83) voer aan dat daar nog nie genoeg studie gedoen is in die Verenigde Koninkryk om die voorkoms en hantering van depressie onder Pentekostalistiese pastore verder te ondersoek nie. Die vraag wat Allen (2018:83) vra is, beïnvloed pentekostalisme en Charismatiese christendom geestesgesondheid of beïnvloed geestesgesondheid die Pentakostalistiese Charismatiese christendom? Sy bespreek hierdie vraag breedvoerig en kom tot die gevolgtrekking dat God se liefde ook uitgedruk word in die *charismata* en dat die beoefening van die *charismata* beide emosionele en psigologiese voordele vir die Pentekostalistiese gelowiges inhou (Allen, 2018:83–86).

Allen soek 'n antwoord om die komplekse voorkoms en hantering van depressie onder Pentekostalistiese pastore in praktyk te verwoord. Die antwoord lê vir Allen in die ontmoeting en ervarings wat beleef word binne hierdie beweging se teologie en die uitlewing daarvan in die liturgiek. Cartledge (2007:170) lig liturgiese praktyke van belang uit:

- Lofprysing en aanbidding (musiek).
- Geïnspireerde prediking.
- 'n Heilige leefstyl (heiligmaking).

- 'n Bemagtigde koninkryksgetuie.




Figuur 10: Die effek van pentekostalistiese liturgiese aanbidding op die belewing van depressie (Outeur se voorstelling)

'n Paar samevattende gedagtes uit Allen (2018) se tesis sluit in:

- Die paradoks tussen geloof en pyn. Christene vanuit hierdie beweging ervaar by tye dat God aanwesig is in hulle depressie en by tye dat God afwesig is (Allen, 2018:177).
- God is aan die werk as Pentekostalistiese charismate aan depressie lê. God gebruik depressie om hulle te leer, te toets of selfs hulle verhouding met Hom te verdiep (Allen, 2018:186).
- Die gees versus die vlees. Vrae oor Paulus se dualisme word aangespreek (Allen, 2018:232).
- Allen (2018:281) glo dit is belangrik om jou storie oor depressie te vertel.

2.2.4. 'n Omgekeerde sinergie vir 'n holistiese benadering tot depressie



Figuur 11: 'n Omgekeerde sinergie vir 'n holistiese benadering tot depressie (Outeur se voorstelling)

Met die reeds bespreekte gedagtes en die uitkomst van hierdie navorsing in gedagte, hou hierdie navorsing, as 'n tentatiewe bespreking, 'n omgekeerde holistiese benadering voor wat in hoofstuk 5 as 'n moontlike strategie in besondere diepte bespreek, verklaar, en ontwikkel word. Die fokus is om te bepaal of hierdie navorsing 'n omgekeerde Klassieke Pentekostalistiese teologie kan gebruik – waar die praktyk voor die teorie gestel word – om 'n meer gemaklike gesigspunt daar te stel om depressie as 'n mediese toestand te integreer met die raamwerk waarbinne klassieke Pentekostalistiese teologie figureer.

Verskeie praktiese teoloë het al reeds aangedui dat praktiese teologie se oorsprong in die empiriese gestel is. Van der Ven (2004:35) dui aan dat alhoewel, praktiese teologie van die begin meer normatief ingestel was (vgl. Zeffass, 1974), daar 'n verskuiwing in die denke van praktiese teoloë plaasgevind het deur meer klem op empiriese navorsing in die proses van ondersoek te plaas. Die gedagte wat Allen (2018) voorhou, is dus niks nuuts in die denke van die praktiese teologie nie en om hierdie rede word Osmer (2008) se riglyne vir 'n effektiewe prakties-georiënteerde teologie reeds 'n geruime tyd aangewend. Met die uitkomst van hierdie navorsing in gedagte, is die omlyning soos deur Osmer (2008) en Van der Ven (2004) aangedui, in lyn met die omgekeerde sinergie van Allen wanneer daar na Pentekostalistiese doelwitte vanuit die praxis terug na teorie gekyk word. Van der Ven (1998:10) stel dit besonders:

By this, they invariably mean a systematic study of actual facts in the field of (Christian) faith and religion, using empirical methods derived from social science but apply them in a theological orientated conceptual framework.

2.2.5 Gevolgtrekking van beskrywende literatuurstudie

Die volgende punte word gestel rakende die beskrywende literatuurstudie, naamlik:

- Hierdie literatuurstudie sluit aan by die navorsingsvoorstel van hierdie pastorale studie, naamlik om 'n strategie te ontwikkel wat ondersteuning bied aan pastore binne die klassieke Pentekostalistiese kerke wat aan depressie ly.
- Die dinamiese strategie word ontwikkel in die vorm van 'n beradingsmodel wat deur klassieke Pentekostalistiese kerke in ag geneem kan word om hulle pastore wat aan depressie ly se spiritualiteit te versterk.
- Omrede die studie 'n klassieke Pentekostalistiese vertrekpunt aanneem, is hermeneutiese refleksies met besondere klem om 'n Pentekostalistiese hermeneutiek oorsigtelik weergegee.
- 'n In-diepte-analise van literatuur is gedoen om die voorkoms en hantering van depressie te ondersoek wat tans (ten tye van die studie) binne klassieke Pentekostalistiese kerke gebeur.
- Aandag is gegee aan insig oor hoe die gereformeerde tradisie depressiegevalle hanteer om sodoende die leemte in vakliteratuur vanuit die Pentekostalistiese perspektief te aksentueer.
- Om aandag aan die gereformeerde tradisie vir die hantering van depressie te gee, is I.L. de Villiers, 'n N.G. Kerk predikant en sy besondere stryd met depressie ondersoek.
- Studie vanuit die Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot depressie is ontleed. Hierdie studies is skaars en daar is gekyk na die studies van Swanepoel *et al.* (2009), Joubert (2016) en Van Eijk en Du Plessis (2003).
- Die bydraes van Hardwick (2013), Mercer (2013), Boadi en Starr (2023) en Allen (2018) as meer resente navorsing is ontleed. As internasionale studies is die impak daarvan vir die Suid-Afrikaanse konteks oorweeg.
- Hierdie studie het 'n outo-etnografiese insluiting; naamlik die navorser se eie insette is bygevoeg.
- Die literatuurstudie het gefokus om te bepaal of hierdie studie 'n omgekeerde sinergie vir 'n holistiese benadering tot depressie vir klassieke Pentekostalistiese teologie kan gebruik – waar die praktyk voor die teorie gestel word – om 'n meer gemaklike gesigspunt daar te stel om depressie as 'n mediese toestand te integreer met die raamwerk waarbinne Pentekostalistiese etos figureer.
- Osmer (2008) en Van der Ven (2004) akkommodeer hierdie omlyning vanuit die praxis na die teorie en verskeie praktiese teoloë het reeds aangedui dat praktiese teologie se oorsprong in die empiriese gestel is.

2.3. DIE PERSPEKTIEWE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK OM 'N STRATEGIE TE ONTWIKKEL SODAT DIE SPIRITUALITEIT BY KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE WAT AAN DEPRESSIE LY IN DIE HUIDIGE PRAKTYK VERSTERK KAN WORD

2.3.1. Inleiding

Die doel van hierdie empiriese ondersoek onderneem om die bestaande strategie in klassieke Pentekostalistiese kerke te beskryf, om daarmee saam ook die voorkoms tussen die beleving van klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te midde van depressie strategies te ondersoek om pastore se spiritualiteit te versterk. In hoofstuk 1 is reeds gevra wat afgelei kan word uit empiriese navorsing.

Teologiese teorieë word altyd beïnvloed deur die konteks waarin daar geteologiseer word (Heystek, 2000:168). In praktiese teologie is hierdie konteks die empiriese werklikheid van die voltydse bediening van geordende pastore in plaaslike gemeentes van hulle klassieke Pentekostalistiese kerke (Pieterse, 1998:189). Die doel van die empiriese ondersoek is om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n hedendaagse onbevredigende situasie na 'n meer aanvaarbare situasie te verander (Leuschner, 2004:239; vgl. Heitink, 1999:223-225). Heitink toon aan dat die woord empiries afgelei is van die Griekse woord *empeira* wat ervaring beteken. Een van die metodes wat Heitink (1999:229-231) voorstel vir empiriese navorsing is dat die geldigheid van die sentrale teoretiese stelling getoets word om te bepaal of daar verbande tussen die werklikheid en die bepaalde wetenskapsteorie bestaan. Hierdie metode word deur hierdie pastorale studie gevolg, om vanuit bepaalde kernwaarhede die navorsingsvraag in die praktyk toe te lig (du Preez, 2014:157).

2.3.2. Metodologiese perspektiewe

Heyns en Pieterse (1990:21) stel dat betekenisvolle teorievorming van empiriese ondersoeke afhanklik is. Venter (1998:89) stel dat deur middel van 'n empiriese ondersoek die praktyk en situasie ontleed word om 'n nuwe praktykteorie daar te stel. Heyns en Pieterse (1990:21) meld dat empiriese ondersoeke die versameling, beskrywing en bewerking van empiriese gegewens 'n analise van die praktyk doen. Dit gaan dus nie in die eerste plek om die beoefening van die praktyk nie, maar oor die nadink of besinning oor die praktyk (Heyns & Pieterse, 1990:24). Die besinning of nadenke aangaande die praktyk vorm vervolgens ook die kern in soortgelyke ondersoeke (Heyns & Pieterse, 1990:21). 'n Empiriese ondersoek bestaan hoofsaaklik uit kwalitatiewe en/of kwantitatiewe data (Neuman, 2000:14).

Tabel 2: Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodiek (Neuman, 2000:14)

KWANTITATIEWE STYL	KWALITATIEWE STYL
Meet objektiewe feite	Konstrueer kulturele betekenis
Fokus op veranderlikes met betroubaarheid as sleutelfaktor	Fokus op interaktiewe gebeure met getrouheid en sleutelfaktor
Waarde vry	Waarde is teenwoordig en eksplisiet
Onafhanklik van die konteks	Situasiegebonde
Gebruik baie gevallestudies	Gebruik min gevallestudies
Statistiese analise	Tematiese analise
Navorser staan los van situasie	Navorser in diepte betrokke

Pieterse (1998:191) sluit hierby aan deur daarop te wys dat navorsing of kwantitatief ('n groot aantal respondente) of kwalitatief (minder respondente, maar 'n meer intensiewe werkswyse) of op albei maniere gedoen word. Hierdie studie fokus op kwalitatiewe navorsing, waar induktief vanuit gegewens uit onderhoude met pastore in die voltydse bediening sekere gevolgtrekkings gemaak word (Pieterse, 1990:81). In hoofstuk 1 is daar aangesluit by Maree (2019:81) wat kwalitatiewe navorsing in diepte bespreek het. Volgens Maree behoort 'n kwalitatiewe navorsingsmodel aan die volgende te voldoen (Maree, 2019:81-82):

- Die navorsingsvraag behoort al die ander aspekte saam te bind.
- Die navorsingsvraag moet die doel van die studie aandui.
- Die teorie en vorige navorsing moet deel uitmaak van die navorsingsvraag.
- 'n Bepaalde metode moet gekies word om die data in te samel om die navorsingsvraag te beantwoord.
- Die etiese oorwegings moet reeds met die beplanningsfase in ag geneem word.

Maree (2019:59) dui aan dat meetbare instrumente gebruik kan word om die betekenis van wat mense beleef, te bepaal. So deel Maree (2019:108-109) en Osmer (2008:14) mee dat onderhoude 'n baie belangrike instrument is om data in kwalitatiewe navorsing in te win.

Vir die doeleindes van hierdie studie is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met geordende pastore van klasieke Pentekostalistiese gemeentes wat voltyds in die bediening staan en gewillig was om aan die studie deel te neem. Pastore wat in een van die drie Afrikaanse klassieke Pentekostalistiese denominasies werksaam is, was genader, naamlik die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS), die Pinkster Protestantse Kerk (PPK), en die Volle

Evangelie Kerk van God (VEK). Sodra dieselfde temas en tipes inligting herhaaldelik tydens die onderhoude na vore tree en dataversadiging derhalwe bereik is, kan die onderhoudvoering beëindig word (Du Preez, 2006:61). Soos hieronder uiteengesit, was dit 'n uitdaging om respondente vir deelname aan die studie te werf, aangesien depressie steeds as 'n sensitiewe en grotendeels versweë onderwerp binne klassieke Pentekostalistiese kerke beskou word. Hierdie realiteit laat die vraag ontstaan of agt respondente voldoende was om die mikpunte van die empiriese navorsing effektief te bereik en of dataversadiging haalbaar was. Maree (2019:92) wys egter daarop dat kleiner, doelgerigte steekproewe besonder effektief kan wees in studies waar sensitiewe onderwerpe ondersoek word of waar doelgerigte steekproeftrekking toegepas word (Maree, 2019:93). Volgens Maree kan selfs so min as vier respondente waardevolle en betroubare data oplewer, mits die navorsingsvraag duidelik geformuleer is, die navorser voldoende opgelei is in onderhoudvoering, en respondente deeglik voorberei is vir deelname aan die navorsingsproses. In hierdie studie is aan bogenoemde vereistes voldoen: die navorser beskik oor meer as twintig jaar ervaring as praktiserende berader en is deeglik opgelei in onderhoudvoering; die navorsingsvraag is duidelik geformuleer en goedgekeur; en alle relevante inligting rakende deelname aan die empiriese navorsing is vooraf aan die respondente verskaf. Daar is ook aan die etiese kwessies soos deur die Noordwes Universiteit uiteengesit voldoen. Die volgende dokumente is ondersteunend tot die metodologie:

- Deelnemers inligtingstuk en toestemmingsvorm (Bylae A).
- Die NWU etiek goedkeurings brief (Bylae B).
- Die deelnemervraelysvorm (Bylae C).

Daar was reeds voor die skryf van die navorsingsvoorstel met verteenwoordiges van al drie Pentekostalistiese kerke kontak gemaak, om te verneem of so 'n pastorale studie haalbaar en tot voordeel vir hulle sou wees. Die behoefte is bevestig en die pastorale studie is aangepak. Na die verkryging van etiese klaring is menige aanlynvergaderings, eposse en selfs besoeke aan van die kerke se hoofkantore gebring omrede daar net nie reaksie vanaf individuele pastore ontvang is nie. Sonder enige twyfel was die oogmerke van hierdie studie as baie sensitief ervaar deur die pastore en word aangeneem dat depressie nie op die agenda is in die gehoorsale van hierdie klassieke Pentekostalistiese gemeentes nie. Teen einde November 2024 is sewe onderhoude voltooi en 'n agtste onderhoud is in Februarie 2025. Die VEK het helaas nie aan die onderhoude deelgeneem nie.

Die respondente wat aan die onderhoude deelgeneem het is soos volg:

- Sewe respondente uit die AGS.
- Een respondent uit die PPK.

Aangesien van 'n semi-gestruktureerde ontwerp gebruik gemaak is, is die inhoud van die antwoorde geanaliseer om die data te bekom. Hierdie metode het die volgende geïmpliseer:

- Die vraelys bestaan uit drie basiese temas met drie vrae in elke tema. Die vraelys het basiese gestruktureerde vrae bevat, maar die respondent het steeds die geleentheid gekry om kommentaar op die vrae en antwoorde te gee. Hierdeur is die betroubaarheid van die ondersoek verhoog.

- Geslote vrae (met ja-of-nee antwoorde) is vermy. Die primêre uitgangspunt van die ondersoek is die respondent se subjektiewe respons op die vraelys (du Preez, 2014:158).

Met betrekking hiertoe, merk Smit (1985:160-163) op:

- Die ontwikkeling van die vraelyste sal oor die algemeen in terme van die konstruksie van taksonomieë wees, met ander woorde 'n klassifikasie volgens natuurlike verwantskappe (Smit, 1985:160).
- Die benadering om die inhoud analities te beskryf, impliseer 'n kwalitatiewe benadering (Smit, 1985:160).

Die doel van hierdie benadering volgens Smit (1985:160-161) is:

- Om die onderliggende tendense in die inhoud van die kommunikasieproses te beskryf.
- Om die inhoud van die vrae wat gekommunikeer word, volgens bepaalde standaarde oor te dra.
- Om die oorredingstegnieke te ontleed.
- Om die styl van die kommunikasie te ontleed.
- Om die bydrae van die respondent in verband te bring met die boodskappe wat aan hulle voorgelê is.
- Om die kommunikasiepatrone te beskryf.

Smit (1985:161) beveel die volgende stappe aan by die metode om die inhoud van die antwoorde te analiseer:

- Stel verteenwoordigende vraelyste op;
- definieer die inhoud van die kategorieë (die inhoud van die kategorieë word deur die doel van die navorsing bepaal).
- Definieer ook die eenhede wat ontleed moet word, naamlik die kontekseenhede en die kwantifiseringstelsel (du Preez, 2006:63).
- Die samestelling van verteenwoordigende vraelyste sluit aan by Maree se begrip van doelgerigte steekproeftrekking, soos hierbo bespreek. Doelgerigte steekproeftrekking behels, soos die term aandui, dat respondente doelbewus gekies word omdat hul profiel ooreenstem met die bepaalde fenomeen wat ondersoek word. Volgens Maree (2019:93–94) bestaan daar sestien tipes kriteria vir doelgerigte steekproeftrekking wat deur die navorser benut kan word.
- In hierdie studie het homogene steekproefneming onder andere 'n belangrike rol gespeel. Hierdie benadering verwys na respondente wat uit dieselfde subkultuur afkomstig is of soortgelyke karaktertrekke en ervarings binne 'n bepaalde konteks deel ten opsigte van die fenomeen wat ondersoek word. 'n Verdere relevante voorbeeld is gestratifiseerde doelgerigte steekproefneming, waar verskillende subgroepe, soos die AGS en PPK, binne die breër konteks van klassieke Pentekostalisme ondersoek word.
- Laastens is teoretiese steekproefneming ook van belang. Hierdie benadering berus op die uitgangspunt dat doelgerigte steekproeftrekking die potensiaal het om 'n betekenisvolle bydrae tot die teoretiese ontwikkeling van die empiriese ondersoek te lewer.

Volgens Smit (1985:161) is kategorisering die belangrikste stap in inhoudsanalise. Binne die keuse van kategorisering is daar vyf belangrike eenhede vir inhoudsanalise waarvan tematisering, een is. Die toepassing van die metode word in die volgende afdelings uiteengesit.

2.3.2.1. Kategorisering


Die belangrikste kategorie is om vas te stel of hierdie empiriese ondersoek die voorkoms tussen die beleving van klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te midde van depressie strategies ondersoek om pastore se spiritualiteit te versterk en daarmee saam 'n strategie te oorweeg om klassieke Pentekostalistiese kerke hiermee by te staan.

Om bogenoemde doel te bereik, is daar drie temas vir die vraelys gekies. Die doel met die insluiting van die temas was om die data wat bekom is, na afloop van die onderhoude en die voltooiing van die vraelyste analities te ontleed. Dit is belangrik dat die kategorie betrek word in alle fasette wat deur die verskillende temas aangeraak word.

Tema 1: Die respondente se begrip van depressie.

Tema 2: Die respondente se begrip van spiritualiteit en depressie.

Tema 3: Die respondente se begrip oor wat 'n ondersteuningsprogram se bydrae kan wees vir pastore wat met depressie worstel.




Figuur 12: Skematiese voorstelling van metode van inhoudsanalise (Du Preez, 2006:65)

Op grond van die semi-gestruktureerde ondersoek wat gekategoriseer is en verder in subtemas verdeel is volgens vrae wat onder elke tema volg, kan die navorser hom wetenskaplik verantwoord oor die respondent se ervaring. Die drie temas word in die navorsingsonderwerp verwoord, naamlik depressie, spiritualiteit en die moontlikheid om 'n dinamiese strategie te ontwikkel om ondersteuning te bied, 'n effektiewe uitkoms kan wees. Die metode is wetenskaplik verantwoordbaar in terme van geldigheid en betroubaarheid, omdat dit as 'n beproefde metode vir kwalitatiewe

ontleding beskou word (vgl. Du Preez, 2006:65). Die tendense wat in die respondente se terugvoer voorkom, sal bespreek word. Die bevindings op grond van die terugvoer sal breedvoerig gerapporteer, ontleed en geëvalueer word.

'n Samevattende oorsig van die empiriese studie kan soos volg uitgelig word met voorafgaande bespreking in gedagte.



Figuur 13: Skematiese voorstelling van die empiriese proses (outeur se voorstelling).

2.3.2.2. Etiese oorwegings

Gedurende die navorsingsproses is daar streng by die voorskrifte vir etiese navorsing gehou (Berg, 2007:78-82; Neuman, 2000:486-49; vergelyk Bylaag A). Dit sluit die volgende in:

- Die verduideliking van die doelstellings.
- Die navorsingsproses.
- Respondente se vrywillige deelname.
- 'n Vertroulikheidsonderneming deur die navorser.
- 'n Verklaring van vrywillige deelname is van elke deelnemer verkry waarin ook toestemming verleen is om navorsingsresultate in die studie onder 'n skuilnaam te publiseer.

2.3.2.3 Respondente

Vervolgens word die antwoorde wat die respondente gegee het, bespreek. Deur die respons te ontleed, word gepoog om aan te toon dat spiritualiteit van pastore wat aan depressie ly in klassieke Pentekostalistiese kerke versterk kan word.

Demografie: 'n Totaal van agt respondente is geselekteer, naamlik vier mans en vier vroue. Vier was bo die ouderdom van 50 jaar. Vier was onseker oor hoe lank hulle in die voltydse bediening is, die ander onderskeidelik 5 jaar, 6 jaar, 12 jaar en 25 jaar.

2.3.2.3.1 Tema 1: Die respondente se begrip van depressie

Die drie vrae vir tema 1 was soos volg:

- Wat verstaan u onder depressie of hoe sou u depressie definieer?
- Is u depressie deur 'n mediese deskundige gediagnoseer?
- Gebruik u enige medikasie vir u depressie?

Die vrae van tema 1 toets die respondente se begrip van depressie as 'n mediese toestand. Die respondente is toegelaat om hulle ervaring te deel en kon self ook vrae vra. Die antwoorde op vraag 1, Wat is depressie, is soos volg:

- *“Jy kan nie gefokus lewe nie.”*
- *“Jy het nie rigting en doel in die lewe nie.”*
- *“Jy voel afgestomp.”*
- *“Een leef in sy eie wêreld – in sy eie diep gat van alleen wees.”*
- *“Hopeloosheid.”*
- *“Die verloor van motivering.”*
- *“Dit is 'n “heavyness.””*
- *“Jy raak apaties, niks is meer lekker vir jou nie.”*
- *“'n Gemoedstoestand in jou gedagtegang wat later oorgaan in fisiese en biologiese verskyning.”*
- *“Selfmoord gaan lê op jou hart en gaan dan na jou geestestoestand.”*
- *“Jou prentjie word opgeskeer en jy kan dit nie aanmekeer sit nie.”*
- *“Wanhoop”*
- *“'n Baie diep gat, jou lewenstyl speel 'n rol.”*
- *“Magteloosheid.”*
- *“Omstandighede en besluite wat jyself geneem het en dan begrawe dit jou in 'n gat.”*
- *“Die duiwel gee jou 'n graaf en jy grawe totdat die gat te diep is om daaruit te kom.”*
- *“Generasievloede, depressie is deel van jou familie se voorgeskiedenis.”*

'n Vraag wat hierop gevolg het is dat die respondente kon aandui of hulle depressie deur 'n mediese kundige gediagnoseer is? Ses (75%) van die respondente het aangedui dat hulle nie na 'n mediese dokter gegaan het nie, al het hulle by tye neerslagtig of af gevoel. Van die antwoorde was soos volg:

- *“Ek is gelukkig, ek kon myself nog elke keer uit die donkerte lig.”*
- *“My persoonlikheid laat dit nie toe nie, ek ruk myself reg.”*
- *“Self-diagnose.”*
- *“My pa het depressie gehad, maar ek myself het nog nooit dokter toe gegaan nie.”*
- *“Dit was 'n huisgeveg. Die respondent se familie het die respondent gesmeek om mediese hulp te soek, die respondent het geweier.”*

Respondent 4 het vroeg in die bediening depressie ervaar en dokter toe gegaan en depressie is gediagnoseer. Respondent 6 was in 13 psigiatrisiese hospitale voordat in die voltydse bediening getree is. Beide respondente 4 en 6 was gediagnoseer met majeure depressie, angs en grens-persoonlikheidsversteuring. Vandat hierdie twee respondente in die voltydse bediening is gaan dit baie beter omdat hulle hulle lewenstyl kon verander.

Die laaste vraag onder tema 1 wat aan die respondente gevra is, is of die respondente enige medikasie vir depressie gebruik? Drie (33%) van die respondente het aangedui dat hulle voorheen medikasie gebruik het en vyf (62.5%) het aangedui dat hulle nog nooit medikasie gebruik het nie. Van die redes waarom die respondente nie medikasie gebruik het nie, is dat hulle afgesny van die Heilige Gees voel en een respondent is bang dat die medikasie tot selfmoord sal lei.

Samevattend op tema 1 oor die respondente se begrip van depressie, kan afgelei word dat die respondente se begrip van depressie as 'n mediese toestand baie vaag is. Depressie is met trefwoorde verduidelik of selfs met persoonlike ervaring of omstandighede. Slegs een (12.5%) respondent het 'n volledige diagnose gehad en dit was voordat die respondent tot die voltydse bediening toegetree het. Vrae 2 en 3 wat hierop volg is derhalwe nie volledig toegelig nie, omrede die kognitiewe omlýning van wat depressie is ontbreek.

2.3.2.3.2 Tema 2: Die respondente se begrip van spiritualiteit en depressie

Die drie vrae vir tema 2 is soos volg:

- Sien u depressie as 'n aanslag van die duiwel?
- Dink u dit is moontlik vir 'n Geesvervulde persoon om met depressie geteister te word?
- Beïnvloed depressie u spiritualiteit, byvoorbeeld, voel u na u diagnose met depressie nader aan die Here, of is u in 'n konstante geestelike oorlogvoering?

Die respondente is weer geleentheid gegee hul ervaring en gedagtes te deel, en selfs om vrae te vra indien hulle sou wou. Al die respondente is dit eens dat die duiwel hulle spiritualiteit belemmer wanneer hulle depressie ervaar. Daar

bestaan dus 'n duidelike spanningsveld vir die klassieke Pentekostalistiese pastore tussen die beleving van hulle spiritualiteit ten tye van depressie.

Van die antwoorde op die vraag of die respondente depressie as 'n aanslag van die duiwel sien, was die antwoorde soos volg:

- *“Dit is ‘n bonatuurlike neergedruktheid van die duiwel wat kom en gaan.”*
- *“Depressie is verseker ‘n aanslag van die duiwel het een respondent gesê – “net soos waar die Here my ontmoet het om my op te tel, het die duiwel my kom neerdruk.””*
- *“Die duiwel soek swakpunte soos depressie om jou spiritueel vër van God te laat voel.”*
- *“Die duiwel kry ‘n vesting in jou brein wat jou soos ‘n mislukking laat voel, dit lei tot depressiewe gedagtes.”*

Op die vraag of Geesvervulde persone met depressie geteister kan word, is al agt (100%) respondente dit eens dat dit wel die geval kan wees. Geesvervuldheid maak pastore nie immuun teen die aanslae van die duiwel nie. Een respondent het aangedui dat Jesus Geesvervuld was en in Lukas 4 word hy deur die Heilige Gees in die woestyn gelei, maar Hy het nie gesondig nie. Laasgenoemde respondent het die woestyn as metafoor vir depressie gebruik.

Laastens is daar gevra of spiritualiteit deur depressie beïnvloed word, en of die respondente na 'n depressie diagnose nader aan die Here voel, of is hulle in 'n konstante geestelike oorlogsvoering betrokke. Slegs Respondent 6 was formeel gediagnoseer met depressie. Vir hierdie respondent gaan dit oor geestelike volwassenheid, 'n volwasse Christen kan oorgaan in geestelike oorlogvoering. Die respondent se oortuiging is dat vir die Here om te genees, moet die depressiewe persoon op die gesag van die Here staan en geestelike oorlogvoering doen.

Al agt (100%) respondente was dit eens dat spiritualiteit en depressie hand-aan-hand gaan. Daar is volkome begrip dat die mens se spiritualiteit deur depressie beïnvloed word en dat Satan intens daarby betrokke is. Al agt respondente se begrip van depressie is baie beter verwoord deur dit as spiritueel te sien, eerder as 'n mediese toestand. Soos een respondent aangedui het, *“as jy met daardie gevoel van depressie na ‘n dokter toe gaan, gaan jy verseker medikasie voorgeskryf word, want dit is die dokter se begrip van depressie. Die teenoorgestelde is ook waar, dat indien jy na die Here gaan met daardie gevoel van depressie, lê die antwoord in spiritualiteit, want dit is ons begrip van spiritualiteit.”*

2.3.2.3.3 Tema 3: Die respondente se begrip oor wat 'n ondersteuningsprogram se bydrae kan wees vir pastore wat met depressie worstel

Die drie vrae vir tema 3 is as volg:

- Het jy jou kerk of gemeente in kennis gestel dat jy met depressie gediagnoseer is?
- Word u deur u plaaslike kerkraad of gemeente ondersteun, bedoelende het hulle begrip vir waarmee u worstel?
- Wat is die tipe ondersteuning wat u ontvang van u kerk of gemeente?

Tema 3 is bepalend om 'n strategie te ontwikkel met die oogmerk van hierdie pastorale studie in gedagte. Al agt respondente ervaar dat 'n ondersteuningsprogram van die kerke se hoofkantore bydraend kan wees om hulle te ondersteun in hulle depressie. Die respondente is nie gemaklik daarmee dat hulle eie gemeentes weet nie, met die uitsondering van een respondent wat al baie jare in hulle gemeente is. Die respondente het ook aangedui dat hulpverlening eerder buite hulle dorp en kerk gesoek sal word. Van die kommentaar is onder andere dat depressie nie maklik aanvaar sou word in hulle kerk hoofkantoor of gemeentes nie, en dat depressie as 'n spiritualiteitsprobleem gesien word. Een respondent het aangedui dat die kerk hoofkantoor 'n sielkundige paneel moet aanstel om pastore professioneel te ondersteun, maar dat hierdie hulpverlening anoniem moet wees. Nog 'n voorstel was dat meer opvoeding noodsaaklik is om pastore voor te berei vir die uitdagings van die voltydse bediening.

In hoofstuk 1 vra die navorsingsvraag: Wat is die heersende strategie in klassieke Pentekostalistiese kerke oor pastore se belewenis van spiritualiteit te midde van depressie en hoe kan hulle spiritualiteit versterk word? Uit bogenoemde respons, asook die navorser se gesprek met verteenwoordigers van die AGS, en persoonlike besoeke aan die hoofkantore van die PPK en die VEK kan afgelei word dat nie een van die drie Afrikaanse klassieke Pentekostalistiese kerke enige strategie in plek het om pastore in die voltydse bediening met emosionele uitdagings soos depressie, by te staan nie.

2.4 GEVOLGTREKKING

Met die oogmerke van hierdie pastorale studie in gedagte het die uitkomst van die empiriese navorsing 'n waardevolle bydrae gelewer. Die drie temas van die empiriese ondersoek het die mees belangrikste aspekte van die navorsingsvraag omlyn menend om klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly se spiritualiteit te versterk. Die verband tussen spiritualiteit en depressie binne die denke van die respondente is deur die semi-gestruktureerde onderhoudsbesprek en in voeling met hul besondere geloofsbeskouing (tema 1 en 2). 'n Beter begrip van wat depressie as 'n mediese toestand is, kan pastore uit hierdie tradisie se spiritualiteit versterk (tema 1). Daar is ook 'n 100% oortuiging van die respondente dat geesvervulde pastore aan depressie kan ly (tema 2) alhoewel die invloed van die Bose steeds sentraal in hul denke staan. Tema 3 het aangedui dat hierdie pastore baat kan vind by 'n ondersteuningsprogram wat hul spiritueel kan ondersteun te midde van depressie.

HOOFSTUK 3

DIE INTERPRETERENDE MOMENT:

PERSPEKTIEWE VANUIT DIE GRENSWETENSKAPPE MET BETREKKING TOT DIE VERSTERKING VAN PASTORE SE SPIRITUALITEIT IN KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE KERKE WAT MET DEPRESSIE WORSTEL

3.1 INLEIDING


In hierdie hoofstuk word gepoog om vanuit grenswetenskappe inligting te verkry om 'n bydrae te lewer tot 'n pastorale studie om 'n strategie te ontwikkel sodat die spiritualiteit by klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly, versterk kan word.

In hoofstuk een is aangedui dat die studie metodologies by die navorsingsmodel wat Osmer (2008) vir praktiese teologie ontwerp het, aansluit. Hierdie studie poog om vanuit 'n Pentekostalistiese hermeneutiek 'n strategie te ontwikkel om klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly, te versterk. Gevolglik is dit noodsaaklik om metateoretiese perspektiewe vanuit die grenswetenskappe te ondersoek met die oog op die vorming van praktykteoretiese perspektiewe. Volgens Clinton en Ohlschlager (2002:162) kan die metateorie die pastorale begeleider in staat stel om binne 'n holistiese raamwerk te funksioneer deur morele konsepte met psigologiese kwessies te integreer. Venter (1993:247) verduidelik wat met metateorie verstaan behoort te word, naamlik "... waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel [moet] word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek."

3.2 DOELWIT

Die doelwit hou in dat Osmer (2008) se metode vir die interpreterende moment toepaslike gegewens uit die psigologie, sosiologie, antropologie en kommunikasiekunde deur analise en interpretasie selekteer ten einde in hierdie pastorale studie toe te pas. Die dinamika van hierdie moment is om te help met die uitkomste wat in hoofstuk 5 verwoord word, naamlik dat 'n omgekeerde holistiese benadering (sien 2.2.2.4) 'n gemaklike gesigspunt daar kan stel om depressie as 'n mediese toestand te integreer met die raamwerk waarbinne die Pentekostalistiese etos figureer.

Ter opsomming kan die uitkomste van hierdie hoofstuk skematies soos volg voorgestel word.



Figuur 14: Skematiese voorstelling van hoofstuk 3 se uitkomst (Outeur se voorstelling)

Psigologie: Wat die psigologie aanbetref gaan gelet word na depressie as 'n mediese toestand deur aan die studielewende biologiese teorieë, gedragswetenskappe en positiewe psigologie aandag te gee.

Sosiologie: In hierdie gedeelte, word gelet op klassieke Pentekostalistiese pastore se sosialisering in hulle unieke lewewêreld en hoe 'n mediese toestand soos depressie in 'n klassieke Pentekostalistiese lewewêreld verstaan word.

Antropologie: Wat antropologie aanbetref, gaan gelet word na depressie as 'n mediese toestand binne die sosiale historiese en kulturele konteks (*Sitz im Leben*), asook die virtuele werklikheid (*Annus virtualis*) van die individu.


Kommunikasiekunde: Wat die kommunikasiemodelle aanbetref, gaan gelet word op kommunikasiemodelle wat bydrae kan lewer in die pastorale gesprek met die individu.

3.3. RAAKVLAKKE VANUIT DIE PSIGOLOGIE, SOSIOLOGIE, ANTROPOLOGIE EN DIE KOMMUNIKASIEKUNDE MET DIE OOGMERKE VAN HIERDIE PASTORALE STUDIE

3.3.1 Psigologie

Psigologie, aldus Breed (2021:2) plaas die klem op die individu se gemoedstoestand. Depressie daarenteen word in die psigologie onder andere soos volg verwoord.

'n Toestand van intense neerslagtigheid (bedruktheid, terneergedruktheid) wat in die reël gepaard gaan met gevoelens van ontoereikendheid, onsekerheid, pessimisme omtrent die toekoms, asook sosiale onttrekking en verlaagde psigomotoriese aktiwiteite. Dit kom of as simptoom by verskeie psigopatologiese toestande, of as 'n sindroom voor (Plug *et al.*, 1986:60).



Figuur 15: 'n Psigologiese vertrekpunt (Outeur se voorstelling).

Vir hierdie onderafdeling geniet die kliniese beeld van depressie soos verstaan deur die biologiese teorieë (fisiologie-neurologie), die gedragswetenskappe (behaviourisme) en positiewe psigologie besondere aandag.

3.3.1.1 'n Biologiese teorie van depressie

Golden en Janowsky (2014:13) skryf dat biologiese teorieë oor die etiologie van depressie baie vêr in die mens se geskiedenis terug dateer. Hippokrates word gekrediteer dat hy een van die eerste biologiese hipoteses gemaak het, deurdat hy beweer het dat die akkumulasie van swart gal en slym die mens se breinfunksie affekteer.

Alhoewel die moderne wetenskap wegbeweeg van Hippokrates se vier humorale-teorie (sien diagram) is daar eenstemmigheid met Hippokrates se begrip dat daar biochemiese substansies en boustene in die menslike liggaam is.

Tabel 3: Hippokrates se vier humorale-teorie (Outeur se voorstelling)

Humorale-element	Element	Orgaan
Geel gal	Vuur	Lewer
Swart gal	Aarde	Milt

Water	Slym	Brein
Bloed	Lug	Hart

Hippokrates dui aan dat die vier humorale-elemente in die menslike liggaam verband hou met die vier elemente in die heelal. Sodra die balans van die humores in die menslike liggaam versteur word, gee dit aanleiding tot patologiese siektes.

3.3.1.1.1 Hippokrates, die vader van temperamente

Mol (2001:21) dui aan dat hierdie model van Hippokrates temperamentsverskille klassifiseer in vier basiese temperamente wat bepaal word deur die soort vloeistowwe wat in 'n mens se are dominant vloei, naamlik warm bloed (sanguiniese temperament), geelgal (choleriese temperament), swartgal (melankoliese temperament), en slym (flegmatiese temperament). Die navorser is van vroeg in die 2000s bewus van Mol se werk hierop en het hierdie model in die Volle Evangelie Kerk gebruik om egpare met huweliksbegeleiding te help. Die navorser gebruik hierdie model ook in sy eie pastorale praktyk.

In 2011, het Florence Littauer en Rose Sweet hierop voortgebou en dui aan dat Hippokrates se model wat teen 400 vC in gebruik was, vandag steeds werk as 'n "wetenskaplike verantwoordbare model" (Littauer & Sweet, 2011:9-10). Hippokrates het gewonder waarom sommige van sy pasiënte is sy spreekkamer moeilik was, terwyl ander sy advies makliker kon volg. Littauer en Sweet reken dat die DNA van die mens uit nagenoeg 3.1 biljoen biochemiese kodes bestaan, wat die menslike liggaam laat funksioneer. Die mense se persoonlikheid word binne die DNA vasgelê. Joubert (2016:300-301) noem dat persoonlikheid meer aandag moet geniet as dit kom by die veerkragtigheid van pastore. Die navorser onderskryf wat Joubert aandui en in hoofstuk 5 word persoonlikheid en temperament ondersoek in 'n poging om 'n hulpverleningstrategie te ontwikkel. Die persoonlikheid se sterk- en swakpunte word met die beradene deurgewerk ten opsigte van hulle dominante temperament en subdominante temperament. Littauer en Sweet dui aan wat elke temperament depressief laat voel:

- Cholere voel depressief as hulle lewe nie in beheer voel nie (Littauer & Sweet, 2011:113).
- Sanguine voel depressief as hulle voel niemand het hulle lief nie (Littauer & Sweet, 2011:100).
- Melankole voel depressief as hulle nie verstaan word nie (Littauer & Sweet, 2011:126).
- Flegmate voel depressief as hulle nie waardeer word nie (Littauer & Sweet, 2011:139).

Die impak van hierdie beskrywings van die outeurs dui reeds aan watter inherente spanning pastore van die klassieke Pentekostalistiese kerke beleef wanneer hulle persoonlikheid swaarkry as hulle inherente gevoelens nie verstaan word in die uitlewing van hulle roeping en bediening nie. Littauer en Sweet se persoonlikheidstoets (Bylaag D), die antwoordstel op die persoonlikheidstoets (Bylaag E) en Mol (2011:27) se vier kwadrante model van persoonlikheid waarop die resultaat van die toets aangedui word (Bylae F) word by die studie aangeheg.

Golden en Janowsky (2014:13) noem dat in die laaste ses dekades, mediese navorsing rakende die voorkoms van depressie radikale evolusie ondergaan het. Die ontwikkeling van tegnologie het ook die ontwikkeling van die biologiese teorieë beïnvloed (Golden & Janowsky, 2014:16-17).

- Gedurende die 1960's het nuwe tegnieke in die chromatografie² toegelaat dat konsentrasies chemiese verbindings in die brein gemeet kan word. "Not coincidentally, theories regarding the role of catecholamine neurotransmitters, whose metabolites could then be measured in body fluids, began to emerge" (Golden & Janowsky, 2014:11).
- Gedurende die 1970's en 1980's is voortdurende gesofistikeerde tegnieke ontwikkel wat radioimmunoanalise (RIA) insluit. RIA is 'n diagnostiese metode wat gebruik word om die teenwoordigheid en hoeveelheid van spesifieke molekules, soos hormone, proteïene, ens. in 'n monster te meet. Dit is 'n hoë sensitiviteitsmetode wat radioaktiewe isotope gebruik in kombinasies met spesifieke antiligggame (antilichamen). Hierdie proses het toegelaat dat verbindings in nog kleiner konsentrasies gemeet kan word. Dit het tot gevolg gehad dat verskillende hormone onderskei en gemeet kan word, en 'n deurbraak in die patologie van depressie het gevolg, veral ten opsigte van neurohormone (Golden & Janowsky, 2014:17).

Golden en Janowsky (2014:45) kom in hulle navorsing tot die gevolgtrekking dat die klassieke neurotransmitters (senuoordraers of chemiese stowwe), onder andere noradrenalin, asetielcholin en seroton 'n belangrike rol speel in die patogene³se van depressie.


Voortvloeiend uit bogenoemde bespreking moet die aksent nou geskuif word na die psigo-fisiologie. Hierdie term verwys na 'n die wetenskapveld van die psigologie wat die verband tussen liggaamlike prosesse enersyds en psigiese en gedragsprosesse andersyds bestudeer. So word daar byvoorbeeld aandag geskenk aan die invloed van die senuweestelsel en die endokriene kliere se effek op gedrag en omgekeerd (Plug *et al.*, 1986:103). 'n Verdere fokus is die neuropsigologie wat die interaksie tussen gedrag en die senuweestelsel bestudeer (Plug *et al.*, 1986:235)⁴. Louw in sy boek, *Inleiding tot die Psigologie* skryf, "Kennis van die fisiologie is vir die psigoloog van wesenlike belang. Sonder 'n grondige kennis van die menslike liggaam is dit onmoontlik om sekere aspekte van gedrag te verstaan" (Louw, 1986:45).

Coetzer (2011:8) stel dat waar emosionele en gedragsprobleme in die verlede grootliks aan psigologiese probleme toegeskryf is, navorsing van Dr. Daniel Amen, 'n Amerikaanse psigiater, toon dat in verskeie gevalle dit eerder met die fisiologie van die brein verband hou (Amen, 2015:15).

Wanneer daar na die fisiologie van die brein gedraai word, is dit nodig om ook na neurone of senuweestelle te kyk. 'n Neuron het 'n gespesialiseerde funksie, naamlik die ontvang, geleiding en oordra van inligting (Louw, 1986:46). Om hierdie funksie te verrig is 'n neuron soos volg saamgestel:

² Chromatografie is 'n wetenskaplike metode waar die verskillende elemente van een mengsel onderskei kan word.

³ Patogene^{se} is die wetenskaplike terme van hoe siekte ontwikkel.




Figuur 16: 'n Neuron (Google images, 2025)

'n Neuron bestaan uit:

- Selliggaam (soma) wat die selkern (nukleus) bevat.
- Verskeie dendriete, dit wil sê uitgroeisels wat vertak vanuit die selliggaam. Die funksie van die dendriete is om prikkels op te vang en na die selliggaam te gelei.
- 'n Akson, dit wil sê die lang senuweesel wat in die selliggaam by die aksonheuwel vertak. 'n Neuron het gewoonlik net een akson met die funksie om senuwee-impulse na ander neurone of na ander gedeeltes in die liggaam te gelei. Neurone is meestal gehul in 'n wit vetsubstansie wat die miëlienskede genoem word. Hierdie skede dien as 'n isolering en dit verhoog die spoed waarteen die senuwee-impulse beweeg. Hierdie skedes vorm insnoerings wat bekend staan as die knope van Ranvier en gee die akson byna die voorkoms van 'n string mikroskopiese "worsies."
- Die eindpunte van die akson wat telodendria (eindvertakkings of eindvoete) genoem word, is verantwoordelik om die impulse van een neuron na die volgende oor te dra (Louw, 1986:47).

Voordat daar gelet word op meer resente navorsing is dit van belang om te let wat Louw (1986:48-49) oor die neuron te sê het en die implikasies daarvan vir die psigologie.

- Daar is funksionele kontakpunte tussen die neurone wat bekend staan as die sinaps.
- Wanneer 'n senuwee-impuls die telodendria bereik, bring dit mee dat klein sakkies, bekend as sinaptiese vesikels, 'n chemiese stof af geskei word.
- Hierdie chemiese stowwe word oordragstowwe of neurotransmitters genoem, wat oor die sinaptiese spleet beweeg en die boodskap aan die volgende neuron gelei.



Figuur 17: Skematiese voorstelling van 'n neuron (Louw, 1986:47)


- Die verskillende oordragstowwe is 'n groeiende wetenskap, maar die bekendstes is asetielcholin, noradrenalin, serotonien en dopamien.
- Die oordragstowwe het nie alleen 'n opwekkende reaksie by die volgende neuron nie, maar ook 'n inhibering. Daar kan dus 'n selektiewe deurlating van belangrike impulse en 'n blokkering van onbelangrike impulse, wees.
- Louw (1986:49) noem dat die laaste bespreking oor neurone en die geleiding van sensuiewe-impulse nog glad nie gespreek is nie. Aanhoudende navorsing gaan nie net antwoorde aan die psigo-fisiologie verskaf nie, maar behoort ook tot 'n beter begrip van talle ander terreine in die psigologie te lei.
- Depressie volgens die katesjolamien ('n groep oordragstowwe) hipotese is te wyte aan 'n tekort aan katesjolamien en veral noradrenalin. Hierdie aanname was in 1984 deur Bootzin en Acocela (1984) bepaal wat die begin was van teorievorming dat deur noradrenalin vlakke te verhoog, depressie pasiënte verligting kan kry. Die idees oor die effektiwiteit van antidepressante om depressie aan te spreek was deel van hierdie debat wat in 1984 begin is.

Weiten (2017:64-66) skryf in *The Biological bases of Behavior* dat die sensuiewestelsel die basiese hardeware van die menslike liggaam is. In die onderstaande skets lys Weiten (2017:71) die mees algemene neurotransmitters, hulle karaktertrekke en hulle spesifieke rol in sekere gedrag.

Tabel 4: Weiten se uiteensetting van mees algemene neurotransmitters (Weiten, 2017:71).

Neurotransmitter	Karaktertrekke	Versteurings geassosieer met disregulering

Asetielcholin	Vrygestel deur motor-neurone, beheer skelet-spiere. Dra by tot die regulering van aandag, opwekking en geheue.	Alzheimer's siekte
Dopamien	Kontroleer vrywillige beweging. "Dopamine circuits in medical forebrain bundle characterized as 'reward pathway.'"	Parkinson's siekte Skisofreniese versteurings Verslawende versteurings
Norepinefrien	Dra by tot regulering van buie en opwekking.	Depressiewe versteurings
Serotonien	Reguleer slaappatrone, eetgewoontes en aggressie.	Depressie versteurings Obsessiewe-kompulsiewe versteurings Eetversteurings
GABA (gamma-aminobutyricacid)	'n Inhiberende transmittor. Reguleer angs/opwekking.	Angsversteurings



Figuur 18: Voorstelling van die senuweestelsel (Weiten, 2017:74)

Weiten (2017:74) meen dat daar ongeveer 86 biljoen neurone in die menslike brein is (vgl. Azevedo *et al.* 2009). Hierdie getal is uiteraard 'n skatting en verander met die ontwikkeling van die wetenskap. Figuur 18 toon aan in watter mate al hierdie neurone saamwerk om te verseker dat inligting effektief van die brein na die liggaam beweeg. In die

diagram word slegs aangedui hoe organisatories die belangrikste dele van die senuweestelsel saamwerk. Weiten (2017:75) stel die volgende::

This overview of the human nervous system shows the relationship of its various parts and systems. The brain is traditionally divided into three regions: the hindbrain, the midbrain, and the forebrain. The reticular formation runs through both the midbrain and the hindbrain on its way up and down the brainstem....The peripheral nervous system, which controls voluntary muscles and sensory receptors, and the autonomic nervous system, which controls the involuntary activities of smooth muscles, blood vessels, and glands.

Die algehele senuweestelsel verrig die belangrikste funksie ten opsigte van die mens se totale bestaan (Strydom, 2010:294) en word hoofsaaklik in twee gedeeltes verdeel, naamlik die sentrale senuweestelsel en die perifere senuweestelsel (Boeree, 2009:3-4). Die sentrale senuweestelsel bestaan uit die brein en rugmurg, terwyl die perifere senuweestelsel bestaan uit die simpatiese en para-simpatiese stelsel (Raath, 2020:112). Die manier waarop die brein fisiologies funksioneer speel 'n bepalende rol in terme van 'n persoon se lewenskwaliteit (Leaf, 2013:167). Die brein is in topografiese areas en anatomiese lobbe verdeel, wat elk verskillende funksies het (Clinton & Ohlschlager, 2002:142).


In die voorafgaande gedeelte was daar op spesifieke areas van die brein gefokus wat 'n invloed in terme van depressie mag hê. Die vraag wat gevra kan word is, *waar* in die brein depressie voorkom. Wat die biologiese teorie van depressie aanbetref is die fokus op die senuweestelsel van die mens, naamlik die biochemiese-verbindings en die neurologie. Neurologie is deel van geneeskunde wat met die siektes van die senuweestelsel verband hou en met die diagnose en behandeling van alle kategorieë van siektes gepaard, gaan. Vervolgens skuif die fokus na die psigiatrie.

3.3.1.1.2 'n Psigiatryse fokus op depressie


Volgens Plug *et al.* (1986) is psigiatrie 'n vertakking van die mediese wetenskap wat spesifiek toegespits is op die diagnose, behandeling en voorkoming van psigopatologiese toestande. In die psigiatrie word daar gefokus op behandelingstegnieke wat konvulsietherapie en die voorskryf van farmakologiese middels mag insluit (Plug *et al.*, 1986:291). 'n Psigiatr is dus 'n medikus wat nagraads gespesialiseer het in psigiatrie. Ook pastorale beraders is somtyds afhanklik van psigiaters in hulle pastorale begeleiding vir die diagnose, voorskryf van medikasie en rehabilitasie van pastore.

Pandya *et al.* (2012:434-642) het die spesifieke vraag "Where in the Brain is Depression" gevra in hul fokus op neurobeelding, neuropsigiatrie en die effek van breinstimulasies. Die navorsers noem dat dit wil voorkom asof depressie versprei is in 'n aantal areas van die brein (Pandya *et al.*, 2012:639). "Cortical brain areas implicated in depression are the dorsal and medial prefrontal cortex, the dorsal and ventral anterior cingulate cortex, the orbital frontal cortex and the insula" (Pandya *et al.*, 2012:635). Afname in die prefrontale korteks se funksie kan veral 'n aanduiding wees van majeure depressie (Pandya *et al.*, 2012:634). In die limbiese sisteem kan depressie gelokaliseer

wees in die amigdala, die hippocampus en die dorsomediale talamus (Pandya *et al.*, 2012:635). Die belangrikste neurotransmitters wat met abnormaliteite depressie geassosieer word en ook met antidepressante beïnvloed word, word in die breinstam gevind. "The raphe nucleus contains the brain serotonergic neurons, the locus coeruleus the neuro pinephrine neurons and the substantia nigra and ventral tegmentum the dopaminergic neurons" (Pandya *et al.* 2012:636).



Figuur 19: Waar in die brein kom depressie voor? (Outeur se voorstelling).



Figuur 20: 'n Deursnit diagram van die brein (Weiten, 2017:105)


Weiten (2017:506-507) skryf oor die neurochemiese en neuroanatomiese faktore in konklusie soos volg – daar is 'n korrelasie tussen gemoedsversteurings en die abnormaliteit van neurotransmitters in die brein. Wat depressie aanbetref, meld Weiten (2017) dat daar veral 'n wanbalans van twee neurotransmitters, naamlik serotonien en norepinefrien is, alhoewel verskeie ander neurotransmitters ook 'n rol kan speel. Daar is soveel wat nog nagevors moet word, maar verminderde serotonien word in meeste vorme van depressie onderskei.

Soos vermeld, het navorsing aangedui dat daar 'n verband is tussen gemoedsversteurings en strukturele abnormaliteit in die brein. Volgens Weiten (2017:506) is die studie van Kempton *et al.* (2011) van belang, waar die verband tussen depressie en verminderde hippocampaal in die hippocampus nagevors is (Weiten, 2017:507). Kempton *et al.* (2011) se teorie is daarop gebaseer dat die menslike brein voortdurend nuwe neurone produseer – veral in die hippocampus. In meer resente navorsing, dui Weiten (2017:507) daarop dat depressie voorkom wanneer lewensstressors veroorsaak dat neurochemiese reaksies neurovormings onderdruk wat 'n vermindering van volume in die hippocampus veroorsaak. Volgens hierdie teorie is die afwesigheid van neurogenesis of neurovorming die hooforsaak van depressie, en antidepressante kan suksesvol gebruik word om neurovorming te bevorder. Weiten (2017:507) is egter van oortuiging dat baie navorsing steeds gedoen moet word om die biologiese teorie vir depressie verder te ontwikkel.

3.3.1.2 Gedragsteorië (behaviourisme) en depressie

Jung kan as die vader van gedragswetenskappe beskou word en het aangedui dat geestesgesondheid bestaan uit dinamiese interaksiesisteme en daarom is die psige dus die selfregulerende sisteem wat van onskatbare waarde is in die verstaan van menswees (Kadish, 2016:105). Analitiese psigologie is 'n belangrike konsep in Jung se denke omrede dit die kern vorm van die mens se verstand en siel. Analitiese psigologie beheer die mens se bewussyn en onbewussyn – die psige beheer dus die individu se fisiese prosesse in reaksie op uitdagings van die sosiale omgewing waarin individue hulleself bevind. Hierdie prosesse help die individue om hulleself te ontdek en dit lei tot persoonlike groei (Kadish, 2016:105). Volgens Rehm (1988:161) was gedragsmodelle van die eerste skoolgerigte benaderings wat gebruik was om depressie te verstaan. Ferster (1973) het 'n versterkingsmodel daargestel wat impliseer dat 'n geweldige verlies in 'n mens se lewe die vermindering van 'n persoon se effektiwiteit in die samelewing tot gevolg kan hê (Rehm, 1988:165).

Soos gemeld, merk Weiten (2017:507) op dat lewensstressors veroorsaak dat lewensstressors neurogenesis onderdruk. Weiten dui in 'n diagram teorieë aan hoe gedragsaspekte depressie kan veroorsaak (Weiten, 2017:507).



Figuur 21: Gedragsteorieë met betrekking tot depressie (Weiten, 2017:507)

Rehm (1988:143-176) sluit ook aan by Weiten (2017) deur na sosiale vaardighede te verwys. Mense met depressie het verminderde sosiale vaardighede as diegene sonder depressie. Daar is gevind dat persone met depressie in groepsinteraksies as minder sosiaalvaardig ervaar word.

Laastens verwys Rehm (2014:160) ook na Beck se kognitiewe teorie (Beck, 1972). Beck het verwys na kognitiewe karaktereenskappe wat die volgende in sluit – 'n negatiewe siening van self, idee van die wêreld en van die toekoms. Hierdeur ervaar die depressiewe persoon as't ware 'n "georganiseerde stel van depressiewe skemas" wat sy ervarings van die lewe in 'n negatiewe rigting stem (Rehm, 2014:203-204).

In terme van die fokuspunt van hierdie studie sluit die aksente van Beck hierby aan, naamlik dat Pentekostalisme 'n geloofsverklaring is, terwyl depressie 'n selfverklaring is. Pastore wat met depressie worstel verval in 'n negatiewe wêreldbeeld, voel ontoereikend en verwese – des te meer as gevolg van die Pentekostalistiese tradisie se sterk klem op Goddelike inspirasie en uithou vermoë. Pentekostaliste leef in 'n belydenisgemeenskap. Lewe word gespreek, geproklameer en getuig. Dit plaas 'n inherente druk op die pastoor wat God vergestalt terwyl hy/sy in innerlike worsteling struikel en 'n teleurstelling is vir God, sy/haar kontekstuele wêreld en die mate waarmee die pastoor geweeg

word aan sy eie morele kompas. In opsomming meld Rehm (2014:219) dat gedragsteorieë (behaviourisme) se kennis van depressie voortdurend deur die ander studievervelde in die psigologie versterk kan word.

3.3.1.3 Positiewe psigologie


Wissing *et al.* (2020:4) maak die volgende aanname oor positiewe psigologie:

Positive Psychology is an exciting and rapidly developing scientific field that has attracted the attention of many researchers, practitioners, students and consumers from around the globe. Positive psychology as a scientific discipline explores and promotes optimal human functioning.

Die International Positive Psychology Association (IPPA, 2019) wat in 2007 ontstaan het, beskryf positiewe psigologie as 'n wetenskaplike dissipline wat individue en gemeenskappe help om te floreer in hul menswees (Wissing *et al.*, 2020:5). Wissing *et al.* (2020:321) maak die volgende belangrike observasie ten opsigte van positiewe psigologie se bydrae tot godsdiens en spiritualiteit:

Religiosity and spirituality are positively associated with wellbeing. It has been found that religiosity, and spirituality produce well-being through providing such elements as meaning and purpose, social support, choice of healthy lifestyle and intrinsic motivation.

Keyes (2005:538-549) noem dat beide die psigopatologie en psigologie 'n negatiewe korrelasie op die menslike bestaan vestig vanweë beide se uiteenlopende benadering tot die gedagtes oor menslike gedrag. Gevolglik het Keyes 'n model voorgestel om binne die positiewe psigologie 'n gekombineerde dimensie te bewerkstellig om positiewe gesondheid en welstand te bevorder (Wissing *et al.*, 2020:166-167; Carr, 2005:38).



Figuur 22: Keyes se kontinuum model vir geestesgesondheid (Wissing *et al.*, 2020:167)

Empiriese studies gebaseer op die model van Keyes (2005; 2007) het bevind dat respondente wat floreer, nie simptome van depressie ervaar nie, nie angs ervaar nie en ook nie afhanklik is van substansies nie. 'n Hoër lewensverwagting en 'n lewe vry van beperkings word in die vooruitsig gestel. Geesteswelstand het dus 'n verbintenis met biologiese faktore. Wanneer mense floreer in hulleself en in hulle omgewing voel hulle emosioneel gelukkig en het ook 'n positiewe invloed vir die voorkoming van kroniese en kardiovaskulêre siektes (Wissing *et al.*, 2020:169).

Catalino en Fredrickson (2011) het spesifiek navorsing gedoen oor hoe 'n individu sy eie positiewe emosies kan verhoog. Die resultate was soos volg, deur:

- ander te help.
- interaksie met ander mense te hê.
- te speel en te vermaak.
- te leer en nuuskierig te wees.
- spirituele aktiwiteite.
- deur gereeld te oefen (Catalino & Fredrickson, 2011:938-950).



Figuur 23: Die reis van die lewe/life's journey (Outeur se voorstelling)

Deur net op hierdie een model in die positiewe psigologie te let word waargeneem dat spiritualiteit 'n positiewe invloed kan hê op die welstand van die mens. Die anderkant van die muntstuk het dus ook waarde. Indien die belewing van spiritualiteit negatief is, is die teenoorgestelde ook moontlik. Indien 'n klassieke Pentekostalistiese pastoor wat depressie ervaar nie 'n gelukkige welstand ervaar nie, sal dit beide sy persoonlike welstand asook sy sosiale welstand

belemmer. Indien hy/sy nie floreer nie gaan hulle nie hedoniese welstand beleef nie en is die moontlikheid dat hulle sowel in hulle biologiese, asook psigiese gesondheid siek en depressief kan raak.

Egan (2015:5) in sy pragmatiese werk, *The skilled helper*, meld die gevaar van positiewe psigologie deur die handhawing van 'n té simplistiese filosofie in die meting van mense se geluk, hetsy hulle goed of af voel. Wat Egan ervaar het, is dat die meeste kliënte wat hy in sy lewe gesien het nie na hom gekom het omdat hulle met wiskundige probleme sukkel nie, maar omrede hulle worstel met ernstige emosionele trauma. Egan voer aan dat beraders daarop ingestel moet wees om hulle kliënte te help om hulle potensiaal te ontwikkel en vanuit die positiewe psigologie hulle te help om 'n doel vir hulle lewe te bepaal (Egan, 2015:3,5). Doelwitte kan bewerk word deur kliënte te help om:

- nie doelwitte uit te stel nie.
- nie vinnige besluite te neem om hulle doelwitte te bereik nie.
- struikelblokke te identifiseer en innoverend en kreatief te wees om struikelblokke te oorkom.
- hulleself te beloon as hulle doelwitte bereik het.
- 'n aksieplan vir hulleself op te stel waartoe hulle moet verbind (Egan, 2015:296-302).

Ten laaste meld Egan (2015:302) dat selfs in die positiewe psigologie word besef dat sosiale ondersteuning van kardinale belang is om mense te help om vorentoe te beurt (Egan, 2015:296-302):

Social support has ... been examined as a predictor of the course of mental illness. In about 75% of studies with clinically depressed patients social-support factors increased the initial success of treatment gains ...

Een van die uitgangspunte van hierdie studie is om 'n strategie te ontwikkel sodat klassieke Pentekostalistiese kerke meer meelewend in die spirituele versterking van hulle pastore moet wees indien hulle met depressie worstel. Compton (2005:198) vra die vraag, "Waarom is godsdienstigheid in relasie tot welstand?" Hierop antwoord Compton self dat navorsers bevind het dat godsdienstigheid mense se geestelike en fisiese welstand mag bevorder op grond van die ses faktore. Die navorsing is gedoen deur Pargament *et al.* (1998:710-724) en Emmons *et al.* (1999:17-24) waarin ses afleidings gemaak is, naamlik dat godsdiens sosiale ondersteuning voorsien, 'n gesonde lewenstyl promoveer, laat mense integreer met ander mense, vra mense om goed vir ander mense te wees (generatiewe), verskaf "coping" strategieë en gee 'n mens waarde en 'n doel in die lewe.


Compton (2005:199) meld dat mense se gesindheid positief beïnvloed word indien hulle ondersteuning vanuit hulle geloofsgemeenskap ontvang, daarteenoor noem Compton dat 'n bepaalde geloofsoortuiging ook tot interpersoonlike konflik kan lei. Godsdiens is ook die enigste ondersteuningsgroep waar 'n persoon nie net 'n verhouding met die medegelowiges het nie, maar met God self. Hieroor skryf Pollner (1989) dat 'n persoon in hierdie konteks glo dat God enige tyd kan ingryp indien dit nodig is, dat 'n gelowige se selfbeeld groei omrede daar geglo word dat God hulle lief het en dat God altyd teenwoordig is in tye van nood.

3.3.1.3.1 Prioriteite as oplossing vir spanningsvelde in die lewe van die klassieke Pentekostalistiese pastore wat met depressie worstel

'n Hoë spanningsvlak ontstaan waarin die pastoor in 'n klassieke Pentekostalistiese kerk in twee geskeur is, nie net het hy/sy hulle kerk (geloofsoortuigings) gefaal nie, maar hulle het God self gefaal. In antwoord hierop kan die pastorale berader die klassieke Pentekostalistiese pastore wat met depressie worstel (beradene) in die pastoraat help om te prioritiseer. Prioriteite verlig spanningsvelde en kan op 'n eenvoudige manier soos volg onthou word.


- Die duim - God is die mens se eerste prioriteit.
- Wysvinger - Die beradene self is die tweede prioriteit, "jou naaste soos jouself", aandag word aan die beradene as 'n holistiese wese gegee.
- Middelvinger - jou naaste is derde prioriteit, jou vrou of jou man, jou kinders, familie, vriende en gemeentelide.
- Ringvinger - jou werk is jou vierde prioriteit, maar dit is belangrik, want dit verseker gesondheid en finansies.
- Pinkie - jou kerk is jou vyfde prioriteit.

Indien al vyf in die hand op die regte plek op jou vingers is, kry jy "ja" oomblikke, maar as een vinger uit plek is, is die hand gebrekkig en kan nie behoorlik gefunksioneer word nie. Die eerste drie prioriteite is in ooreenstemming met die liefdesgebot, God, jouself en naaste, die ander twee is deur die navorser deur die jare van hulpverlening toegevoeg. So kan 'n ma wat haar kinders eerste stel, of pastore wat hulle kerk eerste stel, 'n wanbalans veroorsaak en dan kan die pastorale berader die beradene help om verstellings te doen.



Figuur 24: 'n Spanningsveld in depressiewe denke (Outeur se voorstelling).

3.3.1.4 'n Samevattende diagram oor die effek van die biologiese, gedragswetenskappe, psigo-analitiese en die positiewe psigologie rakende depressie



Figuur 25: Bio-psigososiale model (Cavanagh & Strauss, 2021:95)

Die onderafdeling oor psigologie en depressie word saamgevat in Figuur 25, 'n diagram van Cavanagh en Strauss (2021:95). Die biologiese, gedragswetenskappe en positiewe psigologie kan in hierdie bio-psigososiale model van depressie waargeneem word.

3.3.2 Sosiologie

In hierdie onderafdeling word gelet op klassieke Pentekostalistiese pastore se sosialisering in hulle unieke leefwêreld. Aandag word gegee aan die volgende:

- Wat is sosiologie en wat beteken sosialisering? (sien 3.3.2.1)
- Godsdien as 'n sosiale wetenskap met die klem op godsdien in Pinksterkerke. Vier modelle word in ag geneem (sien 3.3.2.2)
 - Emile Durkheim (in 3.3.2.2.1)
 - Max Weber (in 3.3.2.2.2)
 - Peter Berger (in 3.3.2.2.3)
 - Allokasie en integrasie (in 3.3.2.2.4)

3.3.2.1 Wat is sosiologie en wat beteken sosialisering⁴?

In kort kan sosiologie as die wetenskaplike studie van die menslike lewe, sosiale groepe, samelewings en die menslike wêreld as sodanig verstaan word (Giddens, 2009:6⁴).

De Klerk en Dreyer (2007:216) bied 'n breedvoerige omskrywing van die sosiologie as 'n wetenskap en noem dat binne die sosiologie die sosialisering van die mens ter sprake kom. Volgens Knutilla (1996:73) is die sosialiseringsproses een van die belangrikste konsepte in die sosiologie. Sosialisering vind plaas deur middel van menslike interaksie (Shaefer & Lamm, 1997:58). Popenoe *et al.* (1998:80) beskryf sosialisering as “*the process of social interaction through which people acquire personality and learn the ways of a society or group*”. In ooreenstemming hiermee, verklaar Calhoun *et al.* (1997:120) sosialisering as die proses waarin 'n individu die houdings, norme en waardes wat van hom/haar verwag word as deel van 'n spesifieke samelewing of sosiale groep, aanleer. Sosialisering is dus 'n noodsaaklike skakel tussen die individu en die sosiale struktuur waarbinne daardie individu leef en dit vind binne 'n bepaalde sosiale sisteem of gemeenskap plaas. Wanneer hierdie definisie van sosialisering op die geloofsgemeenskap (kerk) as sosiale sisteem toegepas word, word die terrein van godsdienstige sosialisering gedefinieer. Van der Ven *et al.* (1997:867) beskryf hierdie proses as “... religious socialization refers to the transfer of religious values and norms by one generation to the next.” Sosialisering is dus nie 'n eenrigtingproses nie. Schaefer en Lamm (1997:73) beskryf dit as omgekeerde (of wedersydse) sosialisering – die proses waar die mense wat gesosialiseer word terselfdetyd die sosialiseerder sosialiseer. Uiteraard is die geloofsgemeenskap die ruimte waarbinne godsdienstige sosialisering plaasvind (De Klerk & Dreyer, 2007:215).

Die doel van hierdie pastorale studie is om klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te versterk te midde van depressie. Sosialisering vir klassieke Pentekostalistiese pastore vind plaas binne 'n Pinkster-georiënteerde geloofsgemeenskap en die godsdienstige sosialisering is waar interaksie tussen God en mens en ander gelowiges plaasvind deur die inwerking van die Heilige Gees in die leefwêreld van die pastoor. Die pastore in hierdie leefwêreld bevind hulleself in 'n unieke godsdienstige ruimte. Depressie was nog altyd gesien as 'n taboe met die stelling dat 'n Geesvervulde geloofsgemeenskap geïsoleer is van alle moontlike aanslae van die Duiwel waaronder depressie as so 'n aanslag beskou word. Sosialisering, soos verstaan deur die sosiologie, vra begrip dat die mens as 'n sosiale wese graag deel van 'n groep wil wees. Bogenoemde bespreking vra dan die volgende vraag: hoe lyk godsdiens vir die sosiale wetenskap en in besonder vir die Pinkster-georiënteerde kerk?

⁴ Die navorser het in 2014 navorsing gedoen oor die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting van God en mens in die erediens (liturgiek) vanuit die klassieke pentekostalistiese perspektief. Du Preez (2014:185) het aangedui dat drie ontmoetings in 'n erediens plaasvind, God na mens, dit is die verkondiging van die Woord; mens na God, dit is die lofprysing; en laastens mens na mens, wat ook die pastoraat insluit. Omdat daar raakvlakke van die navorser se vorige studies (2006) in homiletiek en (2014) in liturgiek is wat die sosiologie en kommunikasie aanbetref, word van die data hier geïnterpreteer met die oogmerke van hierdie pastorale studie in gedagte.

3.3.2.2 Godsdien as 'n sosiale wetenskap: Godsdien in Pinksterkerke – drie modelle

Die bestudering van godsdien as 'n sosiale wetenskap het in die laat 19de eeu begin (Calhoun *et al.*, 2005:284). Die rede daarvoor is dat sosioloë al meer daarvan oortuig was dat godsdien 'n sentrale posisie in sosiologie inneem. Godsdien verwys na daardie prosesse en instellings wat 'n bydrae tot die sosiale wêreld maak deur die intellek en wat individue aanmekeer verbind deur 'n outoritêre sosiale orde (Calhoun *et al.*, 2005:284). Die pentekostalisme kan beslis ook uit die oogpunt van hierdie omskrywing verstaan word. Emile Durkheim en Max Weber het die grondwerk gedoen in die bestudering van godsdien volgens die sosiale wetenskappe met besondere klem op die begrippe “gewyde” en “charisma” (Du Preez, 2014:126).

3.3.2.2.1 Emile Durkheim

Emile Durkheim⁵ het sosiologiese ontledings van maatskaplike verskynsels op samelewingsvlak gemaak en daaruit bepaalde insigte van groepsgedrag ontwikkel wat belangrik vir die sosiologiese beskouing is. Durkheim verklaar dat godsdien uit die oogpunt van die solidariteit wat in 'n bepaalde samelewing voorkom, ontstaan het (Steyn & Uys, 1988:32). Gevolglik het Durkheim (1961:20) geglo dat die sosiologie se taak is om die altyd teenwoordige oorsake waarvan godsdien vir die verdere voortbestaan afhanklik is, te bepaal. Verder het Durkheim waarde tot godsdien toegevoeg deur die volgende aspekte te beklemtoon (Calhoun *et al.*, 2005:286-288):

- Godsdien word verstaan as 'n sisteem van geloof en praktiese aspekte wat verband hou met heilige sake. Hierdie heilige sake is in so 'n mate belangrik dat dit eenkant geplaas word. Dit vorm 'n sisteem waardeur geloof en praktiese aspekte tot 'n morele gemeenskap (oftewel 'n kerk) unifiseer word.
- Godsdien word verder as 'n kollektiewe klassifikasie van realiteit verstaan. Dit impliseer dat godsdien spesiale kennis impliseer wat by die kollektiewe gebruike ingesluit word en met emosies bekragtig word.
- Hierdie klassifikasiesisteem vir die sosiologie word as die basis vir godsdien as 'n samelewingsaktiwiteit, gesien. Binne godsdien word realiteit eenvoudig as heilig of onheilig geklassifiseer. Pentekostalisme sluit by hierdie besondere aspek aan. Voortdurende klassifisering binne die godsdienbeweging is uiters noodsaaklik om in verhouding met die Here te groei. Voorts is daar die doping met die Heilige Gees, die aanvangbewys hiervan is die spreek in vreemde tale (vgl. Burger, 2008:4). Volgelinge in hierdie beweging kan ook geklassifiseer word of hulle die doping met die Heilige Gees deelagtig geword het, al dan nie (Du Preez, 2014:127).

3.3.2.2.2 Max Weber⁶

Beide sosiologie en godsdien is deur modernisme beïnvloed. Binne die modernisme is drie kardinale konsepte aan godsdien gekoppel, naamlik die invloed van godsdien op die ekonomie, die politiek soos demokrasie en kulturele

⁵ Emile Durkheim (1858-1917) word beskou as een van die vaders van die formulering van sosiologie as 'n vakgebied.

⁶ Max Weber (1864-1920) was 'n Duitse sosioloog wat saam met Emile Durkheim as een van die vaders van die formulering van die moderne sosiologie is. Weber se bekendste werk is “The Protestant Ethic and the Spirit of

ontwikkeling (Calhoun *et al.*, 2005:288). Weber⁶ het 'n groot rol gespeel in die bestudering van ekonomiese en politieke etos binne die verskillende godsdienste van die wêreld.

Weber het van die standpunt uitgegaan dat die Westerse instellings se waardesisteme selfvernietigend is. Hierdie waardesisteme is deur godsdiens aangespreek deurdat die kerk 'n publieke plek gestig het waar konsepte soos geregtigheid, gelykheid en broederskap ontwikkel. Dit het ook die ekonomie en politiek gestimuleer (Calhoun *et al.*, 2005:289; Giddens, 2009:679). Skematies kan Weber se teorie soos volg uiteengesit word.



Figuur 26: Sosiologie en godsdiens (Du Preez, 2014:127)

Weber beklemtoon dat godsdiens 'n kardinale rol in die handhawing van balans in 'n samelewing speel. Die kerk as 'n publieke plek kweek 'n ingesteldheid van verwagting en hoop onder die mense wat deur die ekonomie en politiek benadeel word. Pentekostalisme lê nie net klem op 'n Bybelse waardesisteme nie. Dit onderskryf dat God self by die mens betrokke raak deurdat die mens sy teenwoordigheid ervaar deur die plek wat die Heilige Gees in die lewe van die gemeente (geloofsgemeenskap) inneem. Weber (1974:241) neem bogenoemde nog verder deur na die begrip *charismata* te verwys. Volgens Weber dui *charismata* op die buitengewone vermoë wat in 'n individu teenwoordig is, sodat hierdie individu toegerus is met bonatuurlike en besondere kragte en kwaliteite.

Die gedagte dat die stratifikasie van godsdienstige charisma die fondasie van wêreldgodsdienste is, is die kern van Weber se godsdiens van sosiologie. So sien Weber dat Christus die leierskap van die Christelike kerk oorgedra het aan die kerk self. Christus se charisma word dus telkens deur die nuwe kerkleiers ingeneem wat 'n basis vorm waarbinne godsdiens in bepaalde samelewing toegepas word. Binne die raamwerk van die

⁶Capitalism". Hierin het Weber geargumenteer dat godsdienstige waardes in 'n samelewing kapitalisme help vorm het.

pinkstergeloofsgemeenskap word die kerkleier nog altyd as die gesalfde van God gesien en met baie bewondering bejeën. Hierdie aspek het egter tot menige afsplintering binne die beweging gelei.

'n Laaste baie belangrike aspek van Weber waarna verwys moet word, is dat Weber 'n ruiltransaksie in godsdien geïdentifiseer het (Calhoun *et al.*, 2005:290). In ruil vir die kerkleier se charismatiese geskenke (profesie, visioene en genesings) het hy iets van die kerk terugontvang (geld, kos en beskerming). Hierdie aspek van Weber se Godsdien van Sosiologie is nog altyd deur die eeue in die pinkstergeloofsgemeenskap opgeneem. Vervolgens word aangesluit by skrifgedeeltes soos Galasiërs 6:6: "Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee."

Weber se sienswyse het groot aanklank in die evangeliese revolusie van die 18de eeu gevind. Dit het godsdien na die wyer publiek geneem. Verder het dit ook polities 'n groot impak op regeringsveranderinge gehad (Du Preez, 2014:128).

Weber se model plaas besondere druk op die pastoor as die "man van God" wat 'n spesiale roeping ontvang het en met charismatiese gawes toegerus is om die lidmaat wat na hom/haar opkyk "goddelike antwoorde" op hulle lewensvrae gee. Wat gebeur as hierdie man van God struikel, hetsy depressie, buite-egtelike verhoudings, ens. Die Pinkster-georiënteerde kerke is ongenaakbaar in die bedryf van godsdien, die lyne vir sonde pleeg is fyn en die pastoor verkeer onder geweldige spanning om voortdurend aan die standaard van die geloofsgemeenskap te voldoen.


3.3.2.2.3 Peter Berger

'n Laaste konsep wat binne die godsdien van sosiologie bespreek word, is die idee wat Peter Berger⁷ ontwikkel het. Dit staan bekend as die "geestelike supermark" (Turner 2005:292; Roof, 1999:20). Berger beweer dat daar in 'n bepaalde samelewing soveel godsdien moontlikhede bestaan, dat individue by verskillende kerke "inkopies" kan doen ten einde al hulle geestelike behoeftes te bevredig. In hierdie geestelike markplein onderskei Berger vyf subkulture, naamlik:

- dogmatiese aanhangers (tradisionele kerkgangers).
- hoofstroomgelowiges.
- wedergebore Christene (pentekostaliste en charismate).
- soekers (wat 'n geestelike mark soek).
- sekulariste (kerkloos).

⁷ Peter Berger (1929-2017) was 'n baanbreker om die verband tussen kontemporere sosiologie en teologie in die samelewing kollektief te laat funksioneer.

Hierdie model is veral insiggewend betreffende die feit dat binne die raamwerk van die Pentekostalisme en Charismatiese markplein hierdie bewegings hulle eie subkulture kan ontwikkel. Sien Figuur 27 vir skematiese toeligting.




Figuur 27: Peter Berger se Geestelike supermark (Du Preez, 2014:129)

Hierdie aspekte wat Berger uitlig vind ook plaas in die bediening van Pentekostalistiese kerke se beradingskantoor. Belewens staan sentraal en so kan 'n persoon wat met depressie sukkel van die een na die ander pinksterkerk beweeg om 'n kragtige ontmoeting met God te kry of totdat die "demoon" uitgedryf is.

Binne die pinkster- en charismatiese "geestelike supermark" is die individu op soek na ontmoeting met die belewering van God. Indien 'n besondere geestelike behoefte nie meer deur 'n spesifieke kerk aangespreek word nie, kan die tentpenne eenvoudig uitgetrek word en na 'n ander plek "waar God hulle dan ook al stuur" aanbeweeg word. Binne hierdie gedagte is daar voortdurend in- en uittrek van individue wat "nomade" word omrede hulle na 'n nuwe ontmoeting met God opsoek is wat tot ongesonde wedywing lei.

Hoofstuk 2 het daarop gewys dat Allen (2018) in haar studie aangedui het dat die erediens in 'n Pentekostalistiese opset groot terapeutiese waarde het vir die depressielyer. Die navorser het in vorige navorsing (2014) aangedui dat in Pentekostalistiese eredienste die ontmoeting met God dinamies, belewend en sentraal staan. Die lidmaat is soekend na God en die *charismata* van die erediens bewerk die ontmoeting.

'n Volgende vraag volgens Berger se konsep is, kan daar 'n verband wees tussen wat gebeur in 'n pentekostalistiese erediens en wat 'n pastorale berader beleef in die pastoraat:



Figuur 28: 'n Erediens in die pastoraat vind plaas (Outeur se voorstelling).

'n Paar observasies rakende Figuur 28:

- Die skrifbeginsel wat gehandhaaf word is 1 Korinthiërs 3:16 (2020 vertaling). “Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is, en dat die Gees van God in julle woon nie.”
- Die Gees van die Here is aan ons gegee as belofte deur Jesus self in Lukas 24:49. Jesus verwys na die Heilige Gees volgens Johannes as die “Parakleet” wat vir ewig by en in ons woon (Jhn 14:23).
- Sodra die pastorale berader en die beradende in die pastoraat ontmoet vind 'n erediens in klein plaas vanuit elkeen se interne “*sanctuary*” (tempel).
- In hierdie erediens werk die Heilige Gees op 'n bonatuurlike wyse vanuit beide se tempel om 'n dinamiese ontmoeting met God te bewerkstellig.
- Genesing, wonderwerke, tale, uitleg van tale, profesie, 'n woord van wysheid en kennis kan deur die Heilige Gees gebruik word om 'n belewenis van God se teenwoordigheid te bewerk.
- Beide die berader en beradene is gevul met God se inisiatief deur die inwoning van die Heilige Gees in die bewerking van die oplossing.

Auto-etnografiese inset

As pastoor het ek met groot verwagting uitgesien na elke erediens om in lofprysing en aanbidding my depressie voor God te lê. Ek het al vier van Berger se konsepte in erediens beleef. “Omval in die Gees” met baie trane, kniel, huil, woorde van profesieë is saam met tale en uitleg van tale demonstratief beoefen. Ek het God gepleit om erediens na erediens ‘n “Woord” van ‘n ander lidmaat te kry dat God weet van my, en my gaan help.

Ek het ook van een senior pastoor na ‘n ander gereis om deur salwing en handopleggings van die depressie ontslae te raak. Die duiwel is gejaag, sy mag was verbreek en sy werk was belet in my lewe.

Hoe kon ek vergeet dat ek deur een senior pastoor wat “apostel” genoem wou word, gevra is om sy kantoor en kerkgronde te verlaat omrede hy nie ‘n negatiewe gees in sy kerk sal toelaat nie. Ek het in my motor gehuil terwyl my vrou my troos, ek het nie in hierdie groep “Geesvervuldes” behoort nie, God het my geweeg en te lig bevind, van daardie oomblik af het ek nooit weer in my Pinksterhuis met iemand oor my depressie gedeel nie.

3.3.2.3 Allokasie en Interaksie

’n Laaste aspek van die sosiologie wat aandag moet geniet word deur Steyn en Uys (1988:134-135) toegelig. Die vloei van kommunikasie is onontbeerlik vir die ontwikkeling van ‘n groep. Daar word ook ‘n stel gemeenskaplike simbole gebruik in die groep om die boodskap oor te dra. Daar vind allokasie plaas. Dit beteken dat verskillende funksies of take aan verskillende persone toegesê word. Dit laat die ontwikkeling van rolle in die groep ontstaan. Die verskillende take word gekoördineer om die groepsdoel in geheel te onderskryf sodat die groepslede op ‘n gemeenskaplike wyse geïntegreer word. Skematies word hierdie korrelasie in Figuur 29 voorgestel.



Figuur 29: Koördinasiemodel van take in 'n groep (Steyn & Uys, 1988:134)

Die gedagte van allokasie en integrasie word sterk binne die skriftuurlike raamwerk van die Pinksterbeweging bekragtig. Gedeeltes soos 1 Korinthiërs 12 en Efesiërs 4 het 'n baie spesiale plek in die kerk as die liggaam van Christus. In 1 Korinthiërs 12 verwys Paulus onder andere na die eenheid van die liggaam en die verskeidenheid van lede. Efesiërs 4 handel oor die eenheid van die geloof wat aan die lede van die godsdiensgroep 'n besondere plek gee. Die kerk word as die liggaam van Christus gesien, waarvan Christus die hoof is en dat elke lid van die liggaam funksioneel en nie posisioneel aan die kerk behoort. Om hierdie rede dien die lede mekaar en sal die kerk weer met die wederkoms ten volle geïntegreer word (Du Preez, 2014:133).

Aan die hoof van hierdie allokasie en integrasie staan die pastoor, nie net as die pastoor in klassieke Pentekostalistiese kerke aan die hoof van die sosiale groep nie maar word daar ook van hom/haar verwag om as die “stem van God” die gemeente te lei. Alles in 'n Pentekostalistiese geloofsgemeenskap staan en val op die pastoor as die geroepene van God. Die pastoor word gesien as 'n persoon van beginsel wat in die bres tree vir elkeen oor wie God hulle oor aangestel het. Die norm in 'n Pentekostalistiese gemeenskap is die Woord van God. Die Woord van God word geïnspireer deur die Heilige Gees en die pastoor toon die visie of rigting aan waarin God aan hom openbaar die gemeente moet beweeg.

Deur die verloop van die geskiedenis is die standpunt gehuldig dat Pentekostalisme 'n baie losse, informele beweging is waar daar nie sterk reëls en riglyne gevolg word nie. Dit is egter nie 'n argument wat grondig is nie en bewyse bestaan dat Pentekostalisme nog altyd op sterk bybelse en groepnorme gebaseer is en daarvolgens funksioneer. Steyn en Uys (1988:135) omskryf 'n norm as 'n gedragsreël wat bepaalde gedrag in 'n groep of ander kollektiwiteit voorskryf, toelaat of verbied. 'n Norm spesifiseer dus die inhoud en/of vorm van die gedrag wat algemeen van die lede in die groep verwag word. Gevolglik help norme met:

- Die ontwikkeling en aanvaarding van fundamentele waardes en doelstellings van die groep.
- Die ontwikkeling van gedrag vir die bereiking van groepsdoelstellings (Steyn & Uys, 1988:135).

Uit die oogpunt van bogenoemde omskrywing van 'n norm binne die sosiologie, het daar met verloop van tyd bepaalde norms 'n monumentale plek in die Pinkstertradisie ingeneem. 'n Paar van hierdie norme is:

- Bekering.
- Doop met die Heilige Gees.
- Onderdompeling.
- Glo in die wegraping voor die wederkoms van Christus.
- Die aflê van sondige gewoontes.
- Goddelike genesing.

Hierdie norme noop die lede van die groep om hulle gedrag ooreenkomstig te kondoneer. Daar word selfs druk op die lede van die groep uitgeoefen om te konformeer. Hierdie druk mag baie subtiel van aard wees en selfs 'n persoon se bewustheid dat sy mening van die meerderheid verskil, mag so 'n persoon onder druk plaas om volgens die meerderheidsiening te konformeer (Steyn & Uys, 1988:142).

Groepsdruk en konformering speel veral ten opsigte van beoefenaars van die tradisionele Pentekostalisme 'n belangrike rol. Die Bybel word as die mees belangrike norm daargestel en bepaalde gedrag word eenvoudig vereis. Druk tot bepaalde gedrag behels:

- Die druk om sondige gewoontes te laat vaar.
- Die druk om in tale te praat sodat die doping met die krag van die Heilige Gees ervaar mag word.
- Druk om te glo dat siekte deur sonde veroorsaak is of selfs dat siekte, soos depressie self sonde is.
- Heiligmaking.
- Getuienis van 'n persoonlike ontmoeting met God.
- 'n Persoon spesiaal is en bv. gedwing kan word om in die openbaar te getuig al is dit nie 'n persoon se geaardheid nie.

Uit 'n sosialiseringsoogpunt word hierdie druk vir sommige ondersteuners van hierdie beweging te veel en vind daar gereelde terugvallings plaas. Hierdie terugval vind gestalte deur persone wat eenvoudig nie glo dat hulle goed genoeg vir God is nie, of 'n ander gemeente word opgesoek, of hulle wil nie meer aan enige kerk behoort nie (Du Preez, 2014:134).

Auto-etnografiese inset


Ek het na 14 jaar in die voltydse bediening in 'n klassieke Pentekostalistiese kerk besluit om die tuig neer te lê. Is ek steeds pentekostalisties? Sonder enige twyfel. Lê die fout vir my bedanking by myself of in die kerk? Sonder twyfel nie by een nie. 'n Dierbare mentor in my Pentekostalistiese familie het eendag aan my genoem, alles wat jy preek moet jy glo. Anders maak jy die Heilige Gees 'n leuenaar. Hoe kan ek alloseer of integreer indien ekself nie aan die Pinkster sosialiseringmaatstaf voldoen nie? Dit is belangrik om te behoort, dit is belangrik om aanvaar te word. Depressie het my in so mate geïsoleer dat ek 'n nuwe "pad in die woestyn" moes vind. P.D. le Roux het 'n boek geskryf getiteld *Bevryding van Vrees*. In sy hoofstuk oor angs en depressie het hy geskryf dat indien een dan wil vrees moet een eerder die Here vrees. Ek was bang, verward en het gevoel soos 'n huigelaar, met die gedagte dat wanneer ek genees is van depressie, ek weer waardig geag sou wees om vir die Here te werk.

'n Laaste woord in die sosiologie waarin daar net aan 'n paar woorde aandag gegee word, is kohesie. Binne die sosiologie staan groepskohesie ten nouste in verband met die mate waartoe 'n aantal persone in 'n eenheid saamgebind word. Kohesie definieer die graad waartoe daar wel groepsvorming tussen 'n aantal persone kan wees. Sonder kohesie is daar dus nie eenheid in 'n groep nie (Steyn & Uys, 1988:153).



Figuur 30: Kohesie in 'n groep (Steyn & Uys, 1988:153)


'n Vraag wat hierop kan volg is, wanneer het 'n groep bestaansreg?



Figuur 31: Wanneer het 'n groep bestaansreg? (Du Preez, 2014:135)

Pentekostalistiese kerke evangeliseer. Lidmaatskap in klassieke Pentekostalistiese kerke word bewerk deur bekering, doop (*baptizo*), deelname aan die aktiwiteite van die gemeente en dissipelskap. Tog moet Pentekostalistiese kerke ernstig besin oor kohesie omrede onderlinge afsplintering en verdeeldheid 'n bestaande negatiewe eienskap van die kerke is.

Kohesie is egter nog altyd 'n probleem en uitdaging. Lidmaatskap en deelname word aangemoedig en tog is daar nie groot geborgenheid nie. Die rede vir die gebrek aan geborgenheid kan toegeskryf word aan individue wat in staat is om vinnig te kan aanbeweeg indien hulle geestelike behoeftes nie vervul word of hulle deelname erken word nie. *Koinonia* is 'n sentrale woord in die Pinksterbeweging wat eenheid, broederskap en familie aandui en bevestig. In die beweging self word daar heel dikwels van "koinonitis" gepraat. Onderlinge jaloerie en tweespalt veroorsaak dikwels verdeeldheid. Die verdeeldheid lei tot skeuring wat algemeen voorkom, selfs by die groter makrogemeentes. Binne die Pinksterraamwerk met sy nimmereindigende groei is daar sterk kompetisie en wedywing. Dit lei daartoe dat eenheid dikwels gepreek word, maar nie ervaar word nie. *Koinonitis* verwys juis na die begeerte om nuwe lede te verwelkom, maar sodra die lede inskakel word daar 'n gevoel van onhuislikheid geskep omrede daar 'n onderlinge vrees is dat hulle "spesiale plek" in die kerklike opset deur die nuwe lede ingeneem mag word – dieselfde reëls geld vir pastore binne hierdie kerke. Daar is voortdurende wedywing en soms word die idee geskep "dat daar iets gesoek word om oor te gesels" wat 'n medebedienaar betref. Depressie veroorsaak 'n gesprek in die raadsale van klassieke Pentekostalistiese kerke (Du Preez, 2014:135).



Figuur 32: Eenheid en verdeeldheid as temas in die boek van Galasiërs (Du Preez, 2014:136)

Paulus was in die skrywe aan die Galasiërs bewus van hierdie probleem en spreek dit aan. Die sosiologie probeer ook 'n bydrae maak om groepskohesie te bewerkstellig. Die volgende aspekte word vervolgens genoem ten einde kohesie te bevorder en te bewerk:

- Deur groepsnorme in te stel om te konformeer sodat 'n groepsgevoel bewerk kan word.
- Om tydens die inisiasieproses die nuwe lede in so mate deel van die groep te maak dat hulle nie in die toekoms bedreig sal voel deur enige veranderings nie.
- Om 'n prestige-sisteem binne die groep te ontwikkel waarbinne bevordering in die groep moontlik is.
- Leer die lede om mekaar te aanvaar al is daar verskille. Die krag van eenheid is juis gesetel in diversiteit (vgl. 1 Kor.12:12-31).
- Aansporing om hulle volle potensiaal in die groep te bereik. Soos Mol (2012:225) tereg noem is motivering iets wat sonder verpligting gegee word.
- 'n Duidelike visie wat effektiewe kommunikasie behels.
- Betrokkenheid en interaksie om 'n groepsgevoel tot stand te bring.

Kohesie kan bevorder word deur melding te maak dat pastore 'n ondersteuningsprogram tot hulle beskikking het indien hulle worstel met gemoedstoestandversteuring, so 'n bywerking word bevestig deur die aannames wat met die destruktiewe empiriese navorsing bereik is.


3.3.3 Antropologie

In hoofstuk 1 is daar reeds melding gemaak dat antropologie 'n brug kan bou vir pastore van die klassieke Pentekostalistiese kerke wat worstel met depressie. Antropologie kan verstaan word as die studie van die kultuur van groepe mense. Louw (1993:93) beklemtoon die rol van antropologie soos volg: "n Pastorale teologie sonder 'n

duidelike omlynde teologiese antropologie loop gevaar om 'doketies' te raak, dit wil sê lewensvreemd te raak en nie met die konkrete mens in sy historiese konteks rekening te hou nie." Osmer (2008:8) reken ook dat antropologie 'n belangrike bydrae tot prakties teologiese interpretasie lewer. Klassieke pentekostalisme is bekend vir 'n ekumeniese karakter deur 'n unieke kerkgeskiedenis. Stinger (2005:234) het aangedui dat die antropologie 'n baie belangrike bydrae kan lewer tot die navorsing van die Pentekostalistiese tradisie. So kan een groep mense in voorvadergeeste glo en 'n ander nie (selfs in Pentekostalistiese kerke [in sekere kultuurgroepe] is daar diegene wat steeds glo in voorvadergeeste). In die klassieke Pentekostalistiese kultuur is depressie nog altyd gesien as 'n aanslag van die bose. Handler (2004:3-5) het aangedui, deur inligting te versamel deur observasie en onderhoud, dat die volgende aspekte in die antropologie ook van belang is:

- Die wyse waarop die groep mense in 'n bepaalde omgewing aanpas.
- Die wyse waarop groepe hulle gemeenskap organiseer en inrig.
- Die gemeenskaplike waardesisteem wat deur die groepe ingestel, en met verloop van tyd, ontwikkel word.

Tot dusver kan die afleiding gemaak word, dat die psigologie, fisiologie, neurologie en psigiatrie aangedui het dat die wetenskaplike mediese kennis oor depressie konstant evolueer. Hierdie standpunt laat die vraag ontstaan of die tradisionele pentekostalistiese siening oor depressie hersien behoort te word in die lig van hedendaagse mediese navorsing.



Figuur 33: Antropologie bou 'n brug na wedersydse verstaan deur aanpassing en ontwikkeling (Outeur se voorstelling).

Met inagneming van wat Stinger (2005) en Handler (2004) oor antropologie te sê het, is dit haalbaar dat antropologie 'n bydrae kan lewer om 'n brug tussen historiese, kulturele kontekste en hedendaagse ontdekkings te fasiliteer. Antropologie is veelvormig en as 'n studieveld het antropologie die kapasiteit om histories-kulturele waardes te laat aanpas in 'n huidige konteks sonder om die historiese waarde van 'n groep mense te verydel.

Vervolgens word daar oorsigtelik gekyk na die artikel van Jan-Albert van den Bergh getiteld: "An Anthropology of Singularity? Pastoral Perspectives for an embodied Spirituality in the *Annus virtualis* and Beyond". In hierdie artikel is dit asof Van den Berg (2012:429-440) in die toekoms kan insien en na die rol van kunsmatige intelligensie oor die aard van menswees dink. Van den Bergh (2012:435) vra wat sê rekenaars vir ons oor ons vermoë tot spiritualiteit. Russell (2005:338-339) vra of die vooruitgang in kunsmatige intelligensie ons enigsins iets sê oor die aard van menswees? Een manier om hierop te reageer is deur te vra of beliggaming die verskil maak tussen menslike intelligensie en

rekenaar intelligensie? Van den Bergh (2012:435) bespreek hierdie vraag breedvoering deur na 'n antropologie van singulariteit te verwys en pastorale perspektiewe te ondersoek in die *Annus virtualis* en verder. Van den Bergh (2012:437) skryf dat dit wil voorkom asof die tradisionele antropologiese verstaan van wat dit beteken om mens te wees, herbesoek en aangepas moet word in die lig van tegnologiese vooruitgang op verskeie vlakke. Hierdie uitdaging neem voortdurend toe, gegewe die vinnige tegnologiese ontwikkeling en implikasies vir die identiteit van die mensdom (Van den Bergh, 2012: 437). Van den Bergh (2023:437) reken dat die *Annus virtualis* (en verder) ons nie net konfronteer met die vraag wat dit beteken om mens te wees nie, maar ook hoe om te reageer met betrekking tot 'n relevante pastorale verstaan van antropologie. 'n Herwaardering van 'n moontlike meer ruim pastorale antropologie en spiritualiteit in die *Annus virtualis* en verder, noodsaak om "'n veilige soort epistemologiese ruimte" te betree om buite die bespreking en grense van ons eie godsdienstige en vakdissiplinêre kontekste op te tree" (Van Huysteen, 1998:162).

'n Pastorale antropologie kyk na die vorming van 'n spesifieke siening van mense in hulle sosiale verhoudinge en kontekste van die "evolusie van die siel" en die "evolusie van die vermoë tot spiritualiteit" (Russell, 2005:337-338). Wat is die mens se konteks binne 'n virtuele wêreld en verder? (van den Bergh, 2012:435). Van den Bergh se artikel is kontroversieel en die praktiese teoloog word uitgedaag om te begryp dat Godsbeelde verander soos die begrip van die mens as beeld van God verander (van den Bergh, 2012:435). Van den Bergh hou voor dat wat verstaan word onder 'n "beliggaamde siel" heroorweeg moet word. Twee unieke woordskrywings word voorgehou:

- "n Beliggaamde siel" – in hierdie opsig vereis 'n antropologie/spiritualiteit dat 'n spesifieke Godsbeeld 'n nuwe identiteit vorm. Elaine Graham (1999:419) skets nuwe horisonne van posthumanisme. Sy noem dat nuwe digitale en biogenetiese tegnologieë in die vorm van media 'n "postmenslike" toekoms inlei waarin die grense tussen menslikheid, tegnologie en natuur selfs meer plooibaar word. Dit is dus verstaanbaar dat die ontwikkeling van die wetenskap 'n wedersydse invloed tussen die beskrywing van God, beelde en antropologie beskrywings in ag moet neem (Webster, 2003:219-234; Soskice, 2001).
- "n Beliggaamde siel" – antropologie en spiritualiteit erken netwerkverhoudings. Van den Bergh (2012:435) observeer dat dit aanneemlik is dat 'n pastorale "beliggaamde siel" binne antropologiese denke ook spesifieke klem moet lê op die mens as 'n relasionele wese, omdat "ons liggame" die moontlikheid tot interaksie met mekaar in hierdie wêreld of enige ander skep (Murphy, 2006:140).

'n Belangrike gevolgtrekking van Van den Bergh (2012:436) is soos volg:

In these perspectives, the accent falls on incarnating and moulding a particular view of human beings and their social relationships and contexts within a virtual world and beyond, asking questions about the "evolution of the soul" and the "evolution of the capacity for spirituality."

Die implikasie hiervan in 'n moontlike beskrywing van 'n pastorale antropologie is dus dat liggaamlikheid "ons konfronteer met die realiteit van kwesbaarheid en lyding" en dat hierdie kwesbaarheid diep ingebed is in ons liggaamlike bestaan (Van Huyssteen, 1998:320). Van der Bergh (2012:431) vra by implikasie van hierdie woordskrywings en aksente of daar 'n herwaardering en herformulering van singulariteit, as deel van die *Annus*

virtualis en die moontlikheid dat daar 'n oorgang van *Homo sapiens* na *postbiologiese homo cyberneticus* voorsien kan word (Graham, 2002:9).

Binne die antropologie is die mens histories, 'n sosiale en kultuur wese. By implikasie kry die mens ook nou 'n nuwe toevoeging, naamlik "netwerkmens". Die mens word dus voortaan verstaan vanuit sy geskiedenis, sosiale agtergrond, besondere kultuur en nou ook netwerk verwysing.

Met die navorser se gesprekke ter voorbereiding vir die empiriese navorsing is hy spesifiek gevra oor hoe kunsmatige intelligensie (KI) die kerk se verstaan van sake soos depressie gaan verwoord? Hierdie vraag het die navorser laat nadink dat "iets" hieroor geskryf moet word omrede die pastorale berader nie geïsoleer is in die soektog na hulpverlening aan depressie lyers nie. Sonder enige twyfel is klassieke Pentekostalistiese pastore net soos ander mense netwerkgerig. In hierdie netwerk word inligting vinnig bekom oor enige aspek van enige onderwerp en is inligting voortdurend aan die ontwikkel. Netwerke maak ook die uitkomst van hierdie studie haalbaar, sonder enige twyfel ook die toepassing van kunsmatige intelligensie in die soeke na antwoorde op die vrae van die mens in sy "*sitz im leben*".

3.3.3.4 Kommunikasiekunde

In hierdie afdeling word op toepaslike gegewens aangaande die tema van hierdie studie vanuit kommunikasiekunde gefokus (Du Preez, 2006:49-54; 2014:137-140) met spesifieke verwysing na die pastorale gesprek wat tussen die pastorale berader en beradene plaasvind.

3.3.3.4.1 Omskrywing en definiëring van kommunikasie

Litfin (1981:16) meen dat effektiewe kommunikasie nie net vir Christene noodsaaklik is nie, maar vir alle mense in alle situasies. Vanuit 'n pragmatiese vertrekpunt, moet alle lede van 'n gemeenskap met mekaar oor die weg kan kom en effektiewe kommunikasie is die beste instrument hiertoe.


Plug *et al.* (1986:183) stel dat kommunikasie die oordra van inligting van een organisme na 'n ander impliseer. Hierdie kommunikasie geskied deur middel van een of ander simbool- of tekenstelsel, byvoorbeeld deur spraak of gebaretaal. Louw (1986:592) benadruk dat kommunikasie van so 'n aard moet wees dat dit 'n persoon se aandag trek en boei. Dingemans (1991:137-138) wys op twee kommunikasieterreine, naamlik massakommunikasie waar een spreker baie mense tegelyk toespreek of waar mense deur die massamedia bereik kan word. Die ander vorm van kommunikasie is persoonlike kommunikasie wat een-tot-een-kommunikasie impliseer en slegs in klein groepies kan plaasvind.

Bang (2004:122) stel dat kommunikasie 'n gesprekstransaksie tussen 'n sender en ontvanger is. Hierdie gesprekssooreenkoms kan nie staties wees of verstaan word uit die oogpunt van 'n individuele handeling nie. In wese moet kommunikasie as dialoog gesien word. Vir Beebe (2005:6) dien kommunikasie as sinsontsluiting. Menslike kommunikasie is die proses om sin te maak van die wêreld en daardie singewing met ander mense te deel deur betekenis te skep. Hierdie betekenis skepping word deur die gebruik van verbale en nieverbale boodskappe bewerkstellig.

In sy eenvoudigste vorm is kommunikasie 'n proses of 'n handeling wat tussen verskillende mense plaasvind (Marais & Nieuwmeijer, 1989:6). Bennis *et al.* (1968:111) beklemtoon die interpersoonlike verhoudinge wat met kommunikasie plaasvind, “*Almost any change in behaviour, beliefs, attributes and values is mediated by interpersonal relationships of one kind or another*”. Kommunikasie probeer in enige vorm 'n ontmoeting tussen twee of meer persone bewerkstellig. Adams en Gadaness (2003:50) bevestig hierdie aspek deur te verklaar dat kommunikasie na mense se persepsies, interpretasies en reaksies op tekens wat deur ander mense geproduseer is, verwys.

Vir Adams en Gadaness (2003:50-55) is daar ses karaktertrekke wat aan kommunikasie gekoppel kan word, naamlik:

- Simbole – Verteenwoordig aspekte wat nou verband hou met die aspek wat werklik gekommunikeer kan word.
- Proses – Alles wat kommunikasie behels soos die bron, sein en ontvanger.
- Persoonlik – Die persone wat kommunikeer is persoonlik betrokke.
- Multidimensioneel – Kommunikasie kan gelyktydig deur meer as een bron plaasvind.
- Daar is altyd 'n sender en ontvanger.
- Enige kommunikasie het inhoud.



Figuur 34: Wisselwerking tussen ontmoeting en kommunikasie (Adams & Gadaness, 2003:50)

Hierdie wisselwerking bewerk 'n besondere dinamika waarin beide ontmoeting en kommunikasie gestalte vind. Van Schoor (1982:16-18) maak 'n paar belangrike opmerkings oor religieuse kommunikasie wat kortliks genoem word:

- Plato verwys na kommunikasie as 'n etiese kwessie. Dit is op hierdie etiese grondslag van kommunikasie waarop Kierkegaard in die 19de eeu sou voortbou om die klassieke model vir kommunikasie in die 20ste eeu voor te berei.
- Kierkegaard het geglo dat kommunikasie aan die innerlike van die individu uitdrukking gee. Sodoende word die mens aan sy innerlike herinner.

- Kierkegaard glo ook dat religieuse kommunikasie slegs uitgevoer word wanneer die mens hom op die etiese vlak van bestaan bevind.

Slegs as bogenoemde gebeur kan God geopenbaar word deur geloof, bekering en die lewe in Christus. Die besluit om homself te wees, maak dit vir die individu moontlik om van sy aardse situasie na God te “spring” (Van Schoor, 1982:18). Binne die raamwerk van die religieuse kommunikasie is dit moontlik dat God en mens kan ontmoet en kommunikeer. Sodoende impliseer kommunikasie ook vir die gelowige ’n goddelike ontmoeting (Du Preez, 2014:139).


3.3.3.4.2 Enkele kommunikasiemodelle

Om die funksionering van die prosesse binne die kommunikasie toe te lig word ’n paar kommunikasiemodelle wat besondere interaksies binne die kommunikasiekunde uitbeeld, kortliks bespreek. Die bydrae wat hierdie modelle aan die pastoraat bied, word weergegee. Die eerste model is dié van Litfin (1981:19-21), daarna word ’n model van Marais en Nieuwmeijer (1989:8) bespreek, asook die model van Beebe (2005) vir kommunikasie as interaksie.

3.3.3.4.2.1 Litfin se model vir basiese kommunikasie

Litfin (1981:18) benadruk dat kommunikasie op eenvoudigste gestel drie stappe behels, naamlik ’n bron wat ’n boodskap in ’n sein encodeer, hierdie sein word versend en die ontvanger dekodeer dit om die boodskap te ontvang.

Stappe in die kommunikasieproses




Figuur 35: Basiese kommunikasiemodel (Litfin, 1981:18)

Litfin (1981:18-19) benadruk dat die mate waarin die sein wat deur die ontvanger ontvang word, ooreenstem met die boodskap wat die bron beoog het, bepaal of kommunikasie wel suksesvol plaasgevind het. Twee belangrike aspekte is hier ter sprake, naamlik elke kommunikasiehandeling geskied op sy eie, en tussen die sender van die boodskap en die ontvanger is daar ’n sein. Dit is van belang dat die sender en die ontvanger begrip vir mekaar het.

Hierdie basiese kommunikasiemodel van Litfin kan ook as ’n kommunikasiemodel vir die pastoraat dien. God kan in verband gebring word met die bron wat met die hoorder (ontvanger) wil ontmoet. God neem die inisiatief en die hoorder het die geleentheid om daarop te reageer. Die sein is die vorm van kommunikasie wat deur God ingestel word om die

ontmoeting in die pastorale gesprek moontlik te maak. Hierdie medium kan gesels, luister en die inwerking van die Heilige Gees wees.

3.3.3.4.2 Marais en Nieuwmeijer se model vir beïnvloedingskommunikasie




Figuur 36: Model vir beïnvloedingskommunikasie (Marais & Nieuwmeijer, 1989:8)

In enige kommunikasie probeer twee persone 'n ontmoeting bewerkstellig (Marais & Nieuwmeijer, 1989:8). Persoon een (P1) en persoon twee (P2) het met die verloop van tyd nader aan mekaar beweeg. Die geskakeerde area verteenwoordig dus die gemeenskaplike betekenis wat beide aan die ontmoeting of kontak heg. Hierteenoor het persoon drie (P3) in voorstelling (ii) persoon vier (P4) manipulerend oorreed om die betekenis wat persoon 3 aan die saak heg, te deel (Marais & Nieuwmeijer, 1989:8). Indien die een party probeer om die ander party te oorreed om die verandering van sy standpunt aan te neem, word gemeenskaplike betekenis behaal en kan dit as kommunikasie met die doel om te oorreed of te beïnvloed, bestempel word (Marais & Nieuwmeijer, 1989:112).

Hierdie model van Marais en Nieuwmeijer het bepaalde implikasies met die oog op die uitkomst van hierdie studie wat poog om pastore vanuit die klassieke Pentekostalistiese kerk se spiritualiteit te versterk te midde van depressie. Indien die pastoor in die midde van 'n depressie stryd deur ander pastore, sy gemeente of sy kerk (hoofkantoor) oorreed word om depressie as 'n suiwer demoniese aanslag te sien en ook die Bybel nader trek as verwysing, ontstaan die vraag: Is hierdie spesifieke gesprek gelei deur die inwerking van die Heilige Gees of deur emosionele manipulasie. Pinksterbedienaars is geneig om 'n oorvergeesteliking van alledaagse krisisse te maak. Is gemeenskaplike betekenis wat behaal is, altyd die regte invloed wat toegepas is?

3.3.3.4.3 Beebe se model vir kommunikasie as interaksie

Beebe (2005:12) se navorsing handel oor interpersoonlike kommunikasie. As deel van sy navorsing bied Beebe 'n interaktiewe kommunikasiemodel.



Figuur 37: Interaktiewe kommunikasiemodel (Beebe, 2005:12)


Beebe (2005:14) dui self aan dat alhoewel hierdie model nie gebruik kan word vir sy navorsing van interpersoonlike kommunikasie nie, daar wel konsensus is dat hierdie model geld vir hedendaagse menslike kommunikasieprosesse (Du Preez, 2006:53). Die model word gevolglik voorgehou saam met 'n kort bespreking.

Tabel 5: Interaksie komponente (Beebe, 2005:12)

Term	Definisie
Bron	Persoon met 'n idee/boodskap wat hy/sy vir die ontvanger kodeer.
Ontvanger	Persoon/groep wat 'n boodskap wat van die bron af gestuur is, dekodeer.
Boodskap	Geskrewe, gesproke of uitgesproke kommunikasie waaraan mense betekenis gee.
Kanaal	Die baan ("pathway") tussen die bron en ontvanger.

Geruis	Enige iets letterliks of psigologies wat inmeng met die ontvang en verstaan van 'n boodskap.
Kodering	Om idees en gevoelens te vertaal in kode.
Dekodering	Om die kode te ontsyfer.
Konteks	Fisiese en psigologiese omgewing vir kommunikasie.
Terugvoer	Verbale en nie-verbale respons op boodskap

Beebe merk op dat sonder geruis (kommunikasiebelemmeringe) alle boodskappe met “sublieme akkuraatheid” gekommunikeer sou kon word. Geruis is egter altyd aanwesig. Geruis kan letterlike geraas wees soos die lawaai van 'n buurman se grassnyer, of dit kan psigologiese geruis wees. Watter soort geruis dit ook al is, geruis staan in die weg van die boodskap en kan dit skeeffrek. Om akkurate boodskappe te kommunikeer behels om sowel eksterne as psigologiese geruis te minimaliseer (vgl. Beebe, 2005:11; du Preez, 2006:53,54).



Figuur 38: Wisselwerking van wedersydse beïnvloeding en interaksie (Outeur se voorstelling)


Geruis volgens Beebe is enigiets letterlik of psigologies wat inmeng met die ontvang en verstaan van 'n boodskap. Depressie is geruis! Hetsy die pastoor wat depressie het die bron is, menend dat hy/sy ander moet bedien. Die klassieke Pentekostalistiese pastoor se “Geesvervuldheid” word belemmer indien hy/sy met depressie worstel, dit affekteer sy charisma, selfvertroue en outoriteit waarmee bedien word. Die ontvanger ervaar dat die pastoor “iets het wat pla” en dit veroorsaak 'n geruis in die hart van die ontvanger, wat is fout met die pastoor, of is die fout by my”. Laastens word ook die kanaal versteur – die “vloei van die Heilige Gees” word belemmer, die prediker, die ontvanger en die bron word versper deur die aanslag van die bose, kodering vind plaas, simbole en tekens soos hande oplê, salwing, voete was, spreek in tale en/of geestelike oorlogvoering word toegepas om die geruis te ontsyfer en die respons is een van blydschap omrede die “Gees van God”, Satan verdryf het. Die vraag ontstaan egter of dit die werklikheid ondersteun. 'n Praktiese model om geruis (depressie) teen te werk en spiritualiteit te versterk in terme van 'n pastorale pentekostalistiese gesprek en bediening, is 'n wisselwerking van wedersydse beïnvloeding en interaksie.

'n Laaste aspek wat aangespreek moet word is om op die pastorale berader te let. Die woord in kommunikasiekunde is konneksie. Vaardige leraars of predikante word vandag beskou as kommunikeerders en indien daar gekonnekteer word met die hoorders vind uitnemende prediking plaas. Dieselfde geld vir 'n pastorale berader op spirituele, emosionele en fisiese vlak.

3.3.3.4.4 Konneksievorming is 'n vaardigheid

Konneksievorming berus op die vermoë om op alle vlakke te kommunikeer (Maxwell, 2010:12). Indien persone oor die vaardighede beskik om die volgende aspekte toe te pas, is dit moontlik om konneksies te versterk. Hulle moet:

- in staat wees om te kan beskryf waarheen hulle op pad is (visie).
- mense kan oorrede om saam op hierdie pad te gaan (konsensus).
- op 'n persoonlike vlak konneksie kan vorm (charisma).
- geloofwaardig wees, doen wat hulle sê hulle gaan doen (betroubaarheid).



Figuur 39: Konneksievorming as 'n kommunikasiemodel (Maxwell, 2010:12)

Norman Vincent Peale, pastoor en skrywer het gesê, “Ek kan ’n boodskap oordra omdat ek lief is vir mense en hulle wil help” (Maxwell, 2010:46). Maxwell (2010:129) meld dat die eerste reël vir kommunikasie, die belangrikste faktor wat die deur van kommunikasie oopmaak, sal wees om te soek na ’n gemeenskaplike terrein wat ontmoeting moontlik kan maak. Die Middeleeuse geleerde Thomas Aquinas het gesê: “Om mense te beheer, moet jy hulle hand neem en hulle lei”. Sonder twyfel moet mens bereid wees om van sy eie wêreld na hulle wêreld te gaan (Maxwell, 2010:145).

3.3.4.4.1 Die vier bestandele vir doeltreffende konneksievorming

- Die visuele konneksie (wat mense sien)


Sig is die belangrikste en kragtigste sintuig vir konneksievorming. Hamlin (2005:59) skryf dat die mens 85% tot 90% van wat gesien word, onthou. Minder as 15% van wat die mens hoor, kan herroep word. Hamlin staaf hierdie aspek met die volgende statistiek uit Amerika:

- 77% van alle Amerikaners ontvang sowat 90% van hulle nuus deur televisie.
- 47% kry hulle nuus deur radio.
- Tans sal kinders teen die tyd dat hulle die ouderdom van 19 jaar bereik het, sowat 22 000 ure voor die televisie spandeer het. Dit is meer as dubbel die ure wat hulle by die skool deurbring.

Maxwell (2010:61) stel dit duidelik: “ons leef in ’n visuele era”. Die Pentekostalistiese beweging het hierdie begrip gesnap. Massamedia, televisie en visuele demonstrasies is deel van die beweging se trefkrag en vind by die postmoderne mens aanklank.

- Intellektuele konneksievorming (wat mense verstaan)

Ten einde mense te verstaan, is dit belangrik om jouself asook die onderwerp wat jy verteenwoordig of wil oordra, goed te verstaan. Daar is geen plaasvervanger vir persoonlike ervaring wanneer daar met mense se harte konnekteer wil word nie (Maxwell, 2010:70).



Figuur 40: Maxwell se Intellektuele konneksievorming (Du Preez, 2014:145)

Indien die berader God verstaan en vind (A), kan 'n soortgelyke konneksie vir die hoorders bewerk word (B).

- Emosionele konneksievorming (wat mense voel)

Betreffende die berader kan die beradene die woorde hoor wat oor God gespreek word, maar nog meer word die gesindheid van die berader teenoor God geëggo (Maxwell, 2010:72). Goeie kommunikeerders verower die hart van die mense. Kommunikasie volgens Maxwell (2010:71) word nie bepaal deur sintaksis, welsprekendheid, retoriek of aanbidding nie, maar deur emosionele konteks waarin die advies gehoor word. Dus is gesindheid die werklike stylfigure (Maxwell, 2010:71).

Die pentekostalistiese pastorale berader as sulks beraad met charisma. Die charisma wat ontvang word deur die inwerking van die Heilige Gees, troon bo die skare uit (Maxwell, 2010:71). Dit is die charisma van die Heilige Gees wat in die beradingskantoor uitroon, die Heilige Gees is onsigbaar betrokke, tog sigbaar en emosie kan nie anders as om deel van die beradingsgesprek te wees nie.

- Verbale konneksievorming (wat mense hoor)

Maxwell (2010:73) onderskat egter nie die trefkrag van woordkennis om konneksie te vorm nie. Stemtoon, stembuiging, tydsberekening, volume en tempo is alles wat deur die stem gedoen word. Dit is ook deur die stem wat die boodskap uitgedra word. Daar is krag in taal. Dit is nie net wat die pastorale berader oordra nie, maar hoe dit oorgedra word wat die beradene inspireer.

3.3.3.4.2 Die inspirasie vergelykingsformule – 'n ontmoeting word bewerk

Wanneer daar met mense gekommunikeer word, ontluik vrae in hulle onderbewuste. Hulle wil weet watter voordeel die boodskap vir hulle inhou. Die kwessie van geloofwaardigheid van die bron en die boodskap word bevraagteken. Tog is die manier waarop inligting gekommunikeer word, ook belangrik. So 'n manier om inligting te kommunikeer noem Maxwell die inspirasie vergelykingsformule (Maxwell, 2010:209). Dit werk soos volg:

WAT HULLE WEET + WAT HULLE SIEN + WAT HULLE VOEL = INSPIRASIE

Wanneer hierdie faktore in werking kom en die kommunikeerder dit laat saamwerk, skep dit sinergie wat mense inspireer. Konneksievorming berus grootliks daarop dat wie jy is, alles wat jy doen beïnvloed (Maxwell, 2010:217). Vir 'n berader is hierdie belangrike inligting omrede mense nie altyd kan herroep wat gesê en gedoen is nie, maar hulle sal altyd onthou hoe 'n goeie kommunikeerder hulle laat voel het. Passie is aansteeklik en kragtig en maak dat mense so 'n persoon wil volg (Maxwell, 2010:218-219).


'n Goeie kommunikeerder bemoedig mense, laat hulle goed voel en help hulle om selfvertroue te kry. Indien dit hulle egter nie tot optrede lei nie, het geen konneksie plaasgevind nie. Dit is slegs optrede wat lewens kan verander. Op die lang duur tel mense se leefwyse meer as wat hulle sê - 'n pastorale gesprek met God kristalliseer so 'n leefwyse (Du Preez, 2014:146).

3.3.3.4.5 Die verstaan van spiritualiteit in die pastoraat

Ter afsluiting van hierdie gedeelte word 'n pastorale model van Louw ondersoek omrede hierdie model fokus op die kommunikatiewe handeling in die dialogiese gesprek tussen die pastorale berader en die beradene. Twee gemene delers kom ter sprake: spiritualiteit en depressie (vgl.1.2). Louw (2005:139-140) lê klem op die woord 'deug' omrede dié woord 'n morele karakter skets van spirituele handeling. Deug bring 'n entoesiasme in gedrag en sorg dat die lewe nie eties neutraal is nie. Aristoteles het die basis vir 'n klassifikasie van deugde gelê, volgens Aristoteles is vier deugde geïdentifiseer, naamlik verstandige versigtigheid (*prudence*), geregtigheid (*justice*), matigheid (*temperance*) en moed (*courage*) (Louw, 2005:140). Indien hierdie studie poog om 'n strategie daar te stel om klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te versterk wat met depressie worstel, is Louw (2005) se verstaan van spiritualiteit in die pastoraat van belang. Spiritualiteit het te make met die daarstel van 'n morele karakter, hierdie karakter sluit die volgende in, aldus Louw (2005:140):

- Liefdadigheid en barmhartigheid, die gevolg is diensbaarheid.
- Verstandigheid en wysheid, die gevolg is onderskeidingsvermoë tussen goed en kwaad.
- Medelye, die gevolg is empatie, naamlik om in belang van die wat ly op te tree.
- Geduld, die gevolg is lydsaamheid, om verantwoordelikheid vir ander se lyding te aanvaar.
- Betroubaarheid/nederigheid, die gevolg is egtheid en integriteit.
- Trou, die gevolg is 'n vriendskap van egtheid en waaragtigheid.
- Deursettingsvermoë/moed, die gevolg is toewyding aan die een wat ly.

- Matigheid/selfbeheersing, die gevolg is 'n innerlike lokus van belang vir die lydende.
- Beliggaming en fisieke gesondheid, die gevolg is 'n verband tussen selfbeeld en liggaamsbeeld, oefening speel 'n deurslaggewende rol.



Figuur 41: Spiritualiteit in die pastoraat (Louw, 2005:141)

Louw (2005:141) dui aan dat die horisontale as beskryf die faktor van houding en ingesteldheid in spiritualiteit. Dit impliseer 'n houding van disposisie. Afsondering en stilte is nodig vir spiritualiteit omdat dit suiwerend inwerk op die menslike gees. Die pool van medelye dui op *potos* - die passie vir lyding van ander mense se siele. Hier is die mikpunt, sorg (Louw, 2005:141).

Louw dui aan dat die vertikale as, as die godsdienstige as beskryf kan word. Spiritualiteit kom konkreet tot uitdrukking in bepaalde godsdienstige gebruike, tradisies en rituele. Dissipline in hierdie konteks dui op daardie bepaalde reëls, norme en waardes wat deel uitmaak van godsdienstige gebruike. In godsdiens bestaan daar bakens waarbinne mense moet beweeg (Louw, 2005:141-142). In klassieke Pentekostalistiese kerke is die bakens vasgestel deur 'n besondere Pentekostalistiese hermeneutiek. Deel van hierdie dissipline, soos Louw (2005:142) aandui, het te make met hoe daardie gelowiges bid, Bybellees, die Skrif bestudeer, hulle eredienste bywoon en deel het aan hulle sakramente (doop en nagmaal). Toewyding dui op 'n aanbidding en geniet van God - die vreugde van 'n "(be)sielde" lewe. Toewyding gaan oor respek en agting, maar impliseer ook geloof as 'n uitdrukking van vertroue in God en sy vervulde beloftes. Dit dui op 'n persoonlike ontmoeting met God en gemeenskap met Hom (Louw, 2005:142). In hierdie paragraaf verwoord Louw (2005) weereens dat lyding verstaan moet word binne die omvang en geloofsoortuiging van die lydende

se godsdienstige verwysingsraamwerk. Louw (2005) bevestig hierdie studie se uitgangspunt dat 'n strategie slegs geformuleer kan word indien die besondere dinamika van die klassieke Pentekostalistiese pastore se pneumatiese vertrekpunt verstaan word. 'n Pastorale berader behoort altyd Christosentries in die pastoraat te wees, terwyl die beradene (in die geval pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke) vanuit 'n bepaalde dogmatiese vertrekpunt die pastoraat instap. Die pastorale berader behoort dienend te wees en die beradene in sy krisis bedien. Die pastorale studie het beoog om bogenoemde in gedagte te hou in die ontwikkeling van 'n strategie om klassieke Pentekostalistiese pastore by te staan wat aan depressie ly.

3.4 KONKLUSIE VAN DIE INTERPRETERENDE MOMENT

- Die doelwit van hierdie moment van Osmer (2008:79-128) is in hoofstuk 3 deeglik ondersoek. Toepaslike gegewens uit die psigologie, sosiologie, antropologie, en kommunikasiekunde is deur analise en interpretasie geselekteer ten einde in die oogmerke van hierdie pastorale studie by te dra.
- Die dinamika van hierdie moment is om te help met die uitkomste wat in hoofstuk 5 verwoord gaan word, naamlik dat 'n omgekeerde holistiese benadering 'n gemaklike gesigspunt daar kan stel om depressie as 'n mediese toestand te integreer met die raamwerk waarbinne die Pentekostalistiese tradisie figureer en sodoende pastore wat aan depressie ly binne die klassieke Pentekostalistiese kerke, se spiritualiteit te versterk.
- Wat die grenswetenskap psigologie aanbetref is aandag aan die biologiese teorieë, gedragswetenskappe en positiewe psigologie gegee.
- Biologiese teorieë binne die psigologie kyk na die etiologie van depressie. Daar is bevind dat neurotransmitters (senuutransmitters of chemiese stowwe) onder andere noradrenalin, asetielcholin en seroton 'n belangrike rol speel in die patogenese van depressie.
- Die aksent is daarna geskuif na die psigo-fisiologie. Hierdie term verwys na 'n wetenskapsveld van die psigologie wat die verband tussen liggaamlike prosesse enersyds en psigiese gedragsprosesse andersyds bestudeer.
- Die neuron het spesiale aandag in hierdie studie geniet, 'n neuron is verantwoordelik vir die ontvang, geleiding en oordra van inligting.
- Die senuweestelsel is die basiese hardeware van die menslike liggaam, daarom verrig die senuweestelsel die belangrikste funksie ten opsigte van die mens se totale bestaan, en kan in twee gedeeltes word, die perifere senuweestelsel en die sentrale senuweestelsel.
- Hierna het die fokus geskuif na die brein. Die manier waarop die brein fisiologies funksioneer speel 'n bepalende rol op 'n persoon se lewenskwaliteit.

- Die volgende vraag wat gevra was is, waar in die brein kom depressie voor? Hier is daar ook gelet op die psigiatrie. Psigiatrie is 'n mediese wetenskap wat spesifiek toegespits is op die diagnose, behandeling en voorkoming van psigopatologiese toestande.
- Depressie blyk versprei te wees oor 'n aantal areas van die brein. In die limbiese sisteem is depressie gelokaliseer in die amigdala, die hippocampus, en die dorsomediale talamus.
- Daar moet nog baie gedoen word om die biologiese teorie vir depressie verder te ontwikkel.
- Die rol van gedragsteorieë (Behaviourisme) binne die psigologie is ook nader getrek. Die invloed van interpersoonlike verhoudings, stres en negatiewe denke moet nie buite rekening gelaat word as mense met depressie sukkel nie.
- Pentekostalisme lewe hulle lewe met 'n geloofsverklaring terwyl depressie 'n selfverklaring is, daarom mag pastore ook met 'n negatiewe wêreldbeeld sukkel as hulle aan depressie ly, en dit plaas 'n inherente druk op die pastoor.
- Die positiewe psigologie het ook onder die vergrootglas gekom. Positiewe psigologie wil graag hê dat mense floreer. Die bydrae vanuit hierdie beskouing is dat daar gepoog word om positiewe gesondheid en welstand te bevorder selfs waar persone met gemoedstoestandprobleme soos depressie worstel. Depressie maak 'n mens stagnerend, maar as 'n mens positief is, dan voel hulle goed oor hulleself en kan hulle volle potensiaal bereik.
- Samevattend oor die psigologie is daar gekyk na 'n biopsigososiale model wat die bydrae van die psigologie saamvat.
- Wat die grenswetenskap sosiologie betref, is aandag gegee aan die klassieke Pentekostalistiese pastoor se sosialisering in hulle unieke lewewêreld.
- Godsdien as 'n sosiale wetenskap is ook ondersoek met die klem op Pinksterkerke.
- Drie modelle is in ag geneem. Die model van Emile Durkheim wat aandui dat voortdurende klassifisering binne 'n godsdienbeweging uiters noodsaaklik is, Max Weber het 'n baie groot rol gespeel in die bestudering van ekonomiese en politieke etos binne die verskillende godsdienste van die wêreld. Die gevolgtrekking uit sy model is dat daar baie druk op die Pentekostalistiese pastoor is omrede hy "die man van God" is en die gemeente na hom opkyk as die een wat "goddelike antwoorde" op hulle lewensvrae het. Peter Berger se model lê klem op die "geestelike markplein", individue kan by verskillend kerke "geestelike inkopies" doen ten einde hulle geestelike behoeftes te bevredig. Hierdie model van Berger vind ook plaas in die bediening van Pentekostalistiese kerke se beradingskantoor. Die belewenis van die teenwoordigheid van die Here staan

sentraal in hierdie model en pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke is opsoek na 'n ontmoeting met die Here in die pastoraat.

- Allokasie en interaksie het ook aandag binne die sosiologie gekry met die oogmerke van hierdie studie in gedagte. Die twee terme is sterk gedagtes binne die skriftuurlike raamwerk van die Pinksterbeweging, voorbeelde is 1 Korinthiërs 12 en Efesiërs 4.
- Kohesie speel ook 'n rol, klassieke Pentekostalistiese kerke word saamgevoeg deur gemeenskaplike norme, indien daar 'n gemeenskaplike ondersteuningsprogram tot hulle beskikking is om hulle spiritueel te versterk as hulle met depressie sukkel kan dit bydrae tot hulle aanvaarding van die uitkomste van hierdie studie omdat die groep ja en amen sê dat so 'n hulpverleningstrategie hulle kan help.
- Wat die grenswetenskap antropologie aanbetref is aandag daaraan gegee dat die mens nou ook 'n "netwerkmens" is en dat die mens oorgang van 'n *Homo sapiens* na postbiologiese *Homocyberneticus*. Die oorgang het 'n invloed op pastorale berading omrede kunsmatige intelligensie in soeke na die antwoord op lewensvrae die mens in sy "*sitz im leben*" ontmoet.
- Wat die grenswetenskap kommunikasiekunde aanbetref is daar aandag gegee aan bepaalde kommunikasiemodelle wat 'n invloed in die pastorale gesprek tussen die pastorale berader en die beradene in die geval die klassieke Pentekostalistiese pastoor wat met depressie worstel.
- Die modelle wat ontleed is, was die model van Litfin, Marais en Nieuwmeijer, Beebe se model vir kommunikasie as interaksie en Maxwell se model vir konneksievorming. Ten laaste is Louw se model wat fokus op die kommunikatiewe handeling in die pastoraat voorgehou. Louw beklemtoon dat n' pastorale berader 'n beradene ontmoet vanuit die beradene se besondere dogmatiese raamwerk en dat die pastorale berader in respek hierteenoor moet staan sodat 'n Christosentrisiteit die gesprek bepaal.

HOOFSTUK 4

DIE NORMATIEWE MOMENT

SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE OM 'N STRATEGIE TE ONTWIKKEL WAT KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE SE SPIRITUALITEIT WAT AAN DEPRESSIE LEI TE VERSTERK

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om die inligting wat in Hoofstuk 2 deur die deskriptief-empiriese moment geïdentifiseer is, tesame met die interpreterende aspekte wat in Hoofstuk 3 gevind is, teologies vanuit die Skrif, asook binne die Christelike literêre tradisie te interpreteer. Die soeklig val op Osmer (2008:4;175-218) se normatiewe moment. Die moment het ten doel om die vraag, “Wat is veronderstel om aan te gaan?” te beantwoord. Osmer beaam dat teologiese navorsing en interpretasie deel is van die normatiewe moment. Tydens hierdie fase, aldus Osmer word die bybelse teorieë nie net verduidelik nie, maar daar word spesifiek gefokus op dit wat veronderstel is om teologies plaas te vind (Osmer, 2008:131, vgl. du Plessis, 2020:198).

4.2 GRAMMATIES-HISTORIESE EKSEGESE MET 'N PENTEKOSTALISTIES- HERMENEUTIESE INSIG

'n Basisteorie word gevorm deur eksegetiese ondersoek (Coetzee, 1997:1-4). Die grammaties-historiese metode gaan gevolg word, maar omrede hierdie pastorale studie fokus op klassieke Pentekostalistiese pastore se ervaring van spiritualiteit te midde van 'n worsteling met depressie is die pneumatologiese metode van eksegeese ook van belang. Die grammaties-historiese metode word binne gereformeerde kringe ondersteun en aangewend, terwyl die Pinkster Teologie die ervaring van die Heilige Gees aksentueer in eksegetiese ontginning. Met die oogmerk van hierdie studie is beide die Gereformeerde asook die Pinkster teologie ter sprake en word beide vir 'n oomblik onder die loep geneem.

Sproul (1997) vra die vraag “Wat is Reformed Theology?” en dui aan dat 'n Gereformeerde teologie sistematies is. Die rede hiervoor is dat die Gereformeerde teologie doktrines verstaan word binne 'n koherente manier. Gereformeerde teologie is ook teosentries. Gereformeerde teologie is allereers God gesentreerd, alvorens dit mens gesentreerd is (Sproul, 1997:27). Sonde word ernstig opgeneem, omrede God ernstig opgeneem word (Sproul, 1997:27). Die menslike wese handhaaf 'n besondere waarde in Gereformeerde teologie en daarom is die uitstaande kenmerk van 'n Gereformeerde teologie, God self. “Reformed Theology indeed insists that a real measure of freedom has been assigned to man by the Creator” (Sproul, 1997:28). Hierdie vryheid word egter beperk deur God se soewereiniteit (Sproul, 1997:27), omrede alle ander aspekte van die Gereformeerde teologie, soos uitverkiesing, regverdigmaking en

andere kan slegs binne hierdie goddelike soewereiniteit oorweeg word. Wat die inspirasie van die Skrif aanbetref word die Bybel gesien as die woord van God, *verbum Dei* of die stem van God *vox Dei*. Hieroor het Calvyn geskryf:

When that which professes to be the Word of God is acknowledged to be so, no person, unless devoid of common sense and the feeling of a man, will have the desperate hardihood to refuse credit to the speaker. But since no daily response are given from heaven, and the Scriptures are the only records in which God has been pleased to consign his truth to perpetual remembrance, the full authority which they ought to possess with the faithful is not recognized, unless they are believed to have come from heaven, as directly as if God had been heard given utterance to them.

De Klerk en van Rensburg (2005:11) dui aan dat vir die gereformeerde die Bybel derhalwe gesaghebbend is en 'n implikasie vir eksegeese het. Die volgende voorwaardes vir die praktiese erkenning van die gesag van die Bybel word deur de Klerk en van Rensburg weergegee (2005:9-10):

- Die eksegeet gaan sy/haar eie vooronderstellings oor die gesag van die Bybel so duidelik en logies moontlik uitmaak, en dit stel.
- Die eksegeet gaan erken dat hy/sy in 'n bepaalde teologiese tradisie staan en dat sy/hy Bybeluitleg deur daardie tradisie beïnvloed word.
- Die eksegeet gaan erns maak met die feit dat 'n bepaalde onderdeel van die Bybel in 'n bepaalde tyd geskryf is en dat daar konkrete faktore was wat op 'n bloot menslike vlak daardie skryf genoodsaak en beïnvloed het.
- Die eksegeet gaan deurentyd daarmee rekening hou dat hulle eie tyd se probleme maak dat hy/sy die Bybel op 'n eie manier lees, en dat Skrifdele wat in 'n ander tyd gebruik is om spesifieke probleme op te los, nou ook lig op huidige probleme kan gee - en baie keer op 'n ander manier.
- Die eksegeet gaan vashou aan die belydenis dat God Homself en sy wil aan hom/haar openbaar in en deur die Bybel.
- Die eksegeet gaan soveel as moontlik openheid hê vir ander verklaarders se eie konteks en bereid wees om ouderlinge kontekste te deel.

Krüger (2006) in sy artikel rakende skrifkritiek, fundamentalisme en grammaties-historiese eksegeese, maak 'n paar opmerkings wat waardevol is tot die oogmerke van hierdie hoofstuk. Die Gereformeerde benadering tot die uitleg van die Skrif was nog altyd 'n grammaties-historiese aanpak. Die grammaties-historiese benadering tot eksegeese (uitleg en toepassing van die Bybel) gee die nodige plek en erkenning aan die Goddelike, sowel as die menslike aspekte van die organiese inspirasie van die Skrif (Krüger, 2006:30). Die "grammaties" in hierdie benadering hou onder andere die volgende in: Dit bely dat die "hele Skrif deur God geïnspireer" is (2 Tim 3:16). Dit impliseer dat elke woord in die oorspronklike (Hebreeus en Aramees, Grieks) betekenis dra. Byvoorbeeld, in Johannes 19:30 sê Jesus: "Dit is volbring!" In Grieks staan daar *tetelestai*. Die werkwoordvorm is *perfektum*. Die perfektum lê die klem op 'n afgehandelde saak, en daarom die stand van sake. Ons kan sê dit vertel van 'n situasie wat in die verlede gebeur het, maar die gevolge duur voort tot in die hede. Jesus stel dus 'n feit - wat gedoen moes word, is gedoen, en dit is hoe dit

is. Geen verdere offers is nodig nie – die versoening tussen God en mens is 'n feit. Nog 'n voorbeeld: In Hebreeus is daar twee verskillende woorde vir “volk,” naamlik *am* en *gôj*. Eersgenoemde word oor die algemeen gebruik om 'n homogene volksband aan te dui, selfs 'n godsdienstige verbondenheid van 'n volk. Dié woord word dikwels vir Juda gebruik - die Godsvolk. Laasgenoemde word meer gebruik vir 'n staatkundige eenheid. As die Here in Haggai 2:14 meteens vir Juda benewens 'n *am* ook 'n *gôj* noem, dan het dit betekenis. Hy sê as't ware dat Juda nie getrou is aan die verbond nie, en maar optree soos die nasies rondom hulle.

Die “histories” in die grammaties-historiese eksegeese (uitleg) van die Skrif het te make met die feit dat die Bybel in tyd en geskiedenis ontstaan het. Daar is 'n spesifieke situasie waarin 'n psalm, profetiese boek of brief ontstaan. 'n Wet het 'n spesifieke konteks. Geskiedenis wat beskryf word, genestel in historiese feite, politieke situasies, en het mense met spesifieke persoonlikhede wat betrokke is. As 'n teksgedeelte op hierdie manier benader word, word daar uit die grammaties-historiese inligting 'n gevolgtrekking gemaak: God het deur hierdie gebeure, profesie, psalm, ensovoorts vir daardie mense van daardie tyd 'n spesifieke, tydgerigte boodskap gegee. Maar omdat dit nie tydgebonde is nie (geïnspireerde Woord van God), is daar 'n eeue-oorspannende, ewige openbaring in die gedeelte – naamlik 'n beginsel wat gestel word (Krüger, 2006:31).

In Krüger se samevatting benadruk hy die volgende (Krüger, 2006:31):

Gereformeerdes bely 'n organiese inspirasie van die Bybel. Dit impliseer twee aspekte: dat dit mense is wat skryf (Paulus, Matteus, Jakobus, Jesaja, ens.) terwyl hulle deur die Heilige Gees geïnspireer is om God se openbaring op Skrif te stel.

Wat Pinkster-teologie aanbetref is daar reeds in Hoofstuk 2 (2.2.1.1) gepoog om so 'n teologie te omskryf. Daar is aangedui dat Jesus sentraal staan in Pentekostalistiese teologie en dat die belangrikheid van die Evangelie van Lukas en Handeling 'n permanente rol speel in 'n Pentekostalistiese teologie – hierdie aspek word later in hierdie hoofstuk in meer diepte bespreek. Die vyf-voudige “volle evangelie” van Christus is as die boustene beklemtoon naamlik, Jesus is geneesheer, heilig, redder, dooper met die Heilige Gees, en koning. Dit is dus 'n Christosentriese teologie en dat daar deur die Heilige Gees betekenis aan die Skrif en lewe gegee word.

Nel (2021:2) skryf in sy besondere werk getiteld, *Defining elements and challenges of a Pentacostal hermeneutics of experience* soos volg:

Klassieke Pinksterlinge deel saam met baie konserwatiewe Protestante 'n “hoë” siening van die Skrif; die Bybel is God se gesaghebbende, betroubare en geïnspireerde (“deur God ingeblaas”) woord. Die Bybel het 'n goddelike oorsprong as die teken en die instrument van God se liefdevolle aanspreek van intelligente skepsels (Webster, 2003:42) en dien as die woord van God in 'n sekere sin (*sacra scriptura est verbum Dei*) – God se selfopenbaring en liefdevolle aanspreek van mense. Pinksterlinge beskou die uiteindelijke doel van die Bybel as Christelike vorming (Philemon, 2019:205)


en beskou die 56 boeke van die Protestantse Bybel as kanonies (Nel, 2021:2), en identifiseer hulleself met 'n segment van die Protestantse ervaring in die algemeen (outeur se vertaling).

Nel (2021:2) skryf dan “ ... *Pentecostals holds to a 'high view' of the Bible (like most conservative Protestants), but their ethos includes and emphasise the experiential.*” Hierdie ervarings element is gebaseer in hulle *voorverstandnis*. Pentekostalistiese hermeneutiek het 'n verwagting dat die Heilige Gees insig (inspraak) gee in hulle bepaalde kontekstualisering van 'n teks. Gelowiges in die konteks van die Pentekostalistiese beweging ervaar 'n persoonlike ondervinding (ervaring) van die doping met die Heilige Gees en word gevolglik daaglik “gelei” deur die Heilige Gees wat in ooreenstemming is met die gebeure wat in Handeling 2 verwoord word (Nel, 2021:2). Nel (2021:3) gaan voort, “*Pentecostals emphasise that one needs to interpret the Bible with the enlightenment of the Spirit who has inspired it*”.

Dit is om hierdie rede, aldus Nel (2021:2) dat Ellington (1996:38) argumenteer dat Pentekostalistiese teologie en hermeneutiek verskil omrede dit nie primêr ontwikkel vanuit rasonale refleksie nie, maar eerder uit geleefde ervaring (Nel, 2021:3).

In samevatting maak Nel (2021:6) die volgende opmerkings in sy sintese oor hierdie artikel met die volgende gedagtes. Pentekostaliste argumenteer dat in dieselfde mate wat die Heilige Gees die skrywers van die Bybel begelei het in die skryf van die Bybelboeke, moet menslike interpreteerders ook op die ervaring van die Heilige Gees leun om die Skrif te verstaan. Pentekostalistiese hermeneutiek se epistemologie is nie primêr gebore op kennis wat rasioneel ontdek is nie, maar eerder deur die ervaring van 'n intieme verhouding met God in Christus. 'n Pentekostalistiese hermeneutiek moet begin by die leesproses van die konteks van die leser se charismatiese ondervinding, terwyl ruimte gelaat word vir die Heilige Gees om die leser te help verstaan wat die aanvanklike skrywers probeer sê het vir hulle eie geloofsgemeenskap. In 'n Pentekostalistiese hermeneutiek speel die geloofsgemeenskap 'n besondere rol. Die geloofsgemeenskap is die belangrikste interpreteerders van die Bybel deur die *charismata*. Hierdeur word interpreteerders aangemoedig om te werk teen subjektiewe interpretasies. 'n Ervaring-gesertifiseerde Pentekostalistiese hermeneutiek is dus geloofsgemeenskap gedrewe.

Met inagneming van bogenoemde bespreking van die gereformeerde, asook die Pinkster-teologie se metodes van eksegetiese ontginning, vra Du Plessis (2020) derhalwe dat die skrywers in Pinkstergeleedere oor die grammaties-historiese metode moet besin in hulle eie Skrifontleding. Ervin (1981:22) en Nel (2021) noem dat Pinkster hermeneutiek grootliks verskil van ander tradisies. Ervin (1981:122) verys na 'n “pneumatiese eksegeese” met ander woorde 'n eksegeese wat deur die Heilige Gees gelei word. Nel (2017:87-92) voer aan dat oor die laaste 20 jaar baie Pentekostalistiese skoliere by Ervin aansluit. Du Plessis (2020:203) meld dat in Pentekostalistiese kringe die Heilige Gees 'n baie belangrike rol speel. Hierdie navorsing wil by Du Plessis (2020) aansluit, en selfs sterker stel dat die Heilige Gees die mees bepalende faktor is in 'n pneumatologiese eksegeese, en dat die organiese inspirasie van die grammaties-historiese metode van eksegeese met sy klem op skrifgefundeerdheid 'n wonderlike ontmoetingsgeleentheid tussen hierdie twee tradisies (Gereformeerde en Pinkster-teologie) bewerk. Skematies kan dit moontlik soos in Figuur 42 voorgestel word.



Figuur 42: 'n Sinergie in eksegetiese ontginning (Outeur se voorstelling)


Pentekostalistiese gelowiges argumenteer juis dat 'n lewe in die Gees 'n voorvereiste is om die Bybel reg te interpreteer (Nel, 2018:157). Die drie pilare van 'n pinkster Skrifinterpretasie berus op die pneumatiese ervaring en historiese narratief (Nel, 2018:157). Die Pinkster-teoloog en eksegeet word allereers gelei deur die salwing van die Heilige Gees, hierdie aspek word treffend skriftuurlik verwoord deur Petrus se toespraak in Handeling 2:14-41: *"Peter explains the unusual events of Pentecost in terms of the Outpouring of the Spirit predicted in Joel's messianic word"* (Hayford, 1991:1627). Hiermee stem Keener (2016:43) en Du Plessis (2020:205) saam: "Peter explained the Pentecost experience in light of Scripture and Scripture in light of the Pentecost experience."

In beide hierdie hermeneutiese modelle is daar "lokvalle" waar daar bevraagtekening en kritici kan wees. Nel (2018:157) erken dat met 'n Pentekostalistiese hermeneutiek daar vrae is wat beantwoord moet word, naamlik "Wat kom eerste, die sogenaamde geestelike interpretasie of die menslike strewe om die teks in terme van historiese en grammatiese konteks te verstaan? Wat gebeur wanneer 'n Geesgedrewe interpretasie en die menslike eksegetiese poging teenstrydig met mekaar is? Hoe kan die balans tussen geestelike/pneumatiese en histories vasgestelde eksegeses gehandhaaf word?" (vgl. Du Plessis, 2020:204). Daar is leemtes aan beide paradigmas soos Nel (2021:3) uitwys wat die Pentekostalistiese hermeneutiek aanbetref:

The challenge is that relying on the Spirit can lead to subjectivist interpretation practices, and therefore Pentecostals must keep the two dimensions, experimental-pneumatic (or spiritual) and exegetical elements of the interpreting process, in balance.

Van der Walt (2009:15) wys weer daarop dat die grootste leemtes in die grammaties-historiese metode van eksegeese daarin lê, dat dit “teksgebonde” is in die huidige leser se rol by eksegeese.” Die werklike situasie is dat dit onmoontlik is om die rol van die huidige leser of eksegeet by die lees van ‘n Skrifgedeelte uit te skakel (Van der Walt, 2009:15, vgl. Du Plessis, 2020:206). Die ervaring van die Heilige Gees in die omgang met die Skrif staan vir die Pinkster-eksegeet sentraal, maar daar is waarde daarin dat die grammaties-historiese metode van eksegeese ‘n besondere hulpmiddel in Skrifverstaan kan wees omrede die metode van eksegeese teksgebonde bly. ‘n Grammaties-historiese eksegeese is rasioneel en verkennend, maar staan steeds ondergeskik aan die inwerking van die Heilige Gees in die ervaringwêreld van die Pinkster-eksegeet se omgang met die Woord van God.

Met die oogmerke van hierdie pastorale studie in gedagte gaan die navorser poog om die Skrifgefundeerde aanslag van die grammaties-historiese metode met ‘n pneumatologiese hermeneutiese insig aan te wend om die normatiewe doelwitte vanuit die basisteoretiese perspektiewe te bereik.



Figuur 43: ‘n Basisteoretiese perspektief (Outeur se voorstelling)

4.3 PERSPEKTIEWE UIT DIE OU TESTAMENT

Collins (2007:122-123) dui aan dat depressie ‘n kliniese term is wat nie in die Bybel voorkom nie, alhoewel die toestand en simptome wel deurgaans in die Bybel herkenbaar is. So is Psalm 69, Psalm 88 en Psalm 102 gesange van wanhoop, maar die gesange word weergegee in die konteks van hoop. Collins (2007:122) meen dat koning Dawid sy depressie treffend uitdruk in Psalm 43:5:

Waarom kwyn jy weg, my siel
En is jy onrustig in my?
Hoop op God, want ek sal Hom
My God, weer dank vir die verlossing wat Hy, my God
Deur Sy teenwoordigheid bring.

Collins (2007:122) wys verder daarop dat dit voorkom asof Job, die nasie van Israel, Jeremia die profeet en die boek van Klaagliedere aanduidings is dat depressie in die Ou Testament deur mense ondervind is. Volgens Collins (2007:120) is daar vier simptome van depressie wat die leser help om die ervaring van depressie in die Bybel te herken, naamlik gevoelens, gedagtes, gedrag, en fisiese gesondheid. In hoofstuk 3 is hierdie simptome toegelig.

Collins (2007:123) noem dat hierdie sigbare simptome van depressie van hulp kan wees om gevoelens wat met depressie geassosieer kan word te karakteriseer in die Bybel. Gevoelens soos neerslagtigheid, leed en wanhoop is in die Bybel sigbaar. Gedrag soos om te vlug (Jona) of om weg te kruip (Elia), kom ook dikwels voor. Gedrag geassosieer selfs met selfdood, wanhoop of uiterste smart word dikwels aangetref, asook verwysings na fisiese gesondheid. Die Hebreeuse woord *kilyāh* word in sy letterlike betekenis vir niere gebruik, en in sy figuurlike vorm vir emosies – die “in most and most secret part of man (Van Wyk, 2018:1).” Dit word gereeld saam met die Hebreeuse woord *lēbāb* gebruik wat letterlik op die hart van ‘n mens dui, maar figuurlik dui op gedagtes of die setel van die intellek (Van Wyk, 2018:1).

Job gebruik *kilyāh* om die setel van sy diepste verlange uit te druk. “My niere versmag van verlange in my binneste” (Job 19:27; Van Wyk, 2018:1). Dawid gebruik ook beide hierdie Hebreeuse woorde as ‘n kombinasie vir gevoelens en gedagtes om God se regverdige oordeel diep binne-in die mens uit te druk, “... U wat harte en niere toets, o regverdige God!” (Ps 7:10).


Collins (2007:123) vat dit saam deur te sê:

These examples, accompanied by numerous references to the pain of grieving show the realism that characterized the Bible. It is a realistic despair contrasted with a certain hope. Each of the believers who plunged into depression eventually came through and experienced a new and lasting joy, even when their circumstances did not change.

Met inagneming van bogenoemde bespreking en met die oogmerke van hierdie pastorale studie in gedagte gaan daar normatief na van die wysheidsliteratuur gekyk word om ‘n skriftuurlike ontginning van depressie in die Ou Testament te verwoord.

4.3.1 Die moontlike bydrae van die wysheidsliteratuur tot die oogmerke van hierdie studie

Die wysheidsliteratuur is nie uniek tot die Ou Testament nie. Coetzee (2001:42) het aangedui dat ontdekkings van veral wysheidsspreuke vanuit Egipte en Babilonië baie ooreenkomste toon met die wysheidsliteratuur van die Ou Testament. ‘n Voorbeeld hiervan is dat daar in die Egiptiese wysheid ‘n verskeidenheid versamelings van spreuke geproduseer was wat tussen 2400 en 500 vC dateer. Die oudste van hierdie spreuke is die instruksies van *Ptah-hotep* (2400 vC) wat die vorm aanneem van instruksies van onder andere ‘n pa aan sy seun. Bartholomew en O’Dowd (2011:34-35) dui aan dat die Ou Nabye Ooste, wat vir hulle die Mesopotaanse wysheid insluit, ‘n besondere wêreldbeskouing gehad het wat holisties en op ‘n persoonlike vlak gehelp het om die wêreld te verstaan. Hierdie beeld kan soos volg uitgebeeld word (Bartholomew & O’Dowd, 2011:34):



Figuur 44: Die God - Koning- Skepping Nexus (Bartholomew & O'Dowd, 2011:34)

In die voorstelling deur Figuur 44, is wysheid in die Ou Nabye Ooste 'n konkrete konsep met 'n dieper betekenis, naamlik die God-Koning-Skepping nexus. Wysheid, eerder as die wetenskap, was die sleutel om die lewe en die orde van die skepping te verstaan. Hierdie vier eienskappe, naamlik gode, konings, mense en die orde van die skepping was saamgeveg in een enkele konsep. Simboliese beelde was gebruik om realiteit te verstaan. Hieroor skryf Keel (1978:8) dat in die Ou Nabye Ooste daar met konkrete konsepte gewerk was, maar dat die betekenis van daardie konkrete werklikhede met 'n baie dieper betekenis geassosieer is. So is die hemel, aarde, water en berge konkreet aanvaar, maar hulle betekenis het uitdrukking gegee aan politiese, godsdienstige en filosofiese realiteite wat in hulle leefwêreld afgespeel het. Dit is belangrik om daarop te let dat wysheidsliteratuur erkenning gee dat lewenssituasies nie los staan van godsdienstradisies wat deur die volke in die Nabye Ooste beoefen is nie, ook nie die wysheidsliteratuur wat in die Ou Testament aangetref word nie. Daar is 'n algemene deler tussen mense van verskillende nasies en kulture, en dit is dat situasies in die lewe soms deur goddelike en ook menslike raad beantwoord kan word. Boadt (1986:6) noem dat die wysheidsliteratuur in sommige kringe as humanisties beskou word, dit beteken nie dat die wysheidsliteratuur soos beoefen in die Ou Nabye Ooste, nie religieus was nie (Loader, 1986:103). In dié wysheidsliteratuur word daar nie onderskeid getref tussen sakraal en sekulêr nie. In die Wysheidsliteratuur van die Ou Testament is daar egter 'n verskil en die skrywer van Spreuke dui aan, "Die begin van die wysheid is die ontsag vir die Here, en kennis van die Here is insig" (Spreuke 9:10).


Coetzee (2001) het in sy skripsie getiteld, 'n Interpretasie van die uitdrukking "vrees vir die Here" as 'n sentrale motief in die wysheidsliteratuur van die Ou Testament, 'n paar belangrike opmerkings gemaak wat ook waardevol is in hierdie studie se normatiewe uitkomst. Coetzee (2001:38) skryf dat die nadenkende manier van die kyk na die werklikheid waarmee oud-Oosterlinge hulle in die wêreld probeer oriënteer het, wysheid genoem word. Deist (1986:18) het aangedui dat die Ou-Testamentiese stof ingedeel kan word volgens perspektiewe waaruit sake bekyk word soos persoonlike perspektiewe wat veral in poëtiese literatuur aangetref word. Daar is ook wysheidsliteratuur, profetiese

perspektief, apokaliptiese perspektief, regsperspektief en kultiese perspektief. Coetzee (2001:39) meld dat 'n kombinasie van al hierdie perspektiewe van belang is, maar dat die wysheidsliteratuur telkens as 'n aparte literatuursoort aangedui word.

Van Rooy (1991:304-305) dui aan dat wat wysheidsliteratuur aanbetref, daar rekening gehou moet word met die doel of perspektief van die stof en ook met die literêre vorme. Crenshaw (1981:19) lewer 'n goeie voorbeeld van so 'n benadering wanneer hy wysheidsliteratuur definieer deur aandag te gee aan formele en inhoudelike sake. Formeel bestaan wysheid uit spreekwoordelike sinne of instruksies, debat en intellektuele nadenke, maar tematies probeer wysheidsliteratuur aandag gee van hoe om te lewe, hoe om die mens se lewenskwaliteit te verbeter, oor die soeke na lewensgeheime, oor lyding en stryd en oor die mens se eindelose soeke na orde in die geskape werklikheid (Crenshaw, 1981:19).

Coetzee (2001:139) noem 'n paar karaktertrekke wat wysheidsliteratuur saam groepeer naamlik 'n soeke na die betekenis van die lewe, volgens geloof asook die ondervinding van die lewe; en dat wysheidsliteratuur 'n gretigheid openbaar om dit wat onseker is en selfs moeilik is te ondersoek, soos byvoorbeeld aspekte soos siekte, dood, lyding en sosiale ongelykhede.

Die wysheidsliteratuur poog om die korrekte morele beginsels te vind deurdat die antwoord op moeilike kwessies in die gesag Here wat deur die Ou Testamentiese wysheidsliteratuur vooropgestel word, gevind kan word. Skematies word die gedagte deur Figuur 45 voorgestel.



Figuur 45: Ou Testamentiese wysheid is gesetel in die vrees vir die Here (Outeur se voorstelling)

In figuur 45 word aangedui dat Wysheid in die Ou Testament begin by die vrees vir die Here wat deurfilter na mense in hulle bepaalde lewenssituasies (vgl. Spreuke 9:10).

In meer resente navorsing (Hill & Walton, 2009:376,377) word wysheid in die Ou Testament verstaan as 'n poging om morele beginsels vir al die uitdagings van menswees te rasionaliseer en te ondersoek. Die lesers word aangemoedig

om van die gesigspunt uit te gaan dat “die vrees vir die Here” essensieel is om antwoorde vir hierdie vrae te kry. Hays en Duvall (2011) dui aan dat vir die kontemporêre leser die wysheidsliteratuur in die Ou Testament poog om hulle te leer dink, te oorweeg en reflekteer. Die idee is om karakter in die leser te bou om die uitdagings van die lewe in hulle leefwêreld te hanteer. Hierdie uitdaging, aldus Hays en Duvall (2011:252) is moeilik. Die Ou Testamentiese wysheidsliteratuur sluit Job, Spreuke, Klaagliedere, asook Hooglied van Salomo, Prediker en sekere Psalms in en wil die leser met goddelike wysheid bystaan. Job lê klem op die lyding van die regverdige (Hays & Duvall, 2011:252) om ‘n voorbeeld te noem. Sekere van die Psalms kan ook saam met die wysheidsliteratuur gegroepeer word, byvoorbeeld Psalm 1 wat ‘n wysheidspsalms is, maar daar is ‘n aantal weeklaagpsalms wat van belang is. Alhoewel die skryfstyl van die Psalms baie van die wysheidsliteratuur verskil, word dit saam met die wysheidsliteratuur getipeer omrede Psalms in die tradisionele Hebreeuse kanon geplaas word by die aanvang van die “Geskrifte” afdeling”. Psalms volg op Maleagi, en word net voor Job en die res van die wysheidsliteratuur geplaas (Hays & Duvall, 2011:252). In van die Psalms is daar uitroepe van pyn, angs, en ernstige stryd wat in die alledaagse lewe ervaar word. Hays en Duvall (2011) en Coetzee (2001) noem dat die proklamering van die stryd en stridde opgevolg word deur om ‘n beroep op God te doen om hulle te verlos en daar word onomwonde gestel dat ons vertrou op God gestel moet word (Duvall & Hilton, 2011:252). Die vrees vir die Here staan dus sentraal.

Brown (2014:2) verklaar dat die wysheidsliteratuur van die Hebreeuse Bybel ‘n enigma bly. Geen ander bybelse korpus stal innerlike spanning en diversiteit so intens uit nie. Brown (2014:8) dui aan dat die karakters wat in die wysheidsliteratuur voorkom wys dat storie vertelling ook ‘n belangrike rol speel in die bou van ‘n morele karakter as ‘n dinamiese aktiwiteit. Die emosies en begeertes van hierdie karakters, soos byvoorbeeld Job word geskets. Hierdeur wil die wysheidsliteratuur aandui dat emosies *deel* is van ‘n persoon se etiese oorwegings. Emosies en nie net intellektuele insig laat mense oordele maak oor wat in die lewe vir hulle belangrik is. In kort stel Brown (2014:10) dat emosies ‘n rol speel in hoe die mens die wêreld interpreteer en ervaar. Die wysheidsliteratuurskrywers was bewus dat emosies ‘n rol speel om individue te laat groei in hulle vermoë om te kan dink oor wat hulle moet doen in tye van krisis. Emosies bepaal karakter in dieselfde mate wat geloof en rede ‘n rol speel (Brown, 2014:10). Hierdie soektog kan slegs plaasvind in relasie tot God (Brown, 2014:28).

Robertson (2017:1) sluit aan by Hays en Duvall (2011) in terme van die wysheidsliteratuur as deel van die geskrifte in die Joodse kanon. Die geskrifte word in drie groepe verdeel, naamlik die historiese boeke (Rut, Kronieke, Esra, Nehemia, Ester), ‘n profetiese werk (Daniël), en die poëtiese boeke (Psalms, Job, Spreuke, Prediker, Hooglied van Salomo, en Klaagliedere). Vir Robertson (2017:17) is die Hebreeuse woord vir wysheid *chokma* en noem dat Job hierdie woord vir wysheid 28 keer gebruik. Robertson (2017:17) beklemtoon dat die wysheidsliteratuur in die Ou Testament op die groter agtergrond fokus van God wat in die wêreld werksaam is. Dit is dan slegs hierdie rede wat ‘n raamwerk verskaf vir ‘n wyse verstaan van menslike interaksies in aspekte soos die huwelik, om te werk, tragedies, hartseer in sake soos byvoorbeeld die dood, en om te aanbid in geloof te midde van krisis. Robertson (2017:26) stel onomwonde dat die wysheidsliteratuur ‘n besondere bydrae lewer om verlossing te verstaan met die uiteindelijke doel voor oë, die persoonlike klimaks word vergestalt in die Here Jesus Christus, die geïnkarneerde Woord, die Wysheid van God. McLaughlin (2018:2) plaas klem op die Hebreeuse woord vir wysheid *hokmâ* – hierdie woord vir wysheid

word geassosieer met poëtiese parallelisme en verwys na insig, instruksie, kennis en aanleg. 'n Voorbeeld van hierdie vorm van wysheid word aangetref in 1 Konings 4:30 waar geskryf word dat Salomo se wysheid omvattender was as al die wysheid van al die mense uit die Ooste en as al die wysheid van Egipte. Hierdie *hokmâ* was deur God aan Salomo gegee (1 Konings 3:5-12). God staan ook in hierdie perikop sentraal as die Gewer van wysheid.

In samevatting van hierdie bespreking is dit duidelik dat die Ou Testamentiese wysheidsliteratuur aandui dat wysheid by God begin (Spreuke 9:10). God se wysheid kring uit na die mens in sy leefwêreld, die gevolg is dat hierdie relasie tussen God en mens 'n morele etos in ons harte plaas dat wat ookal met ons gebeur, dat God met ons is en dat deur die inwerking van die Heilige Gees die mens bewus is dat God in hulle lewenswedloop is en dat hulle in die wete kan leef dat niks wat gebeur onoorkombaar is nie. In Spreuke 12:25 staan daar, “*Kommer in die hart van die mens, maak die mens neerslagtig, maar 'n vriendelike woord beurt dit op.*”

In hoofstuk 3 is aangedui dat kommer en neerslagtigheid simptome van depressie is. Dit is oplettend dat die skrywer hier in Spreuke weet wat kommer – of dat kommer 'n simptome van hulle leefwêreld is – is. Die skrywer weet ook wat neerslagtigheid is. Die navorser ervaar beide hierdie simptome in sy eie stryd met depressie. Dit is eerstens wonderbaarlik om te dink dat menswees in verskillende beskawings, verskillende kulture, verskillende tydperke en selfs in verskillende godsdienste 'n kontakpunt het, en dit is die beleving van lewenssituasies wat moeilik is. Om hierdie rede praat die wysheidsliteratuur vandag steeds met die mens. Tweedens, vir kinders van die Here is die Ou Testamentiese wysheidsliteratuur waardevol, omrede dit regdeur die geskiedenis 'n uitkoms aan die mens bied.

Robertson (2018:23-24) noem die wysheidsboeke van die Ou Testament die “*how-to books*”. Dit word deur Robertson soos volg prakties weergegee:

- Spreuke - Hoe om op die weg van wysheid te loop.
- Job - Hoe om raaisels op te los.
- Prediker - Hoe om frustrasies te hanteer.
- Klaagliedere - Hoe om hartseer te wees.
- Hooglied van Salomo - Hoe om lief te hê.

Met inagneming van bogenoemde bespreking, word die eksegetiese ontginning vervolgens aangebied. Perikope uit Job en Klaagliedere gaan in diepte ontgin word, tesame met Psalm 22 om die uitkomst van hierdie pastorale studie normatief toe te lig.

4.3.2 Eksegese

“Exegesis is an act of love. Exegesis is loving God enough to stop and listen carefully to what He says” (Du Toit, 2009). In die hoofstuk is reeds aangedui dat die grammaties-historiese metode met 'n pneumatiese insig gebruik gaan word in die eksegetiese proses. Volgens Jackman (2024:50-53) word die woord eksegese afgelei van die Griekse woord *exēgeomai* wat beteken om te verbind, om te verduidelik of om bekend te maak. Jackman (2024:51) is van

oortuiging dat eksegeese allereers afhanklik is daarvan dat die eksegeet die Woord van God moet bepeins voordat enige menslike outoriteit gekonsulteer word. Die eksegetiese proses begin by gebed waarin die eksegeet die Here vra om hulle oë te open en een se hart sag te maak vir wat die aanvanklike betekenis van die teks was. Daarna moet die eksegeet lees, lees en nogmaals lees deur soveel as moontlike verskillende vertalings, om God se stem te hoor. Hierop volg kommentare en ander akademiese hulpmiddels, aanlyn preke en lesings sodat die eksegetiese proses betekenisvol vergestalt kan word (Jackman, 2024:51).

Met bogenoemde insig van Jackman (2024) in ag geneem, word die eksegeese soos volg aangepak. Die boek van Job, Klaagliedere en Psalm 22 word onder die volgende hoofopskrifte van nader ondersoek, naamlik:

- Sosio-historiese agtergrond
- Karaktersketse van Job, Jeremia en Dawid
- Keuse van relevante perikope
- Eksegetiese ontginning van die perikope
- Praktiese toepassing

4.3.2.1 Job

Robinson (2017:120) vra die vraag of die leser al regtig die boek Job gelees het? Robinson noem dat Kierkegaard, Karl Barth (Christian Dogmatics IV/3.1, 383-461), Johannes Calvyn en selfs psigiaters soos Carl Jung (Answers to Job) gefassineer was met die boek van Job (Robinson, 2017:120). Die rede hiervoor is omrede Job mense konfronteer met die moeilike uitdagings van die lewe. Hierdie antieke boek stoei met moeilike lewenskwessies en deur prosa en poësie vind dialoë tussen God, Satan, Job en sy vriende plaas (Robinson, 2017:121). Die relevansie daarvan is dat as die kontemporêre leser die boek lees daar steeds 'n bewustheid is dat die stoei met moeilike lewenskwessies vandag nie veel verander het nie. Die boek Job maak die leser bewus van God se besondere wysheid wanneer moeilike raaisels die lewe vir die mens moeilik maak (Robinson, 2017:121). Depressie is ook een van die lewe se moeilike raaisels en in Job word besondere aandag hieraan gegee.

4.3.2.1.1 Sosio-historiese agtergrond

Vir hierdie eksegeese word die 2020-vertaling van die Bybel gebruik. In die inleiding van die 2020-vertaling van Job word aangedui dat die inleiding en slot van die boek, Job se verhaal plaas in 'n gebied oos van Israel in die tyd van die aartsvaders (vgl. Job 1: 1-5). Daar is ook konsensus onder talle geleerdes dat die woorde van Elihu (Job 32:1-37:24) en die loflied oor wysheid (Job 28:1-28) as latere byvoegings gevolg het. Die skrywer is onbekend, maar was uit die sogenaamde wysheidskringe in Israel afkomstig. Allen (2022:10) stem saam dat Job moontlik in die aartvaderstydperk ontstaan het en noem die volgende redes daarvoor:

- Job se lewensstyl stem ooreen met die van die aartsvaders.

- Die musiekinstrumente wat in Job 21-30 genoem word dui op musiekinstrumente wat in die Ou Nabye Ooste bekend was.
- Die linguistiese karakter van die skrywe van Job dui op 'n antieke konteks. Om en by twee derdes van die taalgebruik in Job is geleende woorde.
- Die name vir God, *Eloah* en *Shaddai*, waarvan die eersgenoemde "God" beteken en meer as 70 keer in Job voorkom. Die laasgenoemde beteken "Almagtige." Beide is bekende name wat vir God gebruik is in die aartsvaderperiode.

Daar word aangedui dat Job afkomstig was uit die land van Us, 'n onbekende plek buite die grense van Israel, Us was moontlik in Edom geleë (Allen, 2022:12). Alter (2010:3,4) dui aan dat geen Israelitiese karakters in die verhaal van Job gevind kan word nie, maar dat al die karakters in Job 'n monotheïstiese geloof reflekteer.

4.3.2.1.2 Karakterskets van Job

Depressie raak 'n persoon op persoonlike en sosiale vlak aan. Om hierdie rede is dit van kardinale belang om ook as deel van hierdie eksegeese die persoonlike karaktertrekke van Job van nader te bekijk. Belcher (2017:21, 222) wys daarop dat in Job 1:1-5, Job se karakter aan ons voorgehou word – die plek waar Job bly, sy rykdom en sy karakter. Soos reeds aangedui was Job nie 'n Israeliet nie, maar sy karakter word aan ons voorgehou as godvresend en daar word aangedui dat hy die God van Israel aanbid het. Belcher (2017:21) meld dat die Bybel aandui dat Job opreg en onberispelik in sy optrede was (Job 1:1). Onberispelik, aldus Belcher (2017:21), impliseer dat Job 'n man van sy woord was, alhoewel dit nie beteken dat hy sonder sonde was nie. Oprek dui daarop dat Job 'n regverdige man was, ook in hoe hy optree teenoor ander mense. Job was 'n man van integriteit wat God gevrees het en weggedraai het van die bose (Belcher, 2017:21,22). Job het sy vertroue in God gestel en God in opregte liefde gehoorsaam (Belcher, 2017:22). Job was ook deur God geseën (Job 1:3), en het ook as priester vir sy hele huishouding opgetree, hy het hulle byeengeroep by tye en offers aan God gebring indien sy kinders sou gesondig het (Job 1:4-5). Hierdeur word aangedui dat Job God in alles geken het en sy kinders in die vrese van die Here opgevoed het.

4.3.2.1.3 Die keuse van perikope

Wanneer die keuse van perikope in Job oorweeg word vir eksegetiese ontginning moet in ag geneem word wat die oogmerke is wat in hierdie pastorale studie beoog word. Die navorsingsvoorstel dui aan dat 'n strategie ontwikkel wil word om Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit wat aan depressie ly te versterk. Die normatiewe taak ondersoek skriftuurlike insette om 'n basisteorie in praksis te help realiseer. Watter bydrae kan Job maak om 'n begrip vir Pentekostalistiese pastore se worstel met depressie spiritueel aan te spreek? 'n Moontlike eerste vraag kan wees waarom die verhaal van Job hiermee kan help? Hays en Duvall (2011:257-259) maak 'n paar belangrike aansprake as dit by Job kom. Die skrywers dui aan dat Satan in Job werklik sy verskyning maak. God homself verskyn ook aan Job, beide aan die begin en ook aan die einde van die boek. Job word beskryf as 'n persoon wat worstel met 'n besondere vraag: Waarom gebeur slegte dinge met goeie mense? Binne 'n Pentekostalistiese raamwerk is Satan aanwesig in slegte gebeure, soos byvoorbeeld depressie, maar terselfdertyd is God ook aanwesig – dit ontstaan in 'n

stryd, 'n oorlogvoering vir die persoon of pastoor wat worstel oor die hoekoms en waaroms. Job daag God uit oor hoe Hy die wêreld bestuur, God bestraf Job "sagkuns" hieroor, en nêrens in hierdie boek gee God aan Job 'n verduideliking wat sy ellende veroorsaak het nie (Hays & Duvall, 2011: 257).

Die verhaal volg 'n sekere struktuur:

- Job word getoets: 'n onverklaarbare tragedie (1:1-2:10)
- Die soeke na antwoorde en beskuldigings word rondgegooi (2:11-37:24)
- Job vervloek die dag van sy geboorte (3:1-26)
- Job en sy drie vriende soek na antwoorde (4:1-26:14)
- Job blameer God vir die onreg aan hom (27:1-31:40)
- Elihu se gesprekke (32:1-37:24)
- God se verbale reaksie teenoor Job (38:1-42:6)
- God se restourasie van Job (42:7-17)

In hoofstuk 3 is depressie reeds van nader beskou as 'n mediese toestand en is getoon dat daar bepaalde simptome van depressie in die Bybel beskryf word. Gedagtes rakende verwerping, selfvernietiging en selfdood is algemene, tog ernstige simptomatiese kenmerke om 'n depressie diagnose te maak. In Job 3 sien ons Job in ernstige vertwyfeling oor sy eie bestaansreg en skeppingswaarde. Collins (2007) meld dat die tye van diep worsteling wat sekere Bybel karakters ervaar het, kenmerkende simptome is wat met depressie in verband gebring kan word. In Job gebeur dieselfde en in Job 42:7-17 bring God self vir Job die uitkoms en Job kon vir sy vriende bid (Job 42:10).

Die teks toon 'n chiasiese struktuur wat aandui wie die belangrikste sprekers is:

- A. JOB 3 JOB IN GESPREK
- B. JOB 4-37 JOB IN VERTWYFELING
- A. JOB 38-42 GOD IN GESPREK

Die keuse van die perikoop is hoofstuk 3 met die doel om Job se worsteling in sy gemoed te ondersoek, asook hoofstuk 42:7-17 om God se restourerende liefde aan te toon. Job voldoen aan die besondere eienskappe om 'n waardevolle bydrae te lewer om pastore se spiritualiteit te midde van depressie te ontgin. God, Satan, Job en ander persone speel almal 'n rol om die scenario te skep waarbinne die mens God se reddende krag en toelaatbare wil in die alledaagse stryd van depressie kan ondersoek.

4.3.2.1.4 Eksegetiese ontginning van die perikope

4.3.2.1.4.1 Job 3 - Job in gesprek

Teksontleding dui op die ontleding van die verhouding tussen die komponente van die teks op struktuurvlak (De Klerk & Van Rensburg, 2005:34), tesame hiermee dui konteks op die gebeure in die boek wat verweef is in die interaksie

wat in die teks plaasvind (De Klerk & Van Rensburg, 2005:53). Wanneer gepoog word om 'n diepte skriftuurlike analise van Job 3 te doen moet daar 'n oomblik by Job 3:1 stilgestaan word "Daarna het Job sy mond oopgemaak en sy geboortedag vervloek."

Die woord "daarna" dui 'n besondere koppeling aan met 'n gebeurtenis wat vooraf gebeur het en 'n invloed gaan hê op wat verder in Job 3 afspeel. Robertson (2017:130) vra die vraag wat is die *daarna* waarna die skrywer hier verwys en meld dat Job 3:1 slegs in konteks met dit wat in die proloog in Job 1 en 2 afgespeel het, verstaan kan word. Adams (2020) in haar insiggewende werk, *Redefining Job and the conundrum of suffering* stem saam met Robertson (2017) en bespreek breedvoerig die impak van die gebeure in Job 1 en 2 en die intense emosionele effek wat dit op Job gehad het. 'n Paar aksente wat sy toelig word nou voorgehou omrede dit 'n besondere rol speel in die oogmerke van hierdie studie.

Adams (2020:36) dui aan dat vir redes onbekend aan Job tref die een na die ander ramp hom. Hierdie rampe laat hom alles verloor wat hy liefhet, ken en besit. Sy vriende ondersteun hom met empatie, maar nadat Job hieroor praat, draai hulle almal hulle rug op hom, insluitende sy vrou. Job, soos enige mens vandag, gesels graag en maklik oor hulleself as tragedie hulle tref (Adams, 2020:36). Daar is ook 'n selfgesentreerdheid by depressielyers – soos die navorser se eie ervaring met depressie dikwels reflekteer. Op grond hiervan voel Adams dat psigologiese en mediese literatuur behulpzaam kan wees om Job, asook mense wat tragedies beleef, se gemoedstoestand beter te verstaan (Adams, 2020:37). Die proloog in die boek Job deel nie net aspekte oor Job se karakter nie, maar is aanduidend van die predisposisie wat met die chemiese stowwe in die brein gebeur wat 'n persoon beïnvloed in hulle optredes na slegte ervarings (Adams, 2022:37) In hoofstuk 3 is die neurologie onder die soeklig geplaas wat die aannames van Adams bevestig. Omrede die Bybel nie met moderne mediese insig geskryf is nie, kan konteks van hier (kontemporêre leser) na daar (Job) 'n wonderlike toeligting gee dat tragedie in menslike geskiedenis fisiologies op sekere pilare berus deur die geskiedenis van die mensdom, wat mense op dieselfde wyse laat reageer. Adams (2020:37) wys daarop dat Job 1 aandui dat Job onberispelik was en 'n man van integriteit, tog het sy sterk morele en etiese gedrag nie verhoed dat hy gely het nie. Lyding kan soms net nie verklaar word nie – ook nie in die lewe van 'n pastoor wat toegewyd sy roeping en passie uitleef en desnieteenstaande tye van diepe donkerte kan beleef nie.

Die skrywer van Job is van mening in die eerste hoofstukke dat Satan die aanvoerder is van die tragedies wat Job tref, maar dat Satan God se toestemming hiervoor het. Daar is vyf spesifieke areas waar Satan Job aanval om hom emosioneel en spiritueel af te takel, naamlik (Adams, 2020:38):

- Die afsterwe van 'n kind, Job 1:19.
- Dade van geweld, Job 1:15,17.
- Bankrotskap, Job 1:20.
- Siekte, Job 2:7.
- Natuurrampe, Job 1:16,19.

Adams (2020:39) vra dan tereg: wat dryf 'n mens na wanhoop? Vandag weet psigoloë dat die brein, senuweestelsel en liggaam reël op stresvolle situasies in drie fases, naamlik alarm (die veg en vlug respons), weerstand (om teen die wanhoop te veg) en uitputting (die onvermoë om in beheer te bly) (Adams, 2020: 39). Adams skryf dat daar narratiewe in die Bybel is waar impak op die menslike gees deur lewenskrisisse duidelik sigbaar is, en dat Job se situasie geen waarde sou hê indien sy situasie nie tot die hedendaagse mens kon spreek nie. Job is gedryf tot die uiterste grens van geestes- en lewenskragmoegheid. God word ook in die boek voorgestel as 'n God wat betrokke is by Sy kinders, "Job preserves. He stands on his record and demands an answer. And God responds" (Adams, 2020:41).

Laastens maak Adams 'n paar belangrike aannames:

- Die persone wat Job ondersteun het, was belangrik vir hom (Adams, 2020:41).
- Wanneer persone deur 'n vorm van pyn worstel, is dit belangrik om te weet waar die persoon hom/haarself emosioneel, geestelik en spiritueel bevind.
- Indien persone in krisis gehelp word strek dit verder as om net verbaal om te gee, een moet aktief betrokke raak met empatie en verstaan.
- Job leer ons om 'n aktiewe bydraer van goedheid te wees vir persone wat deur worstelings gaan (Adams, 2020:44).

Daar is bepaalde ooreenkomste wat smart in die gemoed van die mens tot stand bring. Job 3 fokus nou op simptome van depressie wat deur Job ervaar was en wat Job daarvoor gesê het. Allen (2022:52-58) dui aan dat Job se gesprek in Job 3 gedryf word deur sy lyding (die omvang van sy lyding is hierbo uiteengesit). Job se gesprek is donker en kan in drie onderafdelings opgedeel word (Allen, 2022:52):

- Job 3: 1-10 - Job vervloek die dag van sy geboorte.
- Job 3: 11-19 - Job kla oor die dag van sy geboorte en vra vrae.
- Job 3: 20-26 - Job begeer om dood te gaan.

Allen (2022:52) skryf dat Job se gesprek 'n emosionele uitbarsting is waarin hy drie vrae vra, naamlik waarom was hy gebore; hoekom het hy nie met sy geboorte gesterf nie; en waarom kon hy nie maar net sterf nie? Job se gesprek is een van *sililoque* – 'n gesprek wat hy met homself voer. In hierdie gesprek kyk Job terug oor sy lewe en het hy geen hoop vir sy toekoms nie (Allen, 2022:52). Allen (2022:52) meen alhoewel Job met homself praat, hy tog in 'n sekere sin ook met God praat. Job se pyn is so intens dat hy geen rus kan vind nie. Allen (2022:52) maak voorts die volgende observasies oor Job se lyding en Job se siening van die dood, wat by implikasie Job se lyding universeel maak vir alle mense wat swaar kry:

- Dood maak alle mense gelyk.
- Alleen die dood kan rus en vrede bring.
- Dood bring stilte.

- Dood bring vrede en sekuriteit.
- Job verlang na al hierdie eienskappe wat deur die dood verkry kan word.

Allen (2022:52) vra die leser vervolgens of die leser dalk al so depressief was dat hulle alle hoop vir die lewe verloor het en eerder sou verkies het om te sterf. Sonder enige twyfel is gedagtes van selfdood onderliggend aan 'n persoon se gemoedstoestand. Gedagtes soos, ek moes nooit hier gewees het nie, of almal sal beter af wees sonder my, is van die gedagtes wat mense tot diepe donkerte dryf.

Louw (1989:197-198) in sy boek getiteld *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale gedrag* het 'n paar uittreksels uit selfmoordbriewe in sy boek ingevoeg (in daardie jare was selfmoord nog die algemene woord indien 'n persoon sy eie lewe neem). Dit is opvallend hoe daar in van hierdie briewe van pyn ooreenkomste is met wat Job beleef het. 'n Paar voorbeelde word kortliks aangehaal:

“Graag wil ek net weet wat ek gesondig het om so gestraf te word.”

“Ek wil op my tuisdorp rus, ek verdien nie om hier te wees nie ... alles het vir my net te veel geword ... ek verdien nie eers om asem te haal nie.”

“My liefling om jou en die kinders gelukkig te maak sal ek maar eerder gaan en julle nooit weer pla nie.”

“My bankrekening moet ... kry ... die res die bietjie wat daar is, kan jul mee maak net wat julle wil.”

Vir Job was alles ook donker. Job gebruik woorde in 3:1-10 soos byvoorbeeld donker (Job 3:4), stikdonkerte (Job 3:5), verduistering (Job 3:5), en verberg (Job 3:10). Allen (2022:53) dui aan dat die woord donker in vers 4 sinoniem is vir somberheid en depressie.

Die woord *Leviatan* (vgl. Ps 104:26 en Jes 27:1) wat in hoofstuk 3:8 gebruik word, is ook hier van belang. Bruce en Clines (2008:490, vgl. Belcher, 2017:34) dui aan dat daar in Job se tyd towenaars was wat geglo het dat hulle Leviatan, die seemonster van chaos kon oproep om die son in te sluk sodat donkerte kan heers. Aangesien Job 3 in poësie vorm geskryf is, beteken dit nie dat Job in hierdie mite geglo het nie (Allen, 2022:53), maar eerder 'n aanduiding is oor hoe hy gevoel het. Dit is asof Job hierdeur sê dat hy hoop dat donkerte hom sal insluk.

In Job 3:11-19 het Job 'n menslike reaksie op sy donkerte en spook hy met die vraag, waarom het dit met my gebeur? Die woord *waarom* kom 'n paar keer voor in hierdie gedeelte (Allen, 2022:54; vgl. Belcher, 2017:35; Bruce & Clines, 2008:490). Job voel dit sou beter wees as hy glad nie bestaan het nie. Allen (2022:54) haal Eugene Peterson aan soos hy dit in *The Message* uitdruk:

Obliterate the day I was born. Blank out the night I was conceived! Let it be a black hole in space.
May God above forget it ever happened. Erase it from the books! ... Rip the date of the calendar ...
What's the point of life when it doesn't make sense, when God blocks all the roads to meaning?

In Job 3:20-26 sien Job geen hoop dat sy daaglikse lyding gaan ophou nie. In 3:23 sê Job dat God hom afgesonder het, God het al Job se opsies van hom weggeneem (Allen, 2022:54) – in so ‘n mate dat Job nêrens vir sy lyding kan wegkruip nie. Job word vasgevang in sy eie pyn en kry homself so jammer dat hy selfs die skepping van die wêreld bevraagteken? Pyn het as’t ware aan Job se deur kom klop en ‘n permanente gas in sy huis geword (Allen, 2022:55). Al die kommentare is dit eens dat Job nooit selfdood oorweeg het nie, daar kon nie in die kommentare ‘n aanduiding gekry word oor wat die siening oor selfdood was met die skrywe van die verhaal van Job nie, maar dat Job ‘n totale verloreheid ervaar het en hoop op alle toekomsplanne verloor het, is ‘n gegewe. Job beskryf sy omstandighede om aan te dui dat God daarop uit is om hom skade aan te doen – dit was Job se subjektiewe belewenis (Allen, 2022:56).

Auto-etnografiese inset

Depressie lei tot dieselfde ervarings en gevoelens soos wat deur Job beskryf word – gevoelens van godverlatenheid en geen doel kan gesien word wat die toekoms aanbetref nie. Die navorser het in sy stryd met depressie soms gewonder of om te bly leef die moeite werd is, maar omrede sy kerk se geloofsoortuiging dit duidelik gestel het dat jy hel toe gaan as jy jou eie lewe neem, het die navorser eerder vrede daarmee gemaak dat hy ook deur God afgesonder was, en dat hy nie van God se toelaatbare wil oor sy lewe kan ontsnap nie (menige klassieke Pentekostalistiese kerke handhaaf steeds hierdie opinie oor selfdood, alhoewel die navorser dit geensins meer aanhang nie).

Die psigologiese effek van Job se lyding word uitgedruk in 3:25, “... as ek vrees vir ‘n verskrikking, dan kom dit oor my: dit waarvoor ek bang is, oorval my” (Belcher, 2017: 36). Treffend sluit Belcher (2017:38) sy samevatting oor Job 3 af deur te sê dat in Job se gesprek teken hy nie soseer protes teen God aan nie – hy probeer eerder argumenteer met God omrede hy weet dat God die enigste een is wat in staat is om op sy lyding te reageer op ‘n aanvaarbare wyse. Job ervaar dat God al een is wat verstaan.

4.3.2.1.4.2 Job 42:7-17 - God in gesprek

Soos in die chiasiese struktuur aangedui is, is God in gesprek vanaf Job 38 tot 42. Twee gesprekke van God vind plaas, die eerste gesprek is Job 38:1 tot 40:2 en die tweede gesprek in Job 40:6 tot 41:34. Met die oogmerke van hierdie studie in gedagte word slegs 42:7-17 vir Skriftuurlike ontginning voorgehou. Sim (2001:75-78) skryf in sy tesis oor *Wisdom in the book of Job; Reading Job as an integral text* dat Job in 42:7-17 as ‘n wyse man voorgestel word. In hierdie epiloog op die verhaal is dit Job se vrees vir die Here wat God se volkome restourasie vir hom aandui en hy weer deur God geseën word (Sim, 2001:75). Die epiloog begin deur aan te dui dat Job volkome deur God geregverdig is en dat God hom volkome herstel en weer oprig:

- Job 42:1-9 Job word deur God geregverdig.
- Job 42:10-11 Job word deur God opgerig.
- Job 42: 12-17 ‘n Gelukkige einde omrede God se wysheid steeds met Job is.

Sim (2011) sluit aan by Ceresko (1999:87) Sim deur aan te dui dat die laaste elf verse van die epiloog weer oorskakel na prosa, soos wat dit in die proloog ook die geval was. In die epiloog ontvang Job se vriende, Elifas, Bildad en Suag genade van die Here nadat hulle in opdrag van God 'n offer gebring het en Job vir hulle gebid het. God was Job goedgesind (42:9) en nadat Job vir sy vriende gebid het, het God Job se lot verander (42:10). Ceresko (1999:87) is van mening dat Job se standvastigheid en sy deugsamheid te midde van intense lyding God se vertroue in Job in so 'n mate herstel het dat die gebed van Job groot krag in God se oë gedra het. Longmann III (2017:61) stem hiermee saam en stel: "His relationship with God has gone through the flames and has emerged stronger. He is now able to trust God so thoroughly that he can suffer deeply and not demand answers."

Boss (2010: 231) skryf dat die gesprekke tussen God en Job ophou in die laaste gedeelte van die epiloog (42:10-17). Niks hoef verder gesê te word nie, Job ontmoet God nie meer deur sy lyding nie, maar ervaar God se genadige restourasie in die seën wat geskets word in die laaste verse van Job.

Samevattend stel Robertson (2017:191) dat die verhaal van Job 'n duidelike bevestiging gee dat God aan die uiteinde die regverdige sal beloon en die goddelose sal straf. Die mees omvattende restourasie wat in Job plaasgevind het, is sonder twyfel sy stoei met homself oor sy lyding en sy volharding totdat sy lot verander het. Die krag van gebed staan sentraal in Job se herstel in die mate dat God sy gebed verhoor en aan Job guns bewys. Die navorser het gepoog om deur die grammaties-historiese metode van eksegeese 'n skrifgefundeerde basis te stel met die oogmerke van hierdie pastorale studie in gedagte. Vanuit 'n pneumatiese insig is daar soveel te leer uit Job se intense lyding.

Auto-etnografiese inset

Soos in die inleiding aangedui was Job in 'n "stoeigeveg." Depressie is ook 'n stoeigeveg, die navorser het nes Job al met God gestoei, die stoei was soos Jakob by Pniël (Genesis 32:24-30), jy wil nie God laat los nie, maar tog het jy vrae aan God. Depressie se stoei is ook met die duiwel, vir 'n Pentakostalistiese pastoor word die duiwel as 'n hoofkarakter in een se lyding ervaar, jy bestraf sy werke, jy bind sy werke, biddend is jy opsoek waar jy die deur kon oopgemaak het wat die duiwel hierdie mag oor jou gee; die pastoor wat aan depressie ly vas, bid en spandeer ure in die Woord soekend na die uitkoms. Met depressie worstel mens ook met jouself, mens worstel met ander, veral die mense naaste aan jou en mens stoei met jou omstandighede. Deur die inwerking van die Gees ervaar mens steeds God se liefde, God se nabyheid, en roep mens saam met Jakobus in Jakobus 5:11, "Kyk, ons beskou hulle wat volhard, as gelukkig. Julle het gehoor van Job se volharding, en julle het die Here se einddoel met hom gesien, en dat die Here vol medelye en ontferming is."

4.3.2.2 Klaagliedere

Robertson (2017:276) dui aan dat die sentrale boodskap van Klaagliedere God se volk leer hoe om te huil en te weeklaag. Dit is onomkeerbaar vir die mens om iewers in hulle lewe te huil oor tragedies wat hulle pad langs kom. Robertson (2017:276) is van oortuiging dat daar 'n regte manier is om te huil (treur), maar dat daar ook 'n verkeerde

manier is. Klaagliedere wil ons leer hoe gelowiges behoort te huil in die mees pynvolle omstandighede in hulle lewens. Depressielyers huil. Daar is 'n diepgewortelde hartseer wat voortdurend deur die damwalle van die depressielyer se siel breek.

Auto-etnografiese inset

Die navorser het aaneen gehuil, die huil was nie noodwendig sinvol gewees nie omrede die navorser nie altyd na sy trane noodwendig beter gevoel het nie. Die huil was gekoppel aan vrese vir mislukking, beroepsongelukkigheid, die afsterwe van my pa, die druk van my kerkrade en dat ek nie aan die verwagting voldoen nie. 'n Sielesug wat onverpoos 'n herinnering was dat my tragedies nie gaan ophou nie.

Hierop skryf Garret en Pearson (2022:142) dat Klaagliedere ons leer dat wanneer ons huil oor tragedies in ons lewe, huil een van die beste uitkomst kan wees. Die skrywers meld dat Jeremia se huil hom as 'n deelnemer aan die tragedie wat Jerusalem tref, aandui (Garret & Pearson, 2022:142).

4.3.2.2.1 Sosio-historiese agtergrond

Die 2020-vertaling van die Bybel dui aan dat die naam Klaagliedere 'n vertaling is van die naam van die boek in die *Septuaginta (Threnoi)*. Die Hebreeuse naam is *Eeká* na aanleiding van die eerste woord in die boek. Dit beteken 'ag hoe' of 'helaas' en lei dikwels 'n klag of klaagsang in (vgl. Klaagliedere 4:1). Die agtergrond waarteen Klaagliedere afspeel, is die beleëring en verwoesting van Jerusalem en die tempel deur die Babiloniërs in 587-586 vC. Die byeenbring van die vyf klaagliedere het waarskynlik kort daarna, tussen 585-550 vC plaasgevind (Hays, 2016:327).

Longman III en Dillard (2006:342) skryf dat die fisiese, psigologiese en spirituele verwoesting van Jerusalem in 587 vC verskriklik was. Die omvang van hierdie verwoesting word in 2 Konings 25:1-21 omvattend beskryf:

- Die stadsmure was afgebreek.
- Huise was afgebrand.
- Kosbare materiale is geplunder en weggevoer.
- Mees ontstellend, die tempel is afgebrand (Longman & Dillard, 2006:342).

Longman III en Dillard (2006:342) meld dat die poëtiese skryfstyl van Klaagliedere die uiterse wanhoop vasvang van daardie monumentale gebeurtenis in die geskiedenis van Israel. Klaagliedere beskryf die emosies toe die volk tot die besef kom dat die bloedbad nie die gevolg van die Babiloniese oorlogmasjien was nie, maar dit was God self wat hierdie tragedie oor hulle toegelaat het (Longman III & Dillard, 2006:342). Berlin (2004:18-19) vra die vraag, waarom word hierdie moment van verwoesting verewig in die tekste van Klaagliedere? Haar antwoorde hierop is definitief:

- Die tragedie en verwoesting van Jerusalem bevestig dat God deel van hulle tragedie en lyding is.
- God steek dalk sy gesig vir die volk weg, maar hy het nie opgehou om hulle God te wees nie.

- Klaagliedere bevat die saadjies vir troos wat die volk se pyn in blydschap gaan verander.
- 'n Fase van godsdienstige restourasie gaan volg.

Laastens word daarop gelet dat die Toeligtingsbybel (2021), asook die NIV Cultural Backgrounds Study Bible (2016), aandui dat Klaagliedere deel is van die *Megillot* – die vyf rolle wat Jode tradisioneel tydens hulle jaarlikse feeste gelees het. Een van die feeste het die vernietiging van Jerusalem in 587 vC herdenk. Klaagliedere is dan gelees, saam met die Klaagliedere in Jeremia 41:5 en Sagaria 7:3-5 en 8:19.

4.3.2.2.2 Karakterskets van Jeremia

Die eerste vraag is wie is die skrywer van Klaagliedere? Brooks (2015:8-9) stel dit dat die Skrif sê nie vir ons wie die outeur is nie, dus is die boek in wese anoniem. Miskien moet dit so bly, alhoewel Brooks volkome oortuig is dat die profeet Jeremia self die geestelike skrywer is. In die Griekse vertaling van die Ou Testament begin Klaagliedere met die verklaring “ ... En dit het gebeur nadat Israel in ballingskap weggevoer is en Jerusalem verwoes is, dat Jeremia gesit en geweene en hierdie klaaglied oor Jerusalem geklaag en gesê het ... ” (vgl. Martens, 2012:736; Robertson, 2017:280; Berman, 2023:14; Smith, 2019:264). Die navorser is dit eens met bogenoemde navorsers dat Jeremia die skrywer blyk te wees.

Soos met die eksegeese oor Job aangedui is depressie baie persoonlik. Waarom het Jeremia so intens gehuil oor Jerusalem se verwoesting? In die pastoraat word daar baie gehuil. 'n Depressielyer se huil het 'n geskiedenis, die pastoraat is nie die eerste plek waar 'n depressielyer huil nie. Die depressielyer kom van 'n bepaalde agtergrond, inligting oor hulle kinderlewe, hoe hulle grootgeword het, was hulle ouerhuis gelukkig en gesond of gebroke, is hulle enigsins getraumatiseer deur spesifieke gebeure, was hulle geboelie of is daar dalk 'n familiegeskiedenis van depressie in hulle familie? Al hierdie aspekte is van besondere belang. Die Skrif gee 'n waardevolle Skriftuurlike karakterskets van Jeremia:

- Jeremia kan tereg die lydende profeet genoem word.
- God se opdrag aan hom bring beide innerlike en liggaamlike lyding vir hom (Jeremia 20:9).
- As jong priester word hy geroep om teen konings en nasies te profeteteer (Jeremia 1:17-19).
- Jeremia word verbied om te trou en kinders te hê (Jeremia 16:2).
- Jeremia word selfs verhinder om te sit waar gesels en gelag word en verbied om fees te vier en vrolik te wees (Jeremia 15:17-18, 16:8).
- Jeremia aanvaar nie hierdie opdragte sonder protes nie (Jeremia 1:6, 15:10, 20:14-18).
- Jeremia word in die tronk gegooi (Jeremia 37).
- Jeremia word in 'n put gelaat om te sterf (Jeremia 39).
- Jeremia word verwerp deur sy bure (Jeremia 11,19-21).
- Sy familie verwerp hom (Jeremia 12:6).
- Die priesters en profete verwerp hom (Jeremia 20:1,2).

- Vriende, die volk en konings verwerp hom (Jeremia 20:10, 26:8, 36:23).

Jeremia se grootste en swaarste beproewing was moontlik dat hy moes ervaar hoe sy verskriklike profesie oor die verwoesting van Jerusalem 'n werklikheid word (Botha, 2007:1073). Jeremia ervaar God by hom soos God belowe het (Jeremia 1:19) en daarom kan Jeremia God se opdrag uitvoer.

Jeremia se geskiedenis is een van lyding, tragedies, trauma en verwerping. Jeremia huil omdat dit wat hy preek waar geword het. Wanneer 'n pastoor as die gesalfde van die Here in sy gemeente nie slaag nie, het dit 'n effek op sy binneste. Die pastoor preek, sonder af, luister na die stem van die Here, maar soveel keer voel die prediking tevergeefs.

Wiseman (2008:779-780) meld dat die lyding van Jeremia, sy persoonlikheid sterk na vore bring, en persoonlike verwysings in Jeremia kom meer voor as by enige ander Ou Testamentiese profeet. Jeremia was nederig en het homself nie waardig vir die roeping geag nie (Jeremia 1:6). Jeremia was uitgesproke en het homself sterk uitgespreek teen onreg en skynheiligheid. Jeremia was 'n "intersessor" (voorbidders) vir vriende en vyande (Jeremia 15:11, 18:20). Jeremia was hartgebroke oor die volk se losbandigheid (Jeremia 7:16). Jeremia word geskets as 'n sensitiewe man wat baie emosioneel kon raak, maar tog wysheid en insig gehad het, en die natuur het 'n diep effek op Jeremia se openbarings oor God gehad (Jeremia 8:7, 12:9, 17:11). Jeremia was 'n nasionalis wat geprofeteer het dat 'n heilige Jerusalem herbou gaan word (Jeremia 31:23-40).

Pastore wat aan depressie ly het 'n geskiedenis, hulle is beïnvloed deur die lewe wat om hulle gebeur het, baie van hierdie gebeure was ook 'n wegwysers dat God hulle vir meer geroep het – om voltyds in die bediening te staan. Sodra die pastore hulleself voltyds in die bediening bevind, is hulle deel van 'n Pentekostalistiese geloofsgemeenskap waar die druk hoog en die verwagting groot is. Tragedie en teleurstelling word persoonlik ervaar. Pastore het ook unieke persoonlikhede wat eie is in die wyse waarop hulle op sekere aksies reageer. Pastore se persoonlikheid kom nie altyd ter sprake in die voltydse bediening nie, omrede pastore deur die inwonende Gees gelei word wat die karakter van Christus in hulle lewe vergestalt. Jeremia stel treffend in Jeremia 20:9, "Ek het al gesê: Ek sal nie aan Hom dink nie, nie meer in Sy Naam iets sê nie. Maar dan word dit in my hart soos 'n vuur wat brand, vasgevang in my gebeente". Jeremia dui verder in Jeremia 20 sy worsteling met God aan wat eggo met die gevoelens van Job soos in Job 3 wat reeds eksegeties ontgin is (Jeremia 20:14-18). Pastore mag huil – selfs Jesus het geweene (Johannes 11:35). Jeremia het gehuil, tog is die tranes nie net tranes van hartseer nie, maar ook van hoop, dat God ons nie verlaat het nie, maar in ons stryd aanwesig is.

4.3.2.2.3 Die keuse van perikope


Met bogenoemde in gedagte kom die keuse van 'n perikoop in Klaagliedere onder die loep. Brooks (2015:9) skryf dat Klaagliedere uit gedigte bestaan. Elke hoofstuk van Klaagliedere is 'n gedig en die 2020-Bybelvertaling deel Klaagliedere soos volg in:

- 1:1-22 Eerste treurlied: Verlate stad.

- 2:1-22 Tweede treurlied: Dade van die Here.
- 3:1-66 Derde treurlied: Wanhoop en hoop.
- 4:1-22 Vierde treurlied: Sion se skuld en ondergang.
- 5:1-22 Vyfde treurlied: Gebed en mededoë.

Robertson (2017:286) dui ook aan dat elkeen van die vyf hoofstukke in Klaagliedere in die vorm van 'n gedig is. Die digvorm wat gebruik word in Klaagliedere staan bekend as die *akrostigon*, oftewel lettervers waar die eerste letter van elke reël 'n woord of patroon vorm. Dit is vermoedelik gedoen om dit makliker te maak om die gedigte te memoriseer. Die eerste, tweede en vierde hoofstukke is letterverse waar elke vers met die volgende letter van die Hebreeuse alfabet begin. Die derde hoofstuk is 'n langer lettervers met 'n uitgebreide vorm. Hoewel die laaste hoofstuk nie 'n akrostigon is nie, bevat dit dieselfde aantal verse as hoofstuk een, twee en vier. Robertson (2017:286) meen dat daar nog redes kan wees vir die lettervers digvorm, en volgens hom was dié metode ontwikkel om die Hebreeuse alfabet te leer en te beklemtoon dat hartseer deur die gebruik van akrostigone meer intensief beleef word (Robertson, 2017:287). Berman (2023:20) meld dat die gebruik van akrostiek tog aandui dat daar wel 'n eenheid tussen hierdie vyf gedigte is wat linguistiek aanbetref en daarom behoort die vyf gedigte van Klaagliedere holisties in die eksegetiese proses benader te word.

Die navorser stem saam met Berman (2023) se observasie. Figuur 46 bied Longmann III en Dillard (2006:349) se skematiese voorstelling om die holistiese struktuur van Klaagliedere uit te beeld.



Figuur 46: Holistiese voorstelling van Klaagliedere (Longman & Dillard, 2006:349)

Parry en Thomas (2011:6) stem saam met Longman III en Dillard (2006) dat hoofstuk 3 van Klaagliedere as die klimaks van die boek gesien kan word. Smith (2019:264) val ook hierby in as hy dit treffend stel:

Yet in the desert the faithfulness of God shines through. In this darkness literary expression gives eyes to faith. Jeremiah writes ... "I continually remember them and have become depressed. Yet I call this to mind and therefore I have hope: Because of the Lord's faithful love we do not perish, for His mercies never end. They are new every morning; great is your faithfulness!" (Jeremiah 3:20-23).

Die studie poog om pastore se spiritualiteit te midde van depressie te versterk. In Klaagliedere 3 dui Jeremia aan dat sy depressie hom nie sal laat vergaan nie, omrede God se getrouheid hom hoop gee. Klaagliedere 3 word nou vir verdere eksegetiese ontginning Skriftuurlik ontgin.

4.3.2.2.4 Eksegetiese ontginning van die perikope

Smith (2019:280) se mikro-struktuur op Klaagliedere 3 kan soos volg ingedeel word:

- A - Soms lyk dit of God die vyand is 3:1-18.
- B - Onthou dan God se getrouheid is groot 3:19-33.
- A - Soms verdrink ons in desperaatheid 3:34-54.
- B - Onthou dan God se getrouheid is groot 3:55-66 .

Smith (2019:280) dui aan dat Jeremia God uitbeeld as die vyand (3:1-6), as 'n bewaarder (3:7-9), as 'n wilde dier (3:10-11), as 'n soldaat (3:12) en as 'n jagter (3:13-14) in die tye wanneer hy wanhoop ervaar. Jeremia is in 'n grot en daar is geen lig nie, en Jeremia bevind homself in die vallei van doodskaduwee (Smith, 2019:280). Smith (2019:280) skryf dat die hoofstuk 'n depressiewe toon het, nie omdat Jeremia onnodig dramaties is nie, maar omdat sy pyn werklik is, die verwoesting van Jerusalem is werklik, sy hartseer is werklik, waar is God? (A) God werk juis wanneer daar gerestoureer moet word (Smith, 2019:280). In Jeremia se gebrokenheid begin God se lig deur die gate van die grot te skyn en Jeremia begin die lig te sien, God is die hoop (B) , God is getrou in Jeremia se donkerste uur (Smith, 2019:281).

Omrede hierdie studie fokus om pastore wat met depressie worstel se spiritualiteit te versterk word aandag gegee aan die perikope (B) in Klaagliedere 3:19-33 en Klaagliedere 3:55-66.

4.3.2.2.4.1 Klaagliedere 3:19-33

Smith (2019:283) noem dat Klaagliedere 3:19-33 een van die mooiste perikope in die Bybel is. Die navorser kan getuig dat 'n lied geskryf op hierdie gedeelte 'n baie bekende gesang is wat in ons kerke gesing word. Jeremia onthou te midde van sy pyn dat God se liefde oorweldigend is. Elke dag is God se genade vars en nuut – ook vir wanneer ons met depressie worstel, depressie het dalk die navorser verander, maar God se genade gee elke dag hoop op die lewe, want God is standvastig en getrou. Vir Brooks (1989:96-109) staan die volgende uit wat hierdie perikope aanbetref:

- Vanaf Klaagliedere 3:22 ervaar Jeremia God se getroue liefde, dit is al rede waarom Jeremia nie omgekom het nie.
- Elke oggend is vir Jeremia mooi al lê Jerusalem onder puin. Net soos ons behoeftes konstant is, is God se voorsiening konstant (3:23).
- Vir Brooks (1989:97-102) is Jeremia 3:24 'n hoogtepunt in die Bybel. Die vers eggo Psalm 73:25-26, die Here is al wat Jeremia nodig het, dis 'n liefdesverklaring. Die woord 'erfdeel' se stamwoord kan verstaan word as 'om te verdeel'. Jerusalem is dalk as 'n aardse porsie verdeel, maar Jeremia se erfdeel in God is onverdeelbaar, dit kan nie van hom weggevat word nie.
- Jeremia 3:25 bevestig net Jeremia 3:24 weer, " ... God is goed vir die wat op Hom wag, vir die wat Hom soek."
- Jeremia 3:26 bevestig weer Jeremia 3:25 in die mate dat indien een op die Here wag en Hom soek, dat God diesulkes sal verlos. Die konteks vir Brooks (1989:103-105) is die woorde 'die wat na Hom soek,' te midde van depressie, te midde van pyn, te midde van verwoesting, te midde van verwerping dat een in sy binneste steeds sal pleit en soek na God, daarin skuif Jeremia sy fokus van hier op aarde na daar waar sy erfdeel is in die hemel.
- Brooks (1989:103-105) sien Jeremia 3:27-30 as 'n eenheid. Jeremia kom tot die besef dat die juk (stryd) goed is vir ons. Calvyn, aldus Brooks (1989) het gewonder of hierdie juk dalk eerder na instruksies of leringe verwys, maar Brooks voel dat in konteks die juk hier eerder na stryd verwys. Jeremia noem dat dit goed is om die juk van jongs af te dra. Soos reeds in hierdie hoofstuk aangedui was Jeremia jonk toe God hom geroep het, hy het alreeds soveel deurgemaak en dit blyk dat daar 'n besef in Jeremia se hart is dat God hom reeds voorberei het vir waardeur hy nou gaan. In Jeremia 3:28 dui Jeremia aan dat die Here die juk aan hom gegee het, hy moet nederig bly terwyl hy die juk dra (Jeremia 3:29), die juk help Jeremia om te vergeef veral teen die persone wat hom leed aan gedoen het.
- Brooks (1989:107-109) sluit af deur drie belangrike beginsels van God in Jeremia 3:31-33 weer te gee, naamlik God is genadig, God het medelye en God sal nie die mens met opset verdruk nie.

4.3.2.2.4.2 Klaagliedere 3:55-66

Smith (2019: 286) verklaar dat Jeremia God aanroep uit 'n donker plek, 'n put wat baie diep is (Jeremia 3:55). Smith (2019:286) stel dit mooi, "The beauty of brokenness grows in the dark." Donkerte, aldus Smith (2019:286) kan nie spirituele groei belemmer nie. Nie net is hierdie gedeelte 'n gedig van Jeremia nie, maar hy praat met die leser vanuit sy dagboek. In die begin van Klaagliedere 3 was God die vyand, maar in kontras is God nou die een wat Jeremia hoor, wat na Jeremia neerbuig (3:55-58). Jeremia verstaan nou die oorsaak en die gevolg van sy leiding (Smith, 2019:286). Klaagliedere 3:66 is 'n besondere afsluiting, God vervolg nie meer vir Jeremia nie, maar eerder sy vyande (Smith, 2019:286).

4.3.2.3 Psalm 22

Van Wolde (2020:646) dui aan dat Psalm 22 'n beroemde psalm is. In die *Midrash Tihillim* ('n klassieke rabbynse kommentaar) staan Psalm 22 bekend as Ester se gebed, maar dit is onder baie navorsers bekend as Jesus se gebed, "... My God, my God waarom het U my verlaat?". In latere Goeie Vrydag vieringe is Psalm 22 ingesluit in die Christelike liturgie (Van Wolden, 2020:646). Burden (2007:756) meld dat Psalm 22 deel van die Messiaanse psalms is, maar ook as 'n lydingspsalm gesien moet word – meer hieroor met die bespreking van die sosio-historiese konteks van Psalm 22.

Louw en Bosman (2005:181) het 'n artikel geskryf oor Psalm 88 waarin lyding in diepte bespreek word. Lyding sypel deur tot in die mees sensitiefste areas van die mens se bestaan. Lyding deurstrek alle kulture en mense word gekonfronteer met die vraag na die betekenis van die lewe (Louw & Bosman, 2005:181). Die skrywers verwys na Victor Frankl wat gesê het dat hierdie lewensvraag die mens se onbewuste deuring en telkens opduik as lyding die mens stroop van alle waarde (Frankl, 1975). Vir Dawid in Psalm 22 laat lyding hom soos 'n wurm voel en nie soos 'n mens nie (Psalm 22:7). Depressie raak 'n mens se eiewaarde, selfwaarde en skeppingswaarde aan. Depressie laat 'n depressielyer soos 'n "wurm" voel. In die eksegetiese ontginning wat volg gaan die metafoor "wurm" verder ondersoek word. Annes Nel is sy vertaalde werk (2001), *Waar is God wanneer ek Hom die nodigste het?* verwys na wat Simundson oor Psalm 22 skryf. Van die opmerkings is soos volg (Nel, 2001:26-28):

- Slegte dinge gebeur met goeie mense.
- Mense reageer met negatiwiteit as hulle deur moeilike tye gaan.
- Wanneer mense ly, kla hulle.
- Klagtes is swak sielkunde, omdat mense nie hulleself jammer mag kry nie, die mens wat kla moet daaroor kom.
- Klagtes is swak teologie, vir die lydende persoon voel God vêr, dit voel of God nie omgee nie, waar moet die lydende God vind? God het my verlaat. Dis 'n verdere las vir die lydende persoon soos vir Dawid in Psalm 22.
- Klagtes is vyandiggesind teenoor ander mense, daarom sê Dawid in Psalm 22:8-9 dat almal wat hom sien met hom spot.
- Klagtes laat die mens oordrewe aanspraak maak op onskuld. Die digters van die psalms voel dikwels dat hulle nie die lyding wat hulle te beurt val verdien het nie.

Nel (2001) haal vir Daniël Louw in sy voorwoord aan, "Óf God 'n hand in ons lyding het, dit weet ons nie vir seker nie; maar dat Sy hand in lyding rondom ons is, daaraan hoef ons nooit te twyfel nie".

Watter afleidings kan uit bogenoemde geneem word vir pastore in klassieke Pentekostalistiese kerke wat worstel met depressie. Nie net is 'n pastoor en sy familie gewone mense nie, maar hulle dra ook die salwing en roeping van 'n

kragtige God in hulle lewens. Depressie is vernederend veral as mens nie daaroor kan of mag praat nie, of as dit soos 'n stil graf in die siel van 'n man van God lê.

4.3.2.3.1 Sosio-historiese agtergrond

Sim (2008:107-108) dui aan dat Psalm 22 deel is van die Messiaanse Psalms. Burden (2007:756) stem saam met Sim (2008) deur te skryf dat Joodse eksegete hierdie siening steeds huldig omrede hulle trekke in die Psalm sien van die amp en werk van die Messias. Die skrywers van die Nuwe Testament het in Christus die direkte vervulling van hierdie Psalms verstaan. Die Messiaanse Psalms sluit die tien koningspsalms in (Psalm 2, 18, 20, 21, 45, 72, 101, 110, 132, en 144), asook die lydingspsalm, Psalm 22 (Burden, 2007:756). Sim (2008:107) skryf dan oor die historiese konteks van Psalm 22 en noem dat hierdie konteks nog debatteerbaar onder navorsers is.

Psalm 22 word so vroeg as Saul se vervolging van Dawid in die woestyn van Moan (1 Sam 23:25-26) tot soveel later as die Makkabese tydperk geplaas. Daar bestaan min twyfel dat Dawid die skrywer van Psalm 22 is, Dawid word in die inleiding as die skrywer aangewys, die Psalm beskryf Dawid se stormagtige koningskap en die gebruik van die psalm is aanduidend dat Jesus as die Messias nog altyd as deel van Dawid se familielyn gesien word. Wat die sosio-historiese konteks aanbetref, moet Dawid se lyding en hoop op God vir sy toekomstige verlossing verstaan word in die lig van die na-ballingskap mentaliteit (Sim, 2008:108).

Laastens dui Maré (2004:443) aan dat alhoewel Psalm 22 bekend is as 'n Messiaanse Psalm, menend dat die Psalm 'n direkte profesie is oor die lyding van Christus, moet daar nie uit die oog verloor word dat Psalm 22 in 'n bepaalde historiese konteks ontstaan het nie. Hierdie historiese konteks impliseer dat lyding ook deur mense in hulle besondere leefwêreld beleef word. Dawid se lyding in Psalm 22 word wel uitgedruk in die lyding wat Jesus vir elke mens aktualiseer in die wete dat ons eie pyn en lyding wat ons daagliks in die gesig staar, uiteindelik finaal genees gaan word (Davis, 1992:103). Psalm 22 behoort daarom nie slegs as 'n profesie verstaan te word nie, maar eerder dat Jesus homself vereenselwig met die pyn en lyding wat Dawid in Psalm 22 beleef.

4.3.2.3.2 Karakterskets van Dawid

Vir Conner (1976:29) is Dawid een van die beste Messias-tipe karakters in die Bybel. Conner (1976:29) dui aan dat die Bybel wonderlike karakters aan ons voorstel, daar is die tipe Christus gelowiges soos Noag, Isak, Josef, Moses, en Samuel. Hierdie karakters tree op soos Christus sou optree, maar Dawid verteenwoordiger Christus omrede hy soos 'n Messias die kapasiteit het om ander te verlos. Hy het die volk van Goliath verlos, maar in hierdie goeie verlossingswerk moes hy ly omrede hy verwerp is deur die mense wat hy liefgehad het, soos koning Saul. Mears (1974:113-114) skryf dat die Bybel Dawid karakteriseer as 'n herder, seun, musikant (sinterspeler), wapendraer, kaptein, skoonseun van die koning, owerspel-pleger, vlugteling, koning, en moordenaar. Tog is Dawid ook drie keer gesalf en uit sy koninklike familie sou Christus kom. Sy oupa Obed se ma was 'n Moabitiese vrou (Rut) en Dawid was die jongste van agt seuns (Mears, 1974:113). Dawid was 'n jonge skaapwagter wat deur Samuel as God se keuse gesalf word om Saul op te volg as koning. Dawid het uitgestaan vir sy dapperheid en die harpspeler maak vinnig vordering in Saul se

leermag. So goed vaar Dawid dat Saul jaloers word op hom en vyf keer probeer het om hom dood te maak (Mears, 1974:113). Dawid het ook baie foute gemaak, maar hy word tog beskryf dat hy “‘n man na die hart van God” was. Dawid het telkens sy sonde bely, hom bekeer en terug na God gedraai nadat hy teen God gesondig het. Dawid het nooit soos Job en Jeremia na sy geboortedag as ‘n vervloeking verwys nie, maar in Psalm 22:9-10 verklaar Dawid dat God van sy geboorte af sy God was (Webster, 2023:187). Henry (1992:320) skryf hieroor dat Dawid se karakter van Saul verskil het omrede God nie ‘n man met ‘n militêre agtergrond as koning wou hê nie, maar eerder ‘n man soos Dawid wat ‘n pastorale hart gehad het.

Vir hierdie bespreking moet daar wel gelet word op wat die Skrif weergegee oor Dawid se gesinslewe. Te midde van sy koningskap en verhouding met die Here het Dawid se gesinslewe verbrokkel. In 2 Samuel 3:2-5 verskyn die lys van kinders wat vir Dawid in Hebron gebore is voordat hy koning oor die hele Israel geword het, ses kinders is by ses vroue gebore. Alhoewel dit dalk ‘n algemene gebruik in Israel was, stel God dit duidelik dat konings nie baie vroue mag hê nie (Deut 17:17). Dawid se oudste seun, Amon het Dawid se dogter by ‘n ander vrou begeer. Die dogter se naam was Tamar. Amon het later vir Tamar verkrag. Toe Dawid hierdie dinge hoor, het hy kwaad geword, maar niks daaromtrent gedoen nie. Absalom sou later Tamar wreek deur Amon dood te maak en uiteindelik sou Absalom, die seun van Dawid, sy eie pa (Dawid) probeer vermoor vir die troon, maar hy het in die oorlog gesterf. Wellus, verkragting, wanhoop, dronkenskap, wraak, moord en rebellie was deel van Dawid se nalatenskap aan sy familie. Dit was nie God se plan nie. In 2 Samuel 13 waar die tragiese verhaal van Tamar vertel word, word God se Naam nêrens genoem nie. Amon en Absalom se sondes weerspieël hulle pa se owerspel met Bátseba en die moord op haar man, Uría. Die konteks van hierdie gesinsverbrokkeling gaan in die eksegetiese ontginning van nader bekyk word.

4.3.2.3.3 Die keuse van perikope

Wilson (2002:412) deel Psalm 22 in drie gebalanseerde afdelings in:

A. ‘n Tematiese inleiding	22:1
A1 Die stilte en afwesigheid van God	22:2-11
Heilige Stilte	22:2-5
Heilige Afwesigheid	22:6-11
A2 Verwoede aanslae van mense	22:12-22
A3 Belofte van lof	22:22-31
Belofte en Beroep op lof	22:22-24
Gelofte tot voortdurende lof	22:25-31

A1 en A2 handel oor wanhoop, lyding en klagtes. Net soos met depressie is Dawid afgebreek in so ‘n mate dat hy in vers 7 aandui dat hy ‘n wurm en nie ‘n mens is nie (A1). Sy gesinslewe het verbrokkel en hy is bewus dat mense met hom spot (A2). Daar is egter hoop wanneer Dawid God loof (A3). Dele van A1 en A3 word verder eksegeties ontgin.

4.3.2.3.4 Eksegetiese ontginning van die perikope

Depressie kan mens soos 'n wurm laat voel. Klassieke Pentekostalistiese pastore leef 'n lewe van geloof.

Auto-etnografiese inset

Ek was nooit seker of ek elke maand 'n salaris sal ontvang nie, een van vier gemeentes het 'n mediese fonds vir ons verskaf. 'n Bestaande wet in die klassieke Pentekostalistiese kerk, waarvan ek deel was, het gestipuleer dat 'n pastoor slegs salaris kan ontvang as al die gemeente se verantwoordelikhede maandeliks nagekom is. Daar was kerkraadsvergaderings waar ek bakhand moes staan vir my kinders se skoolbenodighede, beter telefoontoelae, en beter brandstoftoelae. Ek kon nie 'n ander werk beklee nie omdat dit nie is wat 'n man wat op God vertrou, doen nie. My vrou moes die susters in die gemeente lei en was nie toegelaat om te werk nie. 'Die Here gaan voorsien' het my soos 'n wurm laat voel, my gesin het verbrokkel, my oudste seun het in moeilikhede beland soos dwelms, met 'n afwesige pa wat altyd vertrou het dat deur alles vir sy gemeente op die altaar te plaas, die Here deurbrake op elke terrein van sy lewe sou bewerk.

4.3.2.3.4.1 Psalm 22:7

Van der Zwan (2016:17) meld dat 'n paar diere in Psalm 22 genoem word. Die eerste van hierdie diere is 'n wurm, 'n onreine skepsel. Dawid dui hierdeur aan dat 'n wurm die teenoorgestelde van wat dit beteken om mens te wees voorstel. Van Wolde (2019:646) dui aan dat Dawid met opset van metafore in Psalm 22 gebruik maak en noem dat hierdie wurm is die "*scarlet worm*" of in Hebreeus *tola*. Die *Coccus ilicis* soos die wurm genoteer is, is 'n rooi wurm wat in die Middellandse See voorkom en helderrooi sy produseer, karmosyn. Die liturgiese kleredrag van die priesters wat diens in die tabernakel/tempel gedoen het was ook karmosyn (Van Wolde, 2019:648). Die woord *tola* word net in twee kontekste in die Hebreeuse Bybel gebruik, sewe keer as wurm en 33 keer as die kleur karmosyn. In Psalm 22:7 val die klem vir Dawid op die konteks van die wurm. Dawid dui sy eie onbelangrikheid aan en verwys na die dood. Die wurm is aangetref in bome en struie en Dawid gebruik doelbewus die metafoor as 'n retoriese strategie om die leser dieselfde emosie as hy te laat voel – 'n gevoel van absolute wanhoop – hierdeur poog Dawid om by die leser 'n bewustheid te kweek dat alleenlik 'n noodroep na God hierdie emosie kan beredder. Calvin het tereg gesê dat Psalms die spieël van die siel is (Waltke *et al.*, 2014). Vir Smith en Platt (2022:v163) dui Psalm 22:6-8 Jesus se vernedering op die kruishout aan, en stem saam met Van Wolde, dat dit vir Dawid moes voel asof die dood vir hom naby gekom het. Dawid het geen waarde beleef nie, hy beteken niks nie. Dawid kan homself nie eers as 'n mens gesien nie. Niemand gee ook vir hom om nie, hy is 'n bespotting en word deur mense verag. Dawid, as die een wat ly, vertrou egter op die Here.

Uit die eksegeese word mens bewus van Dawid se lyding, Dawid eggo sy pyn deur 'n metafoor van 'n wurm te gebruik wat bekend is aan die leser. Dawid poog daardeur om aan die leser te illustreer hoe niksseggend sy lewe is, niemand let in elk geval op nie, niemand gee om nie. Die antwoord vir sy lyding lê immers nie om by mense hulp te soek nie,

intendeel die meeste mense slaan nie ag op wurms nie. Daarom sal Dawid eerder God vertrou, want God het hom geboorte gegee, sy lof sal eerder na God gaan soos in die onderstaande teksgedeelte bespreek gaan word. Uit 'n pneumatiese insig is die helder rooi sy van die wurm tog van belang. Jesus se bloed het gevloei en lewe gebring. Die kleur van die sy word ook geassosieer met die liturgiese kleredrag van die priesters wat in die tabernakel of tempel diens doen. Alhoewel hierdie gedagte nie gekontekstualiseer kan word nie, is hierdie metafoor 'n besondere verwysing oor hoe Christus aan die kruis ontleedig is en hoe die skare met Hom spot gedryf het, tog helaas het die wurm 'n metamorfose ondertoon waardeur Christus deur sy lyding en vernedering selfs aan diegene wat Hom gespot het, lewe gegee het.

4.3.2.3.4.2 Psalm 22:22-31

Webster (2023:190) noem hierdie gedeelte die Vyfde Evangelie en verduidelik dat Psalm 22 nie 'n algemene lydingspsalm is nie, aangesien dit baie meer besonders is – die Psalm beweeg van “*torment*”, na “*turmoil*”, en dan na “*triumph*.” A1 en A2 beskryf die besondere lyding van Christus, maar A3 dui op die verlossende krag van Christus se opstanding (Webster, 2023:190-191). Webster (2023:191) staan verstom dat Dawid se lyding so radikaal omgeswaai kan word na lof. Ewesklik bevind Dawid homself in die huis van die Here waar hy die heiliges in aanbidding lei. 'n Getuigenis wat gebeur wanneer God een se lyding na leiding verander. Die skrywer van Hebreërs in Hebreërs 2:10-11 eggo Dawid se woorde in Psalm 22:22. Webster (2023:191) ervaar ook dat die Heilige Gees deur profesie die impak van Jesus se opstanding beklemtoon, omdat Jesus uit die dood opgestaan het kan ons God nou in Gees en in waarheid aanbid (Jhn 4:23). Dit is om hierdie rede dat Webster Psalm 22:22-31 die Vyfde Evangelie noem, naamlik dat alles wat in Psalm 22 met Dawid gebeur, deur Christus se opstanding getroef word. Selfs Jesus se laaste kruiswoorde in Johannes 19:30 “Dit is volbring!” is die vervulling van Psalm 22:32 “Hy het dit gedoen.”

4.4 PERSPEKTIEWE UIT DIE NUWE TESTAMENT

In hierdie afdeling word gefokus op die Nuwe Testament om klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te versterk te midde van depressie. 'n Diepte-analise van gedeeltes van Lukas word ontgin waar gefokus word op Jesus se selfagting en doeltreffendheid te midde van versoeking en lyding en die rol van gebed word geaksentueer om die oogmerke van die studie verder te beklemtoon. Eerstens val die fokus op 'n literatuurstudie van 'n artikel wat deur Nel (2017) geskryf is oor Pinksterkerke en Lukas-Handelinge om 'n agtergrond te skets voor die eksegetiese proses plaasvind.

4.4.1 Marius Nel (2017)

Nel (2017) se artikel getiteld, “Apostoliese tye as onherhaalbaar en uniek” dui aan dat Pinksterkerke en Lukas-Handelinge skryf dat klassieke Pinkstergelowiges steeds verwag dat die bonatuurlike hulle steeds sal verras en dat die gebeure van Pinksterdag sowel as die werking van die Heilige Gees wat die lewe van die apostels en eerste gelowiges gekenmerk het, herhaal word in hulle midde (Nel, 2017:786). Bybelse narratiewe speel 'n groot rol en veral Lukas-Handelinge speel 'n belangrike rol as ‘geskiedenis van Jesus’ en die vroegste kerk. Nel (2017:786) beklemtoon

vervolgens dat Pinksterteoloë verskeie aspekte van die Lukas-narratief gebruik om aan te dui dat die skrywer gebeurte beskryf met die duidelike doel om lesers aan te moedig om hulle praktyk aan die hand daarvan te modelleer teenoor die “*cessationist*” standpunt dat Lukas se narratiewe vanuit die teologie van Paulus se leerredes geïnterpreteer moet word (Nel, 2017:786).

In hoofstuk 5 van hierdie navorsing, die pragmatiese moment van Osmer se model word al die bevindinge van die eerste drie momente (hoofstuk 2,3 en 4) in ag geneem en pastorale riglyne gaan saamgestel word om ‘n strategie te ontwikkel wat ondersteuning aan pastore in tradisionele Pentekostalistiese kerke wat aan depressie ly. Soos Nel (2017) te kenne gee is ‘n verstaan van die Lukas-Handelinge narratief uiters noodsaaklik om so ‘n strategie vir klassieke Pentekostalistiese pastore in praktyk te modelleer omrede hulle teologiese raamwerk deur ‘n bonatuurlike inwerking van die Heilige Gees verstaan word in elke faset van hulle leefwêreld.

Die klassieke Pinkstertradisie, aldus Nel (2017) verstaan dat die vertelling van bybelse gebeurte in die kontemporêre kerk in lidmate se lewe herhaal word (Dayton, 1987:24; Neve, 2011:35). Die tradisie bely dat die uitstorting van die Heilige Gees steeds gepaardgaan met buitengewone verskynsels, insluitende die spreek in tale as inisiële teken, en dat die verkondiging van die evangelie bevestig word deur die hedendaagse wonders en tekens wat verband hou met wat in die vroeë kerk beleef is (Hand 3:2-8, 4:30, 8:6-7; Menzies, 2013:26,121). Pinksterkerke regverdig hulle bestaan as ‘n restourasie van die primitiewe kerk (Nel, 2017:787). Die apostoliese kerke van die eerste eeu (soos in die Handelinge-narratief aangedui) dien in Pinksterkerke as ‘n model vir moderne kerke. Daar is ‘n doelbewustheid onder klassieke Pinkstertradisie aanhangers om hulle eredienste, asook evangelisasie uitreike aan die hand hiervan te modelleer. Die Pinksterdag gebeurte moet dus weer en weer herhaal word, sodat die gelowiges van elke geslag met krag toegerus kan word om as getuies te dien (Lukas 24:40 en Handelinge 1:8). Vandag se kerk is afhanklik van dieselfde krag om die evangelie effektief te versprei, en derhalwe het hulle die doping van die Gees ook nodig. Die klem word gereflekteer in Petrus se woorde in Handelinge 2:38-39 dat die belofte van die Gees ook vir daaropvolgende geslagte is (Nel, 2017:788).

Vervolgens word daar kortliks gelet waarom Pinksterteoloë argumenteer dat die skrywer van Lukas-Handelinge doelbewus ‘n model voorhou waarvolgens lesers hulle lewe, bediening en gemeentelêwe moet inrig:

- **Lukas 4:16-30 en Handelinge 2:14-41 as inleiding tot die onderskeie boeke.** Jesus se woorde in Lukas 4:19-19 is ‘n aanhaling uit Jesaja 61:1-2 om Jesus se bediening in te lei, met sy opmerking dat dié woorde in sy bediening vervul word (Nel, 2017:789). Lukas bied ‘n soortgelyke paradigmatische inleiding in die vorm van Petrus se preek (Handelinge 2:14-41). Petrus gebruik ook ‘n verwysing na die Hebreeuse Bybel (Joël 2:28-32) as basis vir sy preek. Lukas se evangelie bied die verhaal van Jesus aan deur Jesus uit te beeld as die unieke charismatiese profeet, terwyl sy Handelinge-verhaal die narratief van die dissipel-gemeenskap uitbeeld as ‘n charismatiese groep profete. Die Gees fasiliteer die bediening, in Lukas is daar 17 verwysings na die Gees, in Markus is daar ses verwysings na die Gees, en in Mattheus 12 verwysings na die Gees. Die tema van die Gees

toon vir Pinksterteoloë aan dat Lukas histories en teologies meer waarde aan die Gees gee as die ander evangeliste.

- **Lukas 10:1-16 en die uitsending van die 70 (72).** Net Lukas vertel van die verdere uitsending van 70 (72) dissipels (Lukas 10:1-16) (Nel, 2017:790). Indien Jesus 70 dissipels roep en stuur, het die getal van Jesus se keuse van 12 apostels simboliese betekenis. Die twaalf apostels verwys duidelik na die twaalf aartsvaders en stamme van Israel en die keuse van 70 (72) dissipels hou waarskynlik met die Hebreeuse Bybel verband (Numei 11:24-30). Daar word in Numei verduidelik hoe JHWH 'n deel van die Gees wat op Moses gerus het, neem en op die 70 leiers van die volk plaas, wat veroorsaak dat hulle begin profeteer (Nel, 2017:790). Eldad en Medad het nie saam na die tent van ontmoeting gegaan nie, tog begin hulle terselfdertyd profeteer. Die verskil met die narratief in Lukas is die toerusting met die Gees wat 'n belangrike komponent in Lukas se teologiese doel vorm (Peerbolte, 2015:5). Lukas-Handelinge verduidelik dat 'n deel van die Gees wat op Jesus gerus het, nou op sy dissipels kom om hulle toe te rus sodat hulle as profete getuie is oor Jesus kan aflê (Nel, 2017:791).
- **Handelinge 2: 17-21 en die Pinkstergebeure.** Lukas verbind wonders en tekens met Jesus se bediening, maar ook met die bediening van die vroeë kerk (bv. Hand 2:43). Nege van die sestien verwysings na "wonders en tekens" kom in Handelinge voor, in antwoord op gebed, "laat U hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van U Heilige Dienaar, Jesus" (Hand 4:30) (Nel, 2017:791). Pinksterteoloë beskou nie die gebeure op Pinksterdag as die geboorte van die kerk nie, maar as toerusting vir sending.

Laastens word genoem dat die Pinksterstandpunt dat Lukas 'n historikus-teoloog in eie reg is deur hulle aanvaar, asook dat hy sy leer oor die Gees doelbewus onafhanklik ontwikkel (Nel, 2017:793). Die implikasie van die Pinkstertradisie se beklemtoning van persoonlike ervaring verduidelik waarom die narratiewe van die Bybel belangrik is vir Pentekostaliste (White, 1973:121) en waarom hulle die rol van affeksie waardeur wanneer hulle die Bybel interpreteer (Nel, 2017:294).

'n Klassieke Pentekostalistiese Skriftuurlike model moet toelaat dat klassieke Pentekostalistiese pastore hulle lewe, bediening en gemeentelwe inrig volgens Bybelse narratiewe. Die doping met die Heilige Gees, die toerusting met die krag en gawes van die Heilige Gees, asook die uitstuur met die evangelie soos deur die Lukas-Handelinge narratief onderstreep word, is nie-onderhandelbare geloofswaarhede binne die klassieke Pinkstertradisie. Affeksie is van groot waarde in hierdie pastore se persoonlike ervaringswêreld. In die daarstel van 'n strategie om pastore vanuit hierdie tradisie by te staan wat aan depressie ly is daar derhalwe afhanklik van die konteks, soos Nel (2017) dit hierbo uiteensit. Pragmaties gestel, alhoewel dit vandag algemeen bekend is dat depressie 'n mediese toestand is gaan die klassieke Pentekostalistiese pastoor dit alleenlik glo indien hy/sy deur die Heilige Gees daarvan oortuig word. Alles in hulle lewe word gekoppel aan die leiding van die Heilige Gees wat hulle toerus om elke situasie in hulle lewe te hanteer.

4.4.2 Eksegese

4.4.2.1 Die betroubaarheid van die Evangelie van Lukas

Wat die Evangelie van Lukas aanbetref, meld Van Bruggen (1993:11-33) dat Lukas sy eerste boek geskryf het toe die evangelie reeds deur oog- en oorgetuies verkondig is (Van Bruggen, 1993:21). Stein (1992:20) stel dat, “... in Luke 1:2 ... the author relates ... he (‘us’) received (‘was handed down’) information for his gospel from those who were ‘eyewitnesses’ and ministers of the Word.” Beide skrywers is dit eens dat Lukas sy skrywe gerig het aan Theofilus. “Theofilus behoorde tot de kringe van de Romeinse owerheid en dat Lucas hem daarom met het verschuldedige respect aanspreekt aan het slot van vers 3” (Van Bruggen, 1993:24). Culpepper (1995:9) beklemtoon die feit dat Lukas vertrouwd was met die feite, Lukas was moontlik ‘n heiden, maar hy was vertrouwd met die inhoud van die Ou Testament asook met Joodse praktyke en institusies. Lukas was by uitstek ‘n historikus en Van Bruggen noem dat Lukas deeglik ingestel was om gebeure korrek weer te gee (*parakolouthen*) (Van Bruggen, 1993:27). Lukas voldoen as historiese bron aan die standaard wat gestel word vir die geloofwaardigheid en getrouheid van die vertelde feite (du Preez, 2006:18).

4.4.2.2 Jesus se selfdoeltreffendheid en selfagting in die Evangelie van Lukas

Rosa (2020) het in haar studie getiteld, *Suffering, resilience and spirituality: A Practical theological guide for the clinical psychologist*, navorsing gedoen wat van belang is vir hierdie pastorale studie. In haar studie dui sy aan dat die dood van ‘n geliefde, ‘n traumatiese gebeurtenis of ander moeilike omstandighede vir die gelowige ‘n ander persepsie van God kan skets. Die liefdevolle God kan as ‘n afwesige God ervaar word. Sy vra dan die vraag, waar is God in lyding? En waarom laat God lyding toe? (Rosa, 2020:iii). Rosa is van die opinie dat in hierdie tye van pyn gelowiges hulle godsdiens/spiritualiteit as ‘n veerkragtige ‘terugbonds’ faktor kan gebruik om hierdie lyding te oorkom (Rosa, 2020:iii).

Rosa skryf gevolglik oor Jesus se selfdoeltreffendheid en selfagting (Rosa, 2020:113). Sy noem dat in psigologie selfagting ‘n evaluasie is van hoe ‘n persoon hom/haarself sien en aanvaar (Blascovich & Tomaha, 1991:115). Selfdoeltreffendheid is ‘n weerspieëling van ‘n persoon se kapasiteit en vermoë om hulleself in die lig van hulle prestasies te sien (Rosa, 2020:113).

Rosa (2020) reflekteer op Jesus soos hy in die Evangelie van Lukas voorgestel word. Een episode in die Evangelie van Lukas wat aantoon dat Jesus ‘n hoë selfagting gehad het, is die versoeking in die woestyn in Lukas 4: 1-12. Jesus word in hierdie gedeelte deur die Gees in die woestyn ingelei, en vir 40 dae is Hy deur die duivel versoek (Rosa, 2020:113). Die duivel het probeer om Jesus se identiteit te skud as die Seun van God. Jesus se bediening begin met hierdie gebeurtenis (Rosa, 2020:113). Die duivel wou gehad het dat Jesus Sy identiteit moet bewys “... If you are the Son of God ... ” Christus het die outoriteit en die mag gehad om die duivel se versoek te volbring, maar Jesus het geweet dat Sy Vader Hom liefhet nog voordat Jesus na die woestyn gelei was. Lukas 3:22 verklaar, “... Jy is my Geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My” (Rosa, 2020:113). Jesus het geensins die poging van die duivel in die woestyn as versoeking ervaar het nie, omrede Hy geweet het wie Hy was, en dat Hy sy Vader geken en liefgehad het. Jesus het alreeds as ‘n kind, op die ouderdom van 12 jaar, sy talente gebruik toe hy in die Tempel die godsdienstige leiers

verstom het met sy antwoorde (Lukas 2:47). Jesus het Sy outoriteit ook bevestig in die wyse waarop Hy deur gelykenisse die mense geleer het (Lukas 13:18-19) (Rosa, 2020:114). Jesus het die belangrikste momente van sy lewe gedeel met sy 12 dissipels, die mense wat Jesus as naby aan Hom beskou het. Dit sluit wonderwerke (Lukas 4:38-39) en gebed (Lukas 11:1) in (Rosa, 2020:115).

Die fokus skuif nou na die tuin in Getsemane om te fokus op die mate waarop Jesus se selfagting en selfdoeltreffendheid geraak is deur die gebeure in Lukas 22:39-46 .

4.4.2.3 Jesus se gebed in Lukas 22:39-46

Halley (2000:680-681) beskryf die impak van hierdie perikoop, "The human race started in the garden. Jesus suffered His agony in a garden. He was crucified near a garden and buried in a garden. Paradise will be in a garden." Halley (2000:681) skryf dat Getsemane as 'n tuin teen die westelike helling van die Olyfberg, net oos van Jerusalem. Jesus en Sy dissipels was moontlik nie alleen daar nie want oor die tyd van die Pasga het duisende pelgrims Jerusalem besoek. Jesus het geweet dat die einde van Sy bediening in sig was en dat Hy nou Sy roete gaan afsluit by die kruis waar Hy ewige verlossing vir die mensdom sou bewerk (Halley, 2000:680). Jesus het geweet dat Hy nie net fisies gaan sterf nie, maar ook spiritueel (geestelik) omdat Hy anders as met die versoeking (Lukas 4) ook nou vir 'n wyle van Sy Vader verwyder gaan word (Halley, 2000:681). In Jesus se kruiswoorde het Hy ook gevra waarom Sy Vader Hom verlaat het (alhoewel Lukas nie hiervan melding maak nie, Lukas dui aan dat Jesus Sy gees aan God oorgee). Halley (2000:681) dui aan dat Jesus moontlik in die tuin 2 tot 4 ure in vurige gebed was. Benoudheid en angs het Hom so oorval dat Sy sweet bloed geword het en dat Hy so swak was dat God 'n engel moes stuur om Hom te versterk. Dinkler (2013:175,176) skryf dat toe Jesus se lewe in groot gevaar was, Sy dissipels aan die slaap geraak het (Lukas 22:45). Jesus het hulle immers gevra om te bid (Lukas 22:40) en tog het hulle nie na Hom geluister nie. Jesus was al in versoeking, soos hierbo bespreek (Lukas 4) en het geweet dat slegs gebed Sy dissipels sou kon dra met dit wat nou gaan gebeur. Dinkler (2013:176) glo dat die dissipels eerder op hulleself gefokus het, maar dat hulle ook nie regtig kon verstaan wat Jesus nou moes deurgaan nie. Volgens die Lukas narratief het die dissipels nie net in Getsemane negatief gereageer nie – volgens Lukas 22:54-62 het die dissipels Jesus se kruisiging slegs van 'n afstand betrag het (Dinkler, 2013: 175-176). Jesus se selfdoeltreffendheid word hier geopenbaar, Jesus weet dat slegs gebed Hom kan aktualiseer om die mees fundamentele prestasie te bereik, naamlik deur Sy selfagting vir Homself en wie Hy is, te verruil deur tot die dood verneder en ontledig te word en as die verre Here, God en mens te versoen.

Depressie ontnem 'n persoon van sy selfagting, die gevolg is dat jou selfdoeltreffendheid as man van God, pastoor, leraar, pastorale versorger waarde verloor. Jesus beaam dat in sulke tye gebed effektief 'n persoon se spiritualiteit kan versterk, wanneer 'n gelowige sy/haar gebroke gees aan die Heilige Gees oorgee om staande te bly in tye van depressie.

4.5 GEVOLGTREKKING VAN DIE NORMATIEWE MOMENT

- Die soeklig in hierdie hoofstuk het op Osmer (2008:175-218) se normatiewe moment geval. Die vraag wat ondersoek is, is wat is veronderstel om aan te gaan? Teologiese navorsing is hier van belang, nie net word daar gefokus op teologiese teorieë nie, maar daar word spesifiek ook gefokus op dit wat veronderstel is om teologies plaas te vind.
- Vir hierdie moment is daar gebruik gemaak van 'n grammaties-historiese eksegeese met 'n pentekostalistiese-hermeneutiese insig. Die Skrifgefundeerdheid van die Gereformeerde tradisie tesame met die pneumatiese eksegeese van die Pinkster tradisie vorm 'n "handevat oomblik" met die uitkomst van hierdie studie in gedagte.
- Die hoofstuk fokus daarop om 'n strategie te ontwikkel om klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly, se spiritualiteit te versterk. Daar is in gedagte gehou dat 'n kliniese beeld van depressie nie as 'n term in die Bybel voorkom nie, alhoewel die toestand en simptome wel deurgaans in die Bybel voorkom.
- Perspektiewe in die Ou Testament is ontgin met die klem op watter bydrae die wysheidsliteratuur tot die oogmerke van hierdie studie kan maak. Wysheidsliteratuur is nie uniek tot die Ou Testament nie. In die Ou Nabye Ooste was wysheid 'n konkrete konsep met 'n dieper betekenis. In die wysheidsliteratuur is daar egter 'n verskil, die "vrees vir die Here" is die sentrale motief in die wysheidsliteratuur van die Ou Testament (Spreuke 9:10) wat deurfilter na mense in hulle bepaalde lewenssituasies.
- Wat die eksegetiese ontginning in die Ou Testament aanbetref is die boek van Job, Klaagliedere en Psalm 22 ondersoek aan die hand van die volgende hoofopskrifte, naamlik die sosio-historiese agtergrond, karaktersketse, keuse van relevante perikope en die eksegetiese ontginning van die perikope.
- Daar word aangedui hoe Job, Jeremia en Dawid vanaf 'n plek van wanhoop na hoop beweeg het in tye van vertwyfeling en lyding, daar is gefokus hoe hulle spiritualiteit versterk ten tye wanneer hulle simptome van depressie ervaar het.
- In Job se geval kan gesien word hoe Job in ernstige vertwyfeling oor sy eie bestaansreg en skeppingswaarde is (Job 3), hoe God in gesprek met Job getree het (Job 42:7-17) en hoe Job deur God opgerig word – 'n gelukkige einde omrede God se wysheid steeds met Job is.
- In Jeremia se geval roep Jeremia na God vanuit 'n donker plek, hy huil en beeld God uit as die vyand (Jeremia 3:1-6), hy bevind homself in 'n donker plek. Klaagliedere 3 het 'n depressiewe toon, nie onnodig dramaties nie, maar omdat sy pyn werklik is, Jeremia vra ook na waar is God? God antwoord hierdie vraag deur na Jeremia neer te buig (Jeremia 3:55-58). Jeremia begryp nou die oorsaak en die gevolg van sy lyding.
- In Dawid se geval voel Dawid soos 'n wurm en nie 'n mens nie (Psalm 22:7). Depressie beïnvloed die mens se eiewaarde. Psalm 22 kan as die vyfde evangelie beskryf word. Alles wat met Dawid gebeur word deur Jesus aan die kruis getroef, selfs Jesus se laaste woorde "Dit is volbring!" word ge-eggo in Psalm 22:32 "Hy het dit gedoen." Dawid se lyding word omgedraai in radikale lof.
- Perspektiewe in die Nuwe Testament het klem gelê op die Lukas-Handelinge narratief. Die rede is omdat dit belangrik is om 'n strategie vir klassieke Pentekostalistiese pastore in praktyk te modelleer wat rekening hou

hoe hulle teologiese raamwerk deur 'n bonatuurlike inwerking van die Heilige Gees in elke faset van hulle leefwêreld verstaan word.

- 'n Diepte-analise van die Lukas evangelie is ontgin waar gefokus is op Jesus se selfagting en doeltreffendheid te midde van versoeking (Lukas 4:1-12) en lyding (Lukas 22:39-46). Depressie ontnem 'n mens van selfagting, maar Jesus toon aan dat in sulke tye gebed effektief 'n mens se spiritualiteit kan versterk, dit gebeur wanneer die mens in depressie, hulle gebroke gees aan die Heilige Gees oorgee om staande te bly.

HOOFSTUK 5

DIE PRAGMATIESE MOMENT

DIE FORMULERING VAN 'N STRATEGIE OM KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE SE SPIRITUALITEIT WAT AAN DEPRESSIE LY TE VERSTERK

5.1 INLEIDING EN DOELWIT

Die pragmatiese moment is die laaste taak van Osmer (2008:175-218) se voorgestelde model vir die praktiese teologie. Hierdie moment berus op die vraag, hoe daar gereageer moet word? In die beantwoording van hierdie vraag gaan daar krities in dialoog getree word met die vorige navorsingsinsette soos uiteengesit in die voorafgaande hoofstukke. Inligting vanuit hierdie hoofstukke gaan in 'n holistiese, strategies-teoretiese hulpverleningstrategie gemoduleer word om 'n beradingsmodel te ontwikkel wat deur klassieke Pentekostalistiese kerke in ag geneem kan word, om pastorale intervensie moontlik te maak deur pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke wat aan depressie ly, spiritueel te versterk. Die doelwit van hierdie hoofstuk is om deur 'n hermeneutiese wisselwerking vanuit die inligting wat bekom is uit hoofstukke 2 tot 4 te bepaal watter pastorale riglyne saamgestel kan word om die huidige situasie doeltreffend aan te spreek.

5.2 METODOLOGIE

Dienende leierskap staan vir Osmer sentraal in die pragmatiese moment (Osmer, 2008:183). Jesus, volgens Osmer, is die beliggaming van God se koninklike heerskappy. Hierdie beliggaming word uitgebeeld in die wyse waarop Jesus as die dienende, lydende dienskneg uitgebeeld word. Christus se priesterlike amp word hierdeur uitgebeeld (Osmer, 2008:183-184). Hierdeur leer Jesus sy volgelinge dat 'n dienskneg mentaliteit (Osmer, 2008:184) noodsaaklik is om effektief die gemeenskap van gelowiges te dien (Markus 10:42-45). Osmer stel voor dat dienende leierskap funksionele transformasie kan teweegbring deur drie taakgerigte leierskapsteorieë in werking te stel, naamlik taakbevoegdheid wat deur dienende nederigheid bekom word en dit sluit respek, eerlikheid en diensbaarheid in (Osmer, 2008:193-194). Tweedens, transaksionele leierskap en bepaling van diepliggende behoeftes en grense, gesonde leierskap is nodig om diepliggende behoeftes te bepaal en te verstaan (Osmer, 2008:194) en laastens, transformerende leierskap wat op diepliggende veranderinge berus (Osmer, 2008:196). Klassieke Pentekostalistiese pastore is dienende leiers in hulle gemeentes en pastorale beraders is dienende leiers in die pastoraat. Die navorser vertrou dat hierdie studie en die hulpverleningstrategie wat voorgelê word Christus vergestalt in die lewe van die pastorale berader, asook die beradene (Klassieke Pentekostalistiese pastoor).

5.3 BEPAALDE VOORVERONDERSTELLINGS WAARAAN DIE PASTORALE BERADER AANDAG MOET GEE VOOR BERADING AAN DIE BERADENE (KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE WAT MET DEPRESSIE WORSTEL) BEGIN

Ten einde die doelwitte van Osmer se pragmatiese moment te bereik wil die navorser soos volg te werk gaan. Daar word bepaalde erkennings gegee aan 'n paar voorveronderstellings waarop die pastorale berader moet let voordat die beradene in die pastoraat ontmoet word. Hierdie voorveronderstellings dien as hulpmiddels om die beradene se spiritualiteit te versterk sodat effektiewe uitkomst in die beradene se worstel met depressie hulle kan help op die pad na begrip en genesing. Die kategorie in die semigestruktureerde onderhoude wat van belang was (vgl. 2.2.6.2.1) word nader getrek om die hulpverleningstrategie te formuleer.

5.3.1 Gee erkenning aan 'n unieke skrifbeskouing met betrekking tot klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit

Klassieke Pentekostalistiese pastore het 'n unieke spiritualiteit wat gedefinieer word met die aanneem van sekere waardes en norme. Hierdie spiritualiteit impliseer 'n persoonlike verhouding met God en deur die inwerking van die Heilige Gees, met inagneming van God se Woord behoort enige versperring soos depressie oorkom te word (vgl. 2.2.1.3). Depressie word allereers gesien as 'n aanslag van die Duiwel. Die Bybel word op gesigswaarde geïnterpreteer en die inwerking van die Heilige Gees is gerig op die hier en nou. Pastore uit klassieke Pentekostalistiese kerke soek antwoorde vir lewensvrae in die Bybel en hierdie ontdekkings word moontlik gemaak deur openbarings deur die Heilige Gees.

Wat die pastoraat aanbetref moet die pastorale berader die beradene se besondere dogmatiese vertrekpunt respekteer (vgl. 2.2.2; 2.2.3; 2.2.3.3; 2.2.3.4; 2.2.3.5; 2.2.3.7; 2.2.5; 3.3.3.4.5; 4.4.1). Pentekostaliste sien die mens holisties, met ander woorde as gees, siel en liggaam. Depressie kom voor in die gees van die mens en depressie word gesien as 'n geestelike stryd waardeur die duiwel poog om die beradene aan te val. Gebed is van kardinale belang en hierdie gebed mag emosioneel wees en charismata soos die spreek in tale mag voorkom. Lof en aanbidding is deel van die beradene se arsenaal en die pastorale berader kan geestelike musiek speel terwyl daar gewag word op die teenwoordigheid van die Here. Die pastoraat moet ook 'n plek wees waar die terminologieë van die beradene gerespekteer word. Van hierdie terme sluit in "om die bloed van Jesus" te pleit, omdat die bloed van Jesus mag het om die duiwels uit te dryf. Die beradene kan ook voel dat hulle 'n "deur oopgemaak" het vir demoniese beïnvloeding, so byvoorbeeld kon die beradene verwerp gewees het as kind en daardeur het die Duiwel 'n houvas of binding op hulle gekry. Onkonvensionele praktyke is deel van die pastoraat, byvoorbeeld die onderskeiding van geeste (1 Kor 12), manifestasies soos opgooi, en om te skreeu kom dikwels voor. Beradenes is ook bewus van groeperinge van demone wat hulle kon beset, 'n gees van bitterheid, 'n gees van rebellie en selfs 'n gees van paranoia, om net 'n paar te noem. Oorlog kan verklaar word en daar word van die pastorale berader verwag om meelewend te wees in die beradingsproses.

Samevattend kan die pastorale berader bou op aspekte van die Pentekostalistiese hermeneutiek wat bydraend tot die begrip vir die beradene kan wees, soos dat die krag van die Heilige Gees persoonlikheidsprobleme deur bemiddeling van 'n geesvervulde lewe kan ondervang. Deur voorts die beradene daarop te wys om tyd in die teenwoordigheid van die Here deur te bring, en ook dat die pastorale berader self vir die beradene moet intree in gebed. Hierdeur word die pastorale berader 'n geestelike vennoot van die beradene wat belangrik is om effektief die beradene se vertroue te wen deurdat die pastorale berader die beradene se stryd met depressie ook as 'n geestelike aanslag benader. Die pastorale berader kan die beradene daarop wys dat omrede die beradene die charismata deelagtig is, dit 'n sigbare bewys van God se liefde vir hulle is. Die pastorale berader kan ook aan die beradene uitwys dat God aan die werk is as hulle depressie het. God is besig om die beradene iets te leer, om hulle te toets of selfs sy verhouding met hulle te verdiep.

Gee te kenne dat Pinkstergelowiges steeds die bonatuurlike verwag en daarom is die Lukas-Handelinge narratief noodsaaklik om 'n hulpverleningstrategie te formuleer. By implikasie is die beklemtoning van persoonlike ervaring van belang in die pastoraat. Die storie van die beradene word gekoppel aan die narratiewe van die Bybel. Die pastorale berader moet ag slaan dat die beradenes hulleself sien in gebeure wat in die Bybel afspeel en affeksie wys as die beradene hulleself inleef in soortgelyke bybelse waarhede. In 'n neutredop beskou, kan aanvaar word dat die klassieke Pentekostalistiese pastoor se spiritualiteit alleenlik versterk word teen duiwelse aanslae soos depressie as hulle deur die Heilige Gees daarvan oortuig word.

5.3.2 Gee erkenning dat depressie 'n kliniese mediese toestand is met betrekking tot klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit

Depressie is nie as 'n kliniese mediese toestand hoog op die agenda van klassieke Pentekostalistiese kerke nie. Net soos die pastorale berader erkenning moet gee aan die unieke skrifbeskouing van die klassieke Pentekostalistiese pastoor (vgl. 5.3.1) in die pastoraat, is dit ook noodsaaklik dat die klassieke Pentekostalistiese kerke erkenning daaraan moet gee dat depressie wel 'n mediese toestand is. 'n Beter begrip van depressie is uiters noodsaaklik om pastore van klassieke Pentekostalistiese kerke se spiritualiteit te versterk. Die kliniese beeld van depressie moet verstaan word om 'n bydrae tot hierdie navorsing te maak, uiteraard gaan 'n begrip van depressie, pastore se spiritualiteit versterk en dit is gepoog met die teoretiese bespreking in hoofstuk 3. 'n Kliniese beeld impliseer dat depressie deur medikasie en kognitiewe terapie konstruktief behandel kan word (vgl. 2.2.2.2). Psigologie is die grenswetenskap wat ondersoek is en die studieverde van waarde binne die psigologie wat die kliniese beeld van depressie voortdurend navors en ontwikkel, is die biologiese teorie wat die fisiologie en neurologie insluit (vgl. 3.2; 3.3.1; 3.3.1.1), die gedragwetenskappe (vgl. 3.3.1.2) en die positiewe psigologie (vgl. 3.3.1.3). Die groei in begrip van depressie ontwikkel met rasse skrede en nuwe inligting is beskikbaar, maar selfs binne die domein van psigologie is daar steeds soveel wat wetenskaplik nog in hipotese fases is, maar dat psigologie 'n besondere bydrae maak ook om die pastorale berader by te staan, is soos 'n geloofswaarheid.

Fokus word nou geskuif na die pastoraat. Beradene verwys na pastore in die klassieke Pentekostalistiese kerke wat met depressie worstel. Psigologie maak ruimte vir spiritualiteit (vgl. 3.3.1). Binne die psigologie word spiritualiteit verstaan as die mens se reaksie op sy/haar soeke om die betekenis van hulle lewe te verstaan, psigologie help die mens se gemoedstand in die proses (hoofstuk 3). Met hierdie wisselwerking in gedagte word die volgende riglyne aan die pastorale berader verskaf om die beradene se spiritualiteit te versterk wat met depressie worstel in die pastoraat.

- Die pastorale berader moet fokus op die beradene as 'n persoon wat enersyds pessimisties voel oor sy lewe, maar andersyds soek na die sin vir sy lewe (vgl. 3.3.1).
- Die pastorale berader moet besef dat die beradene ook lewensstressors het waarmee hulle sukkel. Hierdie lewensstressors beïnvloed die beradene se vermoë om stres te hanteer, dat hulle mag sukkel met negatiewe gedagtes en dat die beradene sosiaal daarvoor mag onttrek. Tree in gesprek met die beradene daarvoor dat hierdie 'n aanduiding kan wees dat hulle depressiewe gevoelens mag ervaar, dat dit menslik is om deur stressors te gaan en dat God verstaan en dat heelwat persone ook in die Bybel deur lewenspyn geraak is (vgl. 3.3.1.2; 4.3; 4.3.1). Enigiets wat die beradene se lewe padlangs kom kan hanteer word (Spreuke 12:25).
- Die pastorale berader moet kennis neem dat vir die beradene sy spiritualiteit 'n geloofsverklaring is, terwyl depressie 'n selfverklaring is (vgl. 3.3.1.2). Die beradene mag gevoelens van ontoereikendheid beleef, verwese en soos 'n mislukking voel. Bid saam met die beradene (vgl. 4.4.2.2). Vir die beradene is sy identiteit en sy doeltreffendheid gevestig in hulle geloof dat God ook deur die pastorale berader aan die woord is en die beradene is soekend om God se stem deur die pastorale berader te hoor.
- Die pastorale berader moet bewus wees dat die beradene in 'n belydenisgemeenskap leef. Die pastorale berader kan lewe spreek oor die lewensstressors en gevoelens van wanhoop wat die beradene ervaar, proklameer die oorwinning saam met die beradene, maar poog om "hulle voete op die grond te hou" (vgl. 3.3.1.2; 4.3.2.1.4.2; 4.3.2.2.4.1; 4.3.2.3.4.2). Gebruik bybelse voorbeelde om aan te dui dat God in godsmanne se lewe wanhoop in hoop verander het en dat deur geloof en belydenis en proklamering dieselfde vir die beradene in stoor is. Hierdeur word die beradene se innerlike worsteling nie net vergestalt rondom die negatiewe siening van homself of vir sy toekoms nie, maar dat hulle deur belydenis die Woord deur die inwerking van die Heilige Gees in hulle huidige kontekstuele wêreld met alledaagse probleme gesinkroniseer word.
- Die pastorale berader moet ook aan die beradene se algehele gesondheid aandag gee. Vra die beradene uit oor sy gesondheid, oor sy algemene welstand. Moedig die beradene aan om mooi na hulleself te kyk. Dit is God se wil dat die beradene op elke terrein van hulle lewe floreer (vgl. 3.3.1.3) Die beradene se geesteswêreld word beïnvloed deur biologiese faktore (Wissing *et al.*, 2020:169). Is die beradene lief vir sport, van watter sosiale aktiwiteite hou die beradene buite kerkaktiwiteite? Die beradene se omgewing is ook buite hulle kerkgemeenskap. Vra die beradene uit oor hulle kinders, skep vir die beradene 'n prentjie dat daar ook soveel positiewe redes in sy lewe is waarvoor God hulle geskape het om voor te

leef. God wil dat die beradene gelukkig wees, dat hulle floreer deur ander te help, deur te speel, deur nuuskierig te wees en ook deur te oefen.

- Die pastorale berader kan die beradene inspireer om vorentoe te beur in die lewe te midde van depressie. Depressie veroorsaak dat die beradene stagneer, maar God wil te midde van die pyn hê dat die beradene goed voel oor hulleself en dat die beradene mag droom oor sy lewe en dat hulle hulle volle potensiaal kan bereik. Hier kan die pastorale berader aansluit om saam die beradene die beloftes wat God oor hulle lewe gespreek het in herinnering te roep. Indien die beradene nie 'n gelukkige welstand (vgl. 3.3.1.3) ervaar nie, kan hulle persoonlike welstand asook hulle sosiale welstand belemmer word. Die pastorale berader moet 'n konneksie vorm (vgl. 3.3.4.4.1) met die beradene om hulle te help om die doel van hulle lewe te bepaal en saam die beradene 'n aksieplan opstel.
- Die pastorale berader het nodig om met die beradene oor medikasie te praat indien daar ervaar word dat meer hulp nodig is. Hierdie kan 'n sensitiewe gesprek wees, maar ook uiters noodsaaklik. Inligting vanuit die biologiese teorieë van die psigologie (vgl. 3.3.1.3; 3.3.1.2; 3.3.1.3) moet met respek en deernis aan die beradene gegee word. Medikasie is ook deel van God se plan omrede God ons liggaam, siel en gees gemaak het (vgl. 2.2.2; 2.2.2.1; 2.2.2.2, 2.2.2.3). Laat die beradene vra vrae, luister met deernis, gee insig en bid selfs saam. Verduidelik ook aan die beradene die moontlikheid dat 'n meer professionele diagnose dalk nodig is en gee die beradene die gemoedsrus dat baie psigoloë en psigiaters ook wedergebore kinders (vgl. 3.3.2.2.3) van die Here is na wie hulle verwys kan word. Stap tree-vir-tree saam, om sodoende God se begeerte om die beradene te genees te verwesenlik en dat Goddelike genesing ook op hierdie wyse kan geskied (vgl. 2.2.1.1.1).
- Die pastorale berader wil die beradene help met hulle gesindheid. Die beradene beleef 'n besondere spanningsveld (vgl. 3.3.1.3.1), wetend dat daar tans gesukkel word met simptome van depressie, en wonder die beradene wat hulle geloofsgemeenskap van hulle dink enersyds en wat God van hulle dink.

Laasgenoemde kan deur die pastorale berader aangespreek word, maar wat die geloofsgemeenskap aanbetref moet sorgvuldig gelet word om te probeer verstaan dat 'n klassieke Pentekostalistiese pastoor nie geïsoleerd leef nie. Die volgende voorveronderstelling gee aandag hieraan.

5.3.3 Gee erkenning dat klassieke Pentekostalistiese pastore deel is van 'n unieke geloofsgemeenskap

Klassieke Pentekostalistiese pastore leef in 'n vakuum van ander geloofstrominge. Hulle het 'n eie geloofsgemeenskap waarbinne identiteit deur die groep se waardes bepaal word. Die leefwyse van hierdie groep word gevorm binne hulle eiesoortige Skrifbeskouing (vgl. 5.3.1) en daarom is klassieke Pentekostalistiese pastore se sosiologiese konteks verweef in hulle Pinksterteologie (vgl. 2.2.3.7). Hierdie aspek moet ernstig bepeins word indien 'n poging aangewend wil word om pastore vanuit hierdie besondere teologiese tradisie se spiritualiteit te versterk.

Klassieke Pentekostalistiese kerke is charismaties (vgl. 2.2.3.7). Immers word depressie beskou vanuit die praktyk, dit wil sê vanuit 'n bepaalde sosiologiese konteks en daarna word dit in terme van 'n bepaalde teologiese konteks, die

Bybel verstaan (vgl. 2.2.3.7). Die ontmoeting met God in klassieke Pentekostalistiese kerke tesame met die werking van die Heilige Gees dui die pad aan vir antwoorde op krisisse in die lewe. Sulke ontmoetings vind plaas in die eredienste, prediking, heiligmaking en dissipelskap. Pinkster-georiënteerde godsdienst is ongenaakbaar, die pastoor is die geroepene van God en die lidmate kyk op na hulle vir goddelike antwoorde. Die lyne vir sonde pleeg is fyn en die pastoor is onder druk om aan die standaard van die geloofsgemeenskap te voldoen (vgl. 3.3.2.2.2). Die gedagte is om die gemeente na die “beloofde land” te lei en die sosiale aspirasies van die gemeente staan voorop. Daar word baie “gekerk” en omrede dit vanaf ‘n vrywillige basis figureer, kan kragtige groei plaasvind wat as ‘n teken van die Here se goedkeuring gesien word dat die pastoor navolgenswaardig is (vgl. 3.3.2.3). Die teendeel is ook waar, as die pastoor as “man van God struikel”, hetsy deur depressie en dergelike ander sondes, word die antwoorde op hulle vertwyfeling as pastore elders gesoek. Swakhede is verborgenhede vir baie pastore in klassieke Pentekostalistiese kerke. Watter hulpmiddels kan deur die pastorale berader in gedagte gehou word indien pastore uit hierdie tradisie hulle pastoraat betree? Hierdie vraag kry nou aandag.

Die pastorale berader moet allereers kennis dra dat dit baie moed van die beradene geneem het om gesprek in die pastoraat te kom voer. Die aanduiding aan die beradene dat die gesprek in totale vertroulikheid plaasvind (soos dit in elk geval verwag word) is ‘n tree in die regte rigting. Die volgende hulpmiddels kan in die agterkop van die pastorale berader gestoor word:

- Onthou dat die beradene vanuit ‘n normatiewe geloofsgemeenskap funksioneer. God se Woord is die absolute norm, selfs in die Pentekostalistiese tradisie speel norms ‘n monumentale plek, bekering, doping met die Heilige Gees, onderdompeling asook goddelike genesing (vgl. 3.3.2.4) is in die wese van die beradene verweef.
- Onthou dat die berader/beradene netwerkmense is (vgl. 3.3.3). Inligting is vrylik beskikbaar, kunsmatige intelligensie is hier om te bly. Gebruik netwerke om jouself as pastorale berader toe te rus met die nodige kennis om een te vergewis van die besondere leefruimte van die beradene. Die beradene doen moontlik dieselfde en die berader/beradene kan vir mekaar “deure” oopmaak om meer toeganklik te wees. Sosiale media, elektronika maak dit moontlik om meer gereeld met die beradene te konnekteer, stuur inligting wedyrsyds, bemoedigings, welke wyse ookal om bystand te verleen.
- Onthou dat die beradene “geestelik” voel dat hulle geboelie word. Gevoelens van isolasie laat die beradene swig onder groepsdruk (vgl. 3.3.2.4). Die begeerte om aan ‘n groep te behoort is intens in die beradene se denke. Gesels as pastorale berader saam met hom/haar, maak dit duidelik dat diegene wat Christus aangeneem het deel van God se familie is en dat God nie onsigbaar is as ons deur stryd gaan nie, maar aktief deelneem sodat die beradene se lyding in lof kan verander (vgl. 4.3.2.1.4.2; 4.3.2.2.4.2; 4.3.2.2.4; 4.3.2.2.3; 4.3.2.3.4.2; 4.4.2.2).
- Onthou dat ‘n erediens terapeutiese waarde het vir die beradene (vgl. 3.3.2.2.3). ‘n Erediens vind in die pastoraat plaas in die klein. Die pastorale berader luister en lei en die beradene gesels, beide die berader/beradene beleef ‘n dinamiese ontmoeting met die Here deur die inwerking van die Heilige Gees,

'n wonderlike uitkoms word beleef. 1 Kor 3:16, Lukas 24:49 is Skriftuurlike waarhede, God neem die inisiatief in die bewerking van die oplossing.

5.3.4 Gee erkenning aan kommunikatiewe handeling met betrekking tot klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit

Kommunikasie speel 'n belangrike rol om klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te versterk te midde van depressie. Kommunikasie in enige vorm probeer 'n ontmoeting tussen twee of meer persone bewerkstellig. God kan in so 'n gesprek geopenbaar word as die kommunikeerders etiese kodes naleef (vgl. 3.3.4.1). Bepaalde kommunikasiemodelle is ondersoek om te beklemtoon dat die pastorale berader 'n kundige kommunikeerder moet wees om relevant met die berader in die pastoraat in gesprek te tree (vgl. 3.3.4.2; 3.3.4.2.1; 3.3.4.2.2; 3.3.4.2.3; 3.3.4.2.4; 3.3.4.2.4.1; 3.3.4.2.4.2; 3.3.4.2.5).

In die pastoraat vind daar altyd 'n gesprek plaas, die gesprek is tussen twee persone asook die inwerking van die Heilige Gees. Die gesprek is 'n Skrifgesprek, gebedsgesprek, hartsgesprek, dialoog tussen die Een wat hoop gee en die een wat hoop soek (vgl. 3.3.4). Die voorveronderstelling vir die pastorale berader is soos volg:

- God wil in die pastoraat met die beradene ontmoet. God neem deur die pastorale berader die inisiatief en die doel is om die beradene te ontmoet. Die beradene moet geleentheid kry om daarop te reageer. Die beradene wil hoor wat God sê oor sy worsteling met depressie. Die dialoog word gelei deur sensitief te wees vir die inwerking van die Heilige Gees (vgl. 3.3.4.2.1).
- Die beradene kan die gesprek in die pastoraat oorvergeestelik. Pinkster aanhangers is emosioneel en emosionele manipulasie kom dikwels voor. Die pastorale berader moet daarteen waak om hierdeur geaffekteer te word. Die doel bly om gemeenskaplike betekenis aan die gesprek te gee, emosies kom en gaan, maar 'n rasonale gesprek het 'n langdurige uitwerking oor wat uiteindelik aan die beradene in hulle krisis (depressie) gekommunikeer word (vgl. 3.3.4.2.2).
- Daar is altyd 'n vorm van geruis in enige kommunikasie. In die pastoraat is die geruis die depressie van die beradene. Pastorale beraders word aangemoedig om die geruis te minimaliseer, herlei die beradene se aandag van wanhoop na hoop, werk die geruis teen deur gebed, Skrif, om werklik om te gee en die fokus te skuif vanaf die probleem na die oplossing. Die beradene se "geesvervuldheid" word belemmer indien hulle worstel met depressie. Gedagtes dat daar 'n binding is wat hulle vashou sodat hulle nie met God kan praat nie, is so 'n voorbeeld. Die "vloei van die Heilige Gees" word belemmer, hierdie geruis veroorsaak dat die beradene se gesindheid negatief kan wees. Kodering is hier van belang, simboliese tekens soos hande oplê, voete was, spreek in tale (*charismata*) werk die geruis teen en geestelike oorlogvoering deur Skrif te kwoeter kan die aanslag van die duiwel verdryf. Die pastorale berader behoort in respek hiervoor te staan (vgl. 3.3.4.2.3; 3.3.4.2.4.1; 5.2).
- Doeltreffende konneksie impliseer dat die pastorale berader die beradene op spirituele, emosionele en fisiese vlak ontmoet. Pastorale beraders konnekteer met die beradene se hier en nou, hulle krisis, daar word ook

gekonnekteer met waarheen die beradene oppad is, menend hulle drome – pastorale beraders konnekteer op persoonlike vlak en die beradene moet die konneksie as betroubaar ervaar (vgl. 3.3.4.2.3; 3.3.4.2.4). Gemeenskaplike grond moet gevind word, die berader/beradene moet mekaar in die oë kan kyk.

- Pastorale beraders moet met charisma konnekteer. Die beradene is allereers opsoek na 'n spirituele konneksie as dit by hulle krisis kom. Die beradene wil die pastorale berader sien as die "man/vrou van God". Die beradene wil die woorde van God hoor deur dit wat die pastorale berader sê (vgl. 3.3.4.2.4).
- Laastens moet die pastorale berader let op taalgebruik, stemtoon, stembuiging, tydsberekening wanneer om wat te sê en die volume en tempo waarmee gesels word, is bepalend tot die resultate wat behaal kan word. Daar is krag in taal. Hoe die gesprek oorgedra word, kan die beradene inspireer (vgl. 3.3.4.2.4.1).

'n Goeie kommunikeerder het die vermoë om mense te motiveer. Effektiewe kommunikatiewe handeling is 'n kuns wat oor en oor in die pastoraat beoefen word. Indien die pastorale berader 'n goeie kommunikeerder is, sal die beradene altyd onthou hoe God hulle laat voel het wanneer hulle in gesprek met die pastorale berader was. Op die lang duur tel mense se leefwyse meer as wat hulle sê - 'n pastorale gesprek met God en die beradene wat effektief gekommunikeer word kristalliseer so 'n leefwyse en speel 'n bepalende rol om die beradene se spiritualiteit te versterk (vgl. 3.3.4.2.4.2).

5.3.5 Gee erkenning dat 'n omgekeerde strategie klassieke Pentekostalistiese pastore se spiritualiteit kan versterk

Hier volg 'n praktiese model wat oorweeg kan word. Die navorser het voorgestel dat 'n omgekeerde sinergie vir pastorale beraders om 'n holistiese benadering tot depressie te oorweeg in hoofstuk 5 aandag geniet en as 'n strategie in diepte bespreek, verklaar en ontwikkel word (vgl. 2.2.4). Volgens hierdie strategie en model moet die pastorale berader konneksie vorm (vgl. 5.3.4) met die mens wat in hulle pastoraat instap. Daar word gegroet, dalk word koffie aangebied, daar word 'n sitplek aangebied, die eerste konneksie in die pastoraat is immers met die liggaam van die beradene en gesprek volg. Die pastorale berader se volgende konneksie is met die siel van die mens, die persoon se storie word gehoor en die berader motiveer en bemagtig die persoon met deernis en begrip, waarna die geestelike konneksie as hoogtepunt plaasvind wanneer God as 'n God wat omgee, voorgestel word deur Bybel te lees en te bid en die *charismata* ook betrokke kan wees. Kom dit by die beradene, in hierdie geval die Pentekostalistiese pastoor wat aan depressie ly kan 'n omgekeerde holistiese beeld van die verstaan van die mens as gees, siel en liggaam ook gevolg word. Daar kan aan die persoon verduidelik word dat depressie immers 'n aanslag op 'n persoon se liggaam is (vgl. 3.3.1.1), ons liggaam is verwond as gevolg van die "Adamiese vloek". Net soos griep ons liggaam aanval, werk dit met depressie presies dieselfde, dis 'n aanval van die Duiwel op jou liggaam (vgl. 2.2.2), om jou siel ongelukkig te maak, maar omdat ons in Christus verseël is gaan ons nie die Duiwel 'n plek in ons lewens gee nie, en word ons siel gelukkig omdat ons nie toelaat dat die Duiwel ons vreugde steel nie, die gees is geanker in geloof omrede niks ons kan skei van die liefde van die Here nie (Romeine 8:35), geen swaarkry, benoudheid, of vervolging kan ons van God se liefde ontnem nie. Om hierdie rede kan medikasie oorweeg word, want dit help die beradene se liggaam om beter te voel en het geen effek op hulle gees nie (vgl. 2.2.6.2.3.1).

5.3.6 Gee erkenning dat vir klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly die antwoord in die Bybel is

Die pastorale berader moet erkenning gee dat die klassieke Pentekostalistiese pastore die Bybel op gesigswaarde sien en daar word geglo dat deur die inwerking van die Heilige Gees die Woord op die hier en nou van toepassing is (vgl. 2.2.1.2). Die antwoord is helaas in die Bybel en staan sentraal in Pentekostalistiese denke (vgl. 4.2). Vir die klassieke Pentekostalistiese pastoor word alles in sy lewe aan die norm, die maatstaf van die Woord van God getoets. Die Bybel word lewend deur die inwerking van die Heilige Gees en het totale gesag as die Gees-geïnspireerde Woord van God (vgl. 2.2.1.1; 4.2). Die pastorale berader wat met 'n pastoor uit die pinkstertradisie werk moet met groot omsigtigheid hierdie waarheid ter harte neem wanneer pastorale begeleiding verskaf word (vgl. 5.3.1).

Sowel die Duiwel, as Jesus gebruik die Skrif as inspirasie (vgl. 4.4.2.2). Vanuit 'n pneumatiese insig is daar dus Skriftuurlike bewys dat lyding (depressie) wel 'n aanslag van die Duiwel is. Dat in hierdie aanslag van die Duiwel God betrokke is en 'n mate van lyding toelaat (vgl. 4.3.2.1.3). Die rol van gebed en lofprysing word ook deurgaans as momente van spirituele versterking aangedui (vgl. 4.3.2.2.4.1; 4.3.2.3.4.2). Gebed is ook 'n effektiewe Skriftuurlike hulpmiddel om in moeilike tye effektief die beradene se spiritualiteit te versterk (vgl. 4.4.2.3).

Met hierdie bespreking wat sentraal fokus op die riglyne soos in hoofstuk 4 weergegee word, bevestig dat die Bybel deur die inwerking van die Heilige Gees nie net in relasie staan met klassieke Pentekostalistiese pastore wat met depressie (stryd en lyding) worstel nie, maar dat God aktief bewus was waardeur hulle worstel, maar ook telkens die uitkoms bewerk het (vgl. 4.3.2.1.4.2; 4.3.2.2.4.2; 4.3.2.3.4.2; 4.4.2.3). Depressie ontnem 'n persoon van selfagting, gesprek met God soos deur te smek en te bid is effektief as 'n versterker van spiritualiteit, indien die beradene in hulle gebrokenheid hulself aan God oorgee (vgl. 4.3.2.1.4.1; 4.3.2.2.4; 4.3.2.3.4.1; 4.4.2.3). Alleenlik deur God se antwoord in die Bybel en die inwerking van die Heilige Gees op smeking en gebed kan die beradene staande bly te midde van 'n worstelstryd met depressie.

5.4 'N PASTORALE BEGELEIDINGSTRATEGIE OM KLASSIEKE PENTEKOSTALISTIESE PASTORE (BERADENE) WAT AAN DEPRESSIE LY SE SPIRITUALITEIT TE VERSTERK

Hierdie strategie bestaan uit vier verskillende prosesse en 10 basiese stappe wat elkeen in moment-gedrewe fases ingedeel word. Dit is belangrik om elke proses, stap en fase aan die beradene behoorlik te kommunikeer. Die beradene gaan veilig voel as hulle bewus is van die strategie wat gevolg gaan word. 'n Samewerkingsooreenkoms word met deernis onderhandel en die beradene word gerusgestel dat die strategie hulle nie onder verdere druk wil plaas nie en die beradene mag die pastorale berader onmiddellik laat weet as die strategie ongemaklik raak. Kommunikeer die tydsverloop, moontlike kosteberaming en verwagtings aan die beradene. Vra ook die beradene om hulle verwagting vir die pastorale berader te skets, die pastorale berader neem notas en toon entoesiasme om deel van die beradene se lewensreis te word.

5.4.1 Proses 1: Wat gebeur tans en wat is die behoefte?

Stap 1: Die maak van 'n afspraak

Netwerk (vgl. 3.3.3) en konneksie (vgl. 3.3.4.2.4) is van onskatbare waarde om verhouding te bou. Netwerk maak dit moontlik om deur sosiale media met die beradene in kontak te bly, en konneksie is die een tot een ontmoeting om mekaar beter te leer ken. Hierdie proses begin gewoonlik voor stap 1 omrede die beradene via epos, 'WhatsApp' of deur sosiale media soos Facebook die pastorale berader ontdek en behoefte gehad het om met die pastorale berader te konnekteer. Na die netwerk skakeling word die eerste afspraak gereël. Hierdie afspraak is 'n kontakssessie en verloop soos volg.

Stap 2: Afspraak 1

Fase 1: Ontmoetingsfase: Probeer om die beradene op hulle gemak te kry (vgl. 2.2.4), bied byvoorbeeld iets aan om te drink en gesels rustig oor die algemeen.

Fase 2: Bekendmaking van wedersydse basiese persoonlike inligting.

Fase 3: Die vraag wat met deernis en begrip aan die beradene gestel word is, Hoe kan ek help? Daar word aan die beradene verduidelik dat hulle ontmoeting 'n Goddelike oomblik is en die Heilige Gees onsigbaar vir die fisiese oog, maar sigbaar vir die geestelike oog, aanwesig is om te help (vgl. 3.3.2.2.3).

Fase 4: Die beradene word begelei om hulle storie te vertel, die berader luister aandagtig (vgl. 3.3.3.4.4; 3.3.3.4.4.1; 3.3.3.4.4.2). Dit kan vir die beradene emosioneel en moeilik wees, die berader skep 'n atmosfeer van rustigheid en kan die gesprek stimuleer deur sagter te praat en brugbou sinne te gee, soos 'jy doen goed, haal diep asem en niks jaag ons nie', die berader dui aan dat hy/sy hier is om te help.

Fase 5: Wag op die Here. Die berader sit aanbiddingsmusiek saggies in die agtergrond aan en die berader bedien die beradene. Hierdie bediening word begelei deur gebed, *charismata*, die behoefte en oplossing word uitgespreek en Skrif word verklaar. Hierdeur word die beradene se spiritualiteit versterk en is die hoogtepunt van elke sessie omdat daar gewag word op goddelike intervensie.

Stap 6: Verduidelik watter proses nou gaan volg. Die berader is selfs buite die pastoraat aan die beradene beskikbaar. Die beradene word bemoedig dat die Here 'n afspraak met hulle albei het en dat die berader die beradene gaan help met die vraag, wie is ek?, hierdie aspek word met die volgende afspraak onder die loep geneem.

5.4.2 Proses 2: Waarom gebeur wat met die beradene gebeur?

STAP 3: Afspraak 2

Fase 1: Die beradene word vriendelik ontmoet, iets te drinke aangebied en uitgevra hoe sake verloop sedert die vorige afspraak. Die berader komplementeer die beradene vir die wyse hoe hulle dapper veg en dat elke tree 'n groot oorwinning is. Daar word aan die beradene verduidelik dat daar nou gefokus gaan word om die beradene se identiteit vas te stel deur 'n persoonlikheidstoets (vgl. 3.3.1.1.1). Die "Personality Plus" persoonlikheidstoets word aan die beradene verduidelik en dat hierdie toets binne hulle geloofsoortuiging aanvaar word.

Fase 2: Daar word gebid voor die toets afgelê word en die Here word geloof vir die unieke persoonlikheid wat aan die beradene gegee is en dat die Heilige Gees enige geruis (vgl. 3.3.3.4.3) wat deur die Duiwel bewerk gaan word teenwerk. Die vrae is keusevrae, die beradene merk sterkpunte en tekortkominge wat hulle in hulle temperament ervaar, byvoorbeeld 'is jy avontuurlustig? Of voel jy dalk depressief?' hierdie vrae word rustig met die beradene deurgewerk en is 'n geleentheid vir die berader om sterk verhouding te bou, maar terapeutiese gesprek vind ook plaas wanneer die beradene nie weet wat om te merk nie, daar word begelei en ook saamgelag met vra soos, 'dink jy, jy is oulik?' Die doelwitte is soos volg:

Doel 1: Verduidelik aan die beradene dat elke persoonlikheidstipe 'n inherente aantrekkingskrag tot blydschap en neerslagtigheid het.

Doel 2: Verduidelik aan die beradene dat sekere persoonlikheidstipes meer geneig is tot depressiewe gevoelens.

Doel 3: Dit is belangrik om te weet dat God aan ons, ons persoonlikheid gegee het en dat dit 'n geskenk van God is.

Doel 4: Bybelse narratiewe vertel ons dat manne van die Here ook met depressiewe gevoelens geworstel het (vgl. 4.3.2.1.2; 4.3.2.2.2; 4.3.2.3.2). Selfs vir Christus was daar tye van diepe neerslagtigheid (vgl. 4.4.2.2).

Doel 5: Die Here gee aan ons, ons persoonlikheid daarom het Hy ons so besonders geskape dat ons sterk genoeg is om van wanhoop na hoop te beweeg (vgl. 4.5).

Fase 3: Na afloop van die toets word die beradene geprys, hulle het so goed gedoen om nie te fokus op hulle emosies nie, maar aandag aan hulleself te gee.

Fase 4: Wag op die Here. Die hoogtepunt van die sessie is ons besondere tyd saam met die Here. Sagte aanbiddingsmusiek word gespeel, daar word deur die berader gebid en die beradene word bedien, die Here word geloof dat hy die geruis teengewerk het en dat die Here die beradene 'n besondere persoonlikheid gegee het. Van die persoonlikheidseienskappe word aan die Here genoem, 'n paar sterkpunte, maar ook 'n paar tekortkominge, dit bevestig aan die berader/beradene dat omdat ons swak is, ons die Here nodig het.

Fase 5: Die volgende afspraak word geskeduleer en daar is groot afwagting omrede die uitslae van die persoonlikheidstoets geassesseer gaan word.

STAP 4: Afspraak 3

Bemagtiging is 'n sleutelwoord wanneer die beradene deur depressie en selfs enige gemoedstoestandversteuring gaan (vgl. 3.3.1.3; 3.3.1.4; 3.3.3.4.2).

Fase 1: Die beradene word vriendelik gegroet, iets te drinke aangebied en daar word gevra hoe die beradene tans voel (vgl. 2.2.4). Die beradene word tyd gegee en die berader hanteer die gesprek met begrip, areas wat tans moeilik is word neergepen en die klem word op die individu geplaas (vgl. 3.3.1).

Fase 2: Daar word gebid, die Here word geloof dat hy met ons in ons stryd is en dankie dat ons nou die beradene se persoonlikheidstoets kan assesseer, daar word saam 'Amen' gesê. 'n Kort oorsig volg oor die neem van die persoonlikheidstoets met die vorige afspraak en die berader skep 'n positiewe atmosfeer vir die assessering van die beradene se persoonlikheidstoets.

Fase 3: Die "Personality Plus" antwoordstel word aan die beradene verskaf, en die beradene dra hulle antwoorde van die toets self oor na die antwoordstel. Die berader kyk dat dit reg oorgedra word en as die proses voltooi is word die resultate oorgedra na "Mol se vier kwadrante persoonlikheidsmodel" (vgl. 2.2.3.2; 3.3.1.1.1). Die beradene se resultate word gekoppel aan 'n bybelse leier naamlik Paulus (choleries), Petrus (Sanguinies), Moses (Melankolies) en Abraham (flegmaties). Die beradene se dominante en subdominante persoonlikheidstipes word aan hulle uitgewys en dan word die in besondere detail met hulle opgeneem. Die doelwitte is soos volg:

Doel 1: Daar word aan die beradene uitgewys hoe hulle persoonlikheidstipes reageer op emosies. Elke persoonlikheidstipe het 'n unieke manier om druk, stres en verlies te hanteer.

Doel 2: Elke persoonlikheidstipe het 'n inherente neiging tot depressie, afhange van hulle reaksies op emosionele uitdagings.

Doel 3: Die persoonlikheidstoets dui ook die beradenes se vlak van integrasie (vgl. 3.3.2.3) aan. Die beradene is in groepsverband ekstroverties of introverties, dit speel 'n groot rol in hulle saamleef met depressie.

Doel 4: Die beradene is nie uniek tot sy persoonlikheidstipe nie, daar is letterlik miljoene mense met hulle persoonlikheidstipe wat uitdagings op 'n soortgelyke basis as die beradene hanteer.

Fase 4: Tyd word gegee vir besinning oor wat die beradene ontdek het, geleentheid word gebied vir die beradene om in te neem wat hulle van hulleself geleer het en daar word baie sensitief gereageer op ontkenning van sekere uitslae van die assessering. Die berader kom vir die beradene op omrede die uitslae van die persoonlikheidstoets ook daarop wys dat die beradene op sekere situasies in hulle lewe op 'n sekere wyse sou gereageer het en dat alhoewel ons nie ons persoonlikheidstipe kan verander nie, ons die beste weergawe van onself kan wees omrede elke persoonlikheidstipe 'n leier in eie reg is.

Fase 5: Wag op die Here. Die hoogtepunt van hierdie afspraak is ons saam wag op die Here. Die berader gebruik die geleentheid om die beradene te self met olie. Die beradene word aangemoedig om vir die Here dankie te sê vir hulle

persoonlikheid, die berader sluit hierby aan om die Here te loof wat die beradene mooi geskape het, dat die beradene te midde van hulle worsteling met depressie (vgl. 3.3.1) steeds staande bly en besig is om vorentoe te beur.

Fase 6: Die berader gee nou aan die beradene 'n naamplaatjie met hulle naam op as metafoor dat hulle "iemand" is wat waarde het, en die volgende afspraak word geskeduleer. Die beradene word voorberei dat die harde werk nou gaan begin en moedig die beradene aan om kontak te maak as dinge te veel raak.

STAP 5: Afspraak 4

Depressie lyers sukkel om te prioriteer, alles raak moeilik en 'n uitdaging, na die bemagtiging van die beradene, word hulle voete nou stewig op die grond terug geplaas. Die roeping en salwing van die beradene (vgl. 4.4.1) kom nou ter sprake.

Fase 1: Die beradene word vriendelik gegroet, iets te drink aangebied en daar word rustig gesels. Die berader verneem van die beradene of daar 'n verandering is sy gemoed is nou dat hulle identiteit van nader bekyk is. Geleentheid word gegee vir wedersydse gesprek (vgl. 3.3.3.4.2.1). Die berader motiveer die beradene (vgl. 2.2.4) dat 'n uitdagende gedeelte nou voorlê en daar word saam gebid vir wysheid.

Fase 2: Matteus 22:34-40 word aan die beradene voorgehou. Die beradene word gevra om sy eie hand op 'n stuk papier te trek en word die aspek van prioriteite bespreek (vgl. 3.3.1.3.1). Die beradene se verhouding met God, homself, sy familie, sy werk en sy kerk word aan hulle verduidelik. Indien die prioriteite in die regte volgorde is kry die beradene 'ja-oomblikke', die berader vra die beradene om op te staan en 'ja-oomblikke' te demonstreer, die berader doen dit saam met die beradene, dit is bevrydend om beheer van een se lewe te vat. Die beradene word daarop gewys dat indien prioriteite verwar is, raak die hand gebrekkig en ons kry nie "vatplek" op uitdagings in ons lewens nie. So kan depressie ons beheer van ons lewens laat verloor, en ons aandag van ons roeping af wegvat (vgl. 2.2.2; 2.2.1.1; 2.2.1.2; 2.2.1.3), immers is dit 'n motief van Satan om die beradene te laat vergeet dat God die beradene gesalf het en dat die beradene deur harde werk hulle prioriteite kan herstel.

Fase 3: Die beradene word daarop attent gemaak dat indien hulle beheer oor hulle prioriteite wil neem hulle 'n karaktertoets (vgl. 3.3.2.2.3.1) gaan moet slaag. Die beradene word gevra om 'n huisie te teken met 'n paar bakstene in, om die huisie te help om storms te weerstaan moet die beradene 'n paar van hulle karaktertrekke in die bakstene skryf, byvoorbeeld die beradene is eerlik (vgl. 3.3.3.4.5), waar die beradene sukkel kan die berader help omrede die berader teen hierdie tyd deeglike kennis van die beradene opgebou het en ook weet hoe die beradene se persoonlikheid funksioneer.

Fase 6: Die berader gee vir die eerste keer die beradene "huiswerk". 'n Klein prioriteitslys word opgetrek, byvoorbeeld om hulle familie uit te neem vir ete, 'n paar huisbesoeke te doen, om te begin stap en oefening te doen, om geen afspraak vir 'n week uit te stel nie. Die "huiswerk" word onderhandel en die beradene word moed ingespraak, klein treetjies gee groot spronge.

Fase 7: Die afspraak word afgesluit met 'n tyd waar daar gewag word op die Here. Die beradene word gevra wat hulle gunsteling Skrifgedeeltes is en dit word onder gebed voorgelees, die Here word geloof dat Hy die beradene geroep en gesalf het en dat ons geestelike oorlogvoering verklaar teen Satan en sy werke teenstaan in die lewe van die beradene (vgl. 2.2.3.4; 2.2.3.5; 2.2.6.2.3.2).

Fase 8: Die volgende afspraak word geskeduleer en die beradene word gevra om hulle gade saam te bring vir die volgende afspraak.

STAP 6: Ontmoeting met die gade

Hierdie ontmoeting met die gade van die beradene is 'n belangrike deel van die pastorale begeleidingstrategie (vgl. 2.2.3.6). Die beradene se gade maak deel uit van die beradene se geloofsgemeenskap en dit is nodig om die gade te betrek met dit wat besig is om te gebeur. Die beradene moet "vasgemaak" word aan sy primêre ondersteuningsgroep en dit is die familie. Indien die gade dit sou verkies kan die berader ook 'n afspraak met die kinders nakom om aan hulle ook te verduidelik waarmee die beradene tans stoei.

STAP 7: Afspraak 5

Fase 1: Die gade word hartlik saam met die beradene verwelkom, ietsie te drinke aangebied en die berader stel hom/haarself opnuut voor aan die gade. Daarna hanteer die beradene die afsprake tot op dese en vertel aan die gade hoe daar gevorder is. Die gade word dan gevra om 'n bydrae te lewer oor hoe die beradene tans is en hoe dit gegaan het met die prioriteit "huiswerk", die beradene word ook gevra hoe dit gaan. Daar word gevra, onder andere hoe lank hulle getroud is, waar hulle ontmoet het, lewe hulle ouers, het hulle kinders en hoe beide die bediening ervaar (vgl. 2.2.4). Die gade word gevra hoe dit met hulle gaan en hoe hulle die verandering in die beradene se gemoedstoestand, beleef en hanteer. Notas word gemaak en die gade word met deernis en ontferming bygestaan in aspekte wat vir hulle moeilik is.

Fase 2: Tot op hede was die beradene se ervaring van depressiewe gevoelens met groot omsigtigheid hanteer. Daar is wel deur netwerk en kontakafsprake notas gemaak en die beradene was gemonitor, groot klem is geplaas op die bemagtiging van die berading en die versterking van die beradene se spiritualiteit. Die berader gee nou aandag aan depressie as 'n kliniese beeld en 'n mediese toestand. Die doelwitte van die gesprek wat volg met die beradene en gade word voorts bespreek.

Doel 1: 'n Duidelike omlyning van depressie word weergegee (vgl. 2.2.6.2.3.1; 3.3.1; 3.3.1.1.2; 3.3.1.2), die beradene word verduidelik dat depressie in die liggaam van die mens gebeur (vgl. 2.2.4).

Doel 2: Dat medikasie kan help om die beradene beter te laat voel, die berader toon aan dat indien die beradene die "medikasie pad" loop, die berader hulle sal bystaan wanneer hulle daarmee begin omrede nuwe-effekte mag voorkom.

Doel 3: Die berader wil graag die beradene stuur vir 'n mediese diagnose en wil die berader die beradene voorberei dat so 'n afspraak tot hulle voordeel kan wees.

Doel 4: Om die gade ook in hierdie gesprek betrokke te kry, hierdie aanbeveling gaan vreemd wees vir die beradene en die gade se siening en gevoel hieroor is waardevol (vgl. 2.2.6.2.3.3). Die beradene word ook meegedeel dat so 'n besoek in vertroulikheid kan geskied en dat dit hulle besluit is of hulle met hulle gemeente sou wou gesels. Die berader wil egter aanbeveel dat hulle dit net eers binnehuis hou omrede die berader nie die beradene onder onnodige druk wil plaas nie (vgl. 3.3.2.3).

Doel 5: Die beradene word weer gerusgestel dat depressie 'n biologiese reaksie in die brein is as sekere chemiese stowwe in wanbalans is en dat Satan 'n leuenaar is om hulle te oortuig dat hierdie simptome hulle verhouding met die Here wil vertroebel (vgl. 2.2.4)

Fase 3: Die berader dui aan die beradene dat hulle tot hier gevorder het en dat medikasie opsioneel is, alhoewel die berader 'n professionele opinie met deskundiges soos 'n psigiater aanbeveel. Daar word aan die beradene en gade gevra hoe hulle hieroor sou voel en begeleiding word gegee.

Fase 4: Daar word gewag op die Here. Die berader vra aan die beradene of daar enige iets is waaroor saam gebid kan word, met die gebed vra die berader die Here om deur die inwerking van die Heilige Gees die berader en gade te lei en dat ons afwagting is om die stem van die Here te hoor.

STAP 8: 'n Geleentheid vir besinning

'n Volgende afspraak word nie onmiddellik geskeduleer nie, die beradene word tyd gegee om te verwerk waaroor daar gepraat is, bepaalde spanning (vgl. 3.3.1.3) kan deur die beradene beleef word, die berader netwerk (vgl. 3.3.3) in hierdie stap met die beradene.

5.4.3 Proses 3: Wat behoort te gebeur?

Nieteenstaande die besluit wat die beradene oor hulle depressie neem is die berader allereers verantwoordelik om die beradene se spiritualiteit te versterk (vgl. 3.3.3.4.5; 4.3; 4.3.1; 4.3.2.1.4; 4.3.2.1.4.1; 4.3.2.1.4.2; 4.3.2.2.3; 4.3.2.2.4.2; 4.3.2.3; 4.3.2.3.4.1; 4.3.2.3.4.2; 4.4.1; 4.4.2.2; 4.4.2.3).

STAP 9: Afspraak 6

Fase 1: Die beradene word hartlik verwelkom en iets te drinke aangebied. Die berader verneem na hulle gade en familie en hoe dit met die beradene gaan. Daar word gevra na die beradene se welstand en notas gemaak. Die berader skuif die fokus na die Bybel en gesels met die beradene oor bybelse narratiewe waar persone in die Bybel met simptome soos depressie geworstel het. Die doelwitte van die fase is soos volg:

Doel 1: Om aan die beradene aan te toon dat baie van hulle gevoelens alreeds in die Bybel deur mense ervaar is.

Doel 2: Om aan die beradene aan te toon hoe hulle getwyfel het in God en hulleself.

Doel 3: Om aan die beradene aan te toon hoe God telkens hulle situasie van wanhoop na hoop verander het.

Doel 4: Om aan die beradene aan te toon dat die Duiwel aktief betrokke was in Job se lyding en hoe Jesus ook in die woestyn deur die duivel versoek is.

Doel 5: Om aan die beradene aan te toon dat God het nooit Job en Jesus verlaat toe hulle deur stryd gegaan het nie.

Doel 6: Om aan die beradene aan te toon dat God soms sekere lyding in ons lewens toelaat om ons 'n sekere les daaruit te leer.

Doel 7: Om aan die beradene aan te toon dat gebed van kardinale belang is om die beradene se spiritualiteit te versterk as die beradene met depressie worstel.

Fase 2: Die berader begelei die beradene in gesprek oor hoe sy/haar geloofspraktyke hom/haar kan help om spiritueel versterk te word indien oomblikke van depressie oorweldigend is. Bid, Bybellees, Bybelstudie, eredienste, die beoefening van charismata en die nakom van sakramente beveilig die beradene in die aanwesigheid van die Here in sy lewe.

Fase 3: Wag vir die Here en bewerk 'n ontmoeting deur die beradene met nagmaal te bedien. Die berader kan die beradene ook vra om die berader met nagmaal te bedien, God se Seun se gebroke liggaam is verseël in die opstanding, net so is die beradene se gebrokenheid in Christus se genadedaad herstel (vgl. 3.3.3.4.3). Die selfagting en doeltreffendheid van die beradene word bevestig en daar word saam gebid.

5.4.3 Proses 4: Hoe behoort daar opgetree te word?

STAP 10: Afspraak 7

Fase 1: Die beradene word verwelkom, ietsie te drinke aangebied en word na die beradene se algemene welsyn, emosionele welsyn, en spirituele welsyn verneem.

Fase 2: Reflekteer of daar na al die stappe enige insiggewende openbarings na vore gekom het.

Fase 3: Reflekteer oor al die fases wat hanteer is, hoe voel die beradene se depressie simptome en voel die beradene se spiritualiteit versterk. Voel die beradene dat daar vordering is.

Fase 4: Ondersoek strategie en praktiese voorstelle van die huidige proses en fase van herstel.

Fase 5: Stel voor dat die beradene 'n vyfjaar aksieplan oorweeg om hulle te help om te floreer (vgl. 3.3.1.3) Hierdie fase is belangrik omrede dit 'n dinamiese proses voorstel in die momentum wat behou moet word deur die beradene vorentoe.

Fase 6: Daar word gewag op die Here, Skrif word oor die beradene se lewe geproklameer. Vra die beradene om te bid en met die Here te gesels oor hulle pad vorentoe, die gebed kan een van diepe emosie wees.

Fase 7: Die beradene word aangemoedig om die berader te kontak indien enige verdere pastorale begeleiding nodig is, selfs indien iets net gevra wil word.

5.5. GEVOLGTREKKING

Deur gebruik te maak van die beskrywende, interpreterende, normatiewe en pragmatiese momente het die navorsing duidelik aangetoon dat pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke wat aan depressie ly, se spiritualiteit versterk kan word. 'n Wisselwerking in die pastoraat tussen die vier momente het pastorale begeleiding verskaf en die beradene bemagtig om depressie te verstaan met die hulp van die psigologie en neurologie, verder het normatiewe insette vanuit die Bybel en die geloofsoortuiging van die beradene hom/haar gehelp om spiritueel versterk te word. Ten slotte is die beradene aangemoedig om 'n vyfjaar aksieplan saam te stel wat aan die beradene momentum verskaf om te floreer.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk fokus daarop om die gevolgtrekkings van die vorige hoofstukke oorsigtelik saam te vat. Verdere areas vir moontlike navorsing word ook voorgestel. Die fokus van die navorsing in dié pastorale studie is die daarstelling van 'n strategie om spiritualiteit by klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly, te versterk (hoofstuk 1.3). Die doel op sigself is om die ontwikkeling van die strategie konstruktief aan te pak (hoofstuk 1.4). Daar is besluit om eerder die woord momente (hoofstuk 1.6) te gebruik as die woord take ter bespreking van die vier take van praktiese teologiese interpretasie, soos wat dit deur Osmer (2008:4) se vier kernvrae uiteengesit word:

Die beskrywende empiriese moment het die navorsingstema verken en in die lig van die huidige situasie beskryf en behels die vraag: wat gebeur hier?

Die interpreterende moment het vanuit die toepaslike literatuur die perspektiewe en navorsingsresultate van grensvakwetenskappe bestudeer om die oorsake wat tot die huidige situasie aanleiding gegee het, te verstaan en het aangesluit by die vraag: waarom het dit gebeur?

Die normatiewe moment het ten doel gehad om insigte, konsepte, en vertrekpunte vanuit die Skrif en teologiese perspektiewe vas te stel. Daar is insigte verkry watter etiese norme van toepassing sou wees om die korrekte situasie te interpreteer en te beskryf en het aangesluit by die vraag: wat is veronderstel om te gebeur?

Die pragmatiese moment behels die formulering en implementering van 'n strategie vir die oplossing van die probleem en sluit aan by die vraag: hoe behoort ons op te tree?

Hierdie studie het ook 'n outo-etnografiese insluiting (vgl. hoofstuk 1.6.1.2).

6.2 OORSIG EN SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2

DIE BESKRYWENDE EMPIRIESE MOMENT

Hoofstuk 2 het op die beskrywende empiriese moment gefokus en die oogmerke was om 'n literatuurstudie, asook die bydrae vanuit 'n empiriese ondersoek met betrekking tot die tema aan te bied. Hoofstuk 2 is die eerste stap in die daarstel van 'n dinamiese strategie om 'n beradingsmodel te ontwikkel wat klassieke Pentekostalistiese kerke in ag kan neem om hulle pastore wat aan depressie ly se spiritualiteit te versterk.

6.2.1 'n Literatuurstudie

'n Verkenning van noodsaaklike vakliteratuur was noodsaaklik omrede hierdie vakliteratuurstudie tweeledig was. Eerstens is hermeneutiese refleksies oorsigtelik weergegee omrede die studie 'n klassieke Pentekostalistiese vertrekpunt aanneem en sonder 'n sterk gegronde hermeneutiese raamwerk is die oogmerke van hierdie studie nie moontlik nie. Tweedens is 'n in-diepte analise gedoen om die voorkoms en hantering van depressie tans binne klassieke Pentekostalistiese kerke vas te stel wat ook die bespreking van enkele studies vanuit die Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot depressie ingesluit het. Laasgenoemde word aangepak om ook kortliks insig te gee oor hoe die Gereformeerde tradisie depressie-gevalle hanteer.

6.2.1.1 Hermeneutiese refleksies

Hermeneutiek word verstaan as uitlegkunde. Hermeneutiek bepaal hoe 'n persoon die Bybel lees. Die Bybel word dus benader met bepaalde voorveronderstellings wat deur die Bybel self geverifieer word deur bepaalde eksegetiese ontginnings. Hermeneutiese denke is ontwikkel en ontwikkel steeds. Van die skoliere wat al bydraes gelewer het, is Schleiermacher, Heidegger, Gadamer wat sterk binne Gereformeerde denke beskou word en Bultman om net 'n paar te noem. Omrede hierdie studie se vertrekpunt vanuit die Pentekostalistiese tradisie is, is Pentekostalistiese hermeneutiek ondersoek. 'n Pentekostalistiese hermeneutiek behoort so ontwerp te word dat die Pentekostalistiese praxis, teologie, en etos in die huidige konteks verwoord word. Daar is aangetoon dat Pinksterteologie wel 'n sterk gegronde basis het wat belangrik is om 'n Pentekostalistiese hermeneutiek te verwoord. 'n Pinksterteologie is Christosentries en sentreer rondom die vyfvoudige bediening van Christus naamlik Jesus is geneesheer, heilig, redder, dooper met die Heilige Gees en koning. 'n Pinksterteologie plaas ook besondere klem op die Lukas Evangelie en die boek Handeling. Met bogenoemde in gedagte is daar gepoog om 'n Pentekostalistiese hermeneutiek te omlyn. Pentekostalistiese hermeneutiek is gebaseer op die gebeure in Handeling 2, wat 'n radikale transformasie in die epistemologie, wêreldbeeld en verstaan van die vroeë gelowiges gehad het. Hierdie transformasie het geboorte gegee aan Pentekostalisme. Die Bybel word op gesigswaarde geïnterpreteer en daar word geglo dat deur die inwerking van die Heilige Gees die Woord op die hier-en-nou van toepassing is. Om relevant vir vandag te wees is aangedui dat moderne Pentekostalisme vandag in drie groepe tipeer kan word naamlik, klassieke Pentekostalisme, die Charismatiese hernuwingsbeweging en die Neo-Pentekostalistiese tradisie. 'n Pentekostalistiese hermeneutiek kan nie verstaan word as daar nie gelet word op die ekumeniese karakter nie en is daar ook 'n omskrywing van 'n

Pentekostalistiese hermeneutiek binne 'n Afrika konteks voorgehou. Die krag van 'n Pentekostalistiese hermeneutiek is daarin dat daar gesentreer word op die lewe en preke van Christus wat na die hemelvaart soos 'n goue draad deur die werking van die Heilige Gees, enige Skrifteks verstaanbaar maak, ongeag waar die lesers/hoorders hulleself bevind.

6.2.1.2 Voorkoms en hantering van depressie in Pentekostalistiese kerke

Die vertrekpunt vir die in-diepte literatuurstudie is geskoei op die idee dat die mens as 'n holistiese wese gesien word. Die hedendaagse psigologie handhaaf ook die idee en in die Pentekostalistiese tradisie word die mens nog altyd as drie-dimensioneel (gees, siel en liggaam gesien) geïnterpreteer. Pentekostalisme stel depressie in die gees van die mens en is anti-intellektueel. Binne die psigologie en pastorale berading is die siel die setel van depressie, hiervolgens het depressie 'n kliniese beeld, is 'n mediese toestand wat deur medikasie en kognitiewe terapie konstruktief behandel kan word. Pentekostalisme verstaan depressie dus as 'n aanslag van die Duiwel, daar is psigosomatiese simptome wat aandui dat iets nie pluis is nie, en die antwoord word in die Bybel en geloofsgemeenskap gesoek.

Die Gereformeerde siening verskil van die Pentekostalistiese idee van depressie. Bekende teoloë in die Gereformeerde tradisie gee erkenning dat depressie eerstens 'n fisiese mediese toestand is, maar dat die gees, tweedens 'n belangrike deel van die hantering daarvan uitmaak. Aangesien die navorsing 'n outo-etnografiese insluiting het is daar na die N.G. predikant, I.L. de Villiers se bekroonde boek, *Depressie - die siekte van ons tyd* (1983) gekyk. Daar is heelwat ooreenkomste tussen De Villiers se stryd met depressie en die navorser se stryd met depressie binne 'n klassieke Pentekostalistiese tradisie. Medikasie, aldus De Villiers (1983) is 'n gawe van die Here en stel behandeling van depressie voor as, God, gebed, geloof, medikasie en 'deurpraat'. Daar is dus korrelasies tussen twee predikante uit verskillende kerktradisies wanneer hulle gemeenskaplike delers in spiritualiteit en depressie het.

6.2.1.3 Studies vanuit die Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot depressie

Navorsing met betrekking tot depressie is skaars binne die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Paar studies van waarde wat 'n bydrae kon toevoeg is ontleed en verdiskonteer met die oogmerke van hierdie studie in gedagte:

- Swanepoel *et al.* (2012) - Depressie en geestelike welstand moet verder ondersoek word. Persoonlikheidstipes, emosionele intelligensie en ook finansiële stabiliteit kan 'n invloed op depressie hê.
- Joubert (2016) - Inligting oor depressie se status onder kerkleiers in Suid-Afrika is beperk. Alhoewel haar studie fokus op veerkragtigheid is sy as 'n AGS pastoor bewus van die intense druk van die bediening. Kerkleiers moet meer oor hulle persoonlikheid leer.
- Van Eijk en Du Plessis (2003) - Hierdie studie het plaasgevind onder pastore van die VEK, die studie het 'n dogmatiese vertrekpunt gehad dat die ervaring van die krag van die Heilige Gees persoonlikheidsprobleme deur bemiddeling van 'n geesge vulde lewe ondervang. Psigologiese ingryping het die pastore sinvol verryk, sonder benadeling van hulle geloofsoortoiging.

- Kirsty L. Hardwick (2013) - Pentekostalistiese gelowiges glo aan goddelike genesing. Hulle glo verder dat hulle geestelike leiers hulle kan help indien hulle sukkel met geestesgesondheid. Hardick se inset is belangrik omrede daar aangedui word dat daar alreeds in 2013 in-diepte analise gedoen is oor die verband tussen depressie en Pentekostalisme alhoewel die studie 'n buite Suid-Afrikaanse konteks het is daar bepaalde ooreenkomste met die oogmerke van hierdie studie.
- Jean Mercer (2013) - Die klem val in hierdie studie op bevryding vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief. Pentekostalisme streef nog altyd na 'n pneumatiese soteriologie. Mercer dui ook op 'n paar terminologieë wat in Pentekostalisme ontwikkel is soos "om die bloed van Jesus te pleit", die "inwoning" van demone, 'n gees van rebellie, besetting deur 'n demoniese gees, en "wanneer 'n deur oopgemaak word" deur net 'n paar te noem. Manifestasies vind ook plaas wanneer die duiwel uitgedryf word. Daar is ook geen etiese klaring vir hierdie "gebruik" nie en die beoefenaars verbind hulleself aan bybelse waarhede.
- Princess Angel Boadi en Fiona Starr (2023) - Hierdie studie het aandag gegee aan die geestesgesondheid van die klassieke Pentekostalistiese pastoor se vrou. Die pastoor se vrou speel 'n baie belangrike ondersteuningsrol in haar man se bediening. Daar is 'n groot verwagting op haar skouers en behoort daar meer aandag gegee te word omrede sy emosioneel uitgeput kan word.
- Debora Joy Allen (2018) - Allen is ook 'n depressielyer en sluit haar studie aan by die navorser se poging om outo-etnografies te werk te gaan. Allen het 'n Pentekostalistiese agtergrond en skryf openhartig oor haar stryd met depressie en haar soeke na antwoorde binne 'n Pentekostalistiese raamwerk. Allen stel 'n omgekeerde teologie voor wat die praktyk voor die teorie stel. Die beoefening van charismata bied emosionele en psigologiese voordele vir die Pentekostalistiese beoefenaars wat met depressie worstel. Allen glo dat 'n mens se storie oor depressie vertel moet word.

6.2.1.4 'n Omgekeerde sinergie vir 'n holistiese benadering tot depressie

Die navorsing het voorlopig by die kruis van hoofstuk 2 gekom deur 'n voorlopige beradingsmodel voor te hou wat na afloop van hoofstukke 2 tot 4 as 'n hulpverleningstrategie in die pastoraat voorgehou kan word met die pragmatiese moment in hoofstuk 5.

6.2.2 Die perspektiewe van 'n empiriese ondersoek

Die beskrywende empiriese moment het in hoofstuk 2 op empiriese insigte met betrekking tot die tema het gefokus om 'n strategie te ontwikkel sodat die spiritualiteit by klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly in die huidige praktyk versterk kan word. 'n Kwalitatiewe empiriese studie is onderneem waarin daar van 'n semi-gestruktureerde vraelyste en gespreksvoering met agt Afrikaanssprekende pastore uit klassieke Pentekostalistiese kerke gebruik gemaak is om insig te bekom van hulle algemene ervaring in die praktyk rakende die voorkoms en hantering van depressie.

Die beskrywende empiriese moment het daarin geslaag om die praksis en teorie te verbind ten einde 'n hulpverleningstrategie te ontwikkel sodat die spiritualiteit by pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke wat aan depressie ly, versterk kan word.

Die volgende aantal temas is geïdentifiseer:

- Die eerste tema het gehandel oor die vraag: wat is die respondente se begrip van depressie?
- Die tweede tema het gehandel oor die vraag: wat is die respondente se begrip van spiritualiteit en depressie?
- Die derde tema het gehandel oor die vraag: wat is die respondente se begrip oor wat 'n ondersteuningsprogram se bydrae kan wees vir pastore wat met depressie worstel?

6.2.3 'n Samevatting van hoofstuk 2 - "Wat gebeur hier?"

Met die hulp van Osmer (2008:4) se beskrywende benadering en empiries-beskrywende moment is tersaaklike inligting geïntegreer om 'n voorlopige beradingsmodel vir die pastoraat te ontwerp wat as 'n hulpverleningstrategie aan pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke voorgelê kan word sodat hulle spiritualiteit versterk kan word wanneer hulle met depressie worstel. Aangesien die praktiese teologie in die empiries gesetel is, is 'n empiriese ondersoek onderneem wat aangedui het dat die oogmerke van hierdie studie haalbaar is, naamlik om 'n strategie te ontwikkel om klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly te versterk. In slotsom het die respondente aangedui dat geesvervulde persone aan depressie kan ly, maar 'n beter begrip om depressie te verstaan is nodig, en 'n ondersteuningsprogram is noodsaaklik om pastore wat aan depressie ly, spiritueel by te staan.

6.3 OORSIG EN SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3

DIE INTERPRETERENDE MOMENT

Hoofstuk 3 het oor die interpreterende moment gehandel. Inligting is vanuit die grenswetenskappe bestudeer om 'n bydrae te lewer tot die oogmerke van hierdie pastorale studie en dit is om 'n strategie te ontwikkel sodat die spiritualiteit by klassieke Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly, versterk kan word. Die doelwit vir die interpreterende moment was om depressie as 'n mediese toestand te integreer binne die Pentekostalistiese teologie. Metateoretiese bydraes vanuit die psigologie, sosiologie, antropologie en kommunikasiekunde is deur analise en interpretasie geselekteer ten einde in hierdie pastorale studie toe te pas:

- Wat die psigologie aanbetref is gelet op depressie as 'n mediese toestand in die individu deur aan die volgende studielede aandag te gee: biologiese teorieë, gedragwetenskap (behaviourisme), en positiewe psigologie.

- Wat die sosiologie aanbetref is daar gelet op klassieke Pentekostalistiese pastore se sosialisering in hulle unieke leefwêreld en hoe 'n toestand soos depressie in 'n klassieke Pentekostalistiese leefwêreld verstaan word.
- Wat antropologie aanbetref is daar gelet op depressie as 'n mediese toestand binne die sosiale, historiese, en kulturele konteks (*sitz im Leben*), asook die “*Annus virtualis*” (era van virtualiteit) van die individu.
- Wat die kommunikasiekunde aanbetref is daar gekyk na kommunikasiemodelle wat meer lig kan werp om depressie as 'n mediese toestand, en hoe om sulke modelle te gebruik in die pastorale gesprek met die individu.

6.3.1 Raakvlakke binne die psigologie, sosiologie, antropologie en kommunikasiekunde om 'n bydrae te lewer met die uitkomst van hierdie pastorale studie

Psigologie verstaan spiritualiteit as die mens se reaksie op hulle soeke na die betekenis van hulle lewe. Psigologie as 'n wetenskap plaas klem op die individu se gemoedstoestand. Voorts is daarop gelet watter bydrae die Psigologie kan maak op die kliniese beeld van depressie.

Met die biologiese teorie is daar gefokus op die biochemiese substansies en boustene in die menslike liggaam. Neurotransmitters speel ook 'n belangrike rol in die patogenese van depressie. Klem is ook op die psigo-fisiologie gelê wat die verband tussen liggaamlike prosesse enersyds en psigiese gedragsprosesse andersyds, bestudeer. Die senuweestelsel het ook aandag gekry, daar is gekyk na die fisiologie van 'n neuron wat 'n bepalende rol speel in die oordra van inligting. Die mees algemene neurotransmitters, hulle karaktertrekke en hulle spesifieke rol in gedrag is deeglik weergegee. Die psigiatrie is ook ondersoek, spesifiek om die brein onder die vergrootglas te plaas. Depressie blyk versprei te wees oor 'n hele aantal areas in die brein. In die limbiese sisteem is depressie gelokaliseer in die amigdala, hippokampus en die dorsomediale talamus. Daar is dus aangedui dat gedragsprobleme gekoppel is aan fisiologiese afwykings van die brein, neurone, neurotransmitters en die sentrale senuweestelsel.

Wat die gedragswetenskap aanbetref is daar gefokus op die effek van lewensstressors en watter invloed stressors op die individu kan hê. Mense met depressie het minder sosiale vaardighede as ander mense, die redes hiervoor is onder andere 'n negatiewe selfbeeld, 'n negatiewe idee van die wêreld en 'n negatiewe siening van die toekoms. Pentekostalisme is 'n geloofsverklaring terwyl depressie 'n selfverklaring is, uiteraard impliseer hierdie uitkyk dat predikante uit 'n Pentekostalistiese bediening baie negatiewe gedagtes mag openbaar, maar terselfdertyd ook in afwagting op goddelike inspirasie hoop. Positiewe psigologie plaas die klem daarop dat indien individue floreer, simptome soos depressie nie ervaar word nie (Keyes, 2005; 2006; 2007). Geesteswelstand het dus 'n verbintenis met biologiese faktore. Positiewe psigologie het die vertrekpunt dat godsdiens geesteswelstand en fisiese welstand bevorder (Compton, 2005:19). Godsdiens voorsien sosiale ondersteuning, 'n gesonde lewenstyl, sosialisering, om goed vir ander mense te wees, en gee mense 'n gevoel van waarde en doel. Samevattend is 'n bio-psigososiale model voorgelê wat die biologiese, gedragspsigologie, en positiewe psigologie integreer.

Sosiologie se raakvlak met hierdie pastorale studie is daarin dat klassieke Pentekostalistiese pastore 'n unieke sosialisering in hulle besondere leefwêreld beleef. Om hierdie redes is aandag gegee 'n definisie van Sosiologie, daar is gekyk na godsdiens as 'n sosiale wetenskap, drie modelle is voorgelê, naamlik die modelle van Emile Durkheim (Datum), Max Weber (Datum) en Peter Berger (Datum). Allokasie, integrasie, en kohesie is as konsepte voorgelê wat poog om die sosialisering van Klassieke Pentekostalistiese pastore verstaanbaar met die oogmerke van hierdie studie te maak. Sosiologie bestudeer die menslike lewe, sosiale groepe en samelewings. Menslike interaksie is onontbeerlik in die sosialisering van die mens. Sosialisering vind plaas binne die geloofsgemeenskap wat die godsdiens aanbetref. Sosioloë is al meer daarvan oortuig dat godsdiens 'n sentrale posisie in die sosiologie inneem. Pentekostalisme staan beslis binne hierdie vorm van sosialisering. Emile Durkheim, Max Weber en Peter Berger het grondwerk gedoen in die bestudering van godsdiens en ook die "*charismata*". Durkheim (Datum) beklemtoon die solidariteit van godsdiens in 'n bepaalde samelewing. Solidariteit word onder andere bewerk deur 'n klassifikasiesisteem. Realiteit word geklassifiseer as heilig of onheilig, Pentekostalisme sluit hierby aan, hulle klassifikasie is gevestig in aspekte soos die doring met die Heilige Gees. Max Weber het 'n belangrike rol gespeel in die bestudering van ekonomiese en politieke etos binne die verskillende godsdienste in die wêreld. Godsdiens skep konsepte soos geregtigheid, gelykheid en broederskap. Volgens Weber dui die begrip *charismata* op die buitengewone manier wat in 'n individu teenwoordig is sodat hierdie individu toegerus is met bonatuurlike en besondere kragte en kwaliteite. Die gedagte by Weber is dat die stratifikasie van godsdienstige charisma die fondasie van wêreldgodsdienste is. In ruil vir die kerkleier se charismatiese geskenke (profesie, visioene en genesings) het hulle iets van die kerk terugontvang (geld, kos en beskerming). Pentekostalisme koop in by hierdie model. Peter Berger praat van die "geestelike supermark". In bepaalde samelewings bestaan daar 'n verskeidenheid van godsdienstmoontlikhede. In hierdie mark val wedergebore christene in die Pentekostalistiese en Charismatiese mark. Eienskappe van 'n Pentekostalistiese "geestelike supermark" sluit "omval in die gees" as 'n ontmoetingsoomblik in, die spreek in tale, profesie, genesings en wonderwerke asook belewenis kom in die erediens voor. 'n Verband tussen Pentekostalistiese erediens en die Pentekostalistiese pastoraat is waarneembaar. In die pastoraat vind ook 'n dinamiese ontmoeting deur die inwerking van die Heilige Gees plaas. Laastens is die terme allokasie, integrasie, en kohesie onder die loep geneem. Allokasie dui daarop dat take in 'n sosiale groep verdeel word sodat die groep weer integrasie kan beleef deur die koördinasie van die take. Die norm in Pentekostalistiese kerke is die Woord van God. Volgens die Woord van God bestaan die gemeente uit dele in die liggaam wat verskillende bedieninge deur die Heilige Gees gegee is, maar omrede die kerk as die liggaam van Christus gesien word, word hierdie bedieninge tot voordeel van almal in die geloofsgemeenskap geïntegreer. Hierdie terme kan lei tot groepsdruk omrede om deel van hierdie proses te bly moet sondige gewoontes laat vaar word, die druk om te glo dat siekte sonde is en dat depressie van die Duiwel is. Dit lei tot gevoelens dat deelnemers in hierdie gemeenskappe soms terugvallig beleef omrede hulle nie goed genoeg vir God is nie. Die term kohesie poog om 'n aantal persone in eenheid saam te bind. Kohesie kan byvoorbeeld verkry word deur lidmaatskap en deelname, dit kan alleen gebeur as die individu aan die voorwaardes van lidmaatskap voldoen en ook moreel aan die groepsverwagting voldoen. Binne Pentekostalisme is kohesie 'n groot uitdaging, eenheid en verdeeldheid kom deur die eeue sterk na vore onder volgelingen van hierdie beweging, alles afhangende van hoe die "Gees" lei. Kan daar eenstemmigheid in Pentekostalistiese kerke verkry word oor byvoorbeeld

wat depressie is? Dis om hierdie rede dat 'n hulpverleningsprogram kan poog om kohesie in die denke van klassieke Pentekostalistiese kerke te bewerk.

Antropologie het 'n raakvlak met hierdie pastorale studie omrede antropologie 'n brug kan bou vir pastore van die klassieke Pentekostalistiese kerke wat met depressie worstel. Hierdie brug word gebou deur wedersydse verstaan deur aanpassing en ontwikkeling. Antropologie het ook die vermoë en kapasiteit om histories-kulturele waardes te laat aanpas in 'n huidige beleefde konteks. 'n Artikel van Jan-Albert van der Bergh (Datum) wat handel oor kunsmatige intelligensie en die aard van menswees het 'n besondere bydrae gelewer met die doel van hierdie studie. Daarin beredeneer Van der Bergh dat die mens nou ook 'n netwerkmens is en die pastorale berader moet aanpassings kan maak wat die mens van die toekoms aanbetref. Die Pentekostalistiese pastoor is ook 'n netwerkmens, moontlikhede moet verder ondersoek word en pastorale beradingsmodelle moet ontwerp word wat van toepassing is op 'n era van virtuele werklikheid.

Kommunikasie is die hartklop van 'n pastorale gesprek. Hierdie kommunikasie is 'n dialogiese gesprek tussen die pastorale berader en die beradene. Litfin (Datum) dui aan dat op sy eenvoudigste gestel kommunikasie drie stappe het. 'n Bron wat 'n boodskap in 'n sein enkodeer, hierdie sein word versend en die ontvanger dekodeer die boodskap. Kommunikasie bewerk altyd 'n ontmoeting, hierdie ontmoeting kan ontvang word deur, simbole, prosesse, dit kan persoonlik wees en selfs multidimensioneel. Kommunikasie in 'n geloofsgemeenskap behoort 'n etiese kwessie te wees omrede in religieuse kommunikasie ontmoet God en mens. Daar is verder aandag gegee aan die kommunikasiemodelle van Marias en Nieuwmeijer wat aandui dat kommunikasie se doel is om te beïnvloed. Wat Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly aanbetref moet daar gewaak word teen "oorvergeesteliking" menend dat 'n pastoor deur sy kerk oortuig kan word dat depressie van die duiwel is, is die kerk deur die Heilige Gees gelei of manipuleer hulle die pastoor emosioneel. Beebe sien kommunikasie as interaksie. In hierdie interaksie kan geruis voorkom. Depressie is geruis omrede depressie die pastoor se "vloei van die Heilige Gees" kan belemmer wat veroorsaak dat hulle nie waardig voel om vir die Here te werk nie. Kommunikasie is ook konneksievorming, daar vind visuele, intellektuele, emosionele, en verbale konneksievorming plaas wat die beradene in die pastoraat kan inspireer.

6.3.2 'n Samevatting van Hoofstuk 3 - "Waarom het dit gebeur?"

Met die hulp van Osmer se interpretatiewe moment is daar gepoog om vaste stel watter bydrae die grenswetenskappe kan bied om die pastorale berader te help om die beradene beter te verstaan. Die psigologie is steeds besig om met rasse skrede te ontwikkel om meer te wete te kom oor die biologiese teorie van die brein, maar waardevolle inligting is bekom wat onomwonde stel dat depressie 'n mediese toestand is. Die sosiologie en antropologie beskryf die wêreld waarvan die pentekostalistiese beradene kom en die kommunikasiekunde speel 'n bepalende rol om die pastorale berader 'n effektiewe kommunikeerder te maak. Die gesprek in die pastoraat staan sentraal tot die effektiwiteit van die ontmoeting in die pastoraat. In die lig hiervan is die samewerking tussen die pastoraat enersyds en die grenswetenskappe andersyds van onskatbare waarde om te verstaan waarom depressie gebeur en die samewerking gaan net groei in intensiteit met die verloop van tyd.

6.4 OORSIG EN SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4

DIE NORMATIEWE MOMENT

Hoofstuk 4 het op die normatiewe moment “Wat is veronderstel om te gebeur?” gefokus. Hierdie vraag word beantwoord deur teologies vanuit die Skrif, asook binne die Christelike literêre tradisie te interpreteer. Die aspekte wat ondersoek is, is:

- Grammaties-historiese eksegeese met ‘n Pentekostalisties hermeneutiese insig (in 6.4.1)
- Perspektiewe uit die Ou Testament (in 6.4.2)
- Perspektiewe uit die Nuwe Testament (in 6.4.3)

6.4.1. Grammaties-historiese eksegeese met ‘n Pentekostalisties hermeneutiese insig

Daar is besluit om die grammatiese-historiese eksegeese te volg omrede die metode binne Gereformeerde kringe ondersteun en aangewend word. Die pastorale studie fokus egter op klassieke Pentekostalistiese pastore se ervaring van spiritualiteit te midde van ‘n worsteling met depressie en daarom is aangedui dat die pneumatologiese metode van eksegeese ook van belang is. Daar is bevind dat ‘n wisselwerkende sinergie tussen hierdie twee tradisies aangewend gaan word wat die volgende geïmpliseer het: ‘n Gereformeerde eksegeet maak gebruik van die grammaties-historiese metode omrede daar ‘n organiese inspirasie plaasvind met ‘n besondere klem op Skrifondasie met ‘n pneumatiese insig, die Pentekostalistiese eksegeet gebruik ‘n pneumatologiese eksegeese wat geskoei is op ‘n pneumatologiese inspirasie van ervaring, die metode beklemtoon besonders klem op die Heilige Gees met ‘n grammaties-historiese insig. Hoewel daar bepaalde “lokvalle” met beide metodes van eksegetiese ontginning is, is daar besluit dat met die oogmerke van hierdie studie in gedagte die Skrifgefundeerde aanslag van die grammaties-historiese metode tesame met die pneumatologiese hermeneutiese insig haalbaar is ten opsigte van die normatiewe doelwitte vanuit die basisteoretiese perspektiewe.

6.4.2 Perspektiewe uit die Ou Testament

Eerstens is neergepen dat depressie nie ‘n kliniese term is wat in die Bybel voorkom nie, alhoewel die toestand en simptome deurgaans in die Bybel voorkom. Wat die Ou Testament aanbetref is daar aangedui dat wanhoop telkens in konteks van hoop aangespreek word. Daar is gesentreer rondom die Wysheidsliteratuur tot die oogmerke van hierdie studie. Die konsep van Wysheid is nie uniek tot die Ou Testament nie en wysheidsspreuke vanuit Egipte en Babilonië toon baie ooreenkomste met die Wysheidsliteratuur van die Ou Testament. In die Wysheidsliteratuur van die Ou Testament is daar egter ‘n verskil en dit is dat die “vrees vir die Here” die sentrale motief is. Die eksegetiese ontginning het gefokus op bepaalde wysheidsliteratuur wat ingesluit het die boek van Job, Klaagliedere en Psalm 22. Die hoofopskrifte vir die eksegetiese ontginning was sosio-historiese agtergrond, karaktersketse van Job, Jeremia en Dawid, die keuse van relevante perikope en eksegetiese ontginning van die perikope. Daar is aangedui dat Job, Jeremia en Dawid vanuit ‘n plek van wanhoop na hoop geskuif het in tye van vertwyfeling, daardeur word aanduidend

uitgewys hoe hulle spiritualiteit versterk was in tye wat hulle simptome van depressie ervaar het. Job verkies om te sterf, Jeremia huil bitterlik, en Dawid verloor sy eiewaarde, tog breek God telkens deur en gee uitkoms en berusting.

6.4.3 Perspektiewe uit die Nuwe Testament

Die Lukas-Handelinge narratief is uiters noodsaaklik om 'n strategie vir Pentekostalistiese pastore in praktyk te modelleer omrede hulle teologiese raamwerk verstaan moet word as 'n bonatuurlike inwerking van die Heilige Gees in elke faset van hulle lewe. 'n Klassieke Pentekostalistiese skriftuurlike model berus op bybelse narratiewe. Die eksegetiese klem geplaas op perikope vanuit die Lukas Evangelie en daarom is die betroubaarheid van die Lukas Evangelie nagegaan. Jesus se selfdoeltreffendheid en selfagting is van nader bekyk met die versoeking in die woestyn, Lukas 4:1-12 asook Jesus se gebed in die tuin van Getsemane in Lukas 22:39-42. In slotsom is daar aangedui dat die Duiwel in beide die Ou Testament en Nuwe Testament teenwoordig was wanneer gelowiges ly.

6.4.4 'n Samevatting van Hoofstuk 4 - "Wat is veronderstel om te gebeur?"

In hierdie hoofstuk is daar op 'n paar belangrike Skriftuurlike en eksegetiese perspektiewe gefokus wat aanvullend tot die saamstel van 'n voorlopige pastorale model was. Die bybelse narratief staan sentraal in alles wat die klassieke Pentekostalistiese pastoor beleef en voeg besondere waarde tot die uitkomst wat in die pastoraat behaal gaan word. Die Heilige Gees bepaal die ervaring wat die klassieke Ppastoor wat met depressie worstel beleef, en hierdie twee agente is bepalend of die beradene se spiritualiteit versterk gaan word in tye van vertwyfeling.

6.5 OORSIG EN SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5

DIE PRAGMATIESE MOMENT

In hierdie hoofstuk is daar op Osmer (2008:4) se vierde stap van sy voorgestelde model, naamlik die pragmatiese moment gefokus. Hierdie moment het gefokus op die vraag: hoe behoort daar opgetree te word?

In die beantwoording van hierdie vraag is daar krities in dialoog met die voorafgaande hoofstukke getree. Inligting vanuit hierdie hoofstukke is in 'n holistiese, strategies-teoretiese hulpverleningstrategie gemoduleer om 'n beradingsmodel te ontwikkel wat deur klassieke Pentekostalistiese kerke in ag geneem kan word, om pastorale intervensie moontlik te maak deur pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke wat aan depressie ly, spiritueel te versterk. Die doelwit van hierdie hoofstuk was om deur 'n hermeneutiese wisselwerking vanuit die inligting wat bekom is uit hoofstukke 2 tot 4 te bepaal watter pastorale riglyne saamgestel kan word om die huidige situasie doeltreffend aan te spreek.

Wat die metodologie aanbetref is twee aksente toegelig. Eerstens is daar aangedui dat daar bepaalde voorveronderstellings is waaraan 'n pastorale berader erkenning kan gee sodat pastore wat uit die klassieke Pentekostalistiese kerke, wat met depressie worstel (beradene), bygestaan kan word in die pastoraat. Hierdie voorveronderstellings wat tot die beradenes se spirituele versterking kan lei, is om erkenning te gee:

- aan die beradene se unieke Skrifbeskouing.
- aan die beradene dit moeilik mag vind om te verstaan dat depressie 'n kliniese mediese toestand is.
- dat die beradene deel van 'n unieke geloofsgemeenskap is.
- aan kommunikatiewe handeling wat in die pastoraat gebruik kan word om die beradene te help.
- dat 'n omgekeerde strategie in die pastoraat die beradene se spiritualiteit kan versterk.
- dat vir die beradene die antwoord in die Bybel is.

Tweedens is daar 'n pastorale begeleidingsprogram saamgestel om klassieke Pentekostalistiese pastore wat met depressie worstel (beradene) se spiritualiteit te versterk. Die program bestaan uit vier prosesse wat Osmer (2008:4) se momente uitwys in tien stappe wat voorgestel word aan die pastorale berader om die beradene te begelei in die pastoraat. Sommige van die stappe is verder deur afsprake, fases en doelwitte toegelig. Die stappe wat vir pastorale begeleiding voorgehou is, is die:

- maak van 'n afspraak met die beradene.
- eerste ontmoetingsoomblik met die beradene.
- persoonlikheidstoets word saam met die beradene ingevul en verduidelik, die vraag wat geantwoord word is: wie is ek, die soeke na identiteit.
- antwoordstel van die beradene word in die teenwoordigheid van die beradene geassesseer ten einde die beradene te bemagtig.
- beradene word gehelp om te prioritiseer, hierdeur word die beradene gehelp om te beseef dat hulle te midde van depressie 'n sterk morele karakter handhaaf.
- gade van die beradene word saam met die beradene na die pastoraat uitgenooi, 'n sterk ondersteuningsbasis begin altyd by die familie.
- depressie as 'n kliniese, mediese toestand aan die beradene/gade voorgehou word en in diepte verduidelik word.
- geleentheid vir besinning word geskep.
- fokus verskuif na die Bybel as die belangrikste maatstaf om die beradene se spiritualiteit te versterk.
- refleksie van al die stappe tot hede asook die daarstelling van 'n vyf jaar aksieplan om die beradene te help om te floreer.

6.5.1 'n Samevatting van Hoofstuk 5 - "Hoe behoort daar opgetree te word?"

Pragmatiese riglyne is ontwikkel deur die interaksie tussen vier dinamiese (momente) wat ontwikkel en geïntegreer is, om klassieke Pentekostalistiese pastore (beradene) wat met depressie worstel spiritueel te versterk. Erkenning is gegee aan die besondere unieke leefwêreld van pastore vanuit hierdie tradisie wat verder aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van 'n pastorale begeleidingsprogram wat hierdie aksente in berekening bring vir die beradene in die pastoraat.

6.6 SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Deur gebruik te maak van die beskrywende, interpreterende, normatiewe en pragmatiese momente van Osmer (2008:4) het die navorsing duidelik getoon dat pastore uit die klassieke Pentekostalistiese kerke (beradene) wat aan depressie ly, se spiritualiteit versterk kan word. 'n Wisselwerking in die pastoraat tussen die vier momente het pastorale begeleiding verskaf en die beradene bemagtig om depressie te verstaan met die hulp van die psigologie en neurologie. Verder het normatiewe insette vanuit die Bybel en die geloofsoortuiging van die beradene hulle gehelp om spiritueel versterk te word. Ten slotte is die beradene aangemoedig om 'n vyf jaar aksieplan saam te stel wat aan die beradene momentum verskaf om te floreer.

Auto-etnografiese inset

My lewe is verander deur mediese intervensie, mediese dokters, 'n sielkundige en 'n psigiater wat saamgewerk het om my te help. Die antwoord is in 'n mediese diagnose en medikasie, gepaardgaande lewenstyl veranderinge en 'n besondere ondersteuningsnetwerk. Ek het die klassieke Pentekostalistiese siening oor depressie oorkom en ontgroe. Daar is 'n bydrae wat spirituele intervensie maak, maar sonder twyfel is mediese ingryping deel van God se plan vir die moedige stryd teen depressie.

6.7 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

Tydens hierdie studie is sekere areas geïdentifiseer vir verdere navorsing wat die volgende insluit:

- Vrye wil en geestesgesondheid: 'n Pastorale studie vanuit 'n pentekostalistiese soteriologiese vertrekpunt.
- Die invloed van 'n christelike lewensvaardigheidsafrigtingsprogram op die holistiese welsyn van 'n individu.
- Die spanning wat dogmatiese leerstellings plaas op die gelowige se verhouding met die Here: 'n Pastorale studie.
- Kunsmatige intelligensie en geestesgesondheid: 'n Pastorale studie.

BIBLIOGRAFIE

Ackah, W., Dodson, J.E. & Smith, R.D., eds. 2018. *Religion, culture and spirituality in Africa and the African Diaspora*. Routledge: New York and London.

Adams, K. & Galanes, G.J. 2003. *Communications in groups: application and skills*. New York, NY: McGraw-Hill.

Adams, V. 2020. *Redefining Job and the conundrum of suffering*. Eugene, OR: Wipf & Stock.

Allan, D.J. 2018. *Sertraline, suffering and the Spirit: how do Pentecostal/charismatic Christians respond faithfully for depression?* Aberdeen: University of Aberdeen. (Thesis PhD).

Allen, D.L. 2022. *Exalting Jesus in Job*. Nashville, TN: Holman Reference. (Christ-centered exposition).

Alter, R. 2010. *The wisdom books: Job, Proverbs and Ecclesiastes*. New York, NY: Norton & Co.

Amen, D.G. 2015: *Change your brain, change your life*. New York, N.Y./NY: Crown Publishing.

Anderson, A. 2004. *An introduction to Pentecostalism: global charismatic Christianity*. Cambridge: Cambridge University Press.

Azevedo, F.C., Carvalho, L.B., Grinberg, L.T., Farfel, J.M., Ferretti, R.L., Leite, R.P., Herculano-houzel, S. 2009. Equal numbers of neuronal and nonneuronal cells make the human brain an isometrically scaled-up primate brain. *The Journal of comparative Neurology*, 513, 532-541. doi:10.1002/cne.21974

Bang, S.J. 2004. *The form of the sermon and effective communication: a homiletical study*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Thesis - Ph.D.)

Bartholomew, C.G. & O'Dowd, R.P. 2011. *Old Testament wisdom literature: a theological introduction*. Nottingham: IVP Academic.

Beck, A.T. 1972. *Depression: causes and treatment*. Philadelphia, PA: University of Pennsylvania Press.

Beebe, S.A. 2005. *Interpersonal communication*. Boston, MA: Pearson Education.

Belcher, R.P., Jr. 2017. *Job: the mystery of suffering and God's sovereignty*. Fearn: Christian Focus.

- Bennis, W.G., Schein, E.H., Steele, F.I. & Berlew, D.E. 1968. *Interpersonal dynamics: essays and readings on human interaction*. Homewood, IL: Dorsey Press.
- Berg, B.L. 2007. *Qualitative research methods for the social sciences*. 7th ed. Boston, MA: Pearson Education.
- Berlin, A. 2004. *Lamentations*. London: John Knox Press.
- Berman, J.A. 2023. *The book of Lamentations*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Blascovich, J. & Tomaka, J. 1991. Measures of self-esteem. In: Robinson, J.P., Shaver, P.R. & Wrightsman, L.S., eds. *Measures of personality and social psychological attitudes*, Volume 1. New York, NY: Academic Press. pp. 115-160.
- Boadi, P.A. & Starr, F. 2023. Mental health and the pastor's wife: how does the pastor's wife manage life stressors and apply coping strategies to support her emotional well-being? *Mental Health, Religion & Culture*, 26(2):131-150.
- Boadt, L.E. 1986. *An introduction to wisdom literature: Proverbs*. Collegeville, MN: Liturgical Press.
- Boeree, C.G. 2009. *General psychology. The emotional nervous system*.
<http://webpace.ship.edu/cgboer/limbicsystem.html> Date of access: 5 Nov. 2025.
- Böhmer, A.C. & Spangenberg, J.J. 2001. Depressie en angste onder predikante van die Nederduitse Gereformeerde kerk in die Wes en Suid-Kaap. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 42(182): 6-14.
- Bootzin, R.R. & Acocella, J.R. 1984. *Abnormal psychology*. New York, NY: Random House.
- Bosch, I. 2008. *Die spiritualiteitsdimensie by gelowige vroue in 'n mede-afhanklike konteks: 'n pastorale studie*. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling - MA).
- Boss, J. 2010. *Human consciousness of God in the book of Job*. London: T&T Clark.
- Botha, P. 2007. *Die Bybel in praktyk*. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.
- Brann, A. 2017. *Neuroscience for coaches: how to use the latest insights for the benefits of your clients*. 2nd ed. London: Kogan Page.
- Breed, G. 2016. 'n Bybelse pastorale model, lesing 1-12. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Lesing uit PAST 121 - ongepubliseer).

- Breed, G. 2019. Pastoral studies: Bybelse berading, lesing1-12. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Lesing uit PAST 122 - ongepubliseer).
- Breed, G. 2021. Breed se verstaan van 'n Bybelse pastorale model: 'n verkennende beskrywende perspektief. *In die Skriflig*, 55(2), a2707. <https://doi.org/10.4102/ids.v55i2.2707>
- Brooks, R. 2015. *Great is your faithfulness: the book of Lamentations simply explained*. Leyland, England: EP Books. (Welwyn commentary series).
- Brown, W.P. 2014. *Wisdom's wonder: character, creation and crisis in the Bible's wisdom literature*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Bruce, F.F. & Clines, D.J.A. 2008. *Zondervan Bible commentary*. One-volume illustrated edition. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Brunsdon, A.R. & Lotter, G.A. 2011. Outo-etnografie as selfhelp vir predikante met bedieningsmoegheid: verkennende opmerkings. *Verbum et Ecclesia*, 32(1), a465. <https://doi.org/10.4102/ve.v32i1.465>
- Burden, J. 2007. *Die Bybel in Praktyk*. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.
- Burger, I. 2008. *The Pentecostal movement in historic perspective*. <http://www.afm-ags.org> Date of access: 12 Mar. 2024.
- Burke, A. & Makhafula, K. 2019. *Understanding psychopathy: mood disorders*. Cape Town: Oxford University Press.
- Calhoun, C., Light, D. & Keller, S. 1997. *Sociology*. 7th ed. New York, NY: McGraw Hill.
- Calhoun, C., Rojek, C. & Turner, B. 2005. *The Sage handbook of sociology*. London: Sage.
- Carr, Alan. 2005. *Positive Psychology: THE Science of Happiness and Human Strengths*. London and New York: Routledge.
- Cartledge, M.J. 2007. *Encountering the Spirit: the charismatic tradition*. Maryknoll, NY: Orbis Books.
- Catalino, L.I. & Fredrickson, B.L. 2011. A Tuesday in the life of a flourisher: the role of positive emotional reactivity in optimal mental health. *Emotions*, 11(4),938-950. <http://doi.org/d3n48k>.
- Cavanagh, K. & Strauss, C. 2021. *Clinical psychology*. London: Routledge.

- Ceresko, A.R. 1999. *Introduction to the Old Testament wisdom: a spirituality for liberation*. Maryknoll, NY: Orbis Books.
- Chang, H. 2008. *Autoethnography as method*. Left Coast Press: Walnut Creek, CA.
- Clinton, T. & Ohlschlager, G. 2002. *Competent Christian counselling. Vol 1: Foundations & practice of compassionate soul care*. Colorado Springs, CO: Water Brook Press.
- Coetzee, J.C. 1997. *Hermeneutics and exegesis of the New Testament*. Orkney: EFJS Drukkers.
- Coetzee, J.C.J. 2001. 'n Interpretasie van die uitdrukking "vrees van die Here" as 'n sentrale motief in die wysheidsliteratuur van die Ou Testament. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - MA).
- Coetzer, W. 2008. Depressie. (Ongepubliseerde studiegids - Potchefstroom: NWU).
- Coetzer, W. 2011. Trauma berading. (Ongepubliseerde studiegids – Pretoria).
- Collins, G.R. 2007. *Christian counselling: a comprehensive guide*. 3rd ed. Nashville, TN: Thomas Nelson.
- Compton, W.C. 2005. *An introduction to positive psychology*. Belmont, CA: Wadsworth Cengage.
- Conner, K.J. 1976. *The tabernacle of David: the presence of God as experienced in the tabernacle*. Portland, OR: City Bible Publishing.
- Cooke, F.T. 2007. *Die gebruik van die pastor pastorum in die pastorale versorging van die predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – PhD).
<http://hdl.handle.net/2263/25290>
- Crenshaw, J.L. 1981. *Old Testament wisdom: an introduction*. Atlanta: John Knox Press.
- Crow, R.F. 2019. *Morele verval onder die jeug van die Apostoliese Geloofsending van Suid Afrika (AGS) (Rehobot gemeente, Upington): 'n pastorale studie*. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – M.A.).
<http://hdl.handle.net/10394/33670>
- Culpepper, R.A. 1995. *Interpreter's Bible*. Nashville, TN: Abingdon Press.
- Davis, E.F. 1992. Exploding the limits: form and function in Psalm 22. *Journal for the Study of the Old Testament*, 17(53):93-105. <https://doi.org/10.1177/030908929201705306>

- Dayton, D. 1987. *Theological roots of pentecostalism*. Peabody, MA: Hendrickson.
- De Jongh Van Arkel, J.T. 2000. Recent movements in Pastoral Theology. *Religion & Theology*, 7(2):160-161.
- De Klerk, B.J. & Dreyer, T.F. 2007. Die rol van die gemeente as geloofsgemeenskap in die begeleiding tot belydenisaflegging. *In die Skriflig*, 41(2):209-232.
- De Klerk, B.J. & Janse van Rensburg, F.J. 2005. *Preekgeboorte: 'n handleiding vir Gereformeerde eksegeese en prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasie.
- De Souza, M., Bone, J. & Watson, J. 2016. *Spirituality across disciplines: research and practice*. Cham: Springer.
- De Villiers, I.L. 1983. *Depressie: die siekte van ons tyd*. Kaapstad: Tafelberg.
- Deist, F.E. 1986. Skrywer, sy teks en sy gehoor. In: Deist, F.E., Vorster, W.S. & Bosman, H.L., eds. *Woorde wat van ver kom*. Kaapstad: Tafelberg. pp. 16-36.
- Dinkler, M.B. 2013. *Silent statements: narrative representations of speech and silence in the Gospel of Luke*. Berlin: De Gruyter.
- Du Plessis, D.J. 2020. *Facebook en die bediening van die kerkjeug in die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika: 'n pastorale studie*. Potchefstroom: NWU (Proefskrif - PhD).
- Du Preez, A.P. 2006. *Die gesindheid van die hoorder as moontlike geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die preek: 'n homiletiese studie*. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling - MA).
- Du Preez, A.P. 2014. *Die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens: 'n Pentekostalistiese perspektief*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - PhD).
- Du Toit, A.B. 2009. *Focusing on the message: New Testament hermeneutics, exegesis and methods*. Pretoria: Protea Book House.
- Durkheim, E. 1961. *The elementary forms of the religious life*. New York, NY: Collier.
- Egan, G. 2015. *The skilled helper: a problem-management and opportunity-development approach to helping*. Belmont, CA: Cengage Learning.

- Elias, M.E. & Theron, L. 2012. Linking purpose and ethics in thesis writing: South African illustrations of an international perspective. In: Maree, J.G., ed. *Complete your thesis or dissertation successfully: practical guidelines*. Cape Town: Juta. pp. 146-161.
- Ellington, S.A. 1996. Pentecostals and the authority of Scripture. *Journal of Pentecostal Theology*, 4(9):16-38. <https://doi.org/10.1177/096673699600400902>
- Ellis, B.C. 2000. *Raising the devil: Satanism, new religions, and the media*. Lexington, KY: University Press of Kentucky.
- Emmons, R.A. & Crumpler, C.A. 1999. Religion and spirituality? The roles of sanctification and the concept of God. *The International Journal for the Psychology of Religion*, 9(1):17-24.
- Ervin, H.M. 1981. Hermeneutics: a pentecostal option. *Pneuma*, 2(2):11-25. <https://doi.org/10.1163/1570074818000098>
- Ferster, C.B. 1973. A functional analysis of depression. *American Psychologist*, 28(10):857-870.
- Frankl, V. 1975. *Waarom lewe ek?* Kaapstad: HAUM.
- Garrett, D. & Pearson, C.F. 2022. *Jeremiah and Lamentations. a commentary for biblical preaching and teaching*. Grand Rapids, MI: Kregel Ministry.
- Giddens, A. 2009. *Sociology*. Cambridge: Polity Press.
- Golden, R.N. & Janowsky, Wolman, B. & Stricker, George, (Eds) D.S. 2014. In A. Georgotas & R. Cancro (EDS). *Neurochemistry of depression and mania: Depression and mania*. New York: Raven Press.
- Graham, E.L. 1999. Cyborgs or goddesses? Becoming divine in a cyberfeminist age. *Information Communication & Society*, 2(4):416-434.
- Graham, E.L. 2002. *Representations of the post/human: monsters, aliens and others in popular culture*. New Brunswick, NJ: Rutgers University Press.
- Halley, H.H. 2000. *Halley's Bible handbook with the new international version*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Hamlin, S. 2005. *How to talk so people listen*. New York, NY: Collins Business.

Hammond, F. & Hammond, I.M. 2010. *Pigs in the parlor: a practical guide to deliverance*. Kirkwood, MO: Impact Christian Books.

Handler, R. 2004. *The story of Anthropology. Volume 10: Significant others: Interpersonal and professional commitments in Anthropology*. London: The University of Wisconsin Press.

Hardwick, K.L. 2013. *Apostolic Pentecostal clergy beliefs regarding mental health disorders*. Cincinnati, OH: University of Cincinnati. (Dissertation – DEd).

Harley, J.L. 2006. *Pentecostal Christian view toward causes and treatment of mental health disorders*. Virginia, VA: Regent University. (Dissertation – PhD).

Hayford, J.W., ed. 1991. *Bible for spirit-filled living*. Nashville, TN: Thomas Nelson Publishers.

Hays, J.D. 2016. *Jeremiah and Lamentations*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Hays, J.D. & Duvall, J.S., eds. 2011. *The Baker illustrated Bible handbook*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Heitink, G. 1997. *Pastoraat als hulpverlening: inleiding in die pastorale teologie en psychologie*. Kampen: Kok.

Heitink, G. 1999. *Practical theology: history, theory, action domains*. Translated by Reinard Bruinsma. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Heitink, G., Pieterse, H.J.C. & Vos, C.J.A. 2000. 'n Posing tot saamdink. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 15(2):53-72.

Henry, M. 1992. *Zondervan NIV Matthew Henry commentary*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Henson, J.D. 2022. *Biblical organizational spirituality*. Cham: Springer.

Herzfeld, N. 2010. Human and artificial intelligence: a theological response. In: Murphy, N., ed. *Human identity at the intersection of science, technology and religion*. London: Routledge. pp. 117-130.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. *A primer in practical theology*. Pretoria: Gnosis.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1998. *Eerste tree in die praktiese teologie*. Hersiene uitg. Pretoria: Gnosis Boeke & Uitgewers.

- Heystek, P.H. 2000. *'n Praktiese-teologiese ondersoek van die "mekaar-opdragte" in die corpus Paullinum met die oog op kerklike geloofsgemeenskap*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - ThD).
- Hill, A.E. & Walton, W.H. 2009. *A survey of the Old Testament*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Hummel, C.E. 1993. *Fire in the fireplace: charismatic renewal in the nineties*. Downers Grove, IL: Intervarsity Press.
- Ihde, D., ed. 2004. *Paul Ricoeur: the conflict of interpretations: essays in hermeneutics*. London: Continuum.
- Jackman, D.J. 2024. *Proclaiming the Word: principles & practices for expository preaching*. Wheaton, IL: Crossway.
- Joubert, R. 2016. *The church leader's cognition of perseverance: a pastoral study elucidating resilience in ministry*. Potchefstroom: NWU. (Skripsie – MTh).
- Kadish, Yeal. A. 2016. Neo-analytic theorists. In Nicholas, Lionel, J., ed. *Personality Psychology*. South Africa: Oxford University Press.
- Keel, O. 1978. *The symbolism of the Biblical world: ancient near eastern iconography and the book of Psalms*. New York, NY: Seabury Press.
- Keener, C.S. 2016. *Spirit hermeneutics: reading Scripture in light of Pentecost*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Kempton, M.J., Salvador, Z., Munafò, M.R., Geddes, J.R., Simmons, A., Frangou, S. & Williams, S.R. 2011. Structural neuroimaging studies in major depressive disorder: meta-analysis and comparison with bipolar disorder. *Archives of General Psychiatry*, 68(7): 675-690. doi: 10.1001/archgenpsychiatry.2011.60.
- Keyes, C.L.M. 2005. Mental illness and/or mental health? Investigating axioms of the complete state model of health. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 73(3):539-548. doi: 10.1037/0022-006X.73.3.539.
- Keyes, C.L.M. 2007. Promoting and protecting mental health as flourishing: a complementary strategy for improving national mental health. *American Psychologist*, 62(2):95-108.
- Knutilla, M. 1996. *Introducing sociology: a Critical perspective*. Ontario: Oxford University Press.
- Koenig, H.G., George, L.K., Blazer, D.G., Meador, K.G. & Dyck, P.B. 1994. Religious affiliation and psychiatric disorder among Protestant baby boomers. *Psychiatric Services*, 45(6):586-596.

Koller, C.A. 1994. *Identification of beliefs of charismatic community surrounding mental illness*. Tulsa, OK: Oral Roberts University. (Thesis – MSc in Nursing).

König, A. 2006. *Die groot geloofswoordeboek*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Krüger, A.J. 2006. Skrifkritiek, fundamentalisme en grammaties-historiese eksegeese: diskussie. *Die Kerkblad*, 109(3192):29-31

Leaf, C. 2013. *Switch on your brain: the key to peak happiness, thinking, and health*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Le Roux, P.D. 1995. *Studies in die Bevryding van die Gees*. Pretoria: Sigma-Pers

Leuschner, F.W. 2004. *Atmosfeer in die erediens*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - Ph.D).

Litfin, D. 1981. *The art of public speaking*. Grand Rapids, MI: Baker Bookhouse.

Littauer, F. & Sweet, R. 2011. *Personality plus at work: how to work successfully with everyone*. Grand Rapids, MI: Revell.

Loader, J.A. 1986. Tekste met 'n wysheidsperspektief. In: Deist, F.E., Vorster, W.S. & Bosman, H.L., eds. *Woorde wat van ver kom*. Kaapstad: Tafelberg. pp. 103-122.

Lombaard, C. 2019. First steps into the discipline: on the 'spirit' in the discipline of Christian spirituality. *HTS Theological Studies*, 75(1), a5456.

Longman, T., III. 2017. *The fear of the Lord is wisdom: a theological introduction to wisdom in Israel*. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Longman, T., III. & Dillard, R.B. 2006. *An introduction to the Old Testament*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Lotter, G.A. 2007. *Pastorale teologie: voëlvlug en (voorlopige) landing*. Potchefstroom: NWU (Wetenskaplike bydraes, Reeks H: Intreerede, nr. 185).

Louw, D.A. 1986. *Inleiding tot die Psigologie*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Louw, D.A. 1989. *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

- Louw, D.A. & Louw, A. 2019. *Human development for students in Southern Africa*. Cape Town: ABC Press.
- Louw, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting: ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- Louw, D.J. 2005. *Ratwerke van die menslike siel*. Stellenbosch: Sun Press.
- Louw, D.J. 2008. *Cura vitae: illness and the healing of life*. Cape Town: Lux Verbi.
- Louw, D.J. & Bosman, T. 2005. "Ek staan al met die een voet in die graf": Psalm 88 as hoop in die lydenspastoraat? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 46(1-2):180-190. <https://hdl.handle.net/10520/EJC83962>
- Louw, D.J. 2021. A Christian spirituality of imperfection: Towards a pastoral theology of descent within the praxis of orthopathy. *Acta Theologica*, 41(2):70-95.
- Loynes, D.T., Sr. 2016. Pentecostal hermeneutics and race in the early twentieth century: towards a pentecostal hermeneutics of culture. In: Archer, K. & Oliverio, L., Jr., eds. *Constructive pneumatological hermeneutics in pentecostal christianity*. New York, NY: Palgrave Macmillan. pp. 229-248.
- Maier, G. 1994. *Biblical hermeneutics*. Wheaton, IL: Crossway Books.
- Maré, L.P. 2004. Psalm 22: to pray like Jesus prayed. *Old Testament Essays*, 17(3):443-454. <https://hdl.handle.net/10520/EJC85639>
- Maree, K., eds. 2019. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.
- Marais, H.C. & Nieuwmeijer, L.J. 1989. *Kommunikasie in kleingroepe*. Pretoria: Serva-Uitgewers.
- Martens, E.A. 2012. *The Baker illustrated Bible commentary: Lamentations*. Grand Rapids, MI: Baker Books.
- Martin, L.R. 2013. *Pentecostal hermeneutics: a reader*. Leiden: Brill.
- Marx, J. 2014. *Die waarde van die speltherapie: 'n pastorale benadering*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Maxwell, J. 2010. *Die kuns van ware kommunikasie: hoe jy kommunikeer bepaal jou sukses*. Maitland: Struik Christelike Boeke.
- McLaughlin, J.L. 2018. *An introduction to Israel's wisdom traditions*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

- Mears, H.C. 1974. *What the Bible is all about*. Glendale, CA: Gospel Light Publications.
- Menzies, R.P. 2013. *Pentecost: this story is our story*. Springfield: Gospel Publishing House.
- Menzies, W.W. & Menzies, R.P. 2000. *Spirit and power: foundations of pentecostal experience*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Mercer, J. 2013. Deliverance, demonic possession, and mental illness: some considerations for mental health professionals. *Mental Health, Religion & Culture*, 16(6):595-611.
- Mihaljević, S., Aukst-Margetić, B., Vuksan-Cusa, B., Karnićnik, S. & Jakovljevic, M. 2015. Spirituality and its relationship with personality in depressed people: preliminary findings. *Journal of Religion & Health*, 54(6):2099-2110.
- Mol, A. 2001. *Kom ons wen saam*. Kaapstad: Tafelberg.
- Mol, A. 2012. *Maak winners van jou mense: die sleutel tot motivering in die werkplek*. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.
- Murphy, N. 2006. *Bodies and souls, or spirited bodies?* Cambridge: Cambridge University Press.
- Murphy, P.E. & Fitchett, G. 2009. Belief in a concerned God: Predicts response to treatment for adults with clinical depression. *Journal of Clinical Psychology*, 65(9):1000-1008.
- Nel, A. 2001. *Waar is God wanneer ek hom die nodigste hef?* Kaapstad: Lux Verbi.
- Nel, M. 2015. *Aspects of Pentecostal theology: recent developments in Africa*. Zürich: Lit Verlag. (Theology in Africa, 5).
- Nel, M. 2017. Apostoliese tye as onherhaalbaar en uniek: Pinksterkerke en Lukas-Handelinge. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(3):784-796.
- Nel, M. 2018. *Pacifism and Pentecostalism in South Africa: a new hermeneutics for non-violence*. London: Routledge.
- Nel, M. 2019. *An African Pentecostal hermeneutics: a distinctive contribution to hermeneutics*. Eugene, OR: Wipf & Stock.

- Nel, M. 2021. Defining elements and challenges of a Pentecostal hermeneutics of experience. *HTS Theological Studies*, 77(2), 6622. <https://doi.org/10.4102/hts.v77i2.6622>
- Neuman, W.L. 2000. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches*. 4th ed. Boston, MA: Allyn and Bacon
- Neve, L.R. 2011. *The Spirit of God in the Old Testament*. Cleveland, TN: CPT Press.
- Ngong, D. 2010. *The Holy Spirit and salvation in African Christian theology*. New York, NY: Peter Lang.
- Nordqvist, C. 2017. *Sexual addiction: characteristics, causes, and treatment*. <http://www.medicalnewstoday.com/articles> Date of access: 5 Nov. 2025.
- Odendaal, F.F. & Gouws, R.H. 2009. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 5^{de} uitg. Kaapstad: Pearson Education.
- Oliverio, L.W. 2016. Introduction: Pentecostal hermeneutics and the hermeneutical tradition. In: Archer, K. & Oliverio, L., Jr., eds. *Constructive pneumatological hermeneutics in Pentecostal Christianity*. New York, NY: Palgrave Macmillan. https://doi.org/10.1057/978-1-137-58561-5_1
- Oostenbrink, J.W. & Lotter, G.A. 2002. Gemeentelike bedieningsgestaltes ter bevordering van kleingroepsspiritualiteit. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 43(3-4):543-554. <https://hdl.handle.net/10520/EJC83793>
- Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: an introduction*. Grand Rapids, MI: Eerdmans Publishing Company.
- Palmer, R.E. 1969. *Hermeneutics interpretation theory in Schleiermacher, Dilthey, Heidegger and Gadamer*. Evanston: Northwestern University Press.
- Pandya, M., Altinay, M., Malone, D.A., Jr. & Anand, A. 2012. Where in the brain is depression? *Current Psychiatry Reports*, 14(6):634-642. <https://doi.org/10.1007/s11920-012-0322-7>
- Pargament, K.I., Smith, B.W., Koenig, H.G. & Perez, L.M. 1998. Patterns of positive and negative religious coping with major life stressors. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 37(4):710-724.
- Parry, R.A. & Thomas, H.A. 2011. *Great is Thy faithfulness: reading lamentations as sacred scripture*. Eugene, OR: Pickwick Publications.

- Peerbolte, B.J.L. 2015. 'Do not quench the Spirit!' The discourse of the Holy Spirit in earliest Christianity. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 71(1):1-9. doi: 10.4102/hts.v71i1.3098.
- Philemon, L. 2019. *Pneumatic hermeneutics: the role of the Holy Spirit in the theological interpretation of Scripture*. Cleveland, TN: CPT Press.
- Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingssteorie*. Pretoria: RGN Uitgewery.
- Pieterse, H.J.C. 1998. A theological theory of communicative action. *Religion and Theology*, 5(2):176-194.
- Pieterse, H.J.C. 2011. Die noodsaak van die verrekening van metateoretiese aspekte rakende 'n hermeneutiese benadering tot die Praktiese Teologie. *In die Skriflig*, 45(4):719-737.
- Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1986. *Psigologiese woordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Polkinghorne, D.E. 1989. Phenomenological research methods. In: Valle, R.S. & Hlling, S., eds. *Existential phenomenological perspectives in psychology*. New York, NY: Plenum Press. pp. 421-60.
- Pollner, M. 1989. Divine relations, social relations, and well-being. *Journal of Health and Social Behaviour*, 30(1):92-104.
- Pool, W.S. 2009. *Satan in America: the devil we know*. Langham, MD: Rowman & Littlefield.
- Popenoe, D., Cunningham, P. & Boulton, B. 1988. *Sociology: First South African Edition*. South Africa: Prentice Hall.
- Raath, R.S. 2016. *Self-mutilasie deur jongmense: 'n pastorale evaluerende*. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling - MA).
- Raath, R.S. 2020. *Pastorale begeleiding aan seksuele verslaafdes*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - PhD).
- Rehm, L.P. 1988. Self-management and cognitive processes in depression. In: Alloy, L.B., ed. *Cognitive processes in depression*. New York, NY: Guilford Press. pp. 143-176.
- Robertson, O.P. 2017. *The Christ of wisdom: a redemptive exploration of the Wisdom books of the Old Testament*. Phillipsburg, NJ: P & R Publishing.
- Roof, W.C. 1999. *Spiritual marketplace: baby boomers and the remaking of American religion*. Princeton, NJ: Princeton University Press.

Rosa, V.K.M. 2020. *Suffering, resilience and spirituality: a practical theological guide for the clinical psychologist*. Potchefstroom: NWU. (Dissertation - MA).

Russell, R.J. 2005. Natural sciences. In: Holder, A., ed. *The Blackwell companion to Christian spirituality*. Oxford: Blackwell. pp. 325-344.

Sanders, O.F. 2014. *A heuristic view of a pastor's wife leading a nontraditional role within a religious organization*. Minneapolis, MN: Capella University. (Doctoral dissertation).

Scrutton, A.P. 2015. Two Christian theologies of depression: an evaluation and discussion of clinical implications. *Theologies of Depression*, 22(4):275-289.

Shaefer, R.T. & Lamm, R.P. 1997. *Sociology: a brief introduction*. 2nd ed. New York, NY: McGraw-Hill.

Sim, H.G. 2001. *Wisdom in the Book of Job: reading Job as an integral text*. Potchefstroom: NWU. (Dissertation - MTh).

Sim, H.G. 2008. *Wisdom and salvation history in the Wisdom Psalms*. Potchefstroom: NWU (Dissertation - MA).

Smit, G.J. 1985. *Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewers.

Smith, JJ. & Platt, D. 2022. *Exalting Jesus in Psalm 1-50*. Brentwood, TN: B & H Publishing Group.

Smith, S. 2019. *Exalting Jesus in Jeremiah and Lamentations*. Nashville, TN: Holman.

Sproul, R.C. 1997. *What is Reformed Theology? Understanding the basics*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Soskice, J.M. 2001. The ends of man and the future of God. In: Ward, G., ed. *The Blackwell companion to postmodern theology*. Oxford: Blackwell Publishers.

Stein, R.H. 1992. *Luke*. Nashville TN: B&H Publishing Group. (The New American commentary, v. 24).

Stinger, M.D. 2005. *A sociological history of Christian worship*. Cambridge: Cambridge University Press.

Steyn, A.F. & Uys, T. 1988. *Die kleingroep: struktuur en dinamika*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

Strydom, M.K. 2010. *Healing begins with the sanctification of the heart*. 2nd ed. Pinetown: Pinetown Printers.

Swanepoel, P., Esterhuyse, K.G.F., Beukes, R. & Nortje, N. 2012. Die rol van coping in die verband tussen geestelike welstand en depressie by predikante. *HTS: Theological Studies*, 68(1):1-9.

Swinton, J. & Mowat, H. 2006. *Practical theology and qualitative research*. London: SCM Press.

Trice, P.D. 2003. *Pentecostal beliefs concerning the causes and treatment of depression* Pasadena, CA: Fuller Theological Seminary. (Dissertation - PhD).

Van Bruggen, J. 1993. *Commentaar op het Nieuwe Testament: afdeling evangeliën*. Kampen: Kok.

Van den Berg, J-A. 2012. An anthropology of singularity: pastoral perspectives for an embodied spirituality in the *Annus virtualis* and beyond. *Social Sciences and Cultural Studies – Issues of Language, Public Opinion, Education and Welfare*, (23):429-440.

Van der Ven, J.A., Dreyer, J.S. & Pieterse, H.J. 1997. Believe in God among South-African youth and it's relation to their religious socialization and praxis. *Hervormde teologiese studies*, 53(3) 867-873.

Van der Ven, J.A. 1998. *God reinvented? A Theological research in texts and tablets*. Leiden: Brill.

Van der Ven, J.A. 2004. An empirical or a normative approach to practical theological research? A false dilemma. In: Van der Ven, J.A. & Scherer-Rath, M., eds. *Emperical studies in Theology*. Leiden: Brill. pp. 101-136.

Van der Walt, B.J. 2009. Probleme rondom die verklaring van die Bybel in die Gereformeerde Teologie: 'n Christelike-filosofiese besinning. *In die Skriflig*, 43(1):1-29.

Van der Watt, J., Bosman, H., Du Rand, J., Janse van Rensburg, F., Nel, M., Smit, D. & Venter, P. 2003. *Die Bybel A-Z*. Vereeniging: CUM Boeke.

Van der Zwan, P. 2016. The body in poverty. *Journal for Semitics*, 26(1):66-85. <https://doi.org/10.25159/1013-8471/3108>

Van Eijk, R.K. & Du Plessis, W.F. 2003. 'Die ontwikkeling en evaluering van 'n psigologiese verrykingsprogram vir pentekostalistiese pastore. *Praktiese Teologie in SA*, 18(1):197-230.

Van Emmenis, G.C. 2019. *Remedial pastoral guidance regarding a belief in a "prosperity gospel": a petrine paradigm*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).

- Van Helden, S. 2010. *'n Hermeneutiese-empiriese strategie rakende die verskynsel van kerkkrimp in tradisioneel Afrikaanse "susterskerke" in Suid-Afrika: 'n praktiese teologiese studie*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Van Huyssteen, J.W. 1998. *Duet or duel: theology and science in a postmodern world*. Harrisburg, PA: Trinity Press International.
- Van Rooy, H.F. 1991. Riglyne vir die prediking oor die wysheidsliteratuur, toegespits op die boek Spreuke. *In die Skriflig*, 25(3):303-321.
- Van Schoor, M. 1982. *Wat is kommunikasie?* Pretoria: UP. (Skripsie - Nagraadse Diploma in Teologie).
- Van Wolde, E. 2020. A network of conventional and deliberate metaphors in Psalm 22. *Journal for the Old Testament*, 44(4):642-666.
- Van Wyk, C. 2018. *Niere en hart staan vir gevoelens en gedagtes in die Bybel*. <https://bybelskool.com> Datum van gebruik: 12 Aug. 2015.
- Venter, C.A. 1998. *Die stories waarbinne ons leef: implikasies vir psigoterapie, opleiding en navorsing*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes. Reeks H, Inougurele rede, nr. 161).
- Venter, C.J.H. 1993. Basis teoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2):247-260.
- Villegas, D.L. 2018. Spirituality & belief: implications for study and practices of Christian spirituality. *HTS: Theological Studies*, 74(3), 5037.
- Waltke, B.K., Houston, J.M. & Moore, E. 2014. *The Psalms as Christian lament*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Weber, M. 1974. *Economy and society: an outline of interpretive sociology*. Berkeley, CA: University of California Press.
- Webster, D.D. 2023. *The Psalms: Jesus's prayer book*. Grand Rapids, MI: Kregel Academic.
- Webster, J. 2003. The human person. In: Vanhoozer, K.J., ed. *The Cambridge companion to postmodern theology*. Cambridge: Cambridge University Press. pp. 219-234.
- Webster, J. 2003. *Holy Scripture: a dogmatic sketch*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Weiten, W. 2017. *Psychology: themes and variations*. 10th ed. Boston, MA: Cengage Learning.

White, H.V. 1973. *Metahistory: the historical imagination in nineteenth-century Europe*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Wilson, G.H. 2002. *The NIV application commentary*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Wiseman, D.J. 2008. *Zondervan Bible commentary*. One-volume illustrated ed. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Wissing, M.P., Potgieter, J.C., Guse, T., Khumalo, I.P. & Nel, L. 2020. *Towards flourishing: embrace well-being in diverse context*. Pretoria: Van Schaik.

Wolman, B.B. & Stricker, G. 2014. *Depressive disorders: facts, theories, and treatment methods*. New York, NY: Wiley.

Zerfass, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. In: Klostermann, F. & Zerfass, R., eds. *Praktische Theologie heute*. Munchen: Kaiser. pp. 164-177.

BYLAE

BYLAAG A

DEELNEMER INLIGTINGSTUK EN TOESTEMMINGSVORM VIR

HOOFNAVORSER: A.P. DU PREEZ

ADRES: JEUGDSTRAAT 80, POTCHEFSTROOM

KONTAKNOMMER: 0716746651

EPOSADRES: andre.volgelinge@gmail.com

U word uitgenooi om deel te neem in 'n navorsingsprojek wat deel van my Ph.D kwalifikasie vorm. Neem asseblief 'n paar minute om deur die inligting wat hier aangebied word te lees, wat die besonderhede van hierdie projek sal verduidelik. Vra asseblief ook enige vrae oor enige deel van hierdie projek wat u nie ten volle verstaan nie. Dit is baie belangrik dat u ten volle tevrede is en dat u ook duidelik verstaan wat die navorsing behels en hoe u betrokke kan wees. Neem ook kennis dat u deelname vrywillig is en dat dit u vry staan om nie deel te neem nie. U is ook vry om ter enige tyd te onttrek van die studie by enige punt, selfs al het u aanvanklik ingestem om deel te neem. Hierdie studie is goedgekeur deur die Etiekomitee van die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit en sal uitgevoer word volgens die etiese riglyne en beginsels van die internasionale Verklaring van Helsinki.

Die oogmerke van hierdie navorsing is om 'n strategie te ontwikkel om pentekostalistiese pastore se spiritualiteit te midde van depressie te versterk. Verder dat die pastorale studie kan bydrae om klassieke pentekostalistiese kerke strategies toe te rus om hulle pastore wat aan depressie ly by te staan en te ondersteun.

Waarom is u genooi om deel te neem?

Sodat dit verdere navorsing in hierdie fenomeen kan bevorder. Die idee is ook om u 'n stem te gee om u eie ervaring met ons te deel en waardevolle inligting te kommunikeer.

Wat sal u verantwoordelikhede wees?

Daar word van u verwag om vrae aan die hand van 'n vraelys en in 'n individuele onderhoud te beantwoord. Ek sal dit waardeur indien u die vrae so sorgvuldig en eerlik moontlik sal beantwoord.

Sal u voordeel trek om deel te neem aan hierdie navorsing?

Dis vrywillig en geen vergoeding sal hieruit voortspruit nie. U kan 'n besondere bydrae lewer om kollegas nou en in die toekoms wat met depressie worstel by te staan deur deel te neem aan hierdie pastorale studie.

Is daar risiko's wat betrokke is in u deelneem in hierdie navorsing?

Nee, daar is geen risiko nie.

Wie sal toegang tot die data hê?

Anonimiteit sal ten alle tye gehandhaaf word en vertroulikheid sal verseker word. Verder sal die rapportering van bevindinge anoniem geskied en sal slegs die navorser toegang hê tot die data. Die elektroniese data sal verder veilig bewaar word en 'n elektroniese wagwoord sal vir sekuriteit gebruik word vir toegang tot die data.

Is daar enige iets anders wat u moet weet of doen?

U kan my kontak by 0716746651 as u enige verdere navrae het of enige probleme ondervind. U kan ook Prof Marius Nel (018 299 1591) of Prof Amanda du Plessis (018 299 1600) kontak indien u enige kommer of klagtes het wat nie voldoende aangespreek is deur die navorser nie. U sal 'n afskrif van hierdie inligting en toestemming vorm ontvang vir u eie rekords.

Verklaring deur die deelnemer

Deur die ondertekening van onderstaande stem ek..... in om deel te neem aan die navorsingsvoorstel getiteld: "n Strategie om spiritualiteit by Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly te versterk: 'n Pastorale studie. "Ek stem ook hiermee in om 'n vraelys te voltooi aan 'n individuele onderhoud. Ek bevestig ook dat ek genooi is om die inligting te kontroleer voordat dit in die navorsingsresultate gepubliseer sal word.

Ek verklaar dat:

- Ek hierdie inligting en toestemming vorm gelees het en dit in 'n taal wat ek vloeiend en gemaklik kon lees.
- Ek 'n kans gehad het om die vrae te vra en dat al my vrae voldoende beantwoord is.
- Ek vrywillig by hierdie studie betrokke is en onder geen druk geplaas is om deel te neem daaraan nie.
- Ek kan kies om die studie op enige tyd te verlaat en nie gestraf of benadeel sal word op enige manier nie.
- Ek gevra kan word om die studie te verlaat voordat dit voltooi is, indien die navorser van mening is dat dit in my beste belang is.

Geteken te (plek)..... op (datum)20....

.....

Handtekening van deelnemer

.....

Handtekening van getuie

Verklaring deur navorser

Ek (naam) verklaar dat:

- Ek die inligting van die dokument verduidelik het aan.....
- Ek hom/haar aangemoedig het om vrae te vra en deel te neem en genoeg tyd gegee het om antwoorde op die vrae te ontvang en ook alle aspekte ten opsigte van konfidensialiteit aspekte verbonde aan die studie volledig aan elke deelnemer verduidelik het.
- Ek is tevrede dat hy/sy alle aspekte voldoende verstaan met betrekking tot die navorser, soos hierbo bespreek.
- Ek het/het nie 'n tolk gebruik nie.

Geteken te (plek).....op (datum).....20....

.....

Handtekening van onderzoeker

.....

Handtekening van getuie



Private Bag X1290, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: 018 299-1111/0222
Fax: 018 299-4910
Web: <http://www.nwu.ac.za>

Senate Committee for Research Ethics
Tel: 018 299-4849
Email: nsdethics@nwu.ac.za

2024/02/21

ETHICS APPROVAL LETTER

Based on approval by the Theology Research Ethics Committee (FTHE-REC) on 21 February 2024, the Theology Research Ethics Committee hereby approves your research as indicated below. This implies that the North-West University Senate Committee for Research Ethics (NWU-SCRE) grants its permission that, provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the research may be initiated, using the ethics number below.

Application Type: Research Proposal

Title: 'n Strategie om spiritualiteit by Pentekostalistiese pastore wat aan depressie ly te versterk: 'n Pastorale studie

Student: Du Preez, AP = #13007440

Study Leader(s): Prof M Nel & Prof A du Plessis

Ethics number:

N	W	U	-	0	0	8	9	5	-	2	4	-	A	6
Institution			Study Number					Year			Status			

Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation

Commencement date: 1 March 2024

Expiry date: 28 February 2025

Risk Category:

Minimal Risk

Approval of the research is initially provided for a year, after which continuation of the study is dependent on receipt and review of the annual (or as otherwise stipulated) monitoring report and the concomitant issuing of a letter of continuation.

Special in process conditions of the research for approval (if applicable): None

General conditions:

While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, the following general terms and conditions will apply:

- The study leader/supervisor (principal investigator)/researcher must report in the prescribed format to the FTHE-REC:
 - annually (or as otherwise requested) on the monitoring of the study, whereby a letter of continuation will be provided, and upon completion of the research; and
 - without any delay in case of any adverse event or incident (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the research.
- The approval applies strictly to the article as stipulated in the application form.
- In the interest of ethical responsibility, the NWU-SCRE and FTHE-REC reserves the right to:
 - request access to any information or data at any time during the research or after completion of the article;
 - to ask further questions, seek additional information, require further modification or monitor the conduct of your research or the informed consent process;
 - withdraw or postpone approval if:
 - any unethical principles or practices of the research are revealed or suspected;
 - it becomes apparent that any relevant information was withheld from the FTHE-REC or that information has been false or misrepresented;
 - submission of the annual (or otherwise stipulated) monitoring report, the required amendments, or reporting of adverse events or incidents was not done in a timely manner and accurately; and / or
 - new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.
- FTHE-REC can be contacted for further information or any report templates via Rudy.Denton@nwu.ac.za.

The FTHE-REC would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your research. Please do not hesitate to contact the FTHE-REC or the NWU-SCRE for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely

Prof Rudy Denton
Chairperson NWU Theology Research Ethics Committee (FTHE-REC)

BYLAAG C



DEELNEMER VRAELYS VORM

Die uitgangspunt van hierdie studie is om u spiritualiteit te versterk te midde van 'n depressie diagnose en is aan u verduidelik. Verder dat die pastorale studie kan bydrae om klassieke pentekostalistiese kerke strategies toe te rus om hulle pastore wat aan depressie ly by te staan en te ondersteun. As fase twee van die navorsing word versoek dat u asseblief die volgende vrae volledig sal beantwoord:

Geslag	M	V	
Ouderdom	Bo 50	Onder 50	
Kerk denominasie	AGS	VEK	PPK

Jare in voltydse bediening _____

1. Wat verstaan u onder depressie of hoe sou u depressie definieer?
2. Is u depressie deur 'n mediese deskundige gediagnoseer?
3. Gebruik u enige medikasie vir u depressie?
4. Sien u depressie as 'n aanslag van die duiwel?
5. Dink u dit is moontlik vir 'n "Geesvervulde" persoon om met depressie geteister te word?
6. Beïnvloed depressie u spiritualiteit, byvoorbeeld, voel u na u diagnose met depressie "nader" aan die Here, is u in 'n konstante "geestelike oorlogvoering"?
7. Het jy jou kerk/gemeente in kennis gestel dat jy met depressie gediagnoseer is?
8. Word u deur u plaaslike kerkraad/gemeente ondersteun, bedoelende het hulle begrip vir waarmee u worstel?
9. Wat is die tipe ondersteuning wat u ontvang van u kerk/gemeente?.

.....
Handtekening van getuie

.....
Handtekening van deelneme

Personality Test



I C L C
INSTITUTE FOR CHRISTIAN LIFE COACHES

Aangebied deur Dr Andre du Preez
071 674 6651 | iciclowveld@gmail.com

Strengths

1	Adventurous	___	Adaptable	___	Animated	___	Analytical	___
2	Persistent	___	Playful	___	Persuasive	___	Peaceful	___
3	Submissive	___	Self-sacrificing	___	Sociable	___	Strong-willed	___
4	Considerate	___	Controlled	___	Competitive	___	Convincing	___
5	Refreshing	___	Respectful	___	Reserved	___	Resourceful	___
6	Satisfied	___	Sensitive	___	Self-reliant	___	Spirited	___
7	Planner	___	Patient	___	Positive	___	Promoter	___
8	Sure	___	Spontaneous	___	Scheduled	___	Shy	___
9	Orderly	___	Obliging	___	Outspoken	___	Optimistic	___
10	Friendly	___	Faithful	___	Funny	___	Forceful	___
11	Daring	___	Delightful	___	Diplomatic	___	Detailed	___
12	Cheerful	___	Consistent	___	Cultured	___	Confident	___
13	Idealistic	___	Independent	___	Inoffensive	___	Inspiring	___
14	Demonstrative	___	Decisive	___	Dry humour	___	Deep	___
15	Mediator	___	Musical	___	Mover	___	Mixes easily	___
16	Thoughtful	___	Tenacious	___	Talker	___	Tolerant	___
17	Listener	___	Loyal	___	Leader	___	Lively	___
18	Contented	___	Chief	___	Chartmaker	___	Cute	___
19	Perfectionist	___	Pleasant	___	Productive	___	Popular	___
20	Bouncy	___	Bold	___	Behaved	___	Balanced	___

Weaknesses

1	Blank	___	Bashful	___	Brassy	___	Bossy	___
2	Undisciplined	___	Unsympathetic	___	Unenthusiastic	___	Unforgiving	___
3	Reticent	___	Resentful	___	Resistant	___	Repetitious	___
4	Fussy	___	Fearful	___	Forgetful	___	Frank	___
5	Impatient	___	Insecure	___	Indecisive	___	Interrupts	___
6	Unpopular	___	Uninvolved	___	Unpredictable	___	Unaffectionate	___
7	Headstrong	___	Haphazard	___	Hard to please	___	Hesitant	___
8	Plain	___	Pessimistic	___	Proud	___	Permissive	___
9	Angered easily	___	Aimless	___	Argumentative	___	Alienated	___
10	Naive	___	Negative attitude	___	Nervy	___	Nonchalant	___
11	Worrier	___	Withdrawn	___	Workaholic	___	Wants credit	___
12	Too sensitive	___	Tactless	___	Timid	___	Talkative	___
13	Doubtful	___	Disorganised	___	Domineering	___	Depressed	___
14	Inconsistent	___	Introvert	___	Intolerant	___	Indifferent	___
15	Messy	___	Moody	___	Mumbles	___	Manipulative	___
16	Slow	___	Stubborn	___	Show-off	___	Skeptical	___
17	Loner	___	Lord over others	___	Lazy	___	Loud	___
18	Sluggish	___	Suspicious	___	Short-tempered	___	Scatterbrained	___
19	Revengeful	___	Restless	___	Reluctant	___	Rash	___
20	Compromising	___	Critical	___	Crafty	___	Changeable	___

Adapted by Dr Andre du Preez from Florence Littauer's Personality Plus

Personality Scoring Sheet



I C L C
INSTITUTE FOR CHRISTIAN LIFE COACHES

Aangebied deur Dr Andre du Preez
071 674 6651 | iciclowveld@gmail.com

Strengths

1	Animated	___	Adventurous	___	Analytical	___	Adaptable	___
2	Playful	___	Persuasive	___	Persistent	___	Peaceful	___
3	Sociable	___	Strong-willed	___	Self-sacrificing	___	Submissive	___
4	Convincing	___	Competitive	___	Considerate	___	Controlled	___
5	Refreshing	___	Resourceful	___	Respectful	___	Reserved	___
6	Spirited	___	Self-reliant	___	Sensitive	___	Satisfied	___
7	Promoter	___	Positive	___	Planner	___	Patient	___
8	Spontaneous	___	Sure	___	Scheduled	___	Shy	___
9	Optimistic	___	Outspoken	___	Orderly	___	Obliging	___
10	Funny	___	Forceful	___	Faithful	___	Friendly	___
11	Delightful	___	Daring	___	Detailed	___	Diplomatic	___
12	Cheerful	___	Confident	___	Cultured	___	Consistent	___
13	Inspiring	___	Independent	___	Idealistic	___	Inoffensive	___
14	Demonstrative	___	Decisive	___	Deep	___	Dry humour	___
15	Mixes easily	___	Mover	___	Musical	___	Mediator	___
16	Talker	___	Tenacious	___	Thoughtful	___	Tolerant	___
17	Lively	___	Leader	___	Loyal	___	Listener	___
18	Cute	___	Chief	___	Chartmaker	___	Contented	___
19	Popular	___	Productive	___	Perfectionist	___	Pleasant	___
20	Bouncy	___	Bold	___	Behaved	___	Balanced	___

Weaknesses

1	Brassy	___	Bossy	___	Bashful	___	Blank	___
2	Undisciplined	___	Unsympathetic	___	Unforgiving	___	Unenthusiastic	___
3	Repetitious	___	Resistant	___	Resentful	___	Reticent	___
4	Forgetful	___	Frank	___	Fussy	___	Fearful	___
5	Interrupts	___	Impatient	___	Insecure	___	Indecisive	___
6	Unpredictable	___	Unaffectionate	___	Unpopular	___	Uninvolved	___
7	Haphazard	___	Headstrong	___	Hard to please	___	Hesitant	___
8	Permissive	___	Proud	___	Pessimistic	___	Plain	___
9	Angered easily	___	Argumentative	___	Alienated	___	Aimless	___
10	Naive	___	Nervy	___	Negative attitude	___	Nonchalant	___
11	Wants credit	___	Workaholic	___	Withdrawn	___	Worrier	___
12	Talkative	___	Tactless	___	Too sensitive	___	Timid	___
13	Disorganised	___	Domineering	___	Depressed	___	Doubtful	___
14	Inconsistent	___	Intolerant	___	Introvert	___	Indifferent	___
15	Messy	___	Manipulative	___	Moody	___	Mumbles	___
16	Show-off	___	Stubborn	___	Skeptical	___	Slow	___
17	Loud	___	Lord over others	___	Loner	___	Lazy	___
18	Scatterbrained	___	Short-tempered	___	Suspicious	___	Sluggish	___
19	Restless	___	Rash	___	Revengeful	___	Reluctant	___
20	Changeable	___	Crafty	___	Critical	___	Compromising	___

Adapted by Dr Andre du Preez from Florence Littauer's Personality Plus

BYLAAG F

